

**BEELD EN SINGEWING. 'N EKKLESIOLOGIESE VERKENNING
VAN DIE LITERATUUR WAARIN DIE GESKIEDSKRYWING OOR
DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SY OORSPRONG
HET.**

Rudolph Marthinus Britz.

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Prof. E. Brown.

Desember 1989.

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

HANDTEKENING

DATUM

Vir Pa.

OPSOMMING

Hierdie studie staan i.v.m. die geskiedenis van die geskiedskrywing oor die Ned. Geref. Kerk (NGK). Hipoteties is aanvaar dat dit nie by die eerste formele historiese behandeling begin nie, maar dat sy oorsprong in die voorafgaande literatuur lê. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die geskiedskrywing oor die NGK in vier onderskeibare tydperke sy loop gehad het, nl.

1. 'n aanvanklike fase van 'n **Kaapse oriëntering en bewuswording** (1652-c.1775);
2. 'n periode van **historiese verwerking en verhaling** (1775-1911);
3. 'n periode van **histories-kritiese ondersoek en beskrywing** (1911-) en
4. 'n fase van **teologies-kritiese verantwoording** (c.1960-).

Daarmee is die hipotese bevestig én die veld van ondersoek (die eerste periode) afgepen. **Teologiese en historiese** vraagstelling is toegespits op die ter saaklike literatuur. Dit het duidelik geword dat namate die proses van inheemswording en assosiasie met die nuwe vaderland en sy kerk aan die Kaap op gang gekom het, die beleving en ervaring van die **situasie** 'n historiese en teologiese **singewing** afgedwing het. In die literatuur uit Kaapse bodem is dit te boek gestel. Hierdie ontwikkeling is beskrywe en teologies-krities aan die hand van die gereformeerde belydenis getoets. Die resultaat was verrassend. Teen die verwagting in is ontdek dat die beredenering van genoemde singewing mank gaan aan 'n gereformeerd-konfessionele verantwoording. Dit berus op uitgangspunte wat 'n humanistiese omgang met die Skrif, die teologie en die geskiedenis veronderstel. Daarmee is aan 'n benadering beslag gegee wat hom in die nakomende periodes bepalend sou laat geld.

Hierbenewens het 'n tweede literêre tradisie as 'n bykomende faktor aanspraak op oorweging gemaak. In die omvangryke **Europese reisliteratuur en -beskrywings** is allengs 'n **beeld** van die Kaap en sy gemeenskappe o.g.v. historiese en teologiese aannames geskep. Daarmee is beslag gegee aan 'n "**Europese beseef**" van die Kaap en sy mense. In die beredenering is telkens op die humanistiese en naturalistiese uitgangspunte daarvan gewys.

Die eerste fase in die geskiedenis van die geskiedskrywing oor die NGK is dus gekenmerk deur twee literêre tradisies wat elk vanuit 'n eie konteks die Kaap en sy mense vertolk het. In die Europese literatuur is 'n **beeld** geskep. In die Kaapse literatuur is **singewing** vertolk. Aan 'n interessante ontwikkeling is dus gevolg gegee. In die aanvanklike periode is die Europese interpretasie nog geakkommodeer. In die tweede en opvolgende fases het die onderskeie interpretasies egter sterker teenoor mekaar gaan staan. Die Kaapse gemeenskap is (o.a.) deur die kritiese ingesteldheid van die Europese literatuur in die voortgaande singewing tot verantwoording gedwing. In die proses is die (kerk)geskiedenis as 'n bondgenoot ingespan. Dit het meegebring dat die Kapenaars nie op 'n spontane en ongedwonge wyse hul (kerk)geskiedenis kon ondersoek nie. Hulle is in die ban van 'n apologie gedompel wat sy merk op die totale ontwikkeling van die geskiedskrywing oor die NGK sou laat. 'n Teologiese begrip van sy geskiedenis het daardeur in die slag gebly.

Die studie toon dus aan dat 'n patroon vir die nakomende kerkhistoriografie in hierdie twee tradisies vasgelê is. Sonder 'n uitklaring hiervan sou 'n toereikende begrip van die geskiedskrywing oor die NGK nie moontlik wees nie. Daarom moet dit nie as 'n onbeduidende ontwikkeling in die vergeetboek toegehou word nie.

SUMMARY

The present study deals with the history of the historiography of the Dutch Reformed Church (DRC). Hypothetically it was argued that the first written account of its history does not in fact mark the beginning of its historiography. Instead, it was anticipated that it has its origin in the preceding literature. An investigation revealed that the historiography of the DRC took its course in four distinctive phases, viz.

1. an initial phase, characterised by a **historical awareness and orientation** (1652-c.1775),
2. a following period of **historical processing and writing** (c.1775-1911),
3. a period of **historical-critical investigation and description** (1911-) and
4. a **theological-critical approach** as a recent tendency (c.1960-).

The hypothesis therefore proved to be correct.

The study was primarily interested in the above-mentioned initial phase. The relevant literature was investigated ecclesiologically, i.e. historically and theologically. This resulted in an interesting conclusion. It became evident that as the process of associating with the new fatherland went its way, experiencing the **situation** inevitably led to a historical and theological **sense-giving**. This was articulated in the Cape literature. The study, on the one hand, described this development, and on the other hand evaluated the historical and theological sense-giving according to the Reformed Confession. The result was quite unexpected. It showed that the way in which meaning or sense was conveyed, missed the intention and premises of the accepted Reformed Confessions. It was rather expressed in terms that presuppose a humanistic interpretation of the Scriptures, theology and history. A typical approach, which influenced the rest of the distinguished periods, was accordingly created.

As an additional factor a second literary tradition laid claim to consideration. In the extensive European literature on travels an **image** of the Cape and its inhabitants was created, based on historical and theological postulations. This literary tradition thus gave birth to a "**European understanding**" of the Cape, which was also described. Attention was drawn repeatedly to the humanistic and naturalistic presuppositions which constituted the image and cognition.

The initial phase in the history of the historiography of the DRC is thus characterised by two literary traditions. Each interpreted the Cape and its inhabitants from its own point of view, context and situation. In the foreign literature an **image** was created; the domestic literature articulated **meaning**. This gave rise to an interesting development. In the phase under discussion the two traditions accommodated each other. In the second and following periods the ways separated and the traditions strongly opposed each other. The

increasingly critical attitude - especially with regard to intergroup relations at the Cape - of the foreign literature forced the domestic tradition to reconsider and adapt its sense-giving. In the process the (church) history was made a powerful ally. Historical research was stimulated, **but** with an apologetic motive and consideration. This motive and tendency made its mark on the whole of the development or history of the historiography of the DRC. A theological understanding of its history was inevitably hampered as a result.

To conclude: in the initial phase of the historiography of the DRC a distinctive pattern (two literary traditions) was laid down along which lines this particular history took its course. Without a profound knowledge of these traditions, an adequate understanding of the historiography of the DRC is impossible.

DANKBETUIGING

Ek wens iemand anders kon hierdie moeilikste deel van die proefskrif skrywe. Ek het die eienaardige ervaring dat my woorde, hier waar ek dankie wil sê, opraak. Die enkele woordjie "dankie" sê op die klank af so ontsettend min. Tog lê daaragter 'n lewe.

Allereers is ek dit verskuldig aan die Universiteit van Stellenbosch sowel as die Kuratorium van die Kweekskool aldaar vir hulle finansiële ondersteuning. In dieselfde asem moet ek die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing noem. Hierdie Raad se geldelike bystand was onontbeerlik. Die menings en gevolgtrekkings van die onderhawige studie is egter nie namens die RGN gedoen nie.

Hierbenewens was die personeel van die Kaapse Kerkargief, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Kweekskoolbiblioteek, sowel as die J.S. Gerickebiblioteek altyd hulpvaardig. Dieselfde kan ek sê van die administratiewe personeel van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Aan hulle 'n vriendelike woord van dank. Met groot dankbaarheid dink en ook terug aan die akademiese personeel van hierdie fakulteit. Onder hulle besielende en bekwame leiding is ek immers toeloes geskool.

Vir drie jaar het ons die voorreg gehad om op Kromme Rhee te woon. Aan Frans du Toit, registrateur van hierdie Landboukollege, 'n hartlike woord van dank. Hy het dit vir ons moontlik gemaak. Dit was 'n mooi ervaring om opgeneem te word in die gemeenskap van die kollege. Dit was vir ons kinders goud werd om kennis te maak en te deel in die plaaslewe.

'n Besondere en persoonlike woord van dank is ek verskuldig aan:

- * Susan Erasmus. Haar taalkundige versorging het die proefskrif blywend (en ongetwyfeld ten goede) gestempel.
- * Ons vriende. Hulle het ons in 'n vriendekring opgeneem waar blywende bande gesmee is. In hierdie verband maak ek ook graag melding van die doktorsale seminaar van die departement Ekklesiologie. Daarin het soveel studentevriende my gehelp om die teologie en die kerkgeskiedenis beter te begryp.
- * Oom Thys Franken, en sy vrou, het altyd 'n mooi woord en liefdevolle daad vir ons gehad. Hulle lewensbenadering het ons elke keer weer oortuig dat alles genade is.
- * Oom John en Tannie Martie Lotter. As ouderlingspaar van ons eerste gemeente het hulle met hulle liefde en tasbare versorging bygebly. Hulle het vir ons, en veral vir ons kinders, soveel dinge moontlik gemaak.
- * Ons bure op Kromme Rhee, die Oliviers. Die lewe is vir hulle 'n sprankelende en sinvolle spel. Hulle het ons laat meespeel. Dit was heerlik.
- * Oom Eddie en Tannie Magdaleen. Hulle is ons ander ouers en ons kinders se ander Oupa en Ouma. Daarsonder sou ons lewens oneindig leër gewees het.
- * Ons familie. Vir die belangstelling en gebede. Dit het ons gedra.
- * Piet en Willemien. In hulle huis was ons altyd welkom.
- * Helgaard en Liekie Muller. Hulle was vir ons baie goed.

- * Ons ouers. Hulle besef nie hoeveel hulle gegee het nie.
- * Ons kinders. Hulle moes baie meer gee as wat hulle besef.
- * My vrou. Vir haar het ek regtig nie woorde nie. Net my lewe.

Na wik en weeg het ek besluit om die proefskrif aan my vader op te dra. Miskien omdat hy so graag self verder wou studeer maar nooit die geleentheid gehad het nie. Vir hom wil ek hiermee sê dat hy, met sy emeritaat nou in sig, moet doen wat hy altyd graag wou doen. Destyds het hy kerkgeskiedenis by my aanbeveel. Dit was soos al sy aanbevelings, 'n goeie een. By hom wil ek uiteraard dieselfde aanbeveling maak. Eers wannecr 'n mens die kerk se geskiedenis verstaan, begryp jy die teologie.

Prof. Pieter Coertzen was die interne eksaminator. Prof. Adriaan Pont het as eksterne eksaminator opgetree. Baie dankie. Prof. Eddie Brown was die promotor. Met 'n vaderlike hand het hy my begelei. Dit het, soos vir al sy studente, uitloop op 'n onvergeetlike ervaring en skoling. Dit het my lewe verander. Baie, baie dankie.

Die Here onse God het ons op hierdie pad gebring en dit enduit vir ons moontlik gemaak. Daaroor het ons geen twyfel nie. Aan Hóm, al die eer.

AFKORTINGS

- AJB** Argief Jaarboek
AS Apeldoornse Studies
AVKG Archief voor Kerkelijke Geschiedenis
AYB Archive Yearbook
CE Christelijke Encyclopedie
DH De Honigby
GWP Grote Winkler Prins Encyclopedie
HS Hackluyt Society
HTS Hervormde Teologiese Studies
HZ Het Zoeklicht
IdS In die Skriflig
KB Die Kerkbode
LV Linschoten-Vereeniging
NAKG Nederlandsch Archief voor Kerkgeschiedenis
NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NZAT Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift
SABW Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek
SESA Standard Encyclopedia of Southern Africa
SHE Studia Historiae Ecclesiasticae
Theol. Ref. Theologia Reformata
VRS Van Riebeeck Society
VRV Van Riebeeck Vereniging
ZfK Zeitschrift für Kirchengeschichte

INHOUD

Opsomming	i
Summary	ii
Dankbetuiging	iv
Afkortings	vi
Inleiding	xi
Hoofstuk 1: Die Kaap ingebeeld in 'n Europese literêre tradisie: verslae, skeepsjoernale en beskrywings uit die 16de en 17de	1
1. Die Portugese vestig 'n handelsryk in die Ooste en Oos-Afrika	1
2. Indrukke van die suidelike kus van Afrika in Portugese literatuur	2
3. 'n Nuwe situasie in Europa gee gevolg aan populêre reisverhale	6
4. Europese reisverslae oor die Kaap en sy omstreke	10
5. Die interpretasie van 'n reisbeskrywing: 1638	12
6. Samevatting	13
Hoofstuk 2: Die eerste alleengeskrif oor die Kaap van Goeie Hoop: 1652	15
1. Die besetting van die Kaap in Nederland aangekondig	15
2. Die beeld van die suidpunt van Afrika in 'n lofdig	16
3. Die Klare ende Korte Pesgryvinge van het land aan Cabo de Bono Esperanca	19
4. Die vermeende koninkryk Monomotapa	23
5. Samevatting	24
Hoofstuk 3: 'n Eie beleving van die Kaap én die inbeelding van buitestaanders: 1652-1695	25
1. Die Kaap en sy gemeenskappe deur besoekers beskrywe en ingebeeld	25
2. Die beeld i.v.m. die Khoikhoi	28
3. Die beeld van die Nederlandse boere en Kaaps-Europese gemeenskap	30
4. Die beeld van die landstreek en sy geskiedenis	32
5. Van verkenningstogte word bockgehou: joernale en dagboeke begin met 'n inheemse oriëntering	33
6. Samevatting	37

Hoofstuk 4: Johannes de Grevenbroeck oor die Kaap en sy gemeenskappe: 1695	39
1. Johannes Guillelmus de Grevenbroeck	39
2. Die Descriptio Epistolaris	42
3. Die Kaapse gemeenskap	44
4. Die Afris Nostris	46
5. 'n Inheemse beleving van die Kaapse bodemgesteldheid	48
6. 'n Kaaps-historiese verwysing	48
7. Samevatting	49
Hoofstuk 5: Die eerste kerklik-teologiese literatuur uit die Kaapse gemeenskap: 1707	51
1. Die Franse Vlughtelinge as koloniste aan die Kaap	51
2. Die "Leerrede" oor Johannes 4 vers 23 en 24	54
3. Die teologiese uitgangspunt van die preek van Simond	57
4. Die eerste kategetiese leerboek uit Kaapse bodem	58
5. Die geskiedbeeld in die leerrede van Simond	60
6. Samevatting	61
Hoofstuk 6: Uiteenlopende standpuntstelling en betrokkenheid by 'n belangegeskil aan die Kaap: 1708-1713	63
1. Die gedifferensieërde gemeenskap voer 'n onderlinge stryd	63
2. 'n Korte Deductie weêrlê die uitspraak van die Here 17: c.1708	66
3. Abraham Bógaert beskrywe die Kaap en tree vir die vryburgers in	76
4. Bógaert se relaas van Kaapse gebeurtenisse: 1711	68
5. Neutrale Gedachten oor die Korte-Deductie : c.1712	70
6. Twee Kaapse vryburgers stel 'n Contra-Deductie op: 1712	71
7. Ds Petrus Kalden verantwoord homself: 1713	73
8. Onderlinge standpunte en uitgangspunte in 'n situasie	74
9. Die Korte Beschrijving van Cabo de Goede Hoop van Conrad Frederik Hofman: c.1720	75
10. Samevatting	76
Hoofstuk 7: Die Ontwikkeling in die Europese literêre tradisie ná 1700	78
1. Die Kaapse gemeenskap gedurende die eerste helfte van die 18e eeu	78
2. Verskeie reisbeskrywings handhaaf die gevestigde inbeelding	80
3. 'n Monografie: die Vollständige Beschreibung des Afrikanischen Vorgebürges van Peter Kolbe: 1719	81

4. Die Nederlander Valentyn oor die Kaap: 1726	87
5. Die tendens om boekdele of monografieë aan die Kaap te wy	91
6. Samevatting	92
Hoofstuk 8: Literatuur van kerklik-teologiese aard ná 1740 uit Kaapse bodem	94
1. Die kerk as instelling: 1710-1745	97
2. Kerklik-teologiese literatuur uit die pen van die Stellenbosse predikant ds Wilhelm van Gendt	97
3. Die besoek van Baron van Imhof gedurende 1743 aan die Kaap en Stellenbosch word kerklik in 'n preek aangeteken	98
4. 'n Humanistiese aanpak en oorweging onderliggend aan die geleentheidsrede	101
5. Ds le Seuer se handboekie vir die onderwys van voornemende lidmate: 1746	102
6. Samevatting	107
Hoofstuk 9: Die teologiese en historiese verbandlegging en singewing by die eunfees van 1752	108
1. Die Kaapse gemeenskap herdenk sy stigting	108
2. Petrus van der Spuy, Kaapse predikant en landseun	109
3. Die Dank-Altair, Gode ter eere opgericht as 'n gedenkpreek op 8 April 1752	110
4. Die teologiese singewing van die Kaapse geskiedenis	116
5. 'n Inheemse vertolking en singewing	118
6. 'n Humanistiese benadering onderliggend aan die gedenkpreek	119
7. Samevatting	121
Hoofstuk 10: Voortgang van die inheemse oriëntering en 'n kritiese ingesteldheid by buitestaanders: 1752-c.1775	122
1. 'n Inheemswording laat hom in die Kaapse gemeenskap geld	122
2. Ds Johannes Bode publiseer sy intreerede: 1761	124
3. Die inheemse bewussyn vind uitdrukking in 'n Oratio oor die Kaap die Goeie Hoop: 1767	127
4. Ondertussen evaluer verskeie reisigers die Kaap positief in hul verwysings	129
5. Monografieë van buitelanders openbaar 'n meer kritiese ingesteldheid	130
6. Nog twee geleentheidspreke in 'n Kaapse oriëntering	132
7. Die Lykreden over den wel Edelen Achtbaren Heer Ryk Tulbach: 1772	132
8. Die Lykreden over Pieter Baron van Reede van Oudshoorn: c.1773	134
9. Die teologies-historiese benadering van ds Serrurier	136
10. Die Kaapse Patriotte skep 'n nuwe situasie	137
11. Samevatting	138

Perspektief: 'n terugblik en vooruitskouing	139
1. Terugblik	139
2. Vooruitskouing	145
3. Ten besluite	146
Bronne.	147
1. Bibliografieë	147
2. Literatuur uit Kaapse bodem, kronologies gerangskik. Die inheemse tradisie	147
3. Literatuur uit Europese bodem, kronologies gerangskik. 'n Seleksie uit die uitheemse tradisie	148
4. Literatuur	151
5. Woordeboeke en Ensiklopedieë	165

INLEIDING

Die geskiedskrywing oor die kerk wat histories as die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan NGK) bekend geword het, hang saam met 'n kerkhistoriese en teologiese ontwikkeling en bewuswording. Dit moet in die historiese verband en konteks begryp en beoordeel word.

Allereers is dit 'n vraag of die kerkgeskiedskrywing oor die NGK teruggevoer kan word tot 'n bepaalde geskrif, of moet die ontstaan daarvan breed gesien word, in die vlak van 'n tydperk waarin verskillende geskrifte spontaan uitdrukking begin gee het aan 'n historiese besef en oriëntering? Het hierdie geskrifte aanleiding gegee tot (kerk)historiese ondersoek met eksplisiete dokumentering en beskrywing? Die onderhawige navorsing het aangetoon dat dit inderdaad die geval is. Die geskiedskrywing oor die NGK is aangevoer oor 'n lang periode. Daarin het 'n literêre tradisie met 'n Kaapse vertolking en stempel na vore gekom. Dit word bevestig deur die feit dat die historiografie oor die NGK in ten minste vier opeenvolgende tydvakke of fases onderskei kan word. Elkeen vertoon op sy beurt kenmerkende insette, aksente en oorwegings.

1. Die bodem waarop hierdie geskiedskrywing wortelskiet lê in die 17de en 18de eeu. Die literatuur oor en vanuit die Kaap en sy amptelike kerk uit hierdie tyd staan in die teken van 'n **aanvangs oriëntering en bewuswording**. Aan die vertolking is doelbewus historiese en teologiese sin gegee.

2. In die laaste kwart van die 18de eeu het daar 'n verskuiwing in die tradisionele denkpatroon aan die Kaap gekom. Dit skemer deur in die geskrifte¹ en optrede van die Kaapse Patriotte.² Die politieke selfbewuswording van die burgers aan die Kaap het die era ingelui waarin die (kerk)geskiedenis funksioneel aangewend sou word om as standpunte en aksente diens te doen. Historiese vraagstelling is in die nuwe situasie³ gestimuleer. Gedurende die hele 19de eeu is die (kerk)geskiedenis voortgaande **verwerk en ondersoek**. Dit is pragmaties en empiries⁴ in 'n inheemse idioom beskrywe soos wat 'n toenemende (kerk)historiese bewuswording daaraan beslag gegee het.⁵

1. Die anoniem-verspreide pamflet *De magt en Vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de gevoelens der voornaamste Regtsgeleerden opgedragen aan het oordeel der Caabsche Burgerij* vorm die grens waarin hierdie periode sy afsluiting vind. Dit is 'n aanhaling uit die werk van Elie Luzac *Het gedrag der Stadhoudersgezinden, verdedigt door Mr. A.V.K. Rechtsgeleerden* (1754) in belang van die Doeliste in Nederland. Vir hierdie beweging in Nederland, sien Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 461 e.v. Vir meer besonderhede oor hierdie geskrifte, vgl. Beyers: *Die Kaapse Patriotte 1779-1791*, 203 e.v.; Schutte: *De Nederlandse Patriotten en de Coloniën*, 61.

2. Vir hierdie beweging en gees, sien Schutte: *a.w.*; Beyers: *a.w.* Sien ook Hanekom: *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika*, 80 e.v. Dit is egter 'n ooreenvoudiging om dit of vanuit die liberalisme, of vanuit die oortuigings van die Franse Rewolusie te verreken.

3. Die Kaap het aan die begin van die 19de eeu 'n Britse kolonie geword. Daarmee is die kultuur-historiese situasie verder gekompliseer. Vgl. hiervoor Bosman: *Drama en Toneel in Suid-Afrika I*, 33 e.v.; Kannemeyer: *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I*, 12 e.v., 27 e.v. Vir die historiese verloop hiervan, sien Muller (red): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 104 e.v.; Davenport: *South Africa: a Modern History*, 40 e.v.

4. Vgl. die opstel van Royaards: "Over de voortgang van de Beoefening der Geschiedenis" in *AVKG I*, 1829, 3 e.v., veral 66 e.v. Dit is 'n feit dat Royaards Suid-Afrikaanse studente beïnvloed het. N.J. Hofmeyr, wat kerkgeskiedenis aan die Teologiese Seminarium van Stellenbosch doceer het, was een van hulle. Die *Compendium Historiae Ecclesiae Christianae* van Royaards is as handboek voorgeskryf. Vgl. Ferreira: *Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch*, 137 e.v. Sien verder Pijper: "Kist, Moll en Acquoy, die grondvesters der Nederlandse historische school," in *NAG IV*, 1907, 237-252.

5. In hierdie verband kan verwys word na die bydraes van Borchers in die *NZAT*, (1824-1831); Vir sy (kerk)historiese werksaamheid, vgl. Veltkamp: *Meent Borchers, Predikant in overgangstijd*, 230 e.v.; Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I*, 147 e.v. Sien verder Faure: *Redevoering bij het Tweede Eeuw-feest*, (1852) en De Wet: *Beknopte Geschiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop*, (1888). Lg. werk is na die dood van De Wet deur dr J.J. Kotze van Kaapstad vir die pers gereed gemaak. Hierbenewens kan ook Suasso de Lima se *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, (1825) nagelees word. Vgl. ook die bydrae van A.N.E. Changuon. Vir hom, sien *SABW II*, 131-134.

3. In 1911 is die wydgelese *A History of Christian Missions in South Africa* van Johannes du Plessis in Londen gepubliseer. Dit het op 'n kritiese omgang met primêre bronne berus en 'n nuwe periode in die ontwikkelingsgang van die kerkhistoriografie oor die NGK aangedui. Voortaan is die geskiedenis in 'n wetenskaplike sin⁶ gesistematiseer en histories-krities bestudeer en beskrywe.

4. Hoewel die metode van geskiedskrywing gedurende die 20ste eeu gestempel is deur 'n histories-kritiese uitgangspunt,⁷ het dit grotendeels nog mank gegaan aan teologies-kritiese verantwoording.⁸ Kerklike voorrange en voorkeure het ongetwyfeld 'n bepalende rol daarin bly speel.⁹ Tog het die tendens (veral sedert 1960)¹⁰ om tot 'n teologies-kritiese verantwoording van die geskiedskrywing te kom, nie uitgebly nie. E. Brown het by verskeie geleenthede daarvoor gepleit dat die metode in die beoefening daarvan teologies-krities aangelê moet word met die Skrif as die norma normans.¹¹ Slegs dan kan die kerkgeskiedskrywing tot sy reg kom. Dit is egter steeds waar dat nie almal hulle vir hierdie gereformeerde en konfessionele benadering laat vind nie.¹²

Met bg. uiteensetting is die vlae vir die veld van die ondersoek uitgesit. Die studie spits hom toe op die aanvangsfase (1652-c.1775) waarin die kerkgeskiedskrywing oor die NGK in 'n Kaapse literêre tradisie sy oorsprong het. Alhoewel daar gedurende hierdie periode van meer as 120 jaar streng genome nie sprake is van formele geskied- of kerkgeskiedskrywing nie, beteken dit nie dat die literatuur wat uit die Kaapse gemeenskap navore gekom het, histories en teologies niksseggend is nie. Wie hierdie geskifte links laat lê, laat 'n tydperk waarin die basiese struktuurlyne en uitgangspunte van die nakomende kerkgeskiedskrywing vorm aangeneem het, aan hom verbygaan. Sodoende word 'n toereikende begrip van die kerkhistoriografie oor die NGK na een of ander kant toe beskadig.

Die vraag is of die ter sake literatuur inderdaad 'n kenmerkende oriëntering en vertolking geskep het. Sou dit uitloop op 'n benadering wat gedurende die 19de eeu aan die Kaap kerkhistories ingeklee en verwerk is? Op watter aspek(te) van die teologie het die historiese en teologiese ontsluiting aangekom? Dan is dit 'n vraag of 'n antroposentriese en humanistiese inslag en inset daarin oorwoeker het. Is dit aan die hand van die erkende gereformeerde belydenisskrifte gedoen? 'n Ander vraag is dié na die onmiddellike faktore wat

6. Vgl. Brown: "The necessity of a "Black" South African church history" in Becken, H-J. (ed.): *Relevant Theology for Africa*, 94.

7. Die beste voorbeeld is nog steeds die lewenswerk van Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Dit is in 1937 gepubliseer.

8. Sien Brown: "The necessity of a "Black" South African church history," *a.w.*, 79, 115. Vgl. verder Brown: "Die behoefte aan verantwoording van die kerk en sy gereformeerde geskiedenis in ons land," in NGTT, Jan. 1974, 10-17; Brown: "Kantaantekeninge by die formele en materiele beginsels van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing," in *IdS*, Des. 1976, 32-41.

9. Dit hang daarmee saam dat die geskiedenis so dikwels as gedenkliteratuur beskrywe is. Daarin word gedenkdatums deur die drie Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis uiteenlopend geïnterpreteer. Vir 'n NGK standpunt, sien Scholtz: *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*, 2 Dele. Vir 'n NHK standpunt, sien Engelbrecht: *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (1953). Vir 'n standpunt van die GKSA, vgl. Jooste: *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*.

10. Die intreerede van T.N. Hanekom oor *Ons vaderlandse kerkgeskiedskrywing met verwysing na die gangbare opvattinge oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk* gedurende 1960, is 'n vaste punt vir hierdie nuwer benadering in die beoefening van die kerkgeskiedenis.

11. Vgl. Brown: "n Bespreking van die teologiese metode van kerkgeskiedenis met verwysing na die Vaderlandse kerkgeskiedenis; verder Pont: "Enkele opmerkinge oor Objektiewe Kerkgeskiedskrywing," in HTS 18(1), 146-153; Van 't Spijker: "Kerkgeskiedenis vanuit theologisch gezichtspunt," in *Theol. Ref.* XXIII(4), 1980, 230-245. Vgl. verder W. Brown: "Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid van kerkgeskiedenis-as-wetenskap," in NGTT, Apr. 1989, 203-209; Stoop: "Algemene norme vir sekulêre en kerkgeskiedskrywing," in SHE IX, 1-23; Sien ook Kuypcr: *Het gereformeerde beginsel en de kerkgeskiedenis*.

12. Vgl. in hierdie verband die onlangse publikasie van Van der Watt: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975. Deel IV*. Hy bly in gebreke om bg. opgaaf volledig en enduit ernstig op te neem.

op hierdie literatuur ingewerk het. In watter mate het die (kerk)historiese situasie aan die Kaap hom daarin laat geld? Sou buitestaanders, wat in hul reisbeskrywings so uitgesproke oor die Kaap en sy samelewings was, óók hierop 'n invloed uitoefen? Is daar m.a.w. gedurende die 17de en 18de eeu 'n patroon vasgelê vir die nakomende kerkhistoriografie? In die lig van hierdie vraagstelling is die studie daarop afgestem om krities en analities rekenskap te gee van hierdie literatuur as oorspronklike, aanleidende bronne tot die pragmatiese en empiriese geskiedskrywing van die 19de eeu. Daarin is grondbegrippe, tendense, teologiese en kerkhistoriese aannames en standpunte sowel as predikatielike waardes opgespoor, uitgeklaar en na waarde geskat.

Ernst Breisach het nog onlangs daarop gewys dat die historiografie histories verstaan en verreken moet word.¹³ Daarom is metodologies van 'n tekspragmatiese benadering afgesien.¹⁴ Elke bron uit die 17de en 18de eeu is teen sy eie kultuur-historiese en kerklik-teologiese agtergrond gelees en bestudeer. Hulle is so geplaas dat die historiese ontwikkeling van die Kaapse literêre tradisie daaruit afgelei kon word. Uiteraard is dit nie louter deskriptief beskrywe nie, maar teologies-krities aan die hand van die aanvaarde belydenisskrifte (die drie Formuliere van Enigheid) getoets. Daarmee is doelbewus 'n gereformeerde-konfessionele uitgangspunt metodologies aangelê. Waarop hierdie vertrekpunt histories en kerkhistories neerkom, is deur Van 't Spijker in sy *Triptiek van de geschiedenis*¹⁵ verantwoord en beredeneer.

Dit was gou duidelik dat 'n omvattender verbandlegging nodig is. Twee literêre tradisies, waarin die Kaap en sy gemeenskappe ten aansien van die situasie uiteenlopend vertolk en weergegee is, moes onderskei word. Daar is in 'n *uitheemse of Europese sin* - van so vroeg as die begin van die 16de eeu - oor die Kaap boekgehou. Hierdie geskrifte, of tradisie, is hoofsaaklik in die idioom van 'n literêre genre wat in Europa 'n wye leserskring verwerf het, gestel. In die sg. reisbeskrywings, wat 'n omvangryke literêre korpus¹⁶ uitmaak en gestempel is deur die Europese humanistiese en naturalistiese tydsgees, is daar baie oor die Kaap en sy inwoners gepubliseer.¹⁷ Die hoek waaruit dit geskrywe en opgestel is, kom van buite. In die algemeen het hierdie literatuur die uitgesproke intensie om met 'n oorweging van sy eie, feite (en situasies) waar te neem en weer te gee. Daarin is 'n tiperende "Europese besef" van die Kaap en sy mense geskep. Ten einde te voorkom dat 'n byna eindelose getal reisbeskrywings die revue passeer, is geselekteer. Net literatuur wat verteenwoordigend is van 'n bepaalde ontwikkeling of tiperend is van die saak wat in behandeling geneem is, is pertinent aan die orde gestel. Trouens, met hierdie oorweging in gedagte is die bibliografie van die

13. Breisach: *Historiography Ancient Medieval and Modern*, xi. Vgl. verder die insiggewende opstel van Van Jaarsveld: "Oor die ontstaan, vereistes en nut van die geskiedenis van die historiografie" in *Lewende verlede*, 124 e.v., veral 131 e.v.

14. Waar dit geringskat word, bestaan die gevaar van oorvereenvoudiging of, om aan die ander kant die kerkhistoriografie aan die hand van 'n gedwonge sistematiek te verklaar. Hiervan getuig bv. die twee (andersins voortreflike) bekendste kerkhistoriografiese studies van die 20ste eeu. In 1934 is *Die Kirchengeschichtsschreibung. Grundzüge ihrer historischen Entwicklung von Walter Nigg* in München gepubliseer. Hierin kom die kerkhistoriese verband nie tot sy reg nie. Dieselfde kan gesê word van die omvattende *Geschichte der Kirchlichen Historiographie* waarvoor Peter Meinhold twee lywige bande nodig gehad het om dit gedurende 1967 in druk te laat verskyn.

15. Goes, 1981.

16. Om enigszins 'n indruk te kry van die omvang van die reisliteratuur teen 1700 in Europa, vgl. Churchill en Churchill: *A collection of Voyages and Travels ... In Four Volumes*, (1704).

17. Vgl. De Villiers: *Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot 1853*; Pelzer: "Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse historiografie" in Cronjé (red.): *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie*, 58-92. Sien ook Mackenzie "South African Travel literature in the seventeenth century" in *AYB* 18(2), 1955.

uitheemse tradisie aan die einde van die studie saamgestel. Vir 'n vollediger oorsig kan die bibliografieë van Engels¹⁸ en Schmidt¹⁹ geraadpleeg word.

Hiernaas het 'n **Kaapse of inheemse literêre tradisie** ontwikkel. Daarin laat die Kaapse gemeenskap iets van sy eie gesig sien. Anders as die Europese of uitheemse literatuur, het die Kaapse tradisie gedurende die 18de eeu verinheems. Dit is in 'n verskeidenheid literêre genres gestel: beskrywings, redevoerings, verweerskrifte, kerklike geleentheidsredes, preke en teologiese dissertasies. Hier moes insgelyks 'n onderskeid gemaak word. Aan die een kant het 'n mens te doen met literatuur met 'n **algemeen-christelike** inslag. Aan die anderkant is daar weer geskrifte met 'n duidelike **kerklik-teologiese** duiding en oorweging. Dit is sekerlik aan die eenheidskultuur van die Kaapse gemeenskap waarin die christelike geloof en kultuur as 'n omvattende samehang aanvaar is te danke.

Die Europese en Kaapse literêre tradisies vorm dus die twee basiese lyne wat regdeur die studie loop. In hierdie twee tradisies lê die wortels van dié geskrifte waarin die geskiedenis van die Kaaps-Hollandse en NGK eventueel bymekaar gemaak en beskrywe is. In die loop van die navorsing is voortdurend gepoog om beide tradisies in 'n sprekende tipering onder woorde te bring. Uiteindelik is ingesien dat die uitheemse tradisie met 'n **beeld** van die Kaap en sy mense werk. Dit is van buite af, op 'n afstand, o.g.v. historiese en teologiese aannames ingedink en met verloop van tyd duideliker by 'n Europese leeskring ingeprent. Die terme waarin die beeld van die Kaap en sy inwoners tot uitdrukking kom, reflekteer onmiskenbaar die eietydse Europese ingesteldheid waarin op 'n humanistiese en naturalistiese wyse omgegaan is met antropologiese, historiese en teologiese voorveronderstellings.

Hierteenoor is daar nooit op dieselfde wyse in die inheemse tradisie met 'n beeld of inbeelding van die Kaap gewerk nie. Kenmerkend van die Kaapse literatuur is 'n onderliggende **singewing**. Klaarblyklik het die konkrete en durende lewenssituasie en die vrae wat dit meebring het, 'n teologiese en historiese **singewing** afgedwing. Dit is gevolglik vanuit 'n empiriese verantwoording ingeklee en nie soos die Europese beeld of inbeelding vanuit bepaalde historiese en teologiese aannames of postulate nie. Uit die wyse waarop die singewing verwoord is, kan ook 'n lewensbeskoulike benadering en oortuiging afgelees word. Ook in hierdie geval is dit gestempel deur humanistiese uitgangspunte. Die teologiese aspekte waarop die singewing aangekom het, is miskien die sprekendste hiervan. Dit mis bv. 'n gereformeerde en kofessionele beslag.

Die begrippe **beeld en singewing** is na my beskeie mening dus tiperend van die genoemde literêre tradisies. In die onderhawige navorsing, wat primêr 'n literatuurstudie is, speel bg. begrippe gevolglik 'n sleutelrol. Hieromheen draai die studie. Die strekking daarvan was m.a.w. om die veelseggende **beeld** en vertolkende **singewing** uit die onderskeie literêre tradisies te abstraher en vergelykend uit te lig.

18. Engels: *Personal accounts of the Cape of Good Hope written between 1652 and 1715.*

19. Schmidt: *Bibliography of personal accounts of the Cape of Good Hope in printed books 1715-1850.*

Die studie knoop aan by die veel ouer tradisie waarin aanvanklike Europese indrukke oor die suidpunt van Afrika opgeteken is. Sedert die begin van die 17de eeu is dit stelselmatig omgewerk tot 'n inbeelding. Met die vestiging van 'n permanente verversingspos gedurende 1652 aan die Kaap, is 'n nuwe gemeenskap aangê. Reeds gedurende die eerste 40 jaar van sy bestaan is 'n inheemse vertolking en literêre oriëntering aan die gang gesit. Vir die res van die studie verskuif die aandag dus na die literatuur uit Kaapse bodem - sonder om die uitheemse tradisie uit die oog te verloor.

Gedurende die 18de eeu is die Europese inbeelding veral in omvangryke monografieë verder gevoer en uitgebou. Ná 1750 het 'n kritiese ingesteldheid daarin kop uitgesteek wat in die vervolg van groot betekenis sou wees. Ondertussen het die Kaapse literatuur in 'n kenmerkende oriëntering sy gang gegaan. Ná 1752 het 'n onmiskenbare inheemswording in 'n historiese en teologiese singewing tot uitdrukking gekom. Soos hierbo aangedui, het die Kaapse Patriotte met 'n nuwe benadering en aksentuering die inheemse tradisie op hulle eie manier ingeklee. Met hierdie wending sluit die studie af. Aan die einde word in 'n kort oorsig nie alleen saamgevat nie, maar ook enkele belangrike gevolgtrekkings gemaak. Die bedoeling is om die periode waarin die geskiedskrywing oor die NGK sy oorsprong het, in 'n ekklesiologiese en kerkhistoriese perspektief te plaas. Sodoende word gehoop om deur te stoot tot 'n betekenisvolle uitklaring van die periode van meer as 125 jaar waarin m.b.t. die historiografie oor die NGK deurslaggewende aanvoerwerk gedoen is.

Teen hierdie tyd behoort die objek, die doel, die metode sowel as 'n oorsigtelike uiteensetting van die ondersoek duidelik te wees. Ondersoeke of bydraes waarin die kerkgeskiedskrywing oor die NGK in behandeling geneem word, is skaars.²⁰ Die motief vir die studie is dus om 'n verantwoorde bydrae te lewer in die veld van die kerkhistoriografie, wat as 'n ondersoekterrein nog grotendeels braak lê. 'n Omvattende ondersoek, tipering en verantwoording van die kerkgeskiedskrywing oor die NGK t.o.v. die ontstaansperiode beantwoord dus 'n vraag wat om uitklaring vra. Dit word eintlik noodsaaklik as tsin gedagte gehou word dat die vaderlandse (kerk)geskiedskrywing aandrang op hervertolking. Hervertolking kan nie plaasvind sonder die deeglike verantwoording van die geskiedenis van die (kerk)historiografie nie.²¹

20. Oorsigte kan letterlik op die een hand getel word. Daar is net Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I*, XLII-LIII; Du Plessis: "De aanvangsjaren onzer N G Kerk in Zuid-Afrika," in HZ, Jun. 1923, 170-179; Dreyer: "Schrijvers over onze kerkgeschiedenis," in *Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde-Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924*, 190-193; en Brown: "Geschiedskrywing by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). 'n Oorsigtelike tipering," SHE IX, 62-105.

21. Vir die problematiek, vgl. Van Jaarsveld (e.a.): *Die hervertolking van ons geskiedenis*; Van Jaarsveld: *Omsingelde Afrikanerdom*; Van Jaarsveld: "Oor vertolking en hervertolking in ons geskiedskrywing," in *Geskiedkundige Verkenninge*, 91 e.v.; Van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese vraagstuk*. Vir die kerkhistoriese aspek daarvan, sien Van Jaarsveld: *Apologetiek en objektiwiteit in ons Kerkgeskiedskrywing*; Duvenage: "Die hervertolking van die Transvaalse kerkgeskiedenis in die negentiende eeu," in *Almanak en Bybelse dagboek, NHK*, 1972, 25-31; Brown: "Die behoefte aan verantwoording," a.w., 10-17.

HOOFSTUK 1

DIE KAAP INGEBEELD IN 'N EUROPESE LITERÊRE TRADISIE: VERSLAE, SKEEPSJOERNALE EN BESKRYWINGS UIT DIE 16DE EN 17DE EEU

Daar was nooit 'n tyd in die bestaan van die Kaap as 'n verversingspos dat dit nie in een of ander vorm deur buitestaanders en besoekers ingebeeld is nie. Dit is op skrif gestel in 'n tiperende literêre tradisie wat deur die Europese seevaart en ontdekkingsstogte na die uithoeke van die aarde, opgeroep is. In hierdie literatuur word aantekening en verwysing na die suidelike punt van Afrika reeds voor 1500 aangetref. Aanvanklik, gedurende die 16de eeu, is indrukke van die suidpunt van Afrika hoofsaaklik in Portugese verslae opgeteken. In die daaropvolgende eeu het Noord-Europese seevaarders dit aangevul en omvattender ingeprent. Hierdie literatuur het, anders as hulle Portugese eweknieë, 'n wyer leserskring verwerf. Totdat die eerste alleengeskrif oor die Kaap in 1652 van die pers gekom het, is daar m.a.w. gedurende die 150 jaar na 1500 in 'n Europese literêre tradisie indrukke, verwysings en later beskrywings van die Kaap die Goeie Hoop en die mense wat daar aangetref is, opgeneem.

Die doel met hierdie hoofstuk is om in breë trekke vas te stel op watter wyse die verskillende besoekers hulle oor die Kaap uitgelaat het. Watter beeld van die Kaap het hulle geskep?

1. DIE PORTUGESE VESTIG 'N HANDELSRYK IN DIE OOSTE EN OOS-AFRIKA

Die ontdekkingsreise¹ van die Europeërs waartydens hulle die oseane van die wêreld bevaar het, dagteken uit die einde van die 15de eeu. Dit het uitgegaan van Spanje en Portugal. Die Spanjaarde het klein afgesteek in die nuut ontdekte Amerikas. Die Portugese was daarenteen die eerste Europese nasie wat daarin geslaag het om Indië om die suidpunt van Afrika te bereik. Bartolomeu Dias de Novoes (1488) en Vasco da Gama (1498) het die nuwe baan gebreek.² In Indië, en aan die Ooskus van Afrika, het die Portugese handgemeen met Arabiese en Moslemhandelaars (in wie se hande die handelsmonopolie tradisioneel was) geraak. Lg. is met 'n reeks botsings uit hul steunpunte verdryf en 'n Portugese handelsryk is vroeg in die 16de eeu op die been gebring. Aan die Ooskus van Afrika is handelsposte en geskikte hawens ingerig. Die binneland is verken. Buiteposte is aangelê om 'n Portugees-beheerde handelsnetwerk te vestig. Na hierdie streek in die binneland is as Monomotapa verwys.

Die oorwinning in die Indiese Oseaan was, gesien teen die agtergrond van die destydse christelik-Europese offensief teen die Islamitiese Turks-Ottomaanse Ryk, van meer as gewone betekenis. In Portugal, wat 'n uitgelese posisie in Europa bekom het,³ is die vestiging van die ryk deurentyd in verband met die

1. Vir 'n oorsig sien Bowle: *A history of Europe*, 403 e.v.; Schieder: *Handbuch der Europäische Geschichte III*, 78 e.v.; Abbot: *The expansion of Europe*, 82 e.v. en veral 148 e.v.

2. Vgl. Nowell: *A history of Portugal*, 52 e.v., veral 65 e.v. Sien verder Prestage: *The Portuguese Pioneers*, 223 e.v., 248 e.v.; Bell: *Portugal and the quest for the Indies*.

3. Vgl. Nowell: *a.w.*, 65 e.v.

christendom, sy Christelike opdrag en die Rooms-Katolieke Kerk en sy ordes gebring.⁴ Dit het immers 'n sendingaksie vir die Rooms-Katolieke Kerk moontlik gemaak.⁵ Aan die Ooskus van Afrika het Jesuïete⁶ en Dominikane⁷ hierin voorgegaan.

Ondertussen het die suidelike kustreke van Afrika vir die eeu waarin die Portugese hulle gesag in die Ooste kon handhaaf, 'n versmadelike kus gebly.⁸ Die gevaarlike see, gure weer en die vyandige inwoners was belangrike afskrikmiddels. In Tafelbaai is die bekende onderkoning, D'Almeida, bv. gedurende 1609 deur inboorlinge vermoor.⁹ Bowendien het hierdie kustreek geen handelsmoontlikhede gebied nie. Dit het daartoe bygedra dat die suidpunt van Afrika "nooit meer as 'n latente, toevallige, ongenoemde en ongeagte deel van die Portugese handelsryk"¹⁰ was nie.

Een van die belangrike uitvloeisels van die seevaart van die Portugese is die reis- en verwante literatuur wat dit opgelewer het. Daarmee is 'n Europese literêre tradisie geskep wat later van tyd sou uitgroei tot 'n byna onvoorsigtelike versameling reisboeke, verslae, joernale en beskrywings. Die invloed daarvan in Europa kan nouliks oorskat word.¹¹

2. INDRUKKE VAN DIE SUIDELIKE KUS VAN AFRIKA IN PORTUGESE LITERATUUR

Verifieerbare kennis (gegrond op ervaring) i.v.m. die bestaan en omstreke van die suidelike punt van Afrika het dus vir die heel eerste keer met die ontdekkingstogte van die Portugese in Europa bekend geword.¹² Dié nuwe kennis oor Afrika en sy suidpunt het aldaar aangeland deur middel van die joernale en verslae van vlootadmiraals, seevaarders, skipbreukelinge en sendelinge wat hierdie vaarte meegemaak het. Hoofsaaklik omdat die inligting daarin vervat as vertroulik behandel is, het dit nooit in die hande van 'n wyer Europese leserskring beland nie.¹³ Bowendien is dit in Portugees, 'n streekstaal, geskrywe. Portugese

4. Sien dies., 78. Vgl. ook in hierdie verband die pouslike bul van Pous Leo X *Praelege devotionis* (3 November 1514) waarin hy ander Christene verbied het om in Portugese oorwinningsgebied in te meng of te oortree.

5. Vgl. Ender: *Die Geschichte der Katholischen Kirche*, 783 e.v. Sien ook Latourette: *A history of the expansion of Christianity III*, 1 e.v. vir 'n oorsig van sending en kerk in die nuwe wêreld; 247-276 vir die Portugese sendingaksie in Indië; 244 e.v. vir Oos-Afrika. 'n Meer volledige behandeling het Neill: *A history of Christianity in India from the beginnings*, 88 e.v., 111 e.v. Sien ook Du Plessis: *A history of Christian Missions*, hoofstukke twee en drie; Du Plessis: *The evangelization of Pagan Africa*, 11-34.

6. Vgl. Theal: *Records of South Eastern Africa III*, p. 157 e.v.: *Relacao da viagem q fizerao os p^{es} da companhia de Jesus com Fran^{co} Barretto naq conquista de monomotapa no anno de 1569. Feite pello p^e Monclaro da mesma Companhia.*

7. Vgl. Theal: *a.w. I*, 355 e.v.: *Extractos da Historia de S. Domingos, Particular de reino e conquistas de Portugal Por Fr. Luis Cacegas, da mesma ordem e provincia, e Chronista della; reformada em estilo, e ordam, e amplificada em successos e particularidades por Fr. Luis de Sousa, Filho do Convento de Bemfica. Lisboa 1767.* (Vertaling: 380 e.v.) Sien Welch: *Portuguese and Dutch in South Africa*, 255 e.v. vir die geskiedenis hiervan.

8. Sien Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1-13.

9. Sien De Kock: *Ontdekkers om die Kaap*, 197 e.v.

10. Muller (red.): *a.w.*, 13.

11. Om enigsens 'n indruk te kry van hoe omvattend hierdie literêre korpus in werklikheid is, vgl. Churchill en Churchill: *A collection of Voyages and Travels*. (1704); Harris: *Navigantium atque Itinarantium Bibliotheca*. MDCCV. In sy voorwoord wys Mackenzie: "South African Travel Literature" in *AYB 18(2)*, 3, daarop dat *Hackluyt Society* sedert die laaste helfte van die 19de eeu meer as 120 volumes van reise en ekspedisies gepubliseer het.

12. Vgl. Axelson: *South African Explorers*, x.

13. Vir 'n bibliografie, sien Mackenzie: *a.w.*, 95-97.

historici, aangespoor "to write from the glorious achievements of the countrymen"¹⁴ het nietemin gesorg vir 'n belangrike en uitgebreide nalatenskap in hierdie verband.

Baie van die dokumente en publikasies waarin die indrukke oor die Kaap vermeld word, is deur die "historiographer of the Cape Government," G.M. Theal, aan die begin van die 20ste eeu "in various libraries and archive departments in Europe" opgediep. In Suid-Afrika het hy dit in nege bundels byeengebring en as die **Records of South-Eastern Africa**¹⁵ gepubliseer. Daarmee het hy waardevolle argiefmateriaal en geskrifte na Suid-Afrika gebring.¹⁶

Die amptelike en oorspronklike skeepsjoernale as sodanig is oor die algemeen skraps met gegewens oor die Kaap. Die Portugese seevaarders het meestal hierdie landpunt probeer vermy. Die een uitsondering is 'n dagboek van Da Gama wat behoue gebly het. Dit is waarskynlik deur Alvaro Velho, wat die beroemde seereis na Indië op die bevelskip, die S. Rafael, meegemaak het, gehou.¹⁷ Daarin is inderdaad die vroegste ervaring van en fisiese kontak met die kusstreke van die suidelikste punt van Afrika, sowel as die bewoners wat hier raakgeloop is, aangeteken. Velho beskrywe of bespreek egter nóg die gebied, nóg takseer hy die inwoners. Dit kom neer op enkele vlugtige indrukke wat op die verbyvaart aangestip is.

Literatuur waarvan die Portugese opstellers in langer tyd en onder ander omstandighede blootgestel was aan die Kaapse kus of sy omstreke bevat meer gegewens. Goed bekyk, kan ten minste twee literatuurtypes in hierdie verband onderskei word: offisiële **kusondersoeke** en die **verhale van skipbreukelinge**. Derdens het **Portugese historici** later in die 16de eeu gegewens oor die Kaap en sy ontdekking uit die primêre bronne opgespoor en in die beskrywing van hul resente nasionale en politieke geskiedenis bygewerk.¹⁸

1. Gedurende die 16de eeu was kennis van die Kaapse kus in Europa allereers gegrond op enkele **kusondersoeke**: dié van bv. Babudo en Quaresma (1506), Joao de Lisboa (1513), Joao de Castro (1538) en 'n meer volledige **Descripcao da costa da Africa Meridional. Por Manuel de Mesquita Perestrello**. Lg. het 'n inspeksietog gedurende 1575-1576 van die Kaap tot by Inhambane onderneem.¹⁹ Die kusondersoeke was van groot betekenis. In Portugal kon kartograwe op grond hiervan (én enkele reisjoernale) die werklike kuslyn van Afrika met betreklike sekerheid op hulle kaarte intrek.²⁰ Uit inskrywings wat wel op die landmassa voorkom, is dit duidelik dat die onbetrede binneland van (Suid-) Afrika verberg was agter 'n digte gordyn van legendariese kennis en gissings. Hierdie kaarte was gesogte materiaal in Europa, veral

14. Dies., 7.

15. Nege Volumes. London, 1898-1902.

16. Theal was die eerste Suid-Afrikaanse historikus wat die Portugese handelonderneming en belange in Suidoos-Afrika beskrywe het o.g.v. sy versamelde bronne. Vgl. sy *History of South Africa before 1795 Vol II: The Portuguese in South Africa from 1505-1795*. Vir hom, en literatuur uit sy pen, sien SESA 10, 468-470.

17. Sien Ravenstein (ed.): *A Journal of the first voyage of Vasco da Gama 1497-1499*. Oor die outeur (waarskynlik Velho), dies., xxv e.v.; oor Portugese uitgawes, xxxii e.v. en oor Da Gama, xiii e.v., 225 e.v. Sien ook 'n vertaalde uittreksel hiervan by Axelson: a.w., 1-19.

18. Die epiese digwerk van Camoes, *Os Lusíads*, word hier buite rekening gelaat. Vgl. hiervoor Aubertin: *Os Lusíads de Luiz de Camoes*; en Rúegg: *Luis de Camoes und Portugals Glanzzeit*. Vir Camoes, sien SABW II, 167-168.

19. Muller (red.): a.w., 13. Sien Theal: a.w. I, 286 e.v., 307 e.v. vir 'n Engelse vertaling.

20. Vir die kartografiese werksaamhede, sien Nowell: a.w., 117 e.v.; Klemp: *Africa on maps*; Cortesao en Texeira da Mota (reds.): *Portugaliae Monumanta Cartographica*. Kyk ook Prestage: a.w., 327 e.v.

nadat 'n verbod op die uitvoer daarvan geplaas is. Ander belanghebbendes het hulle met groot omsigtigheid ingespan om dit in die hande te kry. Daarin het hulle ook geslaag. In eie lande is dit bestudeer en nagetrek.²¹

2. Tweedens bevat die **verhale van skipbreukelinge**²² wat aan die suidhoek van Afrika gestrand het, verwysing na die Kaap van Goeie Hoop en sy omstreke.²³ Die aangrypendste vertellings van menslike lyding en deursettingsvermoë is hierin opgeteken. Sonder uitsondering vertel die skipbreukelinge hoe swaar hulle die inboorlinge, alombekend as "Kaffirs," - sommige kannibale - en die suidland met sy uitmergelende klimaat belewe het. Hier en daar is daar beskrywing van die landsgesteldheid, met verwysing na vreemde diere en die kulturele gewoontes van die inheemse volke. Oorwegend is dit egter die verhalings van hul moeisame oorlewing. Opvallend is die opsetlike herinnering aan heiliges, kerklike feesdae en veral die aanroep van die Maagd Maria. As Rooms-Katolieke het hulle daaglik oorlewe binne die verskansing van kerklike voorskrifte en liturgiese formuliere en prosessies.²⁴

Oor die Kaap self is daar byna niks in hierdie verhale te lees nie. Skipbreukelinge het deurentyd verkies om eerder in die rigting van die Mosambiekse kus as suidwaarts na die Kaap, voet te slaan. Die reeds gemelde Perestrello het die stranding van die **S. Bento** gedurende 1554 aan die Natalse kus meegemaak. Tien jaar later het hy hierdie ervaring as 'n **Relacao do Naufragio d nao S. Bento** in druk uitgegee.²⁵ Dit is waarskynlik die eerste gedrukte werk wat uitsluitlik oor die kusstreek van die suide handel.²⁶ Daarin maak hy die interessante opmerking dat die skipbreukelinge wel die Kaap die Goeie Hoop veilig kon bereik het. Maar, siende dat "that part had been little frequented for years, and we might all perish there before any ship come to take us off,"²⁷ was hulle gedwing om noordwaarts, na Mosambiek, die tog om oorlewing aan te pak. Bowendien, voeg hy hieraan toe, die tragiese moord op Francisco D'Almeida "still taught us to distrust."²⁸ In 1636 was Joseph de Cabreya in sy gepubliseerde verhaal²⁹ nog daarvan oortuig dat dit 'n risiko bly om óm die Kaap, "so stormy and fatal to navigators" te vaar.³⁰

21. Vgl. Nowell: **a.w.**, 117 e.v.

22. Vgl. 'n oorsigtelike behandeling by Mackenzie: **a.w.**, 8 e.v. Hy wys daarop dat dit 'n redelike omloop in Portugal gehad het.

23. Vgl. Theal: **Records II**, vii-xxxi. Sien ook sy **History of South Africa before 1795 II**, 303-330.

24. Die skipbreukverhale wat Theal versamel het, lewer oorvloedig hiervan bewys. Vgl. bv. die opmerking van de Cabreya: "in the midst of these labours, the religious never neglected to celebrate the feasts of the saints; on the contrary, not one went by without the church being decorated with a profusion of flowers and without our hearing mass and a sermon, with frequent confessions and communions." Theal: **Records VIII**, 219.

25. Vgl. Theal: **a.w. I**, 150 e.v.; Engelse vertaling: 218 e.v.

26. **Dies.**, 13.

27. **Dies.**, 226.

28. **Dies.**

29. Theal: **a.w. VIII**, 139 e.v.: **Navragio da nao N. Senhora de belem Feyto na terra do natal no Cabo de Boa Esperanca, & Varios sucessos que teve o capitao Joseph de Cabryea, que nella passou à India no anno de 1633, fazendo o officio de almirante daquella frota ate chegar a este reyno. Escritos pelo mesmo Joseph de Cabryea, offerecidos a diogo Soares do conselho de sua Magestade & seu secretario de estado em Madrid. Com todas as licencas necessarias. Em Lisboa por Lourenco Craesbeeck impressor Délrey. Anno de MDCXXXVI.**

30. **Dies.**, 195.

3. Teen die helfte van die eeu het Portugese geskiedskrywers **Dos Feitas que os Portuguezes fizeram na conquista e Descobrimento das terras e mares do oriente**³¹ in lywige bockdele begin vaslê. Die styl en aanpak hiervan het 'n nuwe fase in die Portugese geskiedskrywing ingelei.³² Historiese afstand, maar veral nasionale trots, het die versameling en beskrywing van hulle seevaartgeskiedenis moontlik gemaak. Die beskrywings is ook nie sonder teologiese motivering en oorweging nie.³³ Verwysing na die Kaap het nie uitgebly nie.

In sy **Records** neem Theal hulle op 'n ry af in behandeling: Fernao Lopez de Castanheda;³⁴ Joao de Barros (1496-1570)³⁵ en sy opvolger as staatsargivaris, Diogo de Couto (1542-1616);³⁶ asook die humanis en meer kritiese Damiao de Gois (1501-1573),³⁷ wat by die inkwisisie in die sop beland het. Hierbenewens is daar nog die minder belangrike werke van Gaspar Correa (oorl. 1562);³⁸ P^o Barretto de Rezende;³⁹ die Dominikaan Joao dos Santos;⁴⁰ Manuel de Faria de Sousa (1590-1649);⁴¹ Luys Coelho de Barbuda⁴² en Antonio Bocarro.⁴³

Die samestelling en uitgangspunt van hierdie werke verskil hemelsbreed van kusondersoeke, dagboeke en joernale van skipbreukelinge. Die Kaap word hoofsaaklik i.v.m. slegs twee historiese gebeure opgehaal. Eerstens word die verhaal van die ontdekking daarvan (Dias en Da Gama) breedvoerig vertel. De Castanheda was in 1551 die eerste om aan te dui dat Dias die bres in die Indiese oseaan geslaan het, "in the course of which he discovered that very great and wonderful cape unknown to the ancients and which is now called the Cape of Good Hope."⁴⁴ Tweedens word die Kaap onthou vir die manier waarop D'Almeida, wat so 'n sleutelrol in die bestendiging van die Portugese ryk aan die begin van die 16de eeu gespeel het, gedurende 1609 aan sy einde gekom het. Hierdie gebeure word volmondig verhaal. Dit is gewoonlik ook nie sonder teologiese interpretasie nie. De Barros meen bv. dat "it would seem that God allowed this to happen as an example to the living, that they may learn to be more anxious to gain a good name as an eternal property."⁴⁵ Manuel de Faria de Sousa noem hierdie gebeure "a manifest judgement of God."⁴⁶

31. "Van die dade wat die Portugese verrig het in die oorwinning en ontdekking van die lande in die seë van die Ooste." Vgl. Theal: a.w. VI, 1. Dit is die titel van De Barros se werk oor *Das Asia*. Die magistrale werk van 4 dele is gedurende 1552-1613 gepubliseer.

32. Nowell: a.w., 111 e.v.

33. Die uitstaande voorbeeld in hiedie geval is De Barros. Vgl. Theal: a.w. VI, 1 e.v.

34. Hy was die eerste Portugese historikus wat die handelonderneming verhaal het. Sy boeke verskyn tussen 1551-1561.

35. Sien Theal: a.w. VI, 1 e.v.

36. Sien Theal: a.w. VI, 307 e.v.: *Da Asia: Dos feitos que os Portuguezes fizeram na conquista e descobrimento das terras e mares do oriente*. Dit is tussen 1563-1613 gepubliseer.

37. Sien Theal: a.w. III, 1 e.v.: *Da chronica do felicissimo rei dom Emanuel da Gloriosa memoria*. Dit is gepubliseer in Lissabon, 1566.

38. Sien Theal: a.w. II, 1 e.v.: *Livro Chamado Leudas da India*. Dit is eger eers in 1858 gepubliseer.

39. Sien Theal: a.w. II, 378 e.v.: *Livro chamado do Estads da India*.

40. Sien Theal: a.w. VIII, 1 e.v.: *Ethiopia Oriental, e varia historia de covsas, no traneis do Oriente, Composta pollo Padre fr. Joao dos Santos da Ordenn dos Pregadores natural da Aidade de Euora*. Dit is gedruk in die Dominikaanse klooster Evora in 1609.

41. Sien Theal: a.w. I, 1 e.v.: *Asia Portugeusa*. Die drie volumes is in Lissabon tussen 1666-1674 gepubliseer.

42. Sien Theal: a.w. II, 347 e.v.: *Llamado empresas militares de lusitanos escriptas por Luys coelho de barbuda. Criado de su magestad, natural, y resino de la Ciudad de Lisboa*. 1624. Dit is in Spaans geskrywe.

43. Sien Theal: a.w. III, 254 e.v.: *Decada composta por Antonio Bocarro, chronista de sua Magestade, do estado da India, dos feitos dos Portuguezes no oriente*.

44. Theal: a.w. V, 350.

45. Theal: a.w. VI, 306.

Die Portugese het in hul verslaggewing oor en beskrywing van die Ooste en Afrika, dus beslag help gee aan 'n nuwe Europese literêre tradisie. In verskillende literatuursoorte het dit na vore gekom en die nasionale verbeelding aangespreek. Trouens, in die kontemporêre geskiedwerke word 'n heroïese en Goddelike rol aan die Portugese volk toegedig. In hierdie literatuur het die Kaap 'n staanplekkie verwerf.

Alhoewel die Portugese literatuur oorwegend in 'n negatiewe sin oor die Kaap en sy omstreke berig het, was hierdie aantekeninge en besonderhede nuwe en onthulde kennis. In sy studie **Humanism and the voyages of discovery in the 16th century Portuguese science and letters**⁴⁷ wys Hooykaas op die impak en betekenis daarvan. Hy toon aan dat die uitgangspunte en benadering van die moderne humanistiese tydsges hierin oorwoeker. Dit geld in die besonder vir die geskiedwerke. Op kardinale punte is die vertroude kennis uit die oudheid wat as omvattende en onfeilbare waarheid aanvaar is, in die wortel afgesny. Die aanvaarde voorstelling i.v.m. Afrika, wat berus het op die klassieke werke⁴⁸ uit die antieke Grieks-Romeinse beskawingstyd, is bv. hiermee afgedaan. Daarmee is die kontinent wat in die verskiet gelê het in kaart gebring en omlyn. As in gedagte gehou word dat die heliosentriese wêreldbeskouing hiermee onomstootlik bevestig is, kan begryp word in watter mate die reisliteratuur die draer was van 'n nuwe geestes-historiese oriëntering.

Die humanistiese tydsges van die 16de eeu het dus 'n literêre tradisie i.v.m. die ontdekkingstogte van die Europeërs help insieer. Binne hierdie denk- en oriënteringskader is kennis van die Kaap van Goeie Hoop bekendgemaak en verreken. Teen die einde van die 16de eeu het die reisliteratuur, toe dit uit sy Portugese (en Spaanse) keurslyf losgewikkel is, 'n ongekende opbloeit beleef. Verhale, verslae en veral reisboeke het die een na die ander in druk verskyn. Gegronde op die epogmakende togte van **Noord-Europese seevaarders** en geskrywe of vertaal in die Noord-Europese tale het dit 'n groot leserskring verwerf. Hierdie ontwikkeling hang saam met 'n nuwe situasie wat in Europa beding is.

3. 'N NUWE SITUASIE IN EUROPA GEE GEVOLG AAN POPULÊRE REISVERHALE

Die sleggende oorloë van die 16de eeu, met hul godsdienstig-politieke inslag en motivering, het allengs uitgeloop op 'n nuwe bedeling waarin nasionale state hulleself na binne gevind en georden het.⁴⁹ In Europa het hierdie state hulle ook in die handel en seevaart ten koste van die Spaanse en Portugese handelondernemings laat geld. Die Portugese handelsmonopolie en -vaart na die Ooste het dus teen die einde van die 16de eeu vanweë 'n verskeidenheid politieke en ander faktore in Europa begin verbroekel.⁵⁰ Die Oosterse netwerk het stadig maar seker inmekaar begin sak en is sienderoë afgeskaal tot enkele

46. "This was a manifest judgment of God, that so few unarmed barbarians should overcome those who had done such noble actions in India." Theal: **a.w.** I, 17-18.

47. In **Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen. Afdeling Letterkunde. Nieuwe Reeks** 42(4) 1979, 99-159. Rüegg: **a.w.**, wys in sy inleiding ook hierop. Hierdie literatuur dra 'n nuwe humanistiese ingesteldheid t.o.v. God, die wêreld, die medemens en die lewe.

48. Vir 'n kort bespreking van hierdie werke en tradisie wat daardeur geskep is, sien De Kock: **a.w.**, 19 e.v., 21.

49. Vgl. Kiernan: **Church and State in Europe 1550-1650**.

50. Vgl. Theal: **History of South Africa before 1795** II, hoofstukke 13, 15, 16 en 17.

handelsposte.⁵¹ Ander Europese nasies⁵² - Frankryk, Brittanje en Nederland - het die moontlikhede van die oorsese handel onderken en die Portugese die roete om die Kaap ontputsel. Hierin het Britse skepe en handelaars die voortou geneem.⁵³ Hulle het egter nie die inisiatief omskep in 'n gevestigde handelsryk nie. Die Nederlanders het die ander voorgespring en in 'n situasie wat hom daartoe geleen het, byna op die geheel van die Portugese onderneming beslag gelê.⁵⁴ Daarmee is die Britte die loef afgesteek en tydelik op die agtergrond gedwing, terwyl die Franse van die toneel verdwyn het. Desnieteenstaande het dit nie die einde van Britse (en ander Europese) seevaart na die Ooste beteken nie.

Om die onderlinge konkurrensie te voorkom is die Nederlandse maatskappye gedurende 1602 op 'n federale grondslag saamgebind in die Verenigde Nederlandse Geoktroieerde Oos-Indiese Kompanjie. Aan hierdie handelsmaatskappy is kragtens statuut en oktrooi deur die State-Generaal die reg verleen om soewereine gesag in die Ooste uit te oefen. In 'n ordening van sy eie (as 'n handelonderneming) het die Kompanjie dit vanuit Batavia as vaste setel gehandhaaf en uitgevoer.⁵⁵

Vanselfsprekend moes die Nederlandse volk oor die inherente vermoë, ondernemingsgees én die tegniese infrastruktuur beskik om 'n handelsryk met so 'n omvang te vestig en aan die gang te hou. In die klein en afgeleë platteland met sy hidrografiese struktuur kon 'n tipiese gemeenskapslewe⁵⁶ na die onafhanklikheidsoorlog⁵⁷ teen die Spaanse koningshuis tot volle ontplooiing kom. Teen die helfte van die 17de eeu was Nederland in die Europese gemenebes van lande toonaangewend as staat, ondernemende handelsmag, seevarende moondheid en bron van beskawing en kulturele lewe.⁵⁸ Die humanisme en die tydsgees wat daardeur opgeroep is, het hier 'n vrugbare teelaarde gevind.⁵⁹ Die kerklike lewe⁶⁰ was protestants, en gereformeerd-protestants. Die verantwoording van 'n eg-Nederlandse gereformeerd-konfessionele standpunt by die bekende Sinode van Dordt (1618-1619) het die differensiering en onderskeie tradisies onder die kerkvolk nie beredder of beëindig nie. Dit is selfs 'n vraag in hoeverre die gereformeerde kerk in Nederland hierdeur meegeneem is en of dit vir baie nie in 'n formele oriëntering bly steek het nie. Met soveel benaderings, uitgangspunte en aksente is voortgaande huisgehou.⁶¹ 'n Christelike

51. Vgl. Nowell: a.w., 87 e.v.

52. Sien Schieder: a.w., 300 e.v., 314; Bowlle: a.w., 416 e.v.; Abbot: a.w., 237 e.v., 336 e.v.

53. Sien Williamson: *A Short History of British Expansion*, 153 e.v., 214 e.v. Francis Drake, Thomas Cavendish en James Lancaster - om 3 te noem - slaag met skitterende seemansprestasie daarin om gedurende die laaste 20 jaar van die 16de eeu hierdie gebied toeganklik te maak. Sien verder Stapel (red.): *Geschiedenis van Nederlandsch Indië II*, 225 e.v.

54. Vgl. die behandeling van Algra en Algra: *Dispireert niet IV*, 7 e.v.; Stapel (red.): a.w. II, 275 e.v.

55. Algra en Algra: a.w., 48 e.v. Sien verder Stapel (red.): a.w. III, 5 e.v. en ook Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam II*, 228 e.v.

56. Vgl. hiervoor Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 331 e.v., 354 e.v.

57. Vgl. dies., 251 e.v.; Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam I*, 419-694.

58. Sien die kort, maar verantwoorde, behandeling van Huizenga: *Nederland's beschaving in de zeventiende eeuw*.

59. Sien Geyl: a.w., 694 e.v. Sien ook dies., 393, waar Geyl baie beslis daarvoor is dat die humanisme wat "op het gansche geestelijk leven inwerkte, ... in onze streken een schitterende bloei (beleefde)." Vir literatuur uit die Nederlandse letterkunde, sien Knuvelde: *Beknopt handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde*, 132 e.v., 139 e.v., 207 e.v.

60. Vgl. Huizenga: a.w., 60 e.v. Sien ook Weiler, De Jong, Rogier, Mönich: *Geschiedenis van de Kerk in Nederland*, 11 e.v., 127 e.v. Vgl. ook Lindeboom: *Het Bijbelsch Humanisme in Nederland; Dankbaar Hervormers en Humanisten; Knappert: Geschiedenis der Hervormde Kerk I*, 150-190.

61. Vgl. Romein: a.w., 359 e.v. Vgl. ook Haitjema: "De Hervorming in Nederland" in Waterink, Asselbergs, Grossheide (reds.): *Kultuurgeschiedenis van het Christendom II*, 1158 e.v.; Geyl: a.w. II, 73 e.v. vir die "on-calvinistiese tendenties in het geestesleven" en 295 e.v. vir die libertynse invloed.

gemeenskap en samelewing het hom in Nederland bymekaargemaak en in vryheid 'n tipiese regsordening behou. Hoewel die owerheid aan die religie in sy gereformeerde vorm amptelike erkenning verleen het, het dit nie uitgeloop op 'n staatskerk nie. Die staat het vry bly staan in sy erkenning van die "gereformeerde religie."⁶² Verskillende kerke en kerklike tradisies kon hulleself eenvoudig handhaaf en uitleef.⁶³

Met die vestiging van 'n Nederlandse handelsryk in die Ooste het die skeepsverkeer na en van die Indiese Argippel in vaster baan gekom. Ander (Noord)-Europese vragvaarders het hieraan meegedoen. Hoewel die Nederlanders die meeste munt hieruit geslaan het, het reise na en van die handelsgeweste al meer 'n omvattende Europese onderneming geword. In 'n toenemende mate is gebruik gemaak van hawens en baie aan die suidpunt van Afrika. Die voorkeur is aan Tafelbaai gegee. 'n Nuwe betekenis is daarmee aan die suidelike uithoek van Afrika toegeken.⁶⁴

Vanselfsprekend het die veranderde situasie 'n ongekende opbloei in die reisliteratuur meegebring. Dit het mode geword om agterna van die seereise in boekvorm verslag te doen. Dit was egter lank nie net Nederlanders wat reisboeke en -verhale van die verre en nuutontdekte wêreld opgestel het nie. Vir ander Europese volke is die avonture en ervarings van die reis na die Ooste (of om die wêreld) ook te boek gestel. Dienooreenkomstig het reisliteratuur in (o.a.) Nederland,⁶⁵ Brittanje,⁶⁶ Frankryk⁶⁷ en Duitsland⁶⁸ op die rakke van boekverkopers beland. Dit het in die vorm van skeepsjoernale, dagboeke, avontuurvolle verhale, geskiedenis en reisverslae met gepaardgaande kartografiese publikasies, van die pers gekom. Dit het egter nie weer uitgeloop op 'n trotse historiese behandeling soos in die geval van die Portugese voorgangers nie. Dit was nie meer 'n eng nasionale onderneming nie. In sy Noord-Europese gewaad het hierdie literatuur in sy verloop 'n ander rigting ingeslaan.⁶⁹

Gestel in 'n verhalende trant en onderhoudende styl, is dit doelbewus afgestem op die Europese leerspubliek. Uitbeeldings en inbeelding van die verre lande en hul vreemde bewoners is nougeset hierin versorg. Gevolglik het hierdie literatuur onmiddellik ingang by die Europeër gevind en hom aangespreek. Dit het bronne van onontdekte kennis geword. Formeel staan dit in die verlengde van die literêre tradisie wat deur die Portugese begin is: materieel word dit gekenmerk deur 'n tipiese benadering en styl wat van die Portugese literatuur verskil het.

62. Sien Diepenhorst: *De verhouding tusschen Kerk en Staat in Nederland*, 39 e.v. Vgl. ook die studie van De Visser: *Kerk en Staat*.
63. Vgl. De Jong: *Nederlandse Kerkgeschiedenis*, 165 e.v., 174 e.v., 197 e.v., 205 e.v.; Praamsma: *De Kerk van alle Tijden II*, 348 e.v.; veral 350.

64. Vgl. Muller (red.): *a.w.*, 13 e.v.

65. Sien die *Werken uitgegeven door de Linschoten-Vereeniging*, 1909-. Sien verder Mackenzie: *a.w.*, 97 e.v.

66. Sien "The Principal Navigations, Voyages, Traffiques and Discoveries of the English Nation" in *Works issued by the Hakluyt Society*, MCMIII. Vgl. verder Mackenzie: *a.w.*, 103 e.v.

67. Sien Mackenzie: *a.w.*, 100 e.v.; Coke: *South Africa as seen by the French. A bibliography*.

68. Sien Mackenzie: *a.w.*, 102.

69. Sien *dies.*, 11 e.v.

Aan die begin was dit hoofsaaklik seemanne wat die dagregisters en joernale met aantekening oor die vreemde wêreld aangevul het.⁷⁰ Reeds vroeg in die 17de eeu het passasiers, wat nóg blote toeriste, nóg slegs avonturiers was, die vaarte begin vergesel. Die meeste was geskool en het met ander oë die lande en mense waarby aangedoen is, gefynkam en beskrywe. Hulle het met 'n ander doel en opset as die seemanne daarvoor aan die skryf geraak. Literêre histories het die reisliteratuur as literêre tradisie met die publikasie daarvan in Noord-Europese tale, gevolglik 'n belangwekkende ontwikkeling deurloop. Hiermee is 'n tweede fase in die historiese gang van hierdie literêre tradisie aangekondig.

In teenstelling met die Portugese reisliteratuur van die vorige eeu, is dit ook toenemend vertaal. As leesstof was dit in aanvraag, en het in aanvraag gebly. Die publikasie van heelwat dokumente, waarop die seereis van De Houtman⁷¹ na Indië en terug uitgeloopt het, is 'n goeie voorbeeld. Sy **Verhael vande Reyse by de Hollandtsche Schepen gedaen naer Oost Indien**⁷² is voor die voet in Nederland verkoop. Dit is weer uitgegee en byna onmiddellik in Engels en Duits⁷³ vertaal. Later gedurende die 17de eeu is kompilasies van verskillende reisverslae opgestel en uitgegee. In Nederland is sommige selfs as volksboeke met die oog op onderwys en opvoeding gepubliseer.⁷⁴ Vir die eerste keer is omvattende **wêreldreise** hierbenewens in boekvorm uitgegee.

Die eerste Nederlandse geskrif in hierdie verband, die **Itinerario, voyage ofte schipvaart van Ian Hughen van Linschoten naer oost ofte Portugaels Indien**⁷⁵ uit 1595, kan beskou word as 'n brug tussen die ouer Portugese reisliteratuur en die nuwere reisverhale.⁷⁶ As Nederlander het Jan Huygen⁷⁷ gedurende 1583 hom vir Portugese skeepsdiens aangemeld. Die vrug van sy mededeling het neerslag gevind in geskrifte oor Indië, Amerika en Afrika.⁷⁸

Die tipiese benadering van die nuwere literatuur kan uit sy opdrag aan die State-Generaal afgelees word. Hy wil "eenvoudigh ende trouwelick aen den dagh brenghen, tghene my so in Oost Indien zijnde, als opte heen ende wederom reyse besonders of ghedenckweerdich inde tijt van derthien jaren bejehent is, dan om twelstaen ofte uyt redelijcke gissinghe daer yet van't mijn by te doen, 'twelcke ick tot noch toe ghevolcht ende onderhouden hebbe, als oock niet en twyfel, ofte mette waerheyt bevonden sal werden."⁷⁹ Voorts wou hy dit "tot een jehelijcks dies lustende vermackelickheit"⁸⁰ op skrif stel. Hy versoek sy lesers om "noch

70. Dies., 20, 87 e.v., veral 88.

71. Biografiese besonderhede in *Monumenta Ethnographica* (Aanhangsel), 11-13.

72. Gedrukt voor Barent Langenes, Boeck-verkooper tot Middelburg, Anno 1597. In die LV 7, 25 en 32 is dit versamel en uitgegee as *De eerste schipvaart der Nederlanders naar Oost-Indië onder Cornelis de Houtman 1595-1597*.

73. Vgl. LV 25, xix e.v., xl e.v.

74. 'n Goeie voorbeeld is Bontekoe: *Verhael van de avontuurlijke Reyse van Willem Ysbrantsz. Bontekoe van Hoorn*. Dit is gepubliseer in LV 54. Vir 'n bespreking hiervan, sien LV 54, xlvi e.v.

75. Amsterdam, 1596. Die *Linschoten-Vereeniging* het hierdie werk twee maal uitgegee. Die eerste keer in 1910-1939 en toe weer in 1956. In lg. jaar is dit uitgegee as deel 57, waarin nuwe inligting deur Terpstra bygewerk is. Vir uitgawes en heruitgawes in Europa, sien LV 57, lxx e.v. Sien verder Mackenzie: a.w., 97.

76. Sien LV 57, lv e.v.

77. Sien dies., xxiii e.v. Sien ook *Monumenta Ethnographica*, 9-11.

78. Sien LV 57, xxxv.

79. Dies., lxxxix.

80. Dies., xci.

inde figueren seer groote const ende sonderlinghe frayghelyt te soecken, maer alleenlick die natuerlicke ende warachtighe afbeeldinghe der seluer.⁸¹ Hy hou rekening met die behoeftes en voorkeure van, soos hy dit in die titel van sy reisboek verwoord, die "liefhebbers van vremdigheden." Hy, én sy uitgewer, was dus daarop bedag om die reisboek te bemark.

Retrospektief moet die opkoms en populariteit van die nuwe reisliteratuur in verband met die bewuste strewe na ontdekking, ondersoek, uitvinding en berekening in die Europese tydsges en ingesteldheid gebring word. Dit was die voorlopige uitdrukking van 'n nuwe, natuurgerigte wêreldbeeld en humanistiese wetenskapsideaal wat 'n eeu later sou bot.⁸² Daarom het hierdie joernale en verhale, in beginsel ten minste, nie net in diens van die handel en skeepvaart nie, maar ook in diens van die wetenskap en natuurondersoek gestaan. Dinge waarvan nog nooit gehoor is nie, is op 'n oorspronklike en indringende wyse ingeskerp en aangedik en met groot noukeurigheid beskrywe en op die lappe gebring. Daarin is 'n nuwe, onbekende en vreemde wêreld na "waarheid" - dit is immers waargeneem - aan die man gebring. Boonop is wat gesien en beskrywe is deur vele uitbeeldings, gravures en tekeninge - wat selde deur die skrywers self gemaak is - uitgebeeld. Lg. was ongetwyfeld 'n groot hulp vir die leser se voorstellingsvermoë en het die inbeeldings oor die verre lande aansienlik versterk en voor die geestesoog gebring.

Met hierdie enkele opmerkings is die "nuwe" reisliteratuur, wat sy verskyning in Europa aan die einde van die 16de eeu gemaak het, voorlopig gekenskets. Die vraag is uiteraard hoe die Kaap, wat deur Drake op sy wêreldvaart in die 1570s⁸³ "the most stately thing ... and the fairest Cape we saw in the whole circumference of the earth"⁸⁴ bevind is, hierin beskrywe en uitgebeeld is? In watter mate het die nuwe benadering die Portugese indrukke en verwysing aangevul en ingeklee?

4. EUROPESE REISVERSLAE OOR DIE KAAP EN SY OMSTREKE

Na mate die Kaap en sy baaie op 'n gereelder basis as aanloopplek vir Britse en Nederlandse skeepvaart ingestaan het, is ook meer aandag in die reisverhale aan hierdie landpunt gegee. Hierdie boeke bevat byna sonder uitsondering vermelding van die Kaap die Goeie Hoop. In die terloopse beskrywing of verwysing na die Kaap word hoofsaaklik besonderhede oor die klimaat, die landsgeaardheid sowel as die eenaardige mense wat dit bewoon het, vermeld. In die meeste van die gevalle word die "ontdekkingsgeskiedenis" van die Kaap ook weergegee. Dit word op voetspoor van die Portugese historici uit die vorige eeu gedoen.

81. Dies., xcii.

82. Vgl. Huizenga: "Natuurbeeld en Historiebeeld in de achttiende eeuw" in *Verzamelde Werken IV*, 341 e.v.

83. Die *Hakluyt Society* het hierdie werk in 1854 weer uitgegee, met 'n inleiding, 'n ongepubliseerde manuskrip van Francis Fletcher, "chaplain to the expedition" en met nog enkele "appendicies illustrative of the same voyage." Vir 'n bespreking van Drake se wêreldreis, sien a.w., xiv e.v.

84. Dies., 252.

In een van die joernale uit die reis van De Houtman⁸⁵ (1597) word Aguada de Sambras, oftewel Mosselbaai, aan die Kaapse kustreek tiperend beskrywe. Die "conditie vant volck op **Cabo de bona Speranca**, haer ciraet, cleedinghe, haer puntelick eeten, wat Vee ofte beesten sy hebben"⁸⁶ is noulettend waargeneem en aangeteken. Die inheemse bevolking is - om uit een van die ander joernale aan te haal - "seer mismaect ende leelijck van tronic." As hulle gesprek voer, "clocken sy met den mont als Calcoensche hanen. Haar cleedinghe is een vel, mantels ghewijs ghemaect om tboven lif hanghende, ende stincken een vaem inde wint." Ter wille van "een ciraet" het sommige "haer huyt ghehackelt ende ghesneden," andere versier hulleself weer met "elpenbeenen armringen." Hulle wonings kon nie opgespoor word nie. "Haer gheweer was lange spietsen, met breede ysers." Die oorhoofse indruk is dat hulle "gheleek heel wilt volck, ende soo ons docht warent oock menschen eeters, want sy aten rauw vleys, pensen ende darmen so sy wt de beesten quamen aten sy op als honden, sonder waschen of schoon te maecken."⁸⁷ Hierdie mense moes 'n onuitwisbare indruk op die Nederlanders gemaak het. In die publikasie is die "Africaense Wilden"⁸⁸ uitgebeeld.

Joris van Spilbergen was die eerste Nederlander wat hom oor Tafelbaai uitgelaat het. Sy **Historiael Journael** in die jaar na sy terugkeer (1605) uitgegee.⁸⁹ Daarin is 'n "Beschrijvinghe vande Tafel Bay, ende tlandt vande Cabo de Buona Esperance, met het volck ende Ghedierten van dien" opgeneem.⁹⁰ Die baai het hy "seer bequam voor alle schepen om te Reeden" gevind. Die **Caep de Buona Esperance** merk hy op, "is een seer gesont ende ghetempert lant, seer bequam ende nut om gecultuicert ende bewoont te worden, ende om allerhande vruchten te winnen." Hoewel die land "wat Berghachtig ende heuvelachtich" is, is daar ook vrugbare valleie, waarin vee oovloedig weiding vind - "alles zeer playsant ende geneuchelick om t'aenschouwen." Hierbenewens is die baai van genoegsame vars water voorsien. Die inheemse bevolking het ook sy oog gevang. Hulle is "gheluh van couleur ghelijck Molaten seer difform van aensicht, middelbaar van statuere, teer ende mager van lichaem, maar zeer snel int loopen." Hul taal herinner aan die gekloek van 'n kalkoen, terwyl hulle klere van vel "mantel wijs ghemaect" is.⁹¹

Met hierdie twee voorbeelde is die manier waarop van die Kaap, sy omstreke en bewoners gedurende die volgende 50 jaar verslag gedoen is, omlys.⁹² Alles wat nou meer gesê word, sou neerkom op 'n herhaling. Dit is ooglopend in watter mate hierdie literatuur van die Portugese reisboeke van die vorige eeu verskil

85. Sien *De eerste schipvaart der Nederlanders naar Oost-Indië onder Cornelis de Houtman 1595-1597* in LV 7, 25, 32.

86. LV 25, 123 e.v. Dit kom uit 'n *Journael vande Reyse der hollandsche Schepen ghedaen in Oost Indien/ haer Coersen/ Streckingen ende vreemde avontueren die haer bejegendt zijn/ enz. Door begeerte van sekere Coopluyden gedrukt, ende men vintse te coop by Barent Langenes. Boekverkooper in Middelburg, 1598.*

87. LV 25, 123.

88. Uit die ongepubliseerde joernaal van Van der Does, in dies., 258.

89. Dit is weer in die LV 38 uitgegee.

90. Dies., 18 e.v.

91. Dies., 18.

92. In hierdie verband kan die volgende reisverslae genoem word: Pyrard de Laval: *Discours du Voyage des Francois aux Indes-Orientales*. Paris, 1611; Coverte: *A true and almost incredible report of an Englishman*. London, 1612; Matelief: *Historische verhael vande treffelijke reyse in Commelin: Begin ende Voortgangh/ van de Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oost-Indische Compagnie*; Mocquet: *Voyages en Afrique*. Paris, 1616; Van Pumerandt: *Journal ofte Eene Oost-Indische Reys-Beschrijvinghe*. Amsterdam, 1651.

het, 'n Britse geleerde en "one of the most entertaining figures in this period,"⁹³ sir Thomas Herbert,⁹⁴ het egter vir 'n interessante vertolking gesorg.

5. DIE INTERPRETASIE VAN 'N REISBESKRYWING: 1638

Herbert se verblyf van 19 dae aan die Kaap gedurende 1626 is deur hom in *Some yeares travels into divers parts of Asia and Afrique* beskrywe. Dit is vir die eerste keer in 1634 in Londen gepubliseer.⁹⁵ Ná 'n entoesiastiese ontvangs, het Herbert sy reisboek in die geheel hersien. 'n Aansienlik uitgebreide uitgawe het gevolglik vier jaar later verskyn.⁹⁶ Hierdie uitgawe maak daarop aanspraak om méér as 'n persoonlike reisverhaal te wees. Dit wil ook 'n "learned commentary of a historical, geographical or generally discursive nature" wees.⁹⁷ Hy skrywe en interpreteer dus pedagogies met die oog op die behoeftes en belangstellings van sy lesers.⁹⁸ Hy wou sy *Travels* "turn into a compendium of knowledge."⁹⁹

Opvallend is die paar algemene opmerkinge oor die ontdekking van Afrika waarmee hy sy lesers aan hierdie kontinent bekendstel. Daarvoor gaan hy voorwaardelik in leer by die klassieke werke oor Afrika. Hulle is egter nie betroubaar nie, omdat die "busie pens of the Aegyptians and Greeks who for want of true matter, invented a thousand Fables." Interessant is sy verwysing na die Skrif: "**Afrique** in holy writ is called (from Cham) Chamesia."¹⁰⁰ Vir hom is die saak uitgemaak - die Portugese het Afrika in werklikheid eerste ontdek. Daarom is sy gevolgtrekking dat "the first we can honour (as sayes Osorius) is, Vasco de Gama or Bartolo de Dios, Lusitanians, anno 1497 from Adam 5467, by importunity of that excellent Prince, Iohn 2. coasting hither and so into the Orient."¹⁰¹

Volgens hom is die land waarin hy sy tente opgeslaan het, vrugbaar en ryk. Die berge wat hier aangetref word is "without doubt, abound with Marquisate and all rich minerals, which for want of search are yet undilucidated." Herbert wil hiernaas "an exact **Idea** of the Inhabitants" ter wille van sy leser skep. Die gebied word besit deur "an accursed Progeny of Cham, who differ in nothing from bruit beasts save forme."¹⁰² As 'n gemeenskap is hulle saamgeflans en ongeorden. Geskille word uitgeveg. In dié verband raai hy die Britte af om, t.s.v. hul goeie wapens, in 'n geveg met hierdie mense betrokke te raak. Daarvoor beroep hy hom op die *Exempla docent. Almeyda*, soos Osorius¹⁰³ dié ongelukkige gebeurtenis uit 1510 verhaal.¹⁰⁴

93. Mackenzie: *a.w.*, 3.

94. Vir biografiese gegewens oor hom, sien *Monumenta Ethnographica*, 16-18; Mackenzie: *a.w.*, 21 e.v.

95. Sien Mackenzie: *a.w.*, 25, veral vt.nt. a.

96. *Dies.*, 27 e.v. Vir die tweede uitgawe, sien *dies.*, 29 e.v. Vir uitgawes en vertalings, sien *dies.*, 107. Vir die doeleindes van hierdie studie is die uitgawe van 1638 gebruik.

97. Mackenzie: *a.w.*, 41.

98. *Dies.*

99. *Dies.*, 46.

100. Herbert: *Some yeares travels into divers parts*, 15.

101. *Dies.*, 16.

102. *Dies.*, 17.

103. Vir hom, sien Welch: *South Africa under King Sebastian*, 319-329.

104. *Dies.*, 19.

Sommige noem hulle "Caffarrs or Atheists." Herbert getuig dat "though I made all signes, and tried each way possible to discover some spark of devotion, of the knowledge of God, heaven, hell or immortality; I could not finde any thing that way, no place of worship, no day of rest, no order in nature, no shame, no truth, no memory in births, or burials, meere brutishnesse and stupidnesse wholly shadowing them."¹⁰⁵ Dit is ronde woorde! Om dit nog verder te voer, is hy ewe oortuig daarvan dat "these savages eat men alive or dead, as in both kinds many poor men have Lamentably made experience of."¹⁰⁶

Herbert gaan dus verder as die tydgenootlike joernale en reisverhale. Hy vra dieper - na die oorsprong, na die inheemse gemeenskap, sy samestelling en sy religieuse aktiwiteite. Hy doen navraag en ondersoek, verwerk en verduidelik. Hy interpreteer en evalueer en sorg sodoende vir veel meer as net 'n verslag of berig. So gesien, dui die *Travels* van Herbert op 'n verdere ontwikkeling in die tradisie van die Europese reisliteratuur. Hy was een van die eerstes om sy ervaring in prikkelende trant as 'n nuuswaardige en opvoedkundige reisbeskrywing aan te bied. Daarmee is die amptelike verslae en reisverhale aangevul.

6. SAMEVATTING

Seker een van die invloedrykste gevolge van die Europese seevaartgeskiedenis ná 1500 was die reisliteratuur wat dit meegebring het. Daarin is verslag gedoen en 'n groter wordende Europese leserskring voortdurend op hoogte gehou van hierdie aangrypende onderneming. Dit het meegebring dat kennis en inligting oor die Kaap, sy gesteldheid en die mense wat hier gewoon het, binne die breë bedding van 'n Europese literêre tradisie ter sprake gekom het. Dit het tot uitdrukking gekom in onderskeie literêre genres. As reisliteratuur het dit 'n ontwikkeling deurloop wat op sy beurt bepalend beïnvloed is deur die historiese situasie in Europa.

Hierdie literêr-historiese ontwikkeling is in die bogaande hoofstuk aangetoon. In die aanvanklike Portugese reisliteratuur is ervaring en indrukke van die Kaap aangeteken. Ná 1600 het Noord-Europese skeepsjoernale en verhale omvattender verslag oor die Kaap en sy inwoners uitgebring. Nader na die helfte van die 17de eeu is die Kaapse skiereiland ondersoek en uitklarend in 'n reisbeskrywing voorgestel. Dienooreenkomstig het die weergawe van die Kaap en sy mense ook 'n verandering ondergaan. Met negatiewe assosiasies het die Portugese afwysend teenoor die Kaap gestaan. In die Noord-Europese reisgeskrifte verander die prentjie. In Tafelbaai is 'n veilige hawe gevind. Die Kaap word in 'n positiewe lig voorgestel en sy inwoners kaalkop beskrywe en uitgebeeld.

Die Kaap is in Europa dus vanuit verskillende situasies ingedink én bedink. In die algemeen beskou, het 'n beeld van die Kaap en die vreemde mense wat daar aangetref is, in die Europese reisliteratuur vorm aangeneem. Opvallend is hoe die beeld telkens in 'n historiese verband gestel is. Daarby is dit met antropologiese en teologiese aannames gedoen.

105. Dies., 17.

106. Dies.

Die aksente en simpatieë van hierdie literatuur is nie buite die Christelike godsdiens en -beskawing van Europa opgestel nie. Nóg staan dit los van die moderne humanistiese uitgangspunte en benadering wat besig was om die Europese geesteshorison te hervertolk. Agter die reisliteratuur (veral die boeke wat ná 1600 gepubliseer is) lê die wil om die laaste waarhede te ontdek en te ondersoek. Die ontdekkingsstogte is immers ervaar as 'n ingrypende moment in die loop van die menslike geskiedenis, waarvan vroeëre geslagte net gedroom het. Die wêreld is groter gemaak, en met begeesting beskrywe en aan die tuisblywendes voorgestel. Die Europese Christendom en kultuur kon tot die eindes van die aarde gedra word. Vir die eerste keer in die geskiedenis. Iets groots was aan die gebeur. Daarom het die literatuur wat hiervan die eerste-handse berigte gedra het, hand oor hand inslag in Europa gevind.

Die heel eerste geskrif wat in sy geheel aan die Kaap gewy is, is na die beste van my wete 'n werkie wat gedurende 1652 in Amsterdam ter perse gegaan het. Dit was 'n brosjure met die bedoeling om 'n **Klare Beskrywing van Cabo de Bona Esperanca** te wees. Die volgende hoofstuk konsentreer op hierdie **Nederlandse** beskrywing van die Kaap van Goeie Hoop.

HOOFSTUK 2

DIE EERSTE ALLEENESKRIF OOR DIE KAAP VAN GOEIE HOOP: 1652

Die heel eerste geskrif wat uitsluitlik oor die Kaap van Goeie Hoop handel, is as 'n pamflet of brosjure "t'Amsterdam" uitgegee "By Jodocus Hondius: Land- en Zee-Kaart-maker, aan 't op-gaan der Beurze in den Wakkeren Hond, Anno 1652."¹ Dit is 'n versamelwerk waarin die samesteller alle bestaande inligting oor die Kaap geïntegreer het. Dit is gepubliseer na aanleiding van die besluit van die VOC om 'n verversingspos aan die Kaap te stig en permanent te beman. Te midde van die breë veld van die uitdyende reisliteratuur in Europa was hierdie brosjure van byna niksbeduidende omvang. Nietemin is dit 'n belangrike indikator van die aard van die kennis oor die Kaap wat teen die helfte van die 17de eeu in Nederland in omloop was. Daaruit kan immers afgelei word tot in hoe 'n mate hierdie kennis konsepsueel in 'n beeld of inbeelding toeganklik vir 'n Nederlandse leserskring gemaak is.

1. DIE BESETTING VAN DIE KAAP IN NEDERLAND AANGEKONDIG

Dit was die Nederlanders wat in Tafelbaai as "niemandsland" gedurende 1652 'n verversingspos en christelik-protestantse gemeenskap gevestig het.² Gedurende 1651 gee die direksie van die VOC gevolg aan hul besluit van die vorige jaar om die Kaap te beset. Die Britse see-oorlog teen Nederland (1650-1654)³ het die finale deurslag gegee om die seeroete na die Ooste met 'n militêre steunpunt by die halfpadmerk, te beveilig. Hiermee is die suidpunt van die Afrika-kontinent vir die eerste keer deur Europeërs op 'n permanente basis betree. Van Riebeeck,⁴ 'n gewese koopman in diens van die Kompanjie, en eerstehands bekend met die gebied, word hiervoor getaak. Binne die opset van die uitgebreide organisasie van die VOC was die toevoeging van 'n klein fort met 'n geringe garnisoen nie 'n belangwekkende gebeurtenis nie. Dit was 'n "nuttigheidsmaatreël, 'n roetine uitbreiding van die Kompanjie se skeepsverkeer."⁵

Dit is 'n ope vraag of die besetting van die Kaap in Nederland as 'n historiese gebeure belewe is. Die omvattende en kroniekatige *Vaderlandsche Historie*⁶ van die belangrikste Nederlandse historikus uit die 18de eeu, Jan Wagenaer,⁷ swyg bv. eenvoudig hieroor. Tog het dit nie heeltemal ongehoord en ongesiens verbygegaan nie. Iemand het hierdie gebeurtenis begelei en aangekondig in 'n *Klare Besgryving Van Cabo De Bona Esperanca ... Alles met veel moeyten zeer vlytig by een getogen*.⁸

1. In 1952 is 'n faksimelee uitgawe versorg en in Kaapstad uitgegee. Serton het 'n inleiding en historiese aantekeninge voorsien by 'n Engelse vertaling van L.C. van Oortd.

2. Sien Welch: *Portuguese and Dutch in South Africa*, 79 e.v. vir 'n goeie beskrywing teen die agtergrond van die internasionale situasie. Sien ook Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 19 e.v.

3. Vir hierdie oorlog, sien Geyl: *Geskiedenis van de Nederlandse Stam II*. 395 e.v.

4. Vir hom, sien Boëseken: *Jan van Riebeeck en sy kinders*.

5. Muller (red.): *a.w.*, 17.

6. Amsterdam, MDCCXLIX-MDCCCLXXXI. 21 Bande. Vir 'n beskrywing van die ontdekking van die Kaap deur die Portugese, sien Band IX, 135.

7. Vir hom, sien *GWP 23*, 461-462. Sien ook Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 14.

8. Jodocus Hondius het dit in Amsterdam uitgegee. Hy was waarskynlik ook die samesteller.

Bygevoeg is 'n "Pas-Kaarte van de Zuyd-west-kust van Africa; van Cabo Negro tot beoosten Cabo de Bona Esperanca," "niwlyks besgreven" en ewe-eens uitgegee deur Jodocus Hondius. Hy was een van die bekende 17de-eeuse kartograwe⁹ in Amsterdam. Onderaan die kaart het Hondius 'n berig of rapport van die "Zee-togt ofte Zee-Ryze naar Cabo de Bona Esperanca"¹⁰ laat druk. "In 't Jaar onzes Heeren 1651 ... wierd (door ordre van de **Ed. Agtbare Heeren Bewind-hebberen der Neder-landsghes Geotrojeerde Oost-Indisghe Compagnie**) toe-gerust **vijf schepen** om naar **Cabo de Bona Esperanca** te zeylen." Hierdie skepe is uitgestuur, lui die berig verder, "tot opbowwinge, diinste en Bezettinge van een **Fortresse**." Uit "'t geen heb komen vernemen" word, vorder die bouwerk daaraan reeds, "zoo dat wy met Gods hulp, wat goedts van dit rowwe geweste te verwagten hebben: Dat God geve. Vale." Met hierdie berig is die nuwe onderneming van die VOC aan die suidelikste punt van Afrika in Nederland aangemeld.

Lees 'n mens hierdie aankondiging in verband met die res van die **Korte Beschrijving** is dit duidelik dat dit meer was as net 'n neutrale of selfs interessante berig oor die aanpak van 'n bouwerk iewers aan die kus van Afrika. Dit gaan om die bekendstelling van 'n onderneming, waarvan 'n grootse verwagting gekoester is. In watter mate dit vir die berigskrywer en uitgewer met 'n inbeelding oor die suidpunt van Afrika gepaard gegaan het, blyk uit die "Lof-digt" wat daarby afgedruk is.

2. DIE BEELD VAN DIE SUIDPUNT VAN AFRIKA IN 'N LOFDIG

Die lofdig oor die Kaapse onderneming is deur "J.J. Wissink, anno 1652 in Amsterdam" geskrywe om daarmee die seetog na die Kaap van Goeie Hoop te honoreer. In sy rymery laat hy hom deur 'n entoesiasme voorsê. Tussen die reëls skep en vertolk hy 'n beeld van die VOC, sowel as van die nuwe landgebied waarop Nederland op die punt staan om sy hand te lê. Die lofdig word hieronder in sy geheel weergegee, met die bedoeling om bg. inbeelding of beeld, m.n. van die Kaapse streek, goed onder oë te kry.

OP DE VOYAGE NAAR CABO DE BONA ESPERANCA

Zoo krygt de Wysheyd Land, en Rykdom ziid de Waerelt;
 Di staat verwonderd door 't verstand van **Zeventiën**:
 Want **Indien** vol **Goud**, vol **Diamant**, **Gepereld**,
 En and're sgone waar, komt vlyt syn winste biin.
Roem-waarde Compagnie, die door u Helden Daden
 Den korzelen **Javaan**, trotst in syn eijgen Land;
Bandeës, en **Ambojees**, met Specery geladen,
 Di offeren haar vrugt, en kussen u de Hand.
Tarnaten, **Cormandel**, het Tarruw-Ryk **Bengalen**,
Coutchien, en **Mallabaar**, en **Pegu** vol Robyn,
 Daar gaan u **Kilen** (wel-gemand) haar lading halen;

9. Hondius: **Klare besgryving van Cabo de Bona Esperanca** (Faksimelee), xi.

10. Dit is agter, by die begeleidende kaart gedruk.

Zoo wint men Cent op Cent, zoo krygt de moeyte 't zyn.
 Wat Toond het Neer-land nit **Chineesse** puyk van waren?
Japon men brald alhiir met 't geen u konst vermag.
 Ja! wasser nog een Werld men zowd'er henen varen
 Als Voordeel en Proffyt daar in verborgen lag.
 Dat bleek aan deeze Togt, men doet vol Goede Hope
De Kaap van Goede Hoop, als zonder zorgen aan,
 En sgoon daar duyzenden van Mensgen-Eters lope:
 Zy eten slegs Malkaar, wy zyn gereed tot slaan.
 Ik zi het ingewand der hoge Bergen zoeken,
 Op hoop van puyk Metaal. Den **Hottento** verbaast,
 Di sidderd ende lild, ja sgynd de Tyd te vloekken,
 Om dat ons Donder-bus tot lof van Holland raast.
 Men trekt te Landwaards in doorsnufflend alle hoekken,
 Men vind een beter Aard van Mensgen, stel u sgrap.
 Man-moedig Neer-lands volk, gy vind door lang te zoeken,
 Gy hebt u's Heeren wensg, dat 's puyk van Koopmansgap.

Allereers besing Wissink die Kompanjie vir sy wêreldwye en daadwerklike suksesse. In die tweede gedeelte van die gedig skuif die "Kaap van Goede Hoop" in die prentjie. Beide bring hy i.v.m. die nasionale aspirasies en idealisme eie aan die geïnspireerde vitaliteit en optimisme van die 17de-eeuse Nederlandse samelewing en volk. Dit is 'n poëtiese vertolking van die historiese rol en heroïese opgaaf wat vir die Nederlanders ingedink is n.a.v. onder andere die oprigting van 'n handelsryk deur die VOC. Jan Romein praat oor hierdie tyd as "Hollands welvaren"¹¹ en wys daarop dat die Nederlandse Republiek sy hoogbloei tussen 1648 en 1672 belewe het.¹² Geografies (die Indiese handelsryk), kultureel en tegnies-ekonomies het die Nederlandse volk geskiedenis gemaak. Teen die helfte van die 17de eeu het die VOC 'n handelsbedryf gefinansier wat die handelsaktiwiteit van Nederland in sy geheel ten goede gestimuleer het. Dit het 'n nasionale belang geword waarin hierdie maatskappy die voortou geneem het. Vir die Nederlanders is die **Begin ende Voortgangh van de Vereenigde Nederlantsche Geoctr. Oost-Indische Compagnie** in 1645 **verzameld door J. Commelin**¹³ en waarskynlik in Amsterdam in druk uitgegee. Op 'n volwaardige geskiedverhaal soos die Portugese geskiedskrywers dit 'n eeu vroeër vir hulle volk gedoen het, kan dit nie aanspraak maak nie. Dit is, soos in die vorige hoofstuk reeds aangetoon, niks meer nie as 'n kompilasie van al die belangrikste Nederlandse skeepsjourname, reisverhale en avontuurvertellings i.v.m. die skeepvaart na die Ooste, waarop Commelin sy hand kon lê. In sy versamelwerk het hy dit bemark aan 'n wye leeskring. Binne die raamwerk van die aangrypende reisliteratuur is die doen en late van die VOC dus eietyd vertolk en in Nederland bekendgemaak. Oor die vermoë van die Kompanjie om homself te handhaaf en uit te brei, laat die suksesverhaal van sy verlede natuurlik geen twyfel nie.

11. Romein: a.w., 307 e.v.

12. Dies., 320.

13. Twee dele. Deel I 1645; deel II 1646. Die plek van uitgawe word eegter nie vermeld nie.

Die gedig is 'n bewuste uitdrukking van die sentimente wat die prestasies van hierdie organisasie in Nederland laat ontwaak het. "Ja!", verseker Wissink sy lesers, "wasser nog een Werld men sowd'er henen varen Als Voordeel en Proffyt daar in verborgen lag." Die Kompanjie het inderdaad daarin geslaag om 'n ganse handelsryk in die Ooste te vestig, maar, of dit so geredelik daaraan toegegaan het soos Wissink dit inprent - "Di offeren haar vrugt, en kussen u de hand"- is 'n ander vraag. Die geskiedenis het aangewys dat hy die toon te hoog en oordrewe aangeslaan het.

Die tweede gedeelte van die gedig handel oor die Kaap en sy inwoners. Hierdie standplaas word betree en beset met die oog op die "Voordeel en Proffyt" wat die Kompanjie daaruit sou haal. Immers, "dat bleek aan deeze Togt ..." Daarom "(doet) men vol Goede Hope De Kaap ... zonder zorge aan." Volgens hom is die Kompanjie mans genoeg om die onbekende en gevaarlike van die nuwe land en sy mense die hoof te bied. Hy dig die Nederlanders 'n besondere taak toe. "Duyzenden" van die inheemse bevolking is "Mensgen-Eters," maar "zy eten slegs malkaar, wy zyn gereed tot slaan," stel Wissink gerus. 'n Ander groep, "den **Hottento**," is verbaas, hulle sidder, en dit kom voor of hulle die tyd vervloek, "om dat ons Donder-bus tot lof van Holland raast." In sy vergesig sien die digter ook hoe die berge in die binneland deursoek word vir die kosbare minerale wat dit hou ... "men trekt te landwaards in doorsnuff'lend alle hoekken." Dit loop uit op die ontdekking van nog 'n groep andersoortige bewoners in die verre en uitgestrekte binnelands van Afrika - "een beter Aard' van Mensgen." Op hierdie wyse sou die "man-moedig Neer-lands volk" in die Kaap en sy omstreke daarin slaag om fyngoed te maak van struikelblokke en gevaarlike situasies.

Wissink werk ongetwyfeld met 'n inbeelding oor die Kaap, gegrond op historiese aannames. Ooglopend leun dit aan op wat min of meer reeds van die Kaap bekend was of waarmee die Kaap in die Europese reisliteratuur geassosieer is. In die gedig figureer die inheemse bevolking bv. as "mensgen-eters." Hy bring die ontdekking van edelmetale en rykdom te berde. En, die verwagting om 'n beskaafde volk in die diepe binnelands raak te loop. Hierdie sake is in die voorafgaande reisliteratuur telkens opgehaal.

Met sy digterlike behandeling skep hy inderwaarheid 'n konsepsuele raamwerk vir begrip van die kennis oor die Kaap. So slaag hy daarin om ter sake inligting rigtinggewend tot 'n begrypbare geheel te orden. Op kenmerkende wyse ontsluit Wissink dus sêlf die kennis oor die Kaap vir sy leser. Daarom is dit per slot van rekening so 'n boeiende inbeelding.

Hierbenewens endosseer hy die Kaap met sy "Mensgen-Eters," beskaafde inwoners in die verre binnelands en ekonomiese lewensvatbaarheid (die rykdom aan edelmetale) ten bate van Nederland. Sy evaluering is positief. Sonder dat hy dit ronduit sê, ken hy aan die Kaap 'n besondere posisie toe. Met sy tipering het hy die skrik waarmee die suidpunt van Afrika tradisioneel ingedink is, omgedraai en oppertuisties ingeklee. Hy stel die Kaap as 'n gesogte landstreek wat benut word, voor. **Op de Voyage** huisves dus 'n beeld van die Kaap wat nie vry is van die voorveronderstellings en eietydse situasie van die digter nie.

Die aandag moet vervolgens by die res van die brosjure bepaal word. Stem die beeld van die Kaap en sy inwoners ooreen met dié van Wissink? Het dieselfde sentimente en uitgangspunte as by die "lofdigt" daarin deurgewerk? Formeel is dit bedoel om 'n beknopte en betroubare (**Klare**) - **duidelijk besgreven** - relaas van die Kaap en sy binnelandse streek weer te gee.

3. DIE KLARE ENDE KORTE PESGRYVINGE VAN HET LAND AAN CABO DE BONO ESPERANCA

Klaarblyklik was die samesteller nooit aan die Kaap nie. Die **Klare Besgryving** is 'n kompilasie, waarin geakkumuleerde kennis van die suidpunt van Afrika ingewerk en saamgebondel is. Dit bevat "de Ontdekking, Benaaming, Geleghenheid, Verdelling en Betrekking. Als ook de Hoedanighede der Elementen, Bestandige-stoffen, Gewassen, en Dieren; Ende ook des Volks Nature, in Wezen, Zeden, en Staat; med de besonderheden van dien." In kantlynaantekeninge verwys die skrywer telkens na die oorsprong van sy inligting, sodat die werk as 't ware omgewe is met die skyn van gesag en geloofwaardigheid. Behalwe "de nieuwste Pas-caarten," "eenige der jongste aantek. en Kaarten," is die vernaamste bronne die skeepsjoernale en avonture van Van Linschoten, De Houtman, Van der Hagen, Van Spilbergen, Both en andere. Sonder uitsondering is hulle deur Commelin in sy versamelwerk opgeneem. Dit laat die vraag ontstaan of die **Begin ende Voortgangh van de ... Compagnie** nie die basisbron vir Hondius se brosjure was nie. Hierbenewens verwys hy telkens na mondelinge mededelings deur seeliede, m.n. dié van die Haarlem,¹⁴ wat gedurende 1648 in Tafelbaai op die rotse beland het.

Hy selekteer ook uit Nederlandse, Portugese, Franse en Italiaanse landbeskrywings van Afrika. Die ou klassieke werke oor Afrika staan hier en daar in die kantlyn vermeld. Met hulle gaan hy eklekties om. Gegewens in hierdie werke wat deur die nuwere ontdekkings afgedaan is, word glad nie opgehaal nie, en hier en daar ook reggestel. In sy geheel is die pamflet dus bedoel as 'n betroubare geskrif oor die Kaap waarin al die ter sake kennis saamgevat is. Vanuit 'n bepaalde hoek besien, is dit 'n leerboek oor die Kaap. Dit het immers 'n wetenskaplike inslag en bevat verantwoorde inligting daaroor.

Van 'n kritiese omgang met die bronne kom daar uiteraard niks tereg nie. Dit word eenvoudig aangewend om ter sake inligting bymekaar te skraap. Die uitgangspunt is om soveel moontlike en betroubare kennis te versamel. Aan die mees resente informasie ken die outeur besondere waarde toe. Soms word verskillende standpunte in hierdie verband teenoor mekaar gestel.¹⁵ Die maatstaf wat aangelê word om die waarheid aan die man te bring, is opgesluit in die eie oordeel en insig van die skrywer. Die verworwe kennis is nie lukraak aanmekaar geryg nie. Daar is 'n deurlopende lyn, aangesien die skrywer doelbewus poog om sinvol te sistematiseer. Daarom is die **Klare Besgryving** as bekendstelling van die Kaap en sy omstreke aan die Nederlandse leserskring 'n gegronde weergawe.

14. Sien Welch: a.w., 59 e.v. vir 'n bespreking hiervan.

15. Hondius: a.w., 9-10.

In die pamflet word die Kaap van Goeie Hoop nie eng opgevat as die Kaapse skiereiland en onmiddellike omgewing nie. Dit word behandel as 'n uitgestrekte gebied wat byna die hele suidelike subkontinent insluit. Die **Besgryving** bepaal hom gevolglik eers by "'t land genaamd Cimbebas, Onder 't Koning-rijk van Mataman."¹⁶ Na die behandeling hiervan kom **Cabo de Bona Esperanca**, "dat is, Het Hoofd van Goeder Hope, 't Welk is de sgeys-pale tussgen Oost en West-Indien,"¹⁷ aan die beurt. Die Kaap is allereers "'t Alder-vermaarste Hooft des Aardrijks, in 't Zuyden van Africa, en gelogen in **Caffraria** ofte **Costa de Caffres**"¹⁸ soos dit onder die Portugese bekend gestaan het. Dit word bewoon deur die **Caffres**, so genoem "om dat sy sonder **Wet** ofte **Gods-dienst** leven."¹⁹ Oor sy presiese ligging en aardrykskundige posisie loop die eieydse menings uiteen. Sommige is van oortuiging dat die gebied tot so ver as **Cabo Negro** in die noordweste lê met die Kaap die Goeie Hoop in die suide "en (Noord-Oost) aan **Rio de S. Spirito Sancto**."²⁰ Op hierdie wyse word **Cimbebas** hierby ingereken. Ander neem die **Geberghte der Mane** by "den **Tropicus Capricorni**" as noordelike grens en peil dan die lyn suidwaarts tot aan die Kaap.²¹ "De Nicuste besghrijvers beslyuten dit ghewest onder den ghemeenen naam van **Caffraria**." Hulle stel die noordgrens "by **Zanguebar**" en die noordwestelike punt "aan den **Tropicus Capricorni**, ende voorts **Monomotapa** daar tusschen in, dogh veel meer naar 't Zuyden ghestrekt met **Caffraria** besloten zijnde."²² Hierby lê **Hondius** hom neer.

Na die geografiese besonderhede, volg 'n kort oorsig van die ontstaansgeskiedenis van die Kaap. Soos dit die gebruik geword het, is die weergawe hiervan gegrond op gegewens wat hulle oorsprong in die Portugese geskiedliteratuur van die vorige eeu het. Dit beteken nie dat die samesteller eerstehands van die Portugese geskiedskrywing gebruik gemaak het nie. Sy historiese materiaal het hy by die nakomende reisliteratuur gekry. Dit was juis 'n kenmerk van die Europese reisliteratuur om nie selfstandige historiese ondersoek en navraag te doen nie. Vir historiese verwysing en dekking is die Portugese geskiedliteratuur eenvoudig op die woord af vertrou. Die geskiedenis van die Kaap in die **Klare Besgryving** kom dus ooreen met die algemene en gangbare opvatting wat sy oorsprong in die Portugese geskiedwerke van die 16de eeu het. Gevolglik moet 'n mens daarop bedag wees dat die historiese verhaal van die Kaap in hierdie literatuur op 'n geselekteerde omgang met 'n Portugese weergawe en interpretasie berus, en waarin gegewens op hulle beurt weer na die doel en oorwegings van die skrywers geplooi is. In hierdie verband is die pamflet van **Hondius** nie 'n uitsondering nie. Wat word in hierdie verhaal vermeld?

Dit begin die Kaapse geskiedenis by die Portugese ontdekkingsreise aan die einde van die 15de eeu. Dit "is eers ontdekt Anno 1493. ofte daaromtrent by eenen **Bartholomeus Diaz**" - 'n feit wat die skrywer uit die "Eerste **Hollantse voy. Anno 1595**" bekom.²³ Toe **Dias** by sy terugkeer van die Kaap as die "Storm-hoofd" praat, het "Koningh **Don Jan de tweede**" dit hernoem na die "Hoofd van goeder hope, als moed hebbende,

16. **Dies.**, 1-9.

17. **Dies.**, 9-33.

18. **Dies.**, 9.

19. **Dies.**

20. **Dies.**

21. **Dies.**

22. **Dies.**, 10.

23. **Dies.**

dat men hem nogh wel zoude konnen teboven komen; om alzo de Rijkke Sghatten van Indien te gewinnen, die namaals ook verkregghen zijn gheworden, en van doen aan heeft hy dien naam behouden."²⁴ Vasco da Gama, "een dapper Held is de eerste geweest die hem te boven Zeyde Anno 1497." Volgens "Sanut," gee die skrywer nog 'n opinie weer, is die Kaap eers in 1498 ontdek.²⁵ Hiermee word volstaan. Net die een sentrale gebeurtenis, nl. sy ontdekking deur die Portugese, word van belang geag. Die ontdekking word geïnterpreteer as 'n belangrike moment in die begin van 'n Europese onderneming. Dit word beslis nie gesien as deel van die nasionale geskiedenis van Portugal nie. In die historiese verloop aan die Kaap sedertdien, is die samesteller ook nie geïnteresseer nie. Sy bedoeling is om die Kaap histories in die raam van 'n aangrypende stuk Europese geskiedenis te plaas.

Derdens word die gesteldheid van die gebied "wat besonderlyker ontleden en besghryven."²⁶ Die outeur bespreek die fauna en flora, die seelewe en die algemene aard van die Kaapse gebied. "Aan deser Gewesten is de Aerde op sommige plaatsen heel Goed om te bezaeyen, ende is seer Bekwaam en nut om te bewoonen, ende alderhande Vrughten te winnen." Op ander plekke is dit baie "steenigh, sghulpig, ofte zandigh, en met kley-gronden en vrughtbare Aerde, hier en daar vermenghd."²⁷ Die klimaat is gesond en matig, maar van Oktober tot Desember onvriendelik, "door dien dit den aldergrootsten ende uytstekenste hoek des Aard-rijks is, waar door de wint daar zeer sghrikelyk tiert en de Zee omtroert."²⁸ Pêrels, sout, skulpe en koraal tel onder die "Bestandighe stoffen."²⁹ Hierdie inligting is hoofsaaklik bymekaargemaak uit die verslae van die skipbreukelinge van die Haarlem.

Nadat die "Kust" en "Hoedanigheden" van **Cabo de Bona Esperanca** aangedui is, bepaal die skrywer hom laastens by die "Hoedanigheden des volks Nature" aan hierdie Kaap.³⁰ Hier het hy die "Hottentots" in die oog. Die inligting wat hy weergee, is versigtig soos 'n legkaart inmekaar gepas, maar "it was actually most fragmentary, and conveys no idea at all of the true culture of the Hottentots in all its ramifications."³¹ Nietemin laat hy hom met groot stelligheid uit. "Het volk is hier in alles het onvernufte **Vee** gelijk, uyt genomen de Mensghelijcke Nature, waar uyt Somtjds een kleyn vonkjen Verstandts door het samen slaan der **zinnen** voord komt."³² Hierdie "Wilden"³³ is "seer Wantrouwigh, ontrou en Diefahtigh."³⁴ Dit is moeilik om te bepaal of hierdie samelewing "eenige **Wet** ofte **Geloof**" daarop nahou om hulself te orden en te beskerm.³⁵ Op die oog af lewe hulle "als **Ballingen** ... zonder **Koning**, **Politien** ofte **Ordinatie**."³⁶

24. Dies., 11.

25. Dies.

26. Dies.

27. Dies., 17-18.

28. Dies., 21.

29. Dies., 22.

30. Dies., 28 e.v.

31. Sien Schapera (ed.): "The early Cape Hottentots" in VRS 14, ii.

32. Hondius: a.w., 28-29.

33. Dies., 29.

34. Dies.

35. Dies., 32.

36. Dies.

Die "Hoedanigheden des volks nature" is nie net, soos Schapera meen, verwyderd van die historiese werklikheid en situasie nie. Wie dit goed lees, sal daarin ook die aanle van 'n norm waarvolgens die inheemse gemeenskap beoordeel word, raaksien. Dit impliseer 'n waardesisteem waaraan die Kaapse inboorlinge gemeete is. Twee oorwegings kom op die weegskaal, nl. die juridiese ordening, sowel as die religieuse aktiwiteite van die gemeenskappe. Dit is juis dié sake waarop die humanistiese denktradisie ingestel was. Daarin funksioneer die christelike religie met 'n ingeskerpte moreel-etiese ingesteldheid en die burgerlike regsordening as basiese oortuigings.³⁷ Juis dit ontbreek by die gemeenskapslewe van die "Wilden" uit Afrika. Die evaluering is dus negatief. Hoewel hy dit op sy eie artikuleer, sluit Hondius in hierdie geval óók aan by 'n gangbare begrip van die inheemse samelewings.

Reg aan die einde voeg die opsteller 'n merkwaardige aanhangsel by. Eintlik is dit 'n gerug wat deur die "Swarte **Strand-lopers**, ofte **Hottentots**," sê hy, geventileer is. Daarvolgens "zoude binnen in 't land nogh andere natiën woonen." In teenstelling met die "Hottentots" word hulle hoog aangeslaan. Hulle lewe immers "geschikt en redelijk" onder "goede **Wetten** en **Regulen** ..." (Apparent onder den keyzer van Monomotapa).³⁸ Uit hierdie keiserryk is "de **Caffres** als **ballingen** verdreven ..., en ook af-komstigh ..., zo veel men kan vernemen."³⁹ Hieraan moet die verbeuring van 'n sinvolle gemeenskaplike lewe, georden na "Wetten en Regulen," gewyt word. In die verre Kaap het die bannelinge (t.w. die "Hottentots") uit hierdie ordening geval.

Vir sy tyd het die **Klare Besgryving van Cabo de Bona Esperanca** die mees resente kennis van die suidelikste deel van Afrika bevat. Die ooreenkoms met wat in die voorafgaande reisliteratuur oor die Kaap geskrywe is, is derhalwe vanselfsprekend. Dieselfde sake word daarin aangeroer. Op die keper beskou, het die **Kort besgryving** van Hondius egter 'n ander strekking as bv. die versamelwerk van Commelin. Lg. is uit die aard van sy samestelling en inhoud niks anders nie as 'n versameling van skeepsjoernale en -verhale. Alhoewel eg. bepalend beïnvloed is deur Commelin se werk, is die **Klare besgryving** 'n doelbewuste verwerking van ter sake inligting tot 'n begrypbare geheel. Vir Hondius gaan dit nie om die blote ordening van bestaande kennis nie. Soos Wissink, skat hy ook die gebied en sy mense na waarde. Dit staan dus veel nader aan die benadering van die reisbeskrywing van Herbert. Die klimaat en vrugbaarheid van die land word positief waardeur. Meer eksplisiet as in die voorgaande literatuur, word die land en sy inwoners beoordeel en geëvalueer.

Voordat iets meer in hierdie verband gesê word, is daar nog een saak wat in die **Klare Besgryving** om uitklaring vra. Daarin word verwys na of gesinspeel op Monomotapa, 'n koninkryk êrens in die binneland, waarin 'n hoogsbeskaafde en ontwikkelde volk hom te midde van asemrowende rykdomme sou uitleef. In sy gedig sinspeel Wissink ook hierop. Die verwysings is terloops, maar veronderstel 'n groot mate van

37. Vgl. Romein: a.w., 379 e.v.

38. Hondius: a.w., 33.

39. Dies.

bekendheid met die streek en koninkryk van Monomotapa. Inderdaad is daar rondom hierdie vermeende koninkryk in die binnelande van Afrika 'n omvattende inbeelding in die reisliteratuur opgebou. Op al die gepubliseerde kaarte is hierdie gebied by naam ingeskrywe. Die kennis daaroor het egter byna uitsluitlik op hoorsê en in-dink berus.

4. DIE VERMEENDE KONINKRYK MONOMOTAPA

Die begrip Monomotapa het sy oorsprong in die Portugese reisverslae van die 16de eeu. Gedurende daardie eeu het die Portugese reeds handelsposte in die omstreke van Mosambiek en die aangrensende binneland gevestig. Hier het hulle op 'n klein skaal in goud en ander goedere handelgedryf. By hulle was die binnelandse streek as Monomotapa bekend. Ten spyte daarvan dat die feite in Portugese verslae, historiese werke en berigte van sendelinge sober was, het allerlei projeksies i.v.m. die fabelagtige rykdomme en 'n hoogsontwikkelde kultuurvolk hardnekkig in Europa die rondte gedoen en die verbeelding aangespreek.⁴⁰

In hierdie verband merk Theal op dat "geographers, who knew nothing of the country, wrote the word upon their charts, and one copied another until the belief became general that a people far advanced in civilisation, and governed by a mighty emporer, occupied the whole of South-Eastern Africa."⁴¹ Dit het neergekom op 'n toomlose vertekening van die werklikheid, wat gevolg gegee het aan 'n inbeelding oor Afrika. Dit het die Europese mens aangespreek. Daarin is die vermoede uitgespreek dat die Portugese handelaars op die antieke Ofir, waarheen Salomo sy skepe gestuur het om goud te haal, afgekom het. Hiermee saam is die streek waar die koningin van Skeba haar rykdomme bewaar het, natuurlik ontdek.⁴² Daarmee is aan die inbeelding 'n historiese en teologiese basis voorsien. Die Heilige Skrifte kon dus met 'n omhaal van woorde ingeroep word om gissings i.v.m. die gebied Monomotapa in die binnelande van Afrika te bevestig. Op hierdie punt is dit opvallend hoedat postulate en vertellings van historici uit die klassieke tyd bygehaal is. Dit is ewe opvallend dat selektief met feite uit hierdie werke omgegaan is. Wat daaruit deur die skeepstogte as vals bewys is, word stilswygend gelaat. Omdat die binneland van Afrika nog grotendeels onbekend was, het dit 'n gaping gelaat om steeds uit die hoogaangeslaande klassieke literatuur aan te haal.

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar waarom beide Wissink en Hondius die Kaap in verband met Monomotapa sien. Volgens hulle sou 'n besetting van die Kaap dit ten minste vir die Nederlanders moontlik maak om die gebied op te soek en te ontgin. Sodoende is 'n aktualiteit aan die **Korte Besgryving** gegee wat die verbeelding in Nederland sou aanspreek. Dit is 'n vraag hoe lank die Kaap in die Europese geestesoo en literêre tradisie wel i.v.m. Monomotapa ingedink is. Sou dit omsit in 'n Europese motief om die Kaap te besit? Het die inbeelding in die gedagtewêreld van Van Riebeeck en sy handlangers bestaan? Het dit hul doen en late beïnvloed, of sou hulle in hul verwagtings ontugter word? Op hierdie vrae het die toekoms 'n antwoord gebring.

40. Vgl. Theal: *Records of South Eastern Africa VII*, 482 e.v.

41. Dies., 484. Sien verder oor Monomotapa, De Kock: *Ontdekkers om die Kaap*, 196 e.v., 202 e.v.

42. Vgl. Dos Santos hieroor in Theal: *a.w.*, 273 e.v.; De Sousa in Theal: *Records I*, 15 e.v.; De Barros in Theal: *Records VI*, 264 e.v.

5. SAMEVATTING

Op die gevaar af dat te veel in hierdie enkele geskrif van so 'n beskeie omvang ingelees kan word, is die bogaande aantekeninge daarby gemaak is. Sover vasgestel kon word, is dit nóg vertaal, nóg het dit 'n heruitgawe beleef. Feit is egter, dat Hondius die heel eerste alleengeskrif oor die Kaap van Goeie Hoop versorg en persklaar gemaak het. Daarby val die publikasie saam met die permanente besetting van hierdie landpunt deur die VOC. Daarom is die **Korte Besgrywing** vir die doel van hierdie studie tog van soveel belang geag dat 'n volle hoostuk daaraan afgestaan is.

Daarin is temas eie aan die skeepsjoernale en verhale teruggevind: 'n historiese opmerking of twee, die geografiese ligging, verwysing na die plant- en dierewêre, die bodemgesteldheid en aard van die omgewing, asook 'n beskrywing van die inwoners en hul handel en wandel. Dit is immers gebaseer op hierdie literatuur. Dit is egter beredeneerde inligting. Daarom staan dit onteenseglik in die nuwe benadering van die reisbeskrywing van Herbert uit 1638. Die gebied en sy mense word beoordeel. Daar word 'n Europese en - wat die pamflet van Hondius betref - 'n Nederlandse maatstaf en motief aangelê. In die **Klare Besgrywing en Lof-digt** kom die beeld van die Kaap ooreen. Dit verskil nie wesenlik van die manier waarop Herbert die Kaap voorgestel het nie. Die landstreek, sy diere, klimaat en minerale rykdom word positief geëvalueer. Die natuurlike inwoners staan, in kontras hiermee, in 'n negatiewe lig. Tog lê die beeld van die Kaap in die versamelskrif van Hondius nie klakkeloos in die verlengde van wat reeds oor die suidpunt van Afrika in Europa bekendgestel is nie. Aan die Kaap word 'n besondere meriete toegeken. En, Nederlandssentries genoteer.

Ná 1652 het daar naas die Europese 'n Kaapse of inheemse literêre tradisie na vore gekom. Daarin het die nedersetters sêlf aan die woord gekom. Vir hulle was die Kaap én Afrika meer as 'n onderneming. Dit was 'n woon- en werkplek. Dit het 'n vaderland geword. Dit het meer as uitdagings gebring. Hulle moes 'n bestaan voer en by nuwe omstandighede en vreemde mense aanpas.

Op watter wyse het die durende aanraking en blootstelling met die empiriese werklikheid hul vertolking beïnvloed? Waarin het dit van die reeds gevestigde Europese tradisie verskil, en waarin het dit ooreengekom? Op welke wyse het die nuwe gemeenskap aan die Kaap die land en die ervarings wat hul daarin te beurt geval het, teologies en histories vertolk, of in verband met God gebring? Om daarop die antwoord te vind, word die manier waarop die nedersetters aan hul belewing en oriëntering aan die Kaap spontaan uitdrukking begin gee het, vervolgens behandel. Dit is voor die hand liggend dat die Kaapse literatuur en die verantwoording van die meegaande vraagstelling vir die res van die studie van deurslaggewende belang is. Daarmee is 'n tweede literêre tradisie gebore wat dieselfde empiriese werklikheid as die Europese literatuur as objek gehad het.

Om die verband te behou, word buitestaanders se beriggewing oor die Kaap gedurende die eerste 40 jaar van die Nederlandse besetting terselfdertyd in hoofstuk drie aangedui.

HOOFSTUK 3

'N EIE BELEWING VAN DIE KAAP EN DIE INBEELDING VAN BUITESTAANDERS: 1652-1695

Na 'n lang periode waarin die Kaapse skiereiland aanvanklik verken is en later sporadies gedien het as 'n oorsaanplek vir skepe en selfs skipbreukelinge, het dit gedurende April 1652 permanent in besit van die VOC gekom. Te midde van vlottende inheemse gemeenskappe het Europeërs voet aan wal gesit en wortelgeskiet. In reisbeskrywings het besoekers na hierdie "nuwe" groep mense aan die Kaap begin verwys. Sodoende is opmerkings oor diegene wat aan die suidpunt van Afrika 'n tuiste gevind en geskep het, by 'n Europese literêre tradisie ingedra.

Persone uit die gemeenskap aan die Kaap het self aantekening gemaak oor die land en sy inheemse bevolking. Dit het aanvanklik spontaan en op 'n byna verdoeselde wyse geskied in die joernale en dagregisters van verskeie verkenningstogte na die binneland. Aan hierdie joernale het nóg 'n literêre tradisie i.v.m. die Kaap sy ontstaan te danke. Dit sou sy rol in die Kaapse geskiedenis speel en uiteindelik op (kerk)geskiedskrywing uitloop. In onderskeiding van die gevestigde Europese tradisie, gaan dit hierin om 'n **inheemse belewing en vertolking** van die Kaap, sy mense en sy binnelands.

Dit is van deurslaggewende belang om albei literêre tradisies vergelykend te oorweeg. Hieronder word die voorstelling en beeld van die Kaap en sy gemeenskappe in verskillende Europese beskrywings tot ongeveer 1700 verder gevolg. Daarnaas word die ontstaan, die aanvanklike verloop en benadering van die Kaapse literatuur nagegaan. In beide tradisies het daar by die eeuwenteling vanweë 'n sameloop van omstandighede 'n wending of ontwikkeling gekom.

1. DIE KAAP EN SY GEMEENSAPPE DEUR BESOEKERS BESKRYWE EN INGEBEELD

Ná die vestiging van 'n Europese buitepos aan Tafelbaai het buitelandse besoekers hierdie besienswaardige uithoek van Afrika voortgaande beskrywe en ingebeeld. Die tyd waarin amptelike skeepsjoernale en dagboeke vir Europese lesers inskrywings oor die Kaap gemaak het, was vir goed verby. Opvallend is die aanpak en uiteensetting. Die literatuur waarin na die Kaap verwys word, word deurgaans gekenmerk deur die benadering en uitgangspunte van die reisbeskrywing van Herbert. Tewens, die Europese literêre tradisie het hom sedert ongeveer 1650 van hierdie enkele kenmerkende genre bedien. Hiermee het die reisbeskrywing (as literatuursoort) sinoniem geword met die literatuur wat i.v.m. die Europese handels- en ontdekkingsonderneming gestaan het. Hierin het die Europese tradisie 'n genre gevind wat sy benadering, styl en interpretasie die beste gepas het. In hierdie genre, met sy besondere eienskappe en geskiedenis, is die beskrywing van die Kaap en sy gemeenskappe deur buitestaanders dus verder gevoer.¹

1. Vgl. in hierdie verband die goeie bibliografie van Mackenzie: "South African Travel Literature" in *AYB* 18(2), 97 e.v.

Hier moet nou ingegaan word op die beeld van die Kaap in die reisbeskrywings oor die eerste 40 jaar van die bestaan van die kompanjiespos. Hoe is die Kaap gesien en beleef? Hoe is die inboorlinge beskrywe? Het die besoekers hulle laat vind en laat lei deur die ervaring en omgang van die nedersetters met hierdie bevolkingsgroepe? Die nuut aangelegde gemeenskap het 'n infrastruktuur daargestel wat dit vir hulle moontlik gemaak het om meer intensief by die omgewing en sy inwoners betrokke te raak. Die (verstaanbare) Europeërs aan die Kaap was 'n belangrike alternatiewe bron van inligting. 'n Verdere vraag is hoe die Europese gemeenskap in die reisliteratuur voorgelê is? Was daar 'n historiese en kerkhistoriese strekking en onderkenning?

Met die besetting van 1652 het 'n ander situasie aan die Kaap ontstaan. Aanvanklik het die nuwe aankomelinge onder leiding van die Nederlandse opperkoopman, Van Riebeeck,² 'n kwynende bestaan gevoer. Die gemeenskappie se lewenskans het aan 'n dun draadje gehang. Van Riebeeck en sy handlangers het inderhaas 'n fort opgerig. Dit moes nie net beskerming bied teen 'n (moontlike) binnelandse bedreiging nie, maar ook verseker dat die Kaap nie in die hande van ander moondhede val nie. Stelselmatig is die ondersteunende dienste vir die verversingspos geskep en die omliggende landstreek deur handelsendings verken.³ In 1657 het dit vir 'n deel van die gemeenskap moontlik geword om as vryburgers in die aangrensende binneland 'n alternatiewe bestaan en heenkome te ontgin.⁴ Daarmee is in die hand van differensiering gespeel. Het die besoekers hiermee rekening gehou? Immers, die amptenare met hul amptelike binding aan die handelswêreld van die VOC het die land anders beleef as die vryburgers wat daaruit op eie houtjie 'n bestaan moes maak.

Die Kaapse gemeenskap was saamgestel.⁵ Nie net Nederlanders moes by 'n sosiaal gedifferensieerde patroon inskakel nie. Ander Europese nasionaliteite, veral Duitsers, het daarin bygekom. Die VOC het hom amptelik van Nederlands bedien en alle nie-Nederlanders moes hulle hierby aanpas. Daarby was dit ook nie net amptenaar en vryburger wat in die land tot 'n vergelyk moes kom nie. Reeds in 1658 is begin met die invoer van slawe om in die nypende arbeidstekort te voorsien.⁶ Nog 'n jaar later moes die vryburgers aandring op optrede teen die onberekenbaarheid van die Khoikhoi wat juis toe huis en haard bedreig het. Dit loop uit op enkele skermutselinge. Die vredesonderhandelinge gedurende April 1660 het die posisie van die nuwe nedersetting verseker.⁷ Dit het egter die verhouding met die Khoikhoi in die brandpunt geplaas. Amptelik is gepoog om dit met soveel welwillendheid as moontlik te reël.

Aan die Kaap was verskillende samelewings dus op mekaar aangewese. Hulle moes 'n weg na binne vind in die strukturering van sosiale verhoudinge. Daarmee het hulle onderling aan 'n ingewikkelde situasie meegewerk wat hom nie maklik laat sistematiseer nie. Kon besoekers in hul beoordeling van die buitekant

2. Vgl. Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 19 e.v.; Boëseken: *Jan van Riebeeck en sy gesin*.

3. Vgl. Muller (red.): *a.w.*, 51 e.v. Die meeste van hierdie joernale en verslae is opgeneem by Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd I, II en III*.

4. Sien Van der Merwe: *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, 1 e.v.

5. Sien Davenport: *South Africa: A modern history*, 22 e.v.; Hattersley: *An illustrated social history*, 1 e.v.

6. Vgl. Boëseken: *Slaves and Free Blacks at the Cape*; Blommaert: "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *AJB I*, 1 e.v.

7. Vgl. Muller (red.): *a.w.*, 33 e.v.

af 'n omvattende en juiste begrip van die kompleksiteit daarvan vorm? Kon hulle dit in 'n historiese verbandlegging tereg laat kom? Sonder uitsondering was die buitestaanders slegs vir 'n kort periode aan hierdie situasie met sy ingewikkelde kultuur-sosiale en ekonomiese patrone blootgestel.

Teen die tagtigerjare het 'n ondernemingsgees en ontwikkeling aan die Kaap op gang gekom. Die nuwe kommandeur, Simon van der Stel,⁸ 'n geskoolde man met 'n belangstelling in die natuur en drang om die binnelande van Afrika te fynkam,⁹ het orde in baie sake bring. Onder sy aanvoering het die nedersetting vinnig uitgegroei tot 'n klein landboukolonie. In 1679 lê hy die eerste buiteposdorp, Stellenbosch,¹⁰ aan. Gedurende 1688 word byna 200 Franse Vlughtelinge¹¹ in die Drakensteinvallei geplaas om te boer. Daarmee is 'n verdere differensiering by die gemeenskap ingedra. Hulle het hulle nie sonder meer laat opneem in die Nederlandsgestempelde gemeenskap aan die Kaap nie. Hoe het die reisigers hulle oor hierdie groepering in die gemeenskap uitgelaat?

Die Franse Vlughtelinge het in Frankryk en Nederland, waarvandaan hulle geëmigreer het, in 'n eie kerklike verband tereggekome.¹² Hoewel hulle dit nie maklik aanvaar het nie, moes hulle hier aan die Kaap, soos die vele Lutherane, hulle laat opneem in die erkende gereformeerde en Nederlandse kerk en openbare geloof. 'n Unieke kerklike situasie het gevolglik aan die Kaap sy beslag gekry. Dieselfde kerklike patroon as in Nederland het dus nie aan die Kaap ontwikkel nie. Die Kaapse kerk, as 'n vanselfsprekende samelewingsverband, is selfs anders as in Batavia,¹³ as die enigste kerk erken en gehandhaaf. So het die kerklike lewe nie in 'n pluraliteit van kerke en kerklike genootskappe tot openbaring gekom nie.¹⁴ Slegs die een amptelike en Nederlands-gereformeerde kerk het homself gevestig. Dit het 'n kerklike tradisie geskep waarvan moeilik in die 18de eeu afgesien is. En, aan hierdie kerk 'n oriëntering besorg waarin hy akkommoderend sou optree.

In die lig van bg. opmerkings is dit duidelik dat die Kaapse gemeenskap sy voete binne die geheel van 'n ingewikkelde situasie moes vind. Die deurslaggewende vraag is of die besoekers genoegsaam hiermee rekening kon hou of gehou het? Hul intensie was bo verdenking. Verteenwoordigend is die motief wat Johann Saar in 1672 vir sy *Wahrhaftige Beschreibung*¹⁵ opgee: "dass er die pur lautere Wahrheit testiret."¹⁶ Sommige reisigers wou dit ook nie sonder teologiese verwysing doen nie. Hulle het 'n beeld van die Kaap geskep en in 'n voorstelling hulle lesers daarin meegevoer.

8. Sien Boëseken: *Simon van der Stel en sy kinders*.

9. *Dies*, 65 e.v.

10. Vgl. Smuts (red.): *Stellenbosch drie eeue vir die geskiedenis van hierdie dorp*.

11. Vgl. Coertzen: *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* vir 'n geskiedenis van die Franse Vlughtelinge aan die Kaap.

12. Vir 'n kort bespreking van die Waalse Kerke en hul ontstaan in Nederland, sien Bots, Posthumus Meyes en Wierenga: *Vlucht naar de Vryheid*, 41 e.v.

13. Vir die geskiedenis van die kerk in Batavia, sien Van Troostenburg de Bruijn: *De Hervormde Kerk in Nederlandsch Oost-Indië*.

14. Vgl. Bakhuizen van den Brink: *Handboek der Kerkgeschiedenis IV*, 23 e.v. vir 'n kort oorsig van die kerklike situasie in Nederland. Sien ook De Jong: *Nederlandse Kerkgeschiedenis*, 162-245.

15. Nürnberg, 1672.

16. Saar: *Johann Jacob Saars Ost-Indianische funszehen-Jährige Kriegs-Dienste und Wahrhaftige Beschreibung*, voorwoord.

Dit is onnodig om al die reisliteratuur waarin na die Kaap en sy samelewing verwys word met soveel woorde aan te haal. Tot 1700 is daar 'n paar reisboeke wat hulleself onteenseglik as die belangrikste aanwys. Die omvattende monografie van Olfert Dapper oor Afrika, 'n **Naukeurige Beschrijvinge der Afrikaensche Gewesten ... Met Lantkaerten en afbeeldingen van Steden, Drachten &c. na 't Leven getekent en in Kooper gesneden**, is een hiervan en het in 1668 verskyn.¹⁷ In 'n mindere mate geld dit ook van die reisbeskrywings van Andersen (1669), Ivertse¹⁸ (1669) en die reeds genoemde Saar (1672). **Joan Nieuhofs Zee en Lant-Reyze, door verscheide Gewesten van Oost-Indien**¹⁹ (1682) bevat belangrike gegewens oor die Kaap. In dieselfde asem moet die boeke van Ten Rhyne²⁰ (1686), Tachard²¹ (1686), John Ovington²² (1696) en William Dampier²³ (1697) genoem word.²⁴

Reisbeskrywings het dus gedurende die eerste 40 jaar van die bestaan van 'n Europese gemeenskap aan die Kaap, beriggewing daaroor, sowel as oor die landstreek en die ander samelewings wat daarin 'n bestaan gevoer het, bevat. Gesnede uit die hout van die tradisie waaruit dit stam, word daar hoofsaaklik drie aspekte van die Kaap en sy gemeenskappe behandel. Die land met sy plant- en dierelewe sowel as die samelewing van die Khoikhoi word getipeer. Hierbenewens kom daar nou ook vir die eerste keer verwysings na die vryburgerboere en hul lewensstyl voor. T.w.v. duidelikheid word hierdie aspekte afsonderlik in oënskou geneem.

2. DIE BEELD I.V.M. DIE KHOIKHOI

In die tradisie van die skeepsjoernale en verhale is die inboorlinge van die Kaap met die eerste oogopslag as wilde en brutale mense voorgestel en uitgebeeld. In die literatuur wat na 1650 verskyn, is hierdie indrukke hoofsaaklik gehandhaaf, hoewel daar in 'n omvattender sin aan die volksverband, bedrywighede, wapentuig, strafreg, huweliks- en ander maatskaplike gebruike, taal en godsdiens aandag gegee is. In vergelyking met die ander aspekte wat in behandeling geneem is, het die bespreking en beskrywing van die inboorlinggemeenskappe by verre die meeste aandag ontvang. Dit vorm as 't ware die hooftema in die beriggewing oor die Kaap.

17. In Amsterdam by Jacob Meurs. Vgl. verder Italiaander: "Olfert Dapper und seine Welt," in **Olfert Dapper. Umbständliche und Eigentliche Beschreibung van Africa**, 379-402; **Monumenta Ethnographica**. 23-25.

18. Sien **Orientalische Reise-beschreibunge Jürgen Andersen aus Schleszwig ... und Volquard Ivertsen aus Holstein**. Schleszwig, 1669. Vir Andersen, sien **Monumenta Ethnographica**, 22-23.

19. Amsterdam, 1682.

20. Sien Ten Rhyne: **Schediasma de Promontorio Bonae Spei**. Schaffhausen, 1686. Sien ook Schapera (ed.): "The early Cape Hottentots" in **VRS 14**, 81 e.v.

21. Sien Tachard: **Voyage de Siam**. Paris, 1686. Ook Tachard: **Second voyage du Père Tachard**. Paris, 1689. Vir uitgawes en vertalings hiervan, sien Mackenzie: **a.w.**, 101. Sien verder Strangman: **Early French Callers at the Cape**, iv, 95 e.v., 164 e.v., 212 e.v.; Sienaert-van Reenen: **Die Franse bydrae tot Africana literatuur**, 22, 137.

22. Sien Ovington: **A voyage to Suratt**. London, 1696. Vir 'n bespreking van hierdie reisboek, sien Mackenzie: **a.w.**, 68 e.v.

23. Sien Dampier: **A new voyage round the world**. London, 1697. Vir 'n bespreking daarvan, sien Mackenzie: **a.w.**, 80 e.v.

24. Hierby kan nog gevoeg word: Terry: **A voyage to East-India**. London, 1655. Sien Mackenzie: **a.w.**, 54 e.v., 105-106. Tavernier: **Les six voyages**. Paris, 1676. Vir hom, sien Strangman: **a.w.**, iii, 86 e.v. Nieuhof: **Joan Nieuhofs Zee en Lant-Reize**. Amsterdam, 1682. Overbeke: **Geestige en Vermaeckelike Reys-Beschryvinge van de Heer Aernout van Overbeke**. Amsterdam, 1677. Schouten: **Wouter Schoutens Reys-togten naar en door Oost-Indien**. Amsterdam, 1708². (Eerste druk 1776.) Vir 'n bibliografiese oorsig met geselekteerde uittreksels, sien Raven-Hart: **Cape of Good-Hope: 1652-1702**. Veral die indeks by Vol. II.

Sonder dat dit doelbewus êrens reggestel word, is die inboorlinge nie meer van kanibalisme verdink nie. Maar, om dit met Dapper te sê, "al de kaffers of Hottentotts, is een volk, berooft van alle wetenschap, en letteren; zeer plomp en in verstant meer den beesten als menschen gelijk; hoewel eenigen, door het gestadigh verkeer met d'onzen, de vonken van hunnen menschlijken aert allengs doen te voorschijn komen."²⁵ Hulle is "onbeslepen van hersenen," "vuil en rouw van leven."²⁶ Ook Ovington spel dit ongetemperd uit: "They are the very Reverse of Human Kind. So that if there's any medium between a Rational Animal and a Beast, the Hottentot lays the fairest Claim to that Species."²⁷ Hulle kleding word beskrywe. Behalwe vir die vel van 'n dier wat los om die skouers hang, is hulle naak. Hulle smeer hulleself met diervet wat, so laat die besoekers hulle die een na die ander daarvoor uit, uifers onwelriekend by die Europeër aankom. "In het nuttigen van spyze, zyn de hottentots boven mate rou, gruizigh, slordig, gulzigh en onbeschoft."²⁸ Hulle verorber die onvoorbereide voedsel "gelijk honden, (daer zij de tanden,) gretigh inzitten. Zy schokken selfs het ingewant, en darmen raeu in't lyf, na zy de dreck slechts een weinigh uitgeschut, of met de handen uitgeduwt hebben."²⁹ Terselfdertyd is die besoekers geïmponeer deur die natuurlike manier - "gelijk de beesten"³⁰ - waarop hierdie mense van die land lewe en daarin oorleef. Daardie vermoë is klaarblyklik by hulle ingebore.

Die blik val egter nie net op individue nie. Die primitiewe gemeenskapslewe kom in die gesigsveld en word in dieselfde mate lewend beskrywe. In die breë word die indruk gewek dat die Khoikhoi as 'n samelewing in so 'n mate gedegenerereer en versonke geraak het dat hulle hulle ware menslikheid byna verloor het. Desnieteenstaande is die wetteloosheid van die gemeenskap nie mateloos nie. Die wakkere oog van die reisigers was daarop ingestel om die reste van 'n natuurregtelike ordening in die gemeenskappe raak te sien. Hulle was almal min of meer van mening dat "de wet der volken zoo wel ongeschonden onder hen in onderhoud ... zijn."³¹ In aansluiting hierby is opgemerk dat die Khoikhoi nie religieus³² 'n bestaan gevoer het nie. Nieuhof, soos ander, lei uit die skynbare godsdienstige praktyke af dat hulle wel oor die kennis van 'n "Goddelyk wezen" beskik. Dit word as aanduiding van beskaafdheid aangeteken.³³ Hierdie twee aangeleenthede, nl. die aanvoeling vir natuurreg en 'n sin vir godsdienste vorm dus die grond waarop aanvaar is dat hierdie brutale en ongepoetste gemeenskappe tog werklik nog ménslik gebly het. Die beeld van die

25. Dapper: *Naukeurige Beschrijvinge der Afrikanische Gewesten*, 644.

26. Dies.

27. Ovington: *a.w.*, 284. Vgl. verder in hierdie verband Andersen: *a.w.*, 5; Ivertse: *a.w.*, 220; Saar: *a.w.*, 157 e.v.; Overbeke: *a.w.*, 14; Nieuhof: *a.w.*, 10 e.v.; Tachard: *A relation of the voyage to Siam*, 71; Dampier: *a.w.*, 536 e.v.; Schouten: *a.w.*, 184 en vir Ten Rhyne, Schapera (ed.): *a.w.*, 123: "Their native barbarism and idle desert life, together with a wretched ignorance of all virtues, imposes upon their inconstancy, lying, cheating, treachery and unfairness."

28. Nieuhof: *a.w.*, 11.

29. Dies.

30. Schouten: *a.w.*, 184.

31. Dapper: *a.w.*, 644. Vgl. ook Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 139: "Though this nation is barbarious and brutish, yet, since it is numbered among those peoples who though they have not the law yet do the things that are of the law of nature, it cannot be regarded as being utterly lawless." Vgl. verder Nieuhof: *a.w.*, 12; Tachard: *a.w.*, 71.

32. Dapper: *a.w.*, 653; Saar: *a.w.*, 158; Tachard: *a.w.*, 67 e.v., 79; Dampier: *a.w.*, 541; Schouten: *a.w.*, 184.

33. Sien Nieuhof: *a.w.*, 13: "volgens een parigh gevoelen van alle Godsgeleerden, geen volk ter werelt zoo Barbarisch is, dat niet eenige Goetheit, 't zy waere of valsche, eert."

Khoikhoi wat in hierdie boeke oprys, is dus dié van aanstootlike individue met soveel ergerlike (om die minste te sê) lewenspraktyke. Aan die anderkant is daar aan die kern van hul gemeenskaplike doen en late sake waarin iets prysenswaardigs en eg-mensliks opgesluit lê.

Die meeste reisigers vind juis in lg. kant 'n aanknopingspunt om die beeld om te werk as toepaslike lesmateriaal vir die Europese leeskring. Trouens, dit is 'n onderkenbare neiging by reisigers om deur te stoot tot (sedelik-morele) opvoeding en vermaning. Daarby word die Europeër gewoonlik afgespeel teenoor die heidens-barbaarse gemeenskappe waarin, niesteenstaande hul versonke posisie, nog 'n hoë premie op ongeskonde menslikheid geplaas word. Die feit dat 'n gemeenskap wat in so 'n mate sy menslikheid kwytgeraak het en tóg aan primêre uitgangspunte daarvan bly vashou het, is dus rede genoeg om by wyse van vergelyking die uitafeling van beskawingsnorme in die Europese gemeenskap aan te spreek. Dapper sê bv. dat die "Hottentotten" in "milt en trouheit" die Nederlanders oortref.³⁴ Wouter Schouten weer, wil sy lesers aanspreek op die terrein van hul christelike geloof. Sy oogmerk is om hulle tot 'n voller en dankbaarder lewe teenoor God te bring. Vir hom is dit "beklaegelyk" dat die inheemse boorlinge, "schoon mede van onsen eersten Vader Adam afkomstig/ nochtans soo weynig menscheljkheits vertoonen/ datse warelyk meer het onvernuftige Vee/ dan redelyke Menschen komen gelijk te zijn." Hulle moet lewe, terwyl hulle "gantsch geen kennisse Godts/ noch die ter saligheit leyd," besit. In 'n vergelyk met hierdie toedrag van sake roep hy uit: "ô Christenen/ hoe geluksalig de onse! indien sy regschapen Christenen sijn," sou hulle God, wat hulle "uyt dien poel der rampsalige duysternis geroepen heeft tot sijn wonderbaer Ligt," eer en loof.³⁵ Tussen hakies, net Ivertse³⁶ en die Jesuïet Tachard³⁷ bring die Khoikhoi direk i.v.m. die sendingopdrag van die christelike kerk en sy lidmate.

Dit is onnodig om verder hierop in te gaan of uit nog reisbeskrywings aan te haal. Die beeld van die Khoikhoi en hoe dit funksioneel in Europa van toepassing gemaak is, behoort duidelik voor die geestesoog te staan. In die reisbeskrywings is reeds na 15 jaar van die bestaan van nedersetting oor die Europeërs en hul gemeenskaplike lewe aan die suidpunt van Afrika berig. As tweede komponent van die beeld waarmee die Kaap in Europa geassosieer is, verdien dit vervolgens behandeling.

3. DIE BEELD VAN DIE NEDERLANDSE BOERE EN KAAPS-EUROPESE GEMEENSAP

Die nedersetters aan die voet van Tafelberg en omringende valleie moes noodwendig die oog van die verbyvarende besoekers vang. Verwysing na kleinboere - "vrye luyden voor den vryen Lantbouw"³⁸ - wat in die onmiddellike omgewing van die kasteel saailande en veekuddes besit het, kom reeds in die **Ost Indischen Reise** van Ivertse (1669) voor.³⁹ Saar (1672) wys daarop dat hulle dit vanweë "der heyden wegen

34. Dapper: a.w., 644; Tachard het 'n soortgelyke argument. a.w., 68.

35. Schouten: a.w., 184-185.

36. Ivertse: a.w., 221: met die landwaartse besetting sal die Europeërs die "Wilden ... zum christlichen Glauben ... bringen/ sich bemühen/ welches von Gott zu wünschen."

37. Tachard: a.w., 79.

38. Nieuhof: a.w., 7.

39. Ivertse: a.w., 182, 220; Vgl. ook die aantekeninge van Saar: a.w., 158 e.v.

der Hottentotten" nie ver van die fort kon waag nie.⁴⁰ Die voorstelling van die kleinboere is dié van hardwerkende maar behoeftige "kleyne Luyden." Wouter Schouten is getref deur die entoesiasme en vlyt waarmee die "Nederlantsche Boeren"⁴¹ hul boerderybedrywighede waarneem en uitbou, hoewel "meerendeel der gener die verre te Landewaerts woonen ... gantsch armeljk" is.⁴² In 1696 het Ovington iets te sê oor die "Refugees of France"⁴³ wat hulle hier kom vestig het. Hy vang ook 'n onvergenoegdheid onder hulle op. Die "industrious Planters" het met oorproduksie 'n probleem geskep wat skynbaar nie deur die VOC aangespreek is nie: "the Arbitrary Proceedings of the Dutch Commisaries in India, have been much resented, and have likewise rais'd loud complaints against them by the injur'd Factors, but have met with very little redress."⁴⁴

Oor die algemeen is die mededelings oor hiërdie gemeenskap dus positief. Opvallend word daar oor die lewensstyl en benadering van die amptenary byna geen woord gerep nie. Reisigers het hulle ook nie in dieselfde mate van die kleinboere en hul gemeenskaplike lewe gedistansieer as wat dit die geval was met die Khoikhoi nie. Die Europese gemeenskap het immers heelwat minder nuuswaarde as die Khoikhoi gehad. Onder hulle was daar niks snaaks of besienswaardig te rapporteer nie. Geen lering word geput uit die wyse waarop hulle saamleef, hul gemeenskap orden of in die nuwe kontinent aangepas het nie. Die aanlê van beskawingsnorme om die karakter van die boeregemeenskap te peil, ontbreek eweneens.

'n Enkele besoeker het wel 'n probleem met die gemeenskap as 'n geheel gehad. Die Jesuïet-sendeling Tachard, wat die Kaap vier keer tussen 1885 en 1888 aangedoen het, het reeds in die eerste uitgawe van sy *Voyage de Siam* (1886) hom krities daaroor uitgelaat. Hy lê 'n klag voor hulle deur. Sy verwyt is dat die Europeërs hulle nie die moeite troos om die "knowledge of the true God" aan die Khoikhoi oor te dra nie. Die nedersetters sou geen steen onaangeroer laat om daarenteen lang en uitputtende togte na die binneland aan te pak nie. Daarmee ry die Khoikhoi aan die pen, want, beweer Tachard, "this is only done to discover their mines, to examine the Plentifulness of the Provinces, to learn the Secrets, and the Virtues of their Simples, and to grow rich by their Commerce."⁴⁵ Behalwe dat 'n missiologiese ingesteldheid dus by die gemeenskap ontbreek, meen Tachard dat hulle daarop uit is om die land ekonomies, ten koste van die inheemse bevolking, vir eie voordeel te benut.

Dit is 'n vraag of Tachard onbevooroordeeld teenoor die protestantse gemeenskap aan die Kaap was. Was daar genoegsame grond vir sy aanklag? Uit die kerkgeskiedenis is daar aanduiding van pogings om die Khoikhoi en slawegemeenskappe met die evangelie te bedien. Hy gee ook nie blyke van die besondere

40. Saar: a.w., 162; Vgl. ook Andersen: a.w., 6.

41. Schouten: a.w., 180 e.v.

42. Dies., 181.

43. Ovington: a.w., 290.

44. Dies., 291. Vgl. sy opmerking in hierdie verband: "For whereas about nine Yeares since, they could scarce reckon above for or five Hundred Planters, they can now number almost as many Thousands: abundance of whom were sent hither by the French persecution, who are much delighted with the Convenience of their Dwelling."

45. Tachard: a.w., 79.

problematiek waarteen die praktyk van 'n sendingaksie gestuit het nie.⁴⁶ Die motief van die Politieke Raad om die land 'n ekonomiese entiteit te maak, is nie sonder 'n greintjie waarheid nie. Of dit op naakte uitbuiting uitloop het, kan op gesag van Tachard alleen nie aanvaar word nie. Tachard sou nie die eerste sendeling wees wat die Kaapse gemeenskap verwyrt het vir iets wat die Kerk van Christus alhier (sou) nagelaat het nie. Hy was ook nie die laaste om 'n aanklag te lê nie. Ná hom was daar diegene wat, volgens hulle insig en waarneming, dit hulle plig geag het om gebreke uit te lig en hok te slaan.

4. DIE BEELD VAN DIE LANDSTREEK EN SY GESKIEDENIS

Die bodemgesteldheid, klimaat, fauna en flora het 'n onuitwisbare indruk op die besoekers uit Europa gemaak. Die land, as gemeenskaplike bodem waarop Khoikhoi en nedersetter moes huishou, is in soveel woorde met lof besing.⁴⁷ Hierdie "most Renown'd Promontory in the World"⁴⁸ is ingebeeld as 'n besonder vrugbare land, terwyl Tafelberg en Leeukop steeds die verbeelding aangegryp het.⁴⁹ Die ongeskonde land is vol wilde (en gevaarlike) diere⁵⁰ en begroei met 'n groot verskeidenheid plante.⁵¹ Vir die besoekende Europeër was die klimaat besonder genoeglik.

Die beskrywing van die landstreek is nie sonder verwysing na sy geskiedenis nie. Sonder uitsondering word dit teruggevoer na die Portugese seevaart aan die einde van die 16de eeu. Aan hulle deursettingsvermoë en heldhaftige waagmoed word die ontdekking van die Kaap toegeskrywe. Dit is gebaseer, soos in die geval van o.a. Hondius, op die (oorgelewerde) Portugese geskiedverhale. Aan die Nederlandse besetting van 1652 word verbygegaan. Dit is geen besondere historiese gebeurtenis nie.⁵² Geen poging word selfs aangewend om die verloop van die partikuliere geskiedenis aan die Kaap te verhaal nie. Sou dit wees omdat die reisigers, en per implikasie hul leserskring, geen belang daarby gehad het nie? Was die historiese verbandlegging met die Portugese reise, waarmee die geskiedenis van Europa inderdaad op 'n nuwe weg geplaas is, genoegsaam? Daarmee het 'n (kerk)historiese duiding en dekking van die gemeenskap aan die Kaap in die slag gebly. Sy hele geskiedenis het berus op die vertelling van die ontdekking daarvan deur die Portugese aan die einde van die 15de eeu.

46. Sien hiervoor Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 20 e.v., 32 e.v., 47; Du Plessis: *A history of Christian Missions*, Hoofstukke 4, 5, en 6; Claassen: *Die sieketroosters in Suid-Afrika*, 295 e.v.

47. Vgl. bv. Andersen: *a.w.*, 4; Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 98 e.v., 108 e.v.; Tachard: *a.w.*, 78; Dampier: *a.w.*, 534.

48. Ovington: *a.w.*, 281.

49. Vgl. Ivertse: *a.w.*, 182; Saar: *a.w.*, 162-163; Nieuhof: *a.w.*, 16 e.v.; Schouten: *a.w.*, 185 e.v.

50. Vgl. bv. die opmerking van Overbeke dat hy nie aan wal wou oorslaap nie, "want men heeft 'er Tygers, en Boeren, Leeuwen wreet en stout, souden die setten op den romp van Nout, haer poot, O doodt, Dat waer te groot, Neen neen neen, 'k wil niet heen. 't Nieuwtjen is by my al af," *a.w.*, 14. Sien verder Nieuhof: *a.w.*, 8 e.v.; Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 101 e.v.; Tachard: *a.w.*, 64; Schouten: *a.w.*, 185.

51. Vgl. veral Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 107 e.v.

52. Vgl. Ivertse: *a.w.*, 221; Saar: *a.w.*, 156-157; Ovington: *a.w.*, 281 e.v.; Dampier: *a.w.*, 528.

Die Europese literêre tradisie het dus, **om saam te vat**, ná 1652 die kenmerkende inkleding en styl van Herbert en Hondius gevolg. Die beeld van die Kaap en sy samelewings is voortgaande geskoei op die lees van Herbert. Dit is aangevul met deegliker navorsing en beskrywing. Die Khoikhoi⁵³ het grootliks die aandag gevange gehou. Die landstreek is positief geëvalueer. Insgelyks het daar 'n nuwe tema in die tradisionele inbeelding bygekom. Die vryburgers wat as kleinboere die land bewerk het, het aantekening uitgelok. Daarmee is die beeld van die Kaap omvattender gestel en dieper ingeprent deur vele opvallende tekeninge en sketse.

Ondertussen het Kapenaars self ook hul ervaring van die land opgeteken. In hierdie aantekening het 'n Kaapse of inheemse literêre tradisie ontkiem.

5. VAN VERKENNINGSTOGTE WORD BOEKGEHOU: JOERNALE EN DAGBOEKE BEGIN 'N INHEEMSE ORIËTERING

Reg van die begin af het die Kaapse owerheid die omstreke laat verken.⁵⁴ Die kus na die weste en ooste is met vinnig seilende galjote besoek.⁵⁵ Van die meeste van hierdie ekspedisies, togte en "voyages" is "journaele," "dagregisters" en selfs "beskryvinghe" of "aenteyckeninge" gehou.⁵⁶ Deurgaans moes togangers - om uit die instruksies vir Jan van Herwarden⁵⁷ aan te haal - "van de dagelijckxe voorvallen" joernaal hou. Hierbenewens moes hulle "pertinente notitie ende observatien van alle de gelegentheyth der lantdouwen, geberghten, rivieren &a. omme alles vorders ten dezen in de caerten te brengen, ten eynde men altijt weten mach hoedanig de wegen in toecomende te bereysen" neem.⁵⁸ Hierdie registers het uit die aard van die saak ongepubliseer gebly. Hierin is oriëntering aan die nuwe (vader)land opgeteken en het 'n Kaapse literêre tradisie begin.

Die verkenningstogte is hoofsaaklik aangespoor deur 'n handelsoorweging: die binneland moes ontgin word om die Kaap selfversorgend te maak. Maar, uit die instruksies hiervoor is dit duidelik dat die besetters, sowel as die Here 17 in Nederland algemeen aanvaar het dat die Kaap ryk moes wees aan mineraalbronne. Elke landtog is onderneem as 'n poging om die "goutrijcke Stadt Monomotapa"⁵⁹ te bereik.⁶⁰ Hierdie

53. Vgl. Schouten: a.w., 182: "Doch wonderlijker was het dien wilden Land-aert des voiks der Cabo de Bon Esperance te sien/ die wegens haer onmenslikheyt byna niets hebben dat na den Mensch gelijkt."

54. Vgl. Muller (red.): a.w., 51 e.v. Die motief hiervoor was nie net die geheime bekoring en mites van Afrika soos dit deur vroeëre reisbeskrywings in Europa gepopulariseer is nie, maar dit is veral deur plaaslike handelsbelange aangevuur.

55. Vir 'n bespreking hiervan, sien Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd III*, viii e.v. Die meeste skeepsjoernale is in hierdie boekdeel gepubliseer.

56. Godeé Molsbergen het die meeste hiervan opgeneem in sy *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd I, II, IV*. Die VRV het ook van hierdie joernale met historiese kantaantekeninge laat behandel. Die belangrikste joernaalhouers is: Jan Wintervogel (1655); Willem Muller (1655); Abraham Gabbema (1657); 'n groep vryburgers (1657); Jan van Harwarden (1658); Christiaan Jansz van Hoesem (1659); Jan Danckaert (1660); Pieter Cruythoff (1661); Pieter van Meerhoff (1661); Pieter Everaert (1661); Pieter Cruythoff (1662); Jonas de la Guerre (1663); Olof Bergh (1682, 1683); Simon van der Stel (1685) en Isaq Schrijver (1689).

57. Godeé Molsbergen: a.w. I, 32. Die land moes ook "soveel mogelijk perfect in een caerte" gebring word. Sien die opdrag van Gabbema in dies., 28.

58. In die Artyckel-brief vir VOC-dienaars word opdrag gegee om alle joernale, kaarte, geskrifte en aantekeninge te versorg en op te stuur. Dit is dus op gesag gedoen. Vgl. Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I*, 2-3.

59. Uit Jonas de la Guerre se tog (1663), Godeé Molsbergen: a.w. I, 115.

opvatting, wat so lank reeds gekoester is in die Europese reisliteratuur, het dus ongetwyfeld 'n rol gespeel by die verkenning van die Kaapse streek. Gevolglik was die binnelandse togte nie sonder hoë verwagting onderneem nie.

Allereers is die gebied in en om die skiereiland verken. Sedert 1655 was die onbetreë binneland die mikpunt. Na 1661 is selfs aan 'n vaste roete na die noordweste beslag gegee.⁶¹ Teen 1664 was dit alreeds duidelik dat die droogte en felle klimaat wat in die noordelike streke ondervind is, die pogings om die geheime daarvan te ontsluit erg in die wiele ry. Ekspedisies na die binneland het hiermee tot 'n voorlopige einde gekom.⁶² Eers weer vroeg in die 80ger jare is ontdekkingsogte na die noorde met hernude ywer en deursettingsvermoë hervat. In dieselfde tyd het die Kaapse gemeenskap bewus geword van die swart inboorlinge wat die gebied tussen die Kaap en Natal bewoon het. Kennis van hierdie streke is deur skipbreukelinge, wat op die oostelike kus beland het, aangedra.⁶³ In 1689 is 'n landtog in hierdie rigting onderneem en kon Isaacq Schrijver 'n uitvoerige beskrywing van die tot nou toe onbekende Xhosastam in sy reisverslag opneem.⁶⁴ Daarmee is nog 'n belangrike en nuwe dimensie tot die kennis van die Kaap en sy omstreke toegevoeg. So het die Kaapse gemeenskap stelselmatig bekend geraak met die omgewing en die verskeidenheid mense wat daarin gewoon het. Die roetes is netjies in afstande uitgemeet en gekarteer.

In die joernale en dagboeke is die land en die ervaringe wat daarin meegemaak is, beskrywe. Hieruit kan die indruk wat die nuwe omgewing op die nedersetters gemaak het, afgelees word. Op pad is die land, met sy diere, sy mense en sy klimaat belewe. Veral met die togte na die noordweste is hitte en koue, honger en dors op die eindelose sandvlaktes, die ruwe bergwêreld en soms ook die vyandigheid van die inboorlinge aan eie lyf gevoel.⁶⁵ Terselfdertyd het die skoonheid van die land hulle aangespreek.⁶⁶ Die gebied is onbewustelik geëvalueer.⁶⁷ Inligting is versamel. Tussen inboorlinggroep en inboorlinggroep is onderskei.⁶⁸ Hulle eienaardige handel en wandel is opgemerk en aangeteken.⁶⁹ Daar is verwysing na hul voorkoms, opvallende gewoontes en gedrag, hul kleding en - klokslag - hul gesindheid. Met hulle moes immers tot 'n vergelyk gekom word. Die joernale maak daarom gewag van die manier waarop die

60. Vgl. die opdragte vir Jan Wintervogel (dies., 14), Willem Muller (dies., 16), Van Hoesem (dies., 38) en Jan Danckaert (dies., 42). Sien ook die voorskrifte van Van Goens, besoekende kommissaris aan die Kaap (1657) in hierdie verband in dies., 27.

61. Sien Mossop: *Old Cape Highways*.

62. Vgl. Mossop (red.): "Joernale van die landtogte van die Edele Vaandrig Olof Bergh (1682 en 1683) en die Vaandrig Isaq Schrijver (1689)" in *VRV* 12, 14 e.v. Tussen 1665 en 1680 is daar tog 'n aantal veerilekspedisies onderneem. Dit was meesal na die gebied ten ooste van die Hottentots-Holland bergketting.

63. M.n. die oorlewendes van die *Stavenisse*, die *Good Hope* en die *Bona Ventura*. Die verhale van die *Stavenisse* se bemanning is by Godeé Molsbergen: *a.w.* III, 50-58, 59-68 afgedruk.

64. Vgl. Mossop: (red.): *a.w.*, 193 e.v. vir 'n deeglike inleiding oor Schrijver se joernaal.

65. Vgl. bv. die tog van Cruythof (1662) in Godeé Molsbergen: *a.w.* I, 90, 96 e.v.

66. Dikwels word bv. na mooi valleie en die natuurskoon verwys. Sien die joernaal van Muller (1655) in hierdie verband by Godeé Molsbergen: *a.w.* I, 23. Vgl. ook die reeks *Tekeninge en Bescrijvinge van de gewassen, die de Hr. Simon van der Stell, Gouverneur aan de Caap de Bonne Esperance Heeft gevonden op zijn groote Lant-Reyse 1685*. Volgens Godeé Molsbergen (dies., 144, vt.nt. 1) word dit in die Koninklike Biblioteek van Berlyn geberg. Na die Tweede Wêreld Oorlog het dit egter verdwyn of verlore gegaan.

67. Sien Cruythof (1661) in dies., 48: waar hy die gebied takseer as "redelijklig goet bou landt."

68. Vgl. bv. Van Hoesem se tog, in dies., 38.

69. Vgl. bv. Muller (1556) se aantekeninge in dies., 18.

nedersetters by die inboorlinge betrokke geraak het en hoe gepoog is om die verhouding te struktureer. Onteenseglik het die oomblik dit bepaal. Die Nederlandse kommandeur as gevolmagtigde van die VOC het in hierdie verband pragmaties opgetree. In sy opdragte aan die landreisigers is dit telkens uitgespel.

Die joernaalhouers het hiernaas ook die togte in verband met God gebring.⁷⁰ Gewoonlik is "in den naame des HEEREN"⁷¹ vertrek. Net so is dit nie ongewoon nie om aan die einde van die joernaal te lees dat God gedank word "dat Hy ons weder in gesontheit by de onsriege heeft laeten verscheynen."⁷² Om op so 'n wyse God by te bring, was diep ingeskryf op die denke van die gemeenskap. Ten aanskoue van die onbekende en gevaarlike binneland, en te midde van onsekere omstandighede, is dit natuurlikerwys verdiep. Hier en daar word in die joernale blyke gegee van hoe God in besondere omstandighede en gebeure in Sy goedheid voorsien en uitkoms gegee het. Frederik de Smit, wat die joernaal gehou het by die binnelandse reis van Pieter Cruythof in 1663, laat skemer iets hiervan deur as hy vertel hoe die geselskap met dors gekonfronteer was en hoe God die uitkoms gegee het. Hy slaak 'n sug van verligting, "danckende Godt dat Hy ons desen daech met regenwaeter gedruckt heeft, anders souden desen dach geen waeter gehadt hebben."⁷³

Meeste joernaliste was nie geoefen in die skryfkuns nie. Ortografies laat hulle rapporte iets te wense oor. Die taal is stram en styf. Dikwels moes die sekretaris van die Politieke Raad dit agterna redigeer. Dit is duidelik dat hulle formele opleiding ontbeer het. Hulle was die eenvoudige "kleine luyden" van die kompanjie, mense van geringe aansien en opvoeding, maar wat tog op 'n onbeholpe manier die pen kon inspan.⁷⁴ Onder die joernaalhouers wat die binnelandse togte gedurende die eerste twee dekades op papier bygehou het, was Pieter van Meerhoff sekerlik die uitsondering. Hy het die meeste ekspedisies meegemaak en was "wel ter penne."⁷⁵

Die landtog van Danckaert gedurende 1660 is vergesel deur 'n student, Georgius F. Wreede.⁷⁶ Hy het die vorige jaar na die Kaap gekom. Later het hy kommandeur van Mauritius geword, waar hy gedurende 1672 verongeluk het.⁷⁷ Aan die Kaap het hy hom verdiep in 'n studie van die plaaslike taal en 'n *Compendium ... behelsende de Nederduytse & Hottentoose taele* opgestel. In drie kolomme word woorde uit drie tale met mekaar vergelyk: *Eenige Hottentose Woorden*, *Nedertuyts*; *Hottentottica Lingua* en *Vocabula aliquot*

70. De la Guerre se reis in 1663 is bv. met 'n kerkdien begin. Sien *dies.*, 117, vt.nt. 1.

71. Vgl. bv. Cruythoff, *dies.*, 80; Van der Stel, *dies.*, 139.

72. *Dies.*, 113. (Cruythoff se tog in 1662.)

73. Sien *dies.*, 83.

74. Conradie: *a.w.*, 10 e.v.

75. *Dies.*

76. Godeé Molsbergen: *a.w.* I, 43.

77. Vgl. *dies.*, 215, vt.nt. 1, vir 'n lewensbeskrywing van Wreede. Sien ook *SABW II*, 882-884.

Hottentottica Latine. Op die versoek om dit te publiseer het die Here 17 positief gereageer. Sy woordelys het waarskynlik in 1664 van die pers gekom. Hierdie woordelys⁷⁸ is later deur De Grevenbroeck,⁷⁹ Peter Kolbe⁸⁰ en Valentyn⁸¹ in hul werke oor die Kaap gebruik.

Die dagregisters van die 80ger jare dra oor die algemeen 'n geleerder kleeed. Die joernale van Olof Bergh en De Schreyver⁸² gee alreeds hiervan blyke. Die "Dagh Register gehouden op de voiage gedaen naer der Amacquas Land onder 't beleydt vanden E Heer Symon vander Stel. Commandeur van Caap de Goede Hoop. &c."⁸³ lewer die sprekendste bewys van die meer wetenskaplike benadering en beklemtoning. Geskool in die humanistiese wetenskapstradisie, sou verwag kon word dat Van der Stel hom nie uitsluitlik sou bepaal by saaklike mededelings en die telkens terugkerende opgawes van afstande en behandeling van allerlei topografiese en etnografiese gegewens nie, maar sy belangstellende blik wyer sou laat gaan. Sy joernaal is versier met 'n groot aantal kleur-tekeninge van diere, voëls, reptiele, insekte en plante wat in die Kaapse binnelande voorkom.⁸⁴

Die noukeurige tekeninge met beskrywinge daarby, is waarskynlik die werk van Hendrik Claudius, 'n apteker-botanis en boorling van Breslau in Sesië. Hy het sedert 1682 'n aantal jare aan die Kaap spandeer en ook die togte van Bergh meegemaak. Hy het gedeel in die ontdekking van die land "in making drawings of its plants and animals."⁸⁵ Hy het ook heelwat inligting oor die binnelande aan Tachard verstrekk. Teen 1690 het Claudius die Kaap reeds verlaat. Sy nalatenskap is teken van 'n nuwe en meer skerpsinnige belangstelling in die land wat onder enkelinge binne die gemeenskap begin groei het.⁸⁶ Nog 'n medestander van Bergh, Van der Stel en Claudius was Johannes de Grevenbroeck, wat in 1684 sekretaris van die Politieke Raad geword het. Hy het hom ook skriftelik oor die Kaap uitgelaat.

Op grond van wat hierbo gesê is, kan aanvaar word dat die dagjoernale en registers na 1680 verskil het van dié wat gedurende die eerste fase (tot ongeveer 1664) van die verkenning van die binneland gehou is. In eg. geval is dit geleerder penne wat aan die skryf kom. Enkelinge, geskool in die humanistiese tradisie, het uit die gemeenskap na vore getree en met 'n tipiese benadering en styl joernaal gehou. By hulle lewe die gedagte om die land en sy natuur nie net te beskrywe nie, maar ook te objektiveer en te ondersoek.

Uit alles wat tot dusver gesê is, is dit duidelik dat gedurende die eerste 40 jaar van die bestaan van die nedersetting algaande 'n inheemse vertolking, met 'n inset en benadering van sy eie, gevorm het.

78. By Godeé Molsbergen: *a.w.* I, 215 e.v. is dit afgedruk.

79. Sien hoofstuk 4 hieronder.

80. Sien hoofstuk 7 hieronder.

81. Dies.

82. Vgl. Mossop (red.): *a.w.*, I e.v. vir 'n inleiding m.b.t. hierdie joernale. Vir Bergh, sien dies., 30 e.v. en vir Schrijver, dies., 193 e.v.

83. Sien Waterhouse(ed.): *Simon van der Stel's Journal*. Vir 'n geskiedenis van die teks vgl. dies., vii e.v., veral xi e.v. Sien ook Godeé Molsbergen: *a.w.* I, 139-211.

84. Waterhouse: *a.w.*, xx.

85. Smith: *Claudius water-colours in the Africana Museum*, 14. Dit was nie as kuns bedoel nie. "they were intended to serve as a record of quaint creatures seen in a strange land." (Dies., 21). Sien ook haar bespreking van hierdie tekening, dies., 8 e.v.

86. Sien in hierdie verband Waterhouse (ed.): *a.w.*, xxi e.v.

Gedurende die agste dekade van die eeu gee hooggeplaaste amptenare aan die Kaap aan hierdie vertolking 'n geleerder inslag. Hoewel die inheemse joernale ooglopend aangesny het by temas wat in die uitheemse reisbeskrywings aan die orde was, (bv. die klimaat, die wilde diere en plante, die inboorlinge) is daar nêrens 'n verwysing na of behandeling van die geskiedenis van die Kaap nie. 'n Keer of wat is daar verwysing na 'n vorige goewerneur, m.n. Jan van Riebeeck. In die reisjoernale gaan dit eintlik nog om die beleving en ervaring van gebeure, eerder as om 'n historiese duiding daarvan. Daar is nie distansie tussen die joernaalhouer en wat hy sien, soos die geval is by die reisiger nie. Die teologiese refleksie is uiters skraal. Maar, en dit is belangrik, op 'n manier van hulle eie het die Kaapse inwoners aan 'n literêre tradisie gevolg gegee wat wesenlik van die (uitheemse en Europese) reisbeskrywings verskil het.

In die uitheemse literatuur is die Kaap immers vanuit 'n Europese situasie en oogpunt bedink. Daarom is 'n beeld van die Kaap in hierdie literatuur opgebou, hoofsaaklik op grond van historiese en teologiese aannames. Daarteenoor kry die inheemse joernale en registers in 'n geheel en al ander situasie beslag. Die eksistensiële band met die gebied het bv. die ontmoeting met die inboorlinge op 'n ander vlak en met ander oorwegings afgedwing. Dit het nie sonder spanning gepaard gegaan nie. Hulle moes óf as vriend, óf as vyand by die samelewing aan die Kaap betrek word. Die voortdurende skikking het deel geword van die proses om die gebied 'n sinvolle tuiste vir hulle en hul nageslag te maak.

Vir Elizabeth Conradie was hierdie dokumente "al 'n dagtekening in die lotgevalle van ons taal, lettere en hele kultuur."⁸⁷ Hoewel dit te sterk gestel is, kan 'n inheemse vertolking nie ontken word nie. Uit hierdie joernale en dagregisters dateer die ontstaan van 'n literêre tradisie wat later Kaaps sou word in sy vertolking en beredenering. Uiteindelik sou die inheemse oriëntering uitloop op kerkhistoriese en historiese ondersoek en verwerking. Die joernale het nie net 'n kenmerkende inheemse tradisie aan die gang gesit nie, maar is weldra ook deur die Europese reisbeskrywings as bronne gebruik. 'n Enkele keer is van die joernale selfs deur reisigers in hul werke opgeneem en gepubliseer.

8. SAMEVATTING

Hierbo is op die ontwikkeling van 'n inheemse literêre tradisie gewys. Dit is in die joernale en dagboeke van Kapenaars opgespoor. Daarnaas is die voortsetting van die uitheemse (Europese) tradisie en hoe die aanvaarde beeld van die Kaap en sy gemeenskappe sedert 1652 duideliker in die reisliteratuur na vore gekom het, behandel. Ofskoon beide op dieselfde konkrete situasie betrekking het, is die weergawe verskillend. Uit die staanspoor is dit duidelik dat die opset verskil. So ook die oorweging. Die inheemse joernale en dagregisters staan in die teken van 'n betreklike saaklikheid. Dit het op Kaapse bodem ontstaan. Die bodemgesteldheid, klimaat, beskikbaarheid van water, fauna en flora word uit 'n benuttingsoorweging aangeteken. Uit hierdie funksionele oogpunt is die binneland gefynkam.

87. Conradie: a.w., 2.

Onder die amptenare aan die Kaap kan ook enkele geleerde humaniste getel word. Wreede is een van hulle. Simon van der Stel ook. Dan was daar die sekretaris van die Politieke Raad toe Van der Stel kommandeur was, Johannes de Grevenbroeck. Oor die Kaap, en al sy gemeenskappe, het hy hom breedvoerig en doelbewus uitgelaat in 'n brief wat hy gedurende 1695 aan 'n leraar in Amsterdam geskrywe het. In hoofstuk 4 word op hierdie brief en sy beskrywing gelet.

HOOFSTUK 4

JOHANNES DE GREVENBROECK OOR DIE KAAP EN SY GEMEENSAPPE: 1695

Gedurende die 90ger jare van die 17de eeu het die literatuur uit Kaapse bodem 'n betekenisvolle toevoeging gekry. Toe het 'n amptenaar en sekretaris van die Politieke Raad, Johannes de Grevenbroeck, die navraag van 'n Amsterdamse predikant oor die Kaap en die inboorlinggemeenskappe van hierdie wêreldstreek in 'n ellelange brief breedvoerig beantwoord. Dit is aan die Kaap geskrywe, deur iemand wat hier 'n permanente tuiste gevind het. Daarin stel hy nie alleen die land bekend nie, maar tipeer hy doelbewus en beredeneerd die gemeenskapslewe van sowel die inboorlinge as die nedersetters. Daarby laat hy hom lei deur die vraagstelling van 'n buitelande. Gedurende die 18de eeu het hierdie manuskrip vir besoekende reisigers as 'n belangrike bron van inligting handig te pas gekom.¹

Die vertelling verskil uiteraard van die ongekunstelde en spontane opmerkings van die joernaalhouers. Daarom moet enkele pertinente vrae help om aan te dui in watter sin die Kaapse literêre tradisie met hierdie brief verder gevoer is. In hoeverre is sy voorstelling van die Kaapse samelewings deur persoonlike voorbehoude, aksente en posisie bepaal? Is daar by hóm 'n Kaaps-historiese onderkenning en aantekening? Vind hy in sy aksentuering aansluiting by die styl en gees van buitestaanders en hul reisbeskrywings? Of staan hy in 'n benadering van sy eie?

1. JOHANNES GUILLELMUS DE GREVENBROECK

De Grevenbroeck² is omstreeks 1644 gebore. Hy is in die lettere opgevoed. In Europa het hy ver gereis. In 1673 was hy in Italië³ - die bodem waaruit die renaissance gegroei het. Soveel kunstenaars en studente het gedurende die 17de eeu Italië, waar die ruïnes van die Romeinse Ryk die herinnering aan die klassieke beskawing ingeskerp het, besoek. Was hy een van hulle?⁴ Op 'n ander keer het hy Madrid in Spanje besoek.⁵ Hy het egter nie sy lewe in Europa of Nederland geslyt nie. Hy tree in diens van die VOC en kom gedurende Oktober 1684 in die Kaap aan. Hy word as sekretaris van die Politieke Raad aangestel. Agt maande na sy aankoms vertrek hy in Julie 1685 saam met kommissaris-generaal Van Goens na Nederlands-Indië waarvandaan hy in 1686 terugkeer. Op die terugreis het hy kennis gemaak met die Portugese handelsgebied aan die Ooskus van Afrika.⁶ Sy beresenhede t.o.v. die verre nuut-ontdekte lande van die Ooste, het aan hom 'n benydenswaardige posisie besorg. Hy kon eerstehandse verslag lewer van die onbekende waarna in Nederland en Europa so naarstiglik gevra is.

1. Sy aantekeninge in verband met die Khoikhoi is o.a. deur Kolbe (1719), Valentyn (1726), De la Caille (1763) en Mentzel (1785, 1787) benut, sodat die denkbeeld in hierdie verband grootliks deur hierdie geskrif aan sy beslag gehelp is.

2. Vgl. Schapera (ed.): "The early Cape Hottentots" in *VRS* 14, 161 e.v.; sien verder Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd* I, 225-226; *SABW* III, 206; *SESA* III, 619-620.

3. Schapera (ed.): *a.w.*, 195.

4. Sien Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* 1, 64-65.

5. Schapera (ed.): *a.w.*, 161.

6. *Dies.*, 235 waar hy hierdie reis vermeld.

Blykbaar het hy hom nie tuis gevoel in diens van die VOC aan die Kaap nie. Hy wys sy predikantsvriend daarop hoe lastig dit is om met die amptenary te vereenschwig. Baie van hulle het eenvoudig as vlugtelinge in Nederland opgedaag en 'n heenkome in die VOC gevind. Om binne die struktuur van 'n handelonderneming met hierdie tipe mens - "hetgeen allen vreezen, en hetgeen zich van alle goede hoop schijnt te hebben losgemaakt" - oor die weg te kom, was vir hom moeilik. Hierbenewens sinspeel hy ook op 'n negatiewe ervaring van sy persoon in diens van die VOC aan die Kaap. "Datgene echter wat ik zelf ondervonden en tot mijn eigen ongeluk geleerd heb," bekla hy sy lot, "dat zal ik op zijn tijd publiek maken."⁷ Dit is gevolglik verstaanbaar waarom hy nie veel ooghere sou hê vir die gemeenskap waarin hy hom bevind het nie. Was dit omdat hy hom as 'n "hoog ontwikkelde, kunssinnige renaissance"⁸ uit gevoel het in 'n samelewing wat nie juis 'n kwota geleerdes in sy midde getel het nie? Uiteindelik het hy tog besluit om in die Kaap aan te bly, "al werd ik ook slecht behandeld en met het toekennen van een werkring die mij niet paste gestraft."⁹ Sou dit die rede wees waarom hy later uit die VOC bedank het om vryburger op Stellenbosch te word?

Desnieteenstaande het Johannes de Grevenbroeck 'n bekende en invloedryke inwoner van die Kaapse gemeenskap geword. Dertig jaar na sy dood het goewerneur Tulbach en bekende inwoners soos Grand-Pré¹⁰ en Von Dessin¹¹ hom nog onthou en inligting oor hom aan die besoekende Franse sterrekundige, De La Caille, verskaf.¹² In hul wydgelese reisbeskrywings het Kolbe en Valentyn van hom melding gemaak.¹³ Mentzel, nog 'n buitestaander wat gedurende die derde dekade van die 18de eeu aan die Kaap gewoon het, verwys eweneens na hierdie besondere man.¹⁴ Bowendien het De Grevenbroeck belangrike gebeurtenisse aan die Kaap belewe. Hy het die koms van Franse Vlugtelinge meegemaak. Hy was as boer blootgestel aan die knellende merkantilisme van die VOC. Toe die spanning in die samelewing opgelaai het met die eeuwenteling, het hy die veranderde situasie belewe en daarin gedeel. Kant het hy nie openlik gekies nie en hom uit die toutrekkery gehou.¹⁵

Nadat hy vir 10 jaar sekretaris van die Politieke Raad was, het hy hom op die plaas Welmoed aan die Eersterivier as vryburger gevestig. Op die 3de Februarie 1714, is sy testament opgestel en onderteken.¹⁶ Toe was hy 70. Gedurende 1726 is dit by stukke van die Kaapse Weeskamer geëndosseer. Hy was toe reeds oorlede.

7. Godeé Molsbergen: a.w., 278.

8. Conradie: a.w., 73.

9. Godeé Molsbergen: a.w., 304.

10. Vir hom sien Signaert-van Reenen: *Die Franse bydrae tot Africana Literatuur*, 46, 112 e.v. Grand-Pré was sekretaris van die Politieke Raad tussen 1739 en 1760. Sien ook SABW V, 180.

11. Vgl. SABW I, 889-890.

12. Vgl. SABW III, 208-209.

13. Schapera (ed.): a.w., 162 e.v.

14. Dies., 164.

15. Vgl. Conradie: a.w., 65. Sien verder SABW III, 206.

16. SESA III, 619-620.

Uit sy brief is dit duidelik dat De Grevenbroeck 'n welbelese man was. Hy verseker bv. sy geleerde korrespondent, dat hy "het zeer op prijs stel, ... als gij let op mijn geest aan studiën gewijd, met letteren steeds bezig en evenzeer bevriend met de meer bedaarde en zachte Muzen als het gewoel der menigte en de zorgen en bedrijven des levens vijandig."¹⁷ Conradie slaan hom waarskynlik te hoog aan as sy hierdie "sekretaris, kunstenaar en latinis,"¹⁸ uitmaak vir 'n "man van groot geleerdheid."¹⁹

Sy pennevrug adem die gees van 'n skoolse geleerdheid. Dit lê opgeskrywe in die amptelike dokumente van die Politieke Raad van die Kaap. Daarin het hy as sekretaris m.n. die verslae van skipbreukelinge keurig verwerk en opgeteken. Hierbenewens het hy, soos Wreede 30 jaar te vore, 'n Latyns-Hottentotse woordelys opgestel.²⁰ Hierdie woordelys is heelwat meer uitgebrei as dié van Wreede. Dit is "een lijstje ... van zekere woorden en dingen die reizigers het meeste noodig hebben." Hy vind die taal "ontwikkeld en rijk."

Dan is daar nog die bogemelde brief of *Descriptio Epistolaris*. Hierin gee hy blyke van 'n geleerde aanslag en drang tot ondersoek. In sy brief is klassieke werke en literatuur dikwels 'n bron van inligting of vergelyking.²¹ 'n Enkele keer verwys hy na die klassieke historikus, Strabo.²² Dan was hy ook bekend met die werk van Samuel Borchart, die bekende orientalis wie se studie i.v.m. die diere van die Bybel 'n belangrike invloed op die linguistiek van die Ou Nabye Ooste uitgeoefen het.²³ Daarbenewens het hy die reisbeskrywings van ten minste Peter Heylyn, Tavernier en 'n Switser, Staupé, geken.²⁴

Die *Epistolaris* is geskrywe in Latyn - die internasionale taalmedium van die Europese geleerde wêreld. Allerlei sinsuitdrukkinge en konstruksies uit Latynse bronne laat hy op 'n vernuftige wyse instaan om aan sy beskrywing 'n sweempie klassieke welsprekendheid te gee. Farrington het aangetoon dat die Latyn wat hy (De Grevenbroeck) gebruik, "dictionary Latin (is), laboriously compiled by a man of poor taste and inaccurate though very likely wide scholarship."²⁵ Sy metode om hierdie klassieke taal as 't ware in te span, loop uit op 'n geforseerde skryftrant en segswyse wat moeilik lees.²⁶ Hy voel hierdie gebreke self aan. Ewe hofflik versoek hy sy predikantleser "om het met de censorsvyl glad te maken, met uw frizeerijzer te branden, en den ongelijken stijl die mij als de meeste reizigers kenmerkt, te vergeven."²⁷

17. Godeé Molsbergen: *a.w.*, 304.

18. Conradie: *a.w.*, 64.

19. Dies., 66.

20. Sien hiervoor Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd I*, 225 e.v.

21. Die teks bevat aanhalings uit Virgilius, Horasius, Lukretius, Cato, Plautus en ander klassieke literatore.

22. Sien Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika IV*, 256; Schapera (ed.): *a.w.*, 179.

23. Godeé Molsbergen: *a.w.*, 297.

24. Sien die aantekeninge van Schapera (ed.): *a.w.*, 237 in hierdie verband. Vgl. ook Heylyn: *Cosmographie in foure books, Containing the Chorography and Historie of the whole world*. London, 1669; Tavernier: *Le six Voyages de Jean Baptiste Tavernier*. Paris, 1676. Vir Tavernier, sien ook Mackenzie: "South African Travel literature" in *AYB 18(2)*, 101. Staupé word nie deur Schapera geïdentifiseer nie.

25. Schapera (ed.): *a.w.*, 169.

26. Dies. Vgl. sy opmerking: "Futhermore the sentences are often shapeless and endless, lumbering along from clause to clause till they seem to drop from exhaustion than reach any intended goal."

27. Godeé Molsbergen: *a.w.*, 301-302. Vgl. verder Schapera (ed.): *a.w.*, 291: "to smoothe my roughness with your critical file, to dress the unkempt locks of my poor prose, and to forgive the homily style which is all that exiles can attain."

Desnietemin is die inhoud van so 'n aard dat dit die aandag gevange hou. Afgesien van die interessante leesstof oor die "vreemde" inboorlingstamme, vleg hy ook prikkelende anekdotes, verhale, mededelings en historiese insidente tussendeur. So vertel hy bv. van 'n sekere Portugees, Nicolaas Almeida, wat "aan den kant van Ethiopië" as een van die "belangrijke resultaten van zijn onderzoek" afgekom het op 'n hoeksteen van 'n antieke bouwal met 'n vreemde inskripsie. De Grevenbroeck waag "de gissing ... of men hier niet het op zoo veel plekken gezochte Ophir van Koning Salomo"²⁸ afgekom het nie. Dit lê in 'n landstreek, vertel hy, waarin soveel bewerkte en onbewerkte goud aangetref word.²⁹

Die studie is egter meer geïnteresseerd in die uitlatings oor en beskrywing van die verskillende gemeenskappe aan die Kaap. Met verwysing na die samestelling en uitgangspunte van die brief, kom dit in die volgende paragraaf aan die orde.

2. DIE DESCRIPTIO EPISTOLARIS

Die *Descriptio Epistolaris* is 'n handgeskrewe dokument. In sierlike letters is die opskrif uitgeskryf: **NN Graevenbroeckii elegans en accurata Gentis Africanae circa promontorium capitis Bonae Spei vulgo Hottentotten nuncupatae Descriptio Epistolaris Anno MDCLXXXV**. Iemand moes dit in Nederland gekopieër het, aangesien dit nie in die handskrif van De Grevenbroeck behoue gebly het nie. Dui dit op 'n leserskring buite die mure van die Amsterdamse pastorie? Die vlag dek ook nie die lading nie. Die titel van die ingebinde dokument is, soos gesê, misleidend. Dit bevat heelwat meer as net gegewens oor die "Hottentotten" as 'n besondere Afrika ras. Uiteindelik handel net sowat 'n derde van die geskrif pertinent oor hierdie stamgroepe. Vir die res het hy besonderhede oor die volkskarakter en maatskaplike lewe van die **Magosi**, of die Xhosa-stamme van die Ooskus bymekaargemaak. Deurentyd is hy ook, al is dit by wyse van verwysing, met die Kaap en die koloniste besig. Aan die einde van die brief is 'n eulogistiese verhaal van die Kaapse natuurskoon en vrugbaarheid, waarin hy ook na die geskiedenis daarvan verwys.

Die Nederlandse predikant (en sy vriende?) het hiermee 'n betroubare (*accurata*), geskrif oor die Kaap en al sy gemeenskappe in die hande gekry, opgestel deur iemand met eerste-handse kennis. Wat dit waardevoller maak, is die lig wat dit werp op die Europees-Kaapse gemeenskap en sy lewensuitinge. Na alle waarskynlikheid het De Grevenbroeck 'n meer omvattende manuskrip oor die **Afris nostris** in sy besit gehad. Dit het verlore geraak.³⁰ Die teks wat dus deur die geskiedenis heen behoue gebly het, moet egter gesien word as "a preliminary draft of the presumably more detailed and now lost account."³¹

28. Godeé Molsbergen: a.w., 299.

29. Dies., 300 e.v.

30. Vgl. hiervoor Schapera (ed.): a.w., 165 e.v.

31. Dies., 166.

Nadat die manuskrip van 121 bladsye, netjies in velynperkament gebind, gedurende 1882 in besit van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad gekom het,³² het dr J.W.G. van Oordt 'n vertaling daarvan versorg vir die Januarie en Februarie uitgawes van die **Zuid-Afrikaanse Tijdschrift** in 1886.³³ Godeé Molsbergen het dit onveranderd in die vierde deel van sy versameling **Reizen in Zuid Afrika in de Hollandse tyd** opgeneem wat gedurende 1932 as een van die **Werken uitgegeven door de Linschoten-Vereeniging** gepubliseer is. Pas in die volgende jaar het 'n deeglik verantwoorde Engelse vertaling daarvan deur Farrington vir die **Van Riebeeck Vereniging** verskyn. Die waarde van lg. word aansienlik verhoog deur die historiese verwysings en aantekeninge wat Schapera daaraan toegevoeg het. Hy het egter grotendeels 'n etnologiese of volkekundige belang by die teks.

Om die woorde van De Grevenbroeck self te gebruik, is dit 'n "lang epistel."³⁴ Wat hy insluit of beskrywe, is "in antwoord op uw vragen, of omdat het mij der vermelding waardig scheen."³⁵ Dit beteken dat sy beskrywing net tot op sekere hoogte deur die vrae van 'n buitelandse gekondisioneer is. "Veel heb ik," sê hy, "op last van de Kommandeur der Kaapkolonie, over de leefwijze, de zeden, en den toestand der Naturellen in de buurt en verder af wonend geschreven."³⁶ Hiervan het selfs die **Patribus Societatis Indicae** met waardering kennis geneem.³⁷

In sy "rough sketch"³⁸ spits hy hom daarop toe om die waarheid deur te gee. Hy is bewus "that Rumour, never bearing a clear report, should have acquired such strength in her course and proved so tenacious of falsehood that those half-truths that are spread abroad about our Africans should have even reached your ears."³⁹ Hoewel sekere sake op hoorsê berus, en gevolglik nie bo alle twyfel vasstaan nie,⁴⁰ het hy hierteenoor inligting byeengebring "uit sekere en onverdachte skrywers, jaarboeken, autentieke stukke of wel met eigen oogen gezien heb."⁴¹ Hoe na aan die waarheid hy in sy beskrywing gekom het, is 'n ander vraag. Hy het 'n manier gehad om feite aan te vul, te tooi,⁴² of in diens van sy motief te stel.

Die samestelling en ordelike samehang laat veel te wense oor. Daar is nie 'n poging om te sistematiseer of tot 'n oorsig te kom nie. Dit is in elk geval, herinner De Grevenbroeck sy leser, "kortelyk zamengesteld uit weggeworpen papieren en aantekeningen, en enigsens ruw geschreven."⁴³ Die logiese gang van die betoog word dikwels versteur. Desnieteenstaande is dit tog moontlik om sy besondere vertolking en inkleding van verskillende sake, soos sy siening van die nedersetters, sy vertolking van die land en sy weergawe van die inboorlinggemeenskappe, daarin na te gaan.

32. Vgl. dies., 161.

33. Onder redaksie van J.H. Hofmeyr (Jr). Die tydskrif is in Kaapstad uitgegee.

34. Godeé Molsbergen: a.w., 301.

35. Dies. Vgl. verder "to reply to your questions, and to record what seemed to me both worth telling and easy to express in the Latin tongue..." Schapera (ed.): a.w., 291.

36. Godeé Molsbergen: a.w., 305.

37. Dies.

38. Schapera (ed.): a.w., 299.

39. Dies., 173.

40. Dies., 299.

41. Godeé Molsbergen: a.w., 305.

42. Sien Schapera (ed.): a.w., 228, 238, 257: "Grevenbroeck's description, as usual, is highly coloured," in hierdie verband.

43. Godeé Molsbergen: a.w., 305.

3. DIE KAAPSE GEMEENSKAP

Hoe laat De Grevenbroeck hom uit oor die nedersetters of "Kolonisten"⁴⁴ en hul samelewing wat besig was om aan die Kaap en sy omstreke gestalte te kry? Hierbo is reeds daarop gewys dat hy op enkele uitsonderings na nie 'n hoë dunk en verwagting van hierdie gemeenskap gekoester het nie. Hy wek die indruk dat hy hom eerder van die gemeenskap - kleinboere én amptenare - distansieer. "Ik (zal) vrij uit spreken, al is het ook met voorbehoud van het toezicht dat een onberispelijk man over mij voeren mag, en zal ik een kat een kat noemen."⁴⁵ Hy skroom nie om skeefgroei te striem nie.

Die strewe en ambisie daarvan woeker s.i. in 'n bedenklieke rigting.⁴⁶ "Ik schaam mij te moeten schrijven dat ons volk meer denkt aan rijkdom en weelde dan aan het openbaar belang."⁴⁷ Hierdie stuwung of drang loop op niks goeds uit nie. "Naakt zijn zij hier geboren, en door Gods rechtvaardig oordeel sterven zij meest naakt op het bloed der Kolonie terende, en, na al hun goederen verspild te hebben, even verzwakt als onmatig."⁴⁸ Sou hy hiermee die skadukant van 'n handelsmoraal, wat so prominent in 'n gemeenskap waarin die ekonomiese uitgangspunte en bedryf 'n houvas het, aanspreek en uitwys? Hierdie lewenswyse word volgens hom versterk deur die feit dat die "Hottentotten" hul arbeid teen 'n lae prys aan die boere verhuur. "Het is duidelijk," vervolg hy, "dat, zonder het werk van al de dienstboden, onze boeren, hoe wakker ook, meer moeite met hun landbouw zouden hebben; maar helaas! als naar gewoonte door hun te groot geluk bedwelmd, worden velen, hun winst zonder arbeid of moeite makende, geheel verslapt."⁴⁹ So word 'n houding gekweek waarin die gemeenskap die noodsaaklike staatsregtelike ordening van sy samelewing met 'n onrusbarende gelantenheid deur die vingers laat glip.

Hierdie onbesorgdheid kan De Grevenbroeck nie kleinkry nie. Dit stuit hom teen die bors dat die gemeenskap nie 'n belang daarby het om homself behoorlik en wetmatig te orden nie. Selfs by die Spanjaarde word nie geleer "hoe men met hulp van boven" die grondslae van 'n kolonie behoort uit te lê "door aan den Drieenigen, Hoogsten en Besten God een tempel te wijden"⁵⁰ nie. Hulle steur hulle nie aan gesagsinstellings nie, nóg word dit na behore geïnstitueer. Boonop "achten zij deugd minder dan den penning."⁵¹ Dan gaan hy voort: "op echt gereformeerden (haast had ik gezegd "gedeformeerden") trant hechten zij, als hielden zij zich aan Calvijn, niets aan goede werken en alles aan genade, niets aan deugd en nog minder aan verdienste, wel onbekend met het vaderlandsche recht, maar goed bekend met de vormen van overeenkomst die men *do ut des* en *facio ut facias* betitelt."⁵²

44. Dies., 262.

45. Dies., 299, 305.

46. Vgl. dies., 261: "Ook vele andere dingen van meer gewicht, die men gemakkelijk kan te weten komen, zijn nog niet nagegaan, en worden verwaarloosd daar men naar niets dan schatten, die wortels van alle kwaad, streeft, en onze landaard het openbaar belang, tot groot nadeel, bij eigenbelang en lage winst achterstelt."

47. Dies., 298.

48. Dies., 297.

49. Dies., 293.

50. Dies., 298.

51. Dies.

52. Dies.

Behalwe dat De Grevenbroeck 'n twyfelagtige opvatting van die "echt gereformeerden trant" daarop nahou, en die konfessionele benadering van Calvyn nie begryp nie,⁵³ verwoord hy hiermee die standpunt en tradisie van die invloedryke libertyne in Nederland.⁵⁴ By die libertyne het die klem op die staat, sy regsordening en vryheid geval. In hierdie kringe is die idee van toleransie en reg op persoonlike bepaling gekoester en is deug en lewensordening hoog aangeslaan. En, die Calviniste van 'n slordige verwaarlosing van essensiële deugde verdink.

In den brede is daar dus 'n innerlike afstand tussen De Grevenbroeck en die gemeenskap waarin hy hom bevind. Uiteraard verskil dit van die wyse waarop die kleinboergemeenskap in die reisbeskrywings bekendgestel is. Dáár is meer positief oor hulle vermoë en ywer geoordeel. Terselfdertyd swyg die uitheemse tradisie oor hul vermoë om in 'n regsín die gemeenskap behoorlik te orden. De Grevenbroeck skram nie daarvan weg om die afwykinge - dit veronderstel 'n geldige stel maatskappynorme by hom - uit te wys nie. Hy stel dit vanuit die algemeen geldende natuureg in die sin van 'n christelike moraal en beskawing op. Reg uit die staanspoor lê hy reeds 'n aanklag. Die misdade waaraan die inboorlingstamme hulle skuldig maak, kom vanweë die omgang met die skrywer se landgenote. Daarom is sy aanklag of oordeel skerp gesnede: "Dat zijn fraaye ingewijden in de Christelijke geheimenissen! Moeten zij niet op den jongsten dag door deze barbaren gepijnigd worden?"⁵⁵ Hierdie argument gebruik hy meermale.⁵⁶

In 'n sekere sin skuif hy lg. gemeenskappe ook as 'n toetssteen aan teen die gemeenskaplike lewensordening van die Kaapse maatskappy. Daarmee ken hy 'n appellatiewe betekenis toe aan die samelewingsnorme en -struktuur van die inboorlingstamme. In lyn met die beklemtoning van die humaniste van sy tyd gee De Grevenbroeck uiting aan die selfopgelegde verpligting om die gemeenskap met raad en daad teë te kom, te verander en te verbeter. Op 'n paar uitsonderinge na ontbreek soveel "godsvrucht, braafheid, dapperheid, edelmoedigheid en andere deugden"⁵⁷ eenvoudig by die koloniste aan die Kaap. Daarom volstaan hy nie met 'n aanklag nie,⁵⁸ maar dui ook die weg aan waarlangs die aangeleentheid in orde gebring behoort te word. Niemand anders nie as "een nieuwen Titus" en "een tweeden Hercules" is nodig om die gemeenskap van sy onbeholpenheid te vrywaar. Onbeskroomde en doelgerigte leiding moet meehelp "zoodat de kolonie, van al dat vuil en dien drek gezuiverd, tot vrijheid geroepen bloeien en kracht bekomen moge."⁵⁹ Vir hom is dit 'n saak van groot belang dat "dit onervaren volk ... door godvrezendheid verzacht ... van den roest bevrijd wordt die zijn geest bezoedeld, en van zijn boezen levensweg tot den dienst des heeren worde bekeerd."⁶⁰ Dáárom moet "er voor onderwijs en opvoeding ... scholen komen"

53. Dit is duidelik dat De Grevenbroeck nie die konfessionele metode van Calvyn, nóg sy verstaan van die genade begryp het nie. Hy leen in hierdie verband sy ore uit aan die interpretasie van sy dag onder die moraliste en humaniste.

54. Vgl. Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 359 e.v.

55. Godeé Molsbergen: *a.w.*, 254.

56. *Dies.*, 279 i.v.m. die huwelik; 294 i.v.m. mededeelbaarheid.

57. *Dies.*, 299.

58. *Dies.*, 304: "de woeste en misdaade ademende wervelwinden die in het staatswezen hier woeden."

59. *Dies.*

60. *Dies.*

sodat deur die "studie van de vrije kunsten ... een keurbende van studente ... zich op de wijsheid vlijtig toelegge."⁶¹ Die afwykinge moet pedagogies reggestel word. Dit moet hulle aanspoor om van hul eie samelewing 'n ronde sukses te maak.

Op stuk van sake is daar dus drie aangeleenthede wat De Grevenbroeck na aan die hart lê. Die samelewing lê aan 'n misplaaste materialistiese entoesiasme en aandrang. Gevolglik word sy openbare ordening, die koord waaraan enige gemeenskap volgens hom, om lewe en dood hang, verwaarloos. In hierdie opsig is die inboorlinggemeenskappe hom ver voor. Derdens wys hy die weg tot "heil" aan - dit lê in die opvoeding. Hoofse geletterdheid is volgens hom een van die hoekstene van 'n beskaafde maatskappy.

Dit moet in gedagte gehou word dat De Grevenbroeck hierdie brief geskrywe het nadat hy vir 'n betreklik kort tyd deel was van die Kaapse gemeenskap. Die onbeantwoordbare vraag bly steeds of hy twintig jaar later as 'n gesiene vryburger hom in dieselfde trant oor sy gemeenskap sou uitlaat.

4. DIE AFRIS NOSTRIS

Die grootste deel van sy brief wy hy aan 'n tipering van die inboorlinggemeenskappe. Hy konsentreer op die Khoikhoi-groepe in die onmiddellike nabyheid van die Kaap. Hierbenewens skrywe hy ook breedvoerig oor die Magosi, 'n Xhosa-stam aan die ooskus tussen die Kaap en Natal. Wat eg. betref, berus sy beskrywing nie net op wat hy by monde van getuies te hore gekom het nie, maar ook op sy persoonlike ervaring en empiriese ondersoek.⁶² Die inligting wat hy in verband met die Magosi versamel, is gebaseer op die getuienis van die oorlewendes van die Stavenisse, wat aan die ooskus op die rotse geloop het.⁶³ As sekretaris van die Politieke Raad moes hy immers hulle wedervaringe in die dagregister inskrywe.

Vanweë sy onnoukeurigheid om behoorlik te onderskei, loop die gegewens wat hy aanbied deurmekaar. Inligting oor die Khoikhoi in die omstreke van die Kaap roer hy ewe gemaklik in by sy aantekeninge oor die Magosi. Dit beteken egter nie dat sy leser uiteindelik met 'n vertroebelde beeld van hierdie stamme voor hom sit nie. Die motief waarmee hy gegewens byeenbring en vertolk, maak dit moontlik dat die oorhoofse indruk wat hy van hierdie nie-Europeërs oordra, nie belemmer word nie.

Heel aan die begin van sy brief erken De Grevenbroeck prontuit dat hy hom oor die inboorlinge bedink het. Aan die leraar in Amsterdam verduidelik hy hoedat hy **de Afris nostris** aanvanklik nie na hulle ware mens-wees aanvaar het nie. Vir die aanstootlike lewenspraktyke onder hulle wat meegehelp het om so 'n opinie te skep, was die inboorlinge egter in leer by "onze landgenooten." Hierdie dieper insig het hom van mening laat verander. Hy bevind dat hulle na die wet van die natuur lewe en gasvry is teenoor elke

61. Dies.

62. Hy het "trouens zooveel mogelijk hun leefwijze onderzocht," dies., 257.

63. Vir hierdie verslag, sien Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd III*, 50-68.

menslike ras. Hulle laat hulle ken deur opregtheid, betroubaarheid en liefde vir waarheid en reg. Hulle is selfs nie geheel en al ontdaan van die beoefening van godsdiens nie. Daarbenewens paar hulle "schranderheid van geest (aan) eerbied van recht en wet."⁶⁴

Hy fokus op die maatskaplike lewe, die volkskarakter, hulle gebruike en kulturele gewoontes, hulle voorkoms en die wyse waarop hulle die land bewerk of daarvan lewe. Deurentyd maak hy gewag van die religieuse strekking wat die doen en late van hierdie samelewings ten grondslag lê.⁶⁵ Die barre natuur is vir hulle nie 'n probleem nie. Daar blink hulle uit en kom hulle tot hulle reg. Aan uithouvermoë en aanpasbaarheid het hulle geen gebrek nie.⁶⁶

Hoewel hy dikwels na **Afro nostros** ("ons Afrikane") as barbare verwys, tref hy 'n lewensingesteldheid en -ordening by hulle aan wat van die teendeel spreek.⁶⁷ Hy veronderstel dat die Amakhosa en in 'n groot mate die Khoikhoi, in besit is van altyd geldende norme van wysheid en menslikheid, deugdelikheid en regsinnigheid.⁶⁸ Hy hou dit implisiet en eksplisiet as navolgenswaardig aan die christelike en Europese gemeenskap aan die Kaap voor.⁶⁹

De Grevenbroeck sluit dus aan by 'n neiging wat ook in die reisbeskrywings van sy tyd na vore kom, nl. om lering uit die primitiewe gemeenskappe te trek. Hy idealiseer selfs. Die inheemse bevolkingsgroepe word as 'n model voorgedou waarteen die Kaaps-christelike samelewing sleg afsteek. Sy oog is skerp ingestel om die regsordening van die inboorlinggemeenskappe in die algemeen en hulle deugdelikheid as mense in die besonder, uit te wys en aan te prys. Dit is die oorheersende motief waarmee hy hierdie gemeenskappe beskryf.

Die feit dat hierdie volksgroepe buite Christus om lewe, bly vergete. De Grevenbroeck se oog is geslote vir die sonde of die sleurende mag daarvan in die inboorlinggemeenskappe. Hoewel hy een keer na die inboorlinggemeenskap as 'n sendingveld verwys,⁷⁰ bly dit 'n vraag waarom hy nie pertinent hierop ingaan of bedag is nie. Hy is meer behep daarmee om dié gemeenskappe tot 'n pedagogiese voorbeeld te verhef.

Die brief staan dus op die breë ondergrond van 'n christelike en protestantse⁷¹ lewensooruiging. Wat 'n mens mis, is 'n konfessionele benadering waarin erns gemaak word met die Skriftuurlike uitgangspunte en

64. Vgl. Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd* IV, 254.

65. *Dies.*, 261 e.v.

66. Vgl. bv. *dies.*, 254 e.v.

67. Vgl. bv. *dies.*, 273 e.v.; 276 e.v.

68. Vgl. bv. *dies.*, 279: "In deze deugd, en het is geen geringe, gaan zij vele Europeanen die hier met ons zamen wonen zeer ver te boven; en mochten onze landgenooten even gastvrij worden en van de barbaren leeren om het gastrecht beter in eere te houden en wat minder ruw en onselevend te zijn! Dan zouden de zaken hier beter en rustigder gaan, want trouwbreuk is wel ook voor barbaren schandelijk, maar nog veel erger voor hen die zich Christenen noemen."

69. Vgl. bv. *dies.*, 294: "Dien wedijver om goed te doen moeten de Christenen van zulke barbaren leeren!"

70. *Dies.*, 301.

71. *Dies.*, 274.

oorwegings. Dan bly daar nog die een tergende vraag oor: in watter mate is sy benadering verteenwoordigend van die gemeenskap en kerk waarin hy as ouderling⁷² gedien het? Of was hy een van die vele vryblywende individue aan die Kaap?

Teenoor die land waarin hy gewoon het, was hy anders ingestel.

5. 'N INHEEMSE BELEWING VAN DIE KAAPSE BODEMGESTELDHEID

As dit waar is dat daar 'n innerlike afstand tussen De Grevenbroeck en sy gemeenskap bestaan het, is dit ewe waar dat sy verwysings na die bodemgesteldheid van die land waarin hy woon, van 'n innerlike verbondenheid getuig. Van die Kaap sê hy dat dit "mij ... om zijn liefelijkheid en zijn aanlokselen, uitstekend behaagt."⁷³ Die klimaat is soepel en die land vrugbaar en bewerkbaar. Selfs die verskillende wilde diere hou nie meer 'n bedreiging in nie.⁷⁴ Die blommeprag en geur "getuigt, door zijn volledigheid, keurigheid, verscheidenheid en luister, van de hand des Almagtigen. Het roept ons toe dat God hier werkzaam is, en bij de jaarwisseling herboren wordende leert het door geen onduidelijk zinnebeeld de opstanding des menschen uit den dooden."⁷⁵ Dit is heeltemal 'n ander indruk van die land as wat die binnelandse toggers in hul joernale weergee. Daarin kom 'n mens onder die indruk van hul lyding as hul tot die dood toe dors en honger in die droë binnelande moet uitstaan.

Hier word ook steengroewe en "bergen vol verschillend metaal"⁷⁶ aangetref. Die boerdery bied vele moontlikhede en word aansienlik vergemaklik deur die beskikbaarheid van arbeid deur die "onderbergse Naturellen."⁷⁷ Vat hy dit alles in een sin saam, dan "heeft dit land genoeg aan de goede dat het zelf voortbrengt, en heeft zoo lang men geen weelde verlangt, geen behoefte aan vreemde waar of hulp."⁷⁸ Die oorvloed van voedsel is vanweë "de goedheid Gods."⁷⁹

6. 'N KAAPSE-HISTORIESE VERWYSING

Anders as die reisbeskrywings van die Europese tradisie sien De Grevenbroeck die geskiedenis van die nedersetting nie i.v.m. die Portugese ontdekkingsvaarte nie. Vir hom begin dit in 1651, toe die Nederlanders dit onder aanvoering van "Jan van Riebeeck, een uitstekend man, bij rechtmatigen koop en volgens rechtsgezag bezet en van de Naturellen verkregen"⁸⁰ het. Oor die feit of dit "een rechtmatigen prijs"

72. Vgl. Tas se dagboek - verwys daar na hom as ouderling

73. Godeé Molsbergen: a.w., 304.

74. Vir 'n volledige beskrywing, vgl. dies., 289 e.v.

75. Dies., 295.

76. Dies., 292.

77. Dies., 293 e.v.

78. Dies., 302.

79. Dies.

80. Dies. Vgl. ook Schapera (ed.): a.w., 291 e.v. Sy feite is verkeerd: Van Riebeeck het in 1652 die aanleg begin. In 1672 "koop" die Hollanders, na die sg. tweede Khoikhoi-oorlog, die skiereiland en die aangrensende Hottentotsholland gebied van twee stamhoofde vir 'n nominale bedrag.

was, is De Grevenbroeck nie seker nie. Daar is egter geen onreg gepleeg nie, aangesien die verkopers vrywillig die koop aangegaan het, "en dat onze landslieden, van klein af beginnende, heeren zijn geworden van een uitgestrekter land dan de geheele omvang der Nederlanden in zich bevat."⁸¹

Ook 'n tweede insident uit die verlede, "nog in de kindsheid der volkplanting," vind De Grevenbroeck van genoegsame belang om te verhaal. "Terwijl men verstoord was over de geduurige rooverijen der Naturellen," so vertel hy, "verklaarde men hun de oorlog, en ondernam men een inval en plundertocht in het vijandelijk gebied."⁸² Uiteindelik loop hierdie "expeditie" uit op 'n oorwinning waarin "de kracht der Naturellen gebroken (werd) en kwam een einde aan den oorlog, zoodat de onzen rustig leven en hun gebied uitbreiden konden."⁸³

Sy historiese verwysing staan dus direk i.v.m. die Kaapse geskiedenis of aspekte daarvan. Hy is effe onakkuraat met sy datering. Hy verdedig ook die regsgeldigheid van die besetting.

7. SAMEVATTING

Dit is onteenseglik so dat 'n vryblywende individu en humanis in die **Descriptio Epistolaris** aan die woord kom oor die land en sy gemeenskappe waarin hy hom bevind. Soveel in sy vertolking gee blyke hiervan. Dit is 'n tipiese humanistiese streep om anekdotes en historiese insidente aan te wend om 'n vertelling te bevestig of interessant te maak. In die brief van De Grevenbroeck is die sprekendste voorbeeld hiervan die anekdote van Guillaume Chenut.⁸⁴ Hierbenewens kan nog op sy skoolse geleerdheid gewys word, sy positiewe ingesteldheid ten opsigte van kritiese ondersoek, sy filologiese belangstelling in die inheemse taal, sy pragmatiese beskrywing van die religie van die inboorlinge, ens. Uit die **Epistolaris** is dit ook duidelik dat hy hom verwant voel met die klassieke wêreld en tyd. Uiteraard spreek sy moreel-pedagogiese ingesteldheid by die behandeling van die inboorlingstamme ook van hierdie benadering. Sy beskrywing getuig ook van 'n ingesteldheid om die Kaapse gemeenskap te help om tot 'n sinvoller bestaan uit te werk en te orden. Tewens, daar is by hom 'n pertinente drang om 'n sinryke gemeenskapslewe aan die Kaap te help vestig.

Alhoewel De Grevenbroeck hom innerlik distansieer van sy gemeenskap en hom krities daarteenoor instel, skrywe hy nie as 'n buitestaander nie. Hy is 'n medestander wat aan die Kaap 'n tuiste gevind het. Met 'n inkleding van sy eie, bepaal hy hom hoofsaaklik ook by die aspekte wat die reisbeskrywings gewoonlik aangeroeer het, nl. die inboorlinggemeenskappe, die nedersetters én die landstreek as sodanig. Die land en gemeenskap het 'n eie geskiedenis wat rondom 1651 begin. By hom is die land minder gevaarlik, en die inboorlinggemeenskappe minder barbaars, terwyl die wyse waarop die nedersetters hul nuwe land bestuur en orden veel te wense oorlaat. Op die keper beskou ontsluit hy kennis en inligting i.v.m. die Kaap. Dit is immers sy interpretasie en uiteensetting. Die aksent op waarheid en verifikasie, bespreking en tipering én

81. Godef Molsbergen: a.w., 302.

82. Dies.

83. Dies., 302 e.v.; 303.

84. Dies., 270 e.v. Vir Chenut, sien Sienaert-van Reenen: a.w., 141 e.v.

die gemis van dorre weerberigte, van moeilikhede en ontberinge, plaas die brief in 'n ander kategorie as die inlandse dagjoernale. Vir sover daar sprake kan wees van 'n Kaapse literêre tradisie, is dit met hierdie geskrif verder gevoer.

Nog voor die eeuwenteling het die eerste literatuur van kerklik-teologiese aard uit die Kaapse gemeenskap gekom. Ds Pierre Simond, die uitgesproke predikant van die Franse Vlughtelinge, het hiervoor gesorg. In hoofstuk 5 word hierop ingegaan.

HOOFSTUK 5

DIE EERSTE KERKLIK-TEOLOGIESE LITERATUUR UIT DIE KAAPSE GEMEENSKAP: 1707

In die inleiding is reeds daarop gewys dat die Kaapse literêre tradisie òf in 'n algemeen-christelike, òf in 'n kerklik-teologiese inkleding tot uitdrukking gekom het. Van die literatuur met 'n kerklik-teologiese inslag is 'n preek van ds Pierre Simond, predikant wat die Franse Vlughtelinge na die Kaap vergesel het, die eerste van 'n reeks soortgelyke geskrifte uit Kaapse bodem. Dit is op 25 Januarie 1699 gelewer. Later, in 1707, het Simond dit as 'n pamflet met die titel *La vraye Adoration, Et les vrais Adorateurs ou Sermon jur ces paroles du Cap. 4 le l'Evangile jelon St. Jean v. 23 & 24.* in Haarlem uitgegee.¹ Oorspronklik was dit 'n Franse preek aan 'n Franssprekende gemeente in 'n Nederlandstalige kolonie aan die suidpunt van Afrika.

In die lig hiervan is dit vanselfsprekend dat die preek noukeurig gelees moet word. Sonder 'n pertinente vraagstelling is dit nie moontlik nie. Gee die preek blyke van 'n Kaapse vertolking en oriëntering? Is daar 'n bewuste historiese en kerkhistoriese verbandlegging? Verantwoord Simond die Skrifuitleg konnafeoneel, en in watter mate laat vind hy hom vir eietydse teologiese aksente en beskouinge? Is daar 'n teologiese singewing waaruit eksplisiete afleidings gemaak kan word t.o.v. die breë inheemse en kerklik-teologiese literatuur? In hierdie verband is die leerboekie wat Paul Roux, jarelange kategeet van die gemeente van Drakenstein, vir katkisasante opgestel het, 'n waardevolle verwysingsbron. Beide moet teen die agtergrond van die vestiging van die Franse Vlughtelinge aan die Kaap én die teologiese oriëntering van die Franse gereformeerde kerk en sy uitloper in Nederland (die Waalse Kerke) begryp word.

1. DIE FRANSE VLUGTELINGE AS KOLONISTE AAN DIE KAAP

Gedurende 1688 het 'n aantal Franse Vlughtelinge 'n heenkome aan die Kaap gevind. Uit die geskiedenis blyk dit dat hierdie vlughtelinge van protestantse en gereformeerde oortuiging in Frankryk, deel was van 'n volksbeweging. Daarin het die beoefening van die geloof soos dit in 'n Calvinisties-teologiese tradisie verwerk en begryp is,² 'n belangrike rol gespeel. Dwarsdeur die 16de en 17de eeu was hulle deel van 'n religieus-politieke beweging teen die absolutisme van die Franse monargie en Rooms-Katolieke Kerk en sy klerici.³ Die konflik het telkens daarop uitgeloop dat groot groepe protestantse en gereformeerde vlughtelinge Frankryk verlaat het.⁴ Elders in Europa moes hulle 'n heenkome vind. Baie het hulle in Nederland tuisgemaak en kerklik in die sg. Waalse Kerke, met 'n afsonderlike organisasievorm tereggekome.⁵

1. By H.F. Buys. Sien Du Toit: *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 73, vt. nt. 1. Die preek is *prononcé au Cap. de bonne Esperance le 25 Janvier 1699, et depuis á Amsterdam le 17 Octobre 1706.* Volgens Du Toit is die oorspronklike in die Bibliotheque Wallone.

2. Sien Gray: *The French Huguenots*, 55 e.v.

3. Sien Boucher: *French speakers at the Cape*, 1-102.

4. Vir 'n oorsig, sien Bakhuizen van den Brink: *Handboek der Kerkgeschiedenis IV*, 12 e.v.

5. Vgl. Van 't Spijker: "De Waalse Kerken in Nederland," in 'n ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*. Sien verder Bots, Posthumus Meyes en Wierenga: *Vlucht naar de Vrijheid*, 41-67.

Die herroeping van die Edik de Nantes (1685) het gevolg gegee aan 'n hernude uittoeg van protestante.⁶ Die nuwe stroom vlugtelingen het nie almal in Nederland verblyf gevind nie. Baie is verder. Ook na die suidpunt van Afrika het 'n klompie "vluchtelingen"⁷ voorwaardelik uitgewyk. Hierheen het hulle sekerlik met verwagtings en aspirasies gekom. Hulle vestiging sou nie sonder samelewings- en kerklike probleme wees nie.

Die meeste van hulle het in die omgewing van Drakenstein en Stellenbosch tussen die Nederlandse vyrburger-boere beland. Kerklik is hulle ingedeel by die gemeente van Stellenbosch. As "Voorleeser en Schoolmeester in de Fransche taal"⁸ is Paul Roux⁹ aangestel. Die predikant wat die groep vergesel het, Pierre Simond,¹⁰ sou die diens van die Woord beurtelings in Stellenbosch en Drakenstein waarneem. Verder is bepaal dat hy "zitting zou hebben zoowel in den kerkenraad van Stellenbosch en die van de Caap, ten tijde dat hij zich hier bevindt."¹¹ Die bedoeling was dat hulle in die bestaande Nederlandsgeoriënteerde gemeenskap met sy amptelike protestants-gereformeerde kerk opgeneem moes word. Hulle sou "mede als Nederlanders ... geconsidereert"¹² word, as koloniste wat die land moes help ontwikkel.

Spoedig is hulle in hul verwagtings geskok. In meer as een opsig was hulle weer aan bande gelê. Die ordening wat die Politieke Raad afgedwing het, het nie sonder meer aanklank gevind nie. In die persoon van die predikant wat hul vergesel het, Simond, het hulle 'n uitgesproke segsman gehad. Anders as die Hollandse predikante aan die Kaap het hy hom geïdentifiseer met sy gemeente en in hulle wel en weê gedeel. Bowendien was hy 'n predikant met rype ondervinding.

'n Bietjie meer as 'n jaar ná hul hartlike ontvangs aan die Kaap, is daar dus spanning tussen die vlugtelingen en die Politieke Raad.¹³ Die besliste en uitgesproke mening van die kommandeur op 'n vergadering waarop die onenigheid op die punt af bespreek is, was dat die Franse "an de verwagting, die de Ed. Comp. van haar hadde, niet voldeeden."¹⁴ Daarom word eensydig besluit om "der Francoisen impertinentiën in te teugelen."¹⁵ Hulle versoek om bymekaar te mag woon, word nie toegestaan nie. Ook word die aandrang

6. Sien Van Itterzon en Nauta (reds.): *Geschiedenis van de Kerk VI*, 110 e.v.

7. Vir 'n behandeling hiervan, sien Botha: *The French Refugees at the Cape*; Leipoldt: *Die Hugenote*; Coertzen: *Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688-1988*. Die bibliografie hierby is uitstekend, 175 e.v. Vgl. verder Brown: "The French Refugees in South Africa and the historiography of the 19th century," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*.

8. Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken II*, 600.

9. Vir hom, sien SABW III, 743.

10. Sien SABW I, 755-756; Hattingh: "Biografie van enkele Hugenote-predikante," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*, 1 e.v.; Engelbrecht: *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*, 26 e.v. Sien ook Franken: "Die Hugenote" in *AJB* 41, 34 e.v., 51 e.v. en 190 e.v.

11. Spoelstra: a.w., 600.

12. Dies., 599.

13. Dit moet ook begryp word teen die agtergrond van die Tweede Koalisie-oorlog teen Frankryk 1688-1715. Sien in hierdie verband Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam III*, 9 e.v.

14. Spoelstra: a.w., 600.

15. Dies., 601.

"om een aparte en bysonder kerkenraad uyt 't midden van de haare te mogen stellen," afgewys.¹⁶ Hulle het geen ander keuse gehad as om "haar met den kerkenraad aan Stellenbosch geestabliseerd, te vergenoegen."¹⁷ Vir 'n kerklike patroon soos wat dit in die Waalse gemeentes in Nederland ontwikkel het, het die kommandeur nie kans gesien nie. In 'n tradisie waarin 'n kerklike verskeidenheid geakkommodeer is, wou die Politieke Raad die gemeenskap wat hy georden het, nie laat opgaan nie.

Nog voor bg. vergadering het die predikant van die Franse Vlughtelinge hom namens hulle op die Here 17 beroep. Hierdie vergadering besluit om voorwaardelik toestemming te verleen "tot het formeerden van een consistorie op de wijze als tot Batavia."¹⁸ Die ouderlinge en diakens moes beide "de Duytsche en Fransche" tale magtig wees, deur die kommandeur aangestel word en "dat wijders de Commandeur twee Politique Commissarissen in de consistorie sessie doe nemen; dat deze de saecken van ghewigt kunnen laten brengen voor den kerckenraad van 't Fort, waarby de Franse gedeputeerden souden comen om de verschillen af te doen."¹⁹ Hiermee het die vlughtelinge teen die einde van 1691 'n gemeente in die Drakenstein omgewing bekom.²⁰

Hiermee is die kerklike situasie aan die Kaap verander. Daar was nou drie gemeentes. Aan die Kaap, by die fort en die setel van die gesag, was 'n gemeente reeds vir meer as 25 jaar gevestig.²¹ In Stellenbosch was nog 'n kerkraad en buitgemeente wat homself, t.s.v. 'n sukkelbestaan en die bediening van 'n omstrede sieketrooster,²² sedert 1686 gehandhaaf het.²³ Vir die eerste keer was daar nou ook meer as een predikant. 'n Jaar na sy aankoms het Pierre Simond vir Leonardus Terwolt²⁴ as kollega gekry. Toe Terwolt in 1693 die Kaap verlaat, is Petrus Kalden²⁵ in sy plek aangestel.

Die verhouding tussen die gemeentes aan die Kaap is anders gereël as in Nederland. Hier het geen kerkverband in die gereformeerde sin van die woord na vore gekom nie. Was dit omdat die Kaapse gemeentes in 'n verband met die Classis van Amsterdam gestaan het?²⁶ Of is dit omdat die twee buitgemeentes ingedink is as 'n deel van die Kaapse gemeente? Moontlik hang dit daarmee saam dat daar onbewustelik vanuit 'n Kaapse hoofkwartier oor die kerk gedink is.

16. Dies.

17. Dies.

18. Dies.

19. Dies.

20. Vgl. *Kwartmilleniumgedenboek van die Ned. Geref. Gemeente, Paarl*, 1. e.v. Sien ook Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 84 e.v.

21. Sien Hopkins: *Die moeder van ons almal*, 1.e.v.

22. T.w. Mankadan. Vir hom, sien SABW III, 592.

23. Vir die geskiedenis van hierdie gemeente, vgl. die resente publikasie van Fenham (red.): *Drie eeue genade*. Sien ook dies., 11 e.v.

24. Engelbrecht: a.w., 30.

25. Vgl. dies., 31 e.v.

26. Vgl. Odendaal: *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland*, 21 e.v.; veral 38 e.v.

Langs plaaslik neergelegde riglyne het die Franse Vlughtelinge hul voete gaandeweg gevind. Hulle het in 'n onmiddellike verband met die lewe en land gestaan, en oor die algemeen 'n sukses van hulle boerderytjies gemaak. Die (boerdery) gemeenskap het hulle geakkommodeer. As 'n groep het hulle nie daarin geslaag om hul Franse identiteit te behou nie. Aan die Kaap sou 'n Franssprekende gemeente ook nooit beslag kry nie.

In dieselfde jaar waarin Simon van der Stel die gesag aan die Kaap aan sy seun oorgedra het, (by welke geleentheid hy nog sy wantroue teen die "Franse natie" uitgespreek het), het Pierre Simond die preek waarna hierbo verwys is, gelewer. Hierbenewens het hy tydens sy verblyf aan die Kaap ook aan 'n nuwe Psalmberyming gewerk wat hy as *Les veillées africaines ou les psaumes de David mis en vers francais* (die Afrikaanse Waakstondes) in 1703 in Nederland uitgegee het.²⁷ Dit is tot sy groot teleurstelling nie deur die Waalse Sinode vir kerklike gebruik in die Franse gemeentes in Nederland aanvaar nie.²⁸ Die Psalmberyming kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Behalwe die preek, is daar dus net die handgeskrewe katkisasieboekie van Paul Roux waaruit 'n mens 'n indruk kan kry van die teologiese benadering waarmee die gemeente begelei is. As bronne in hierdie verband moet die leerrede van Simond en katkisasieboekie van Roux nie onderskat word nie. In die prediking en kategetiese onderrig word die religieuse uitgangspunte, die teologiese weersveranderinge en die besondere dogmatiese posisies op sy helderste sigbaar.

2. DIE "LEERREDE" OOR JOHANNES 4 VERS 23 EN 24

Toe C. Spoelstra die *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*²⁹ in Nederlandse argiewe uitgesnuffel het, het hy op hierdie preek in pamfletvorm afgekom. Hy het dit uit Frans vertaal en 'n afskrif van die "Leerrede over Joh. 4 vers 23 en 24" in die Kaapse kerkargief gelaat.³⁰ Formeel is die aanpak beredeneerd en tematies met 'n inleiding, uitleg en toepassing van die teks - na die eise van die predikkunde van sy dag.

N.a.v. die teks behandel Simond die opregte aanbidding, sowel as die toegewyde gebedshouding by die aanbieder. Hy is daarvan oortuig dat "geen andere geschiedenis of geen andere tekst in de Schrift"³¹ die aanbidding en diens aan God so duidelik leer as juis hierdie gedeelte nie. Sedert die koms van Christus lê die wyse waarop God aanbid word nie meer opgesluit in die Joods-seremoniële en kultiese van die Mosaïese wetgewing nie, maar in gees en waarheid. Eintlik is hierdie wyse van aanbidding volgens hom reeds ingegee deur die wil en natuur van God.³²

27. Vgl. Van Niekerk: "Ds. Pierre Simond Predikant van die Hugenote" in *Die Voorligter*, Julie 1988, 23.

28. Vgl. Du Toit: a.w., 72-73.

29. Amsterdam, 1906-1907.

30. Vir die doeleindes van die onderhawige studie, word hierdie vertaling gebruik.

31. Simond: *De ware Aanbidding*, 3.

32. Dies., 6.

"De meening van eenige oude uitleggers"³³ wat "waarheid" i.v.m. die Seun van God en "geest" i.v.m. die Heilige Gees uitleg, wys Simond af. Onder "geest" verstaan hy "de geest en de ziel des menschen," terwyl hy waarheid opvat "in den zin van reinheid en oprechtheid des harten ... zeggende, dat de Heer wil aanduiden, hoe men God moet aanbidden door de werking van het verstand en door de oprechte toegewijtheid van een oprechte hart, zonder huichelarij of geveinsdheid."³⁴ Hierdie eksegetiese keuse het konsekwensies vir die res van sy preek en vorm in meer as een opsig die fondament vir die uitbou van sy argument, sowel as vir die toepassing daarvan op die gemeente. Daarmee stel hy die vrome mens in die middelpunt. Daarmee verleen hy aan sy leerrede 'n besliste humanistiese of antroposentriese intonasie.

By die verduideliking van die aard van die aanbidding³⁵ plaas hy dit "tegenover de vroegere dienst der wet."³⁶ "Deze dienst was ... de schors, het uiterlijke, als het ware het vleesch en het lichaam van de innerlijke aanbidding, die er de ziel en de geest van was."³⁷ Hierbenewens was dit ook "zinnebeeld, voorafschaduwing en voorbeeld van den innerlijken dienst."³⁸ God het dit met wysheid ingestel "om te dienen tot de opvoeding, die Zijn volk noodig had gedurende zijne kindsheid."³⁹ Met die "volkomen openbaring van het Evangelie" het "de kerk uit hare kindsheid tot de volwassenheid gekomen"⁴⁰ en is hierdie diens afgestel.

Nadat hy kortliks op die voorwerp van aanbidding - God Drie-enig⁴¹ - gewys het, gaan hy in op die redes vir die instelling van die nuwe diens.⁴² Dit lê allereers in Sy wil.⁴³ Hy wil geen ander diens as dié in gees en waarheid nie. Beteken dit nou dat die seremoniële en Mosaïese diens die nuwe geestelike diens weersprek het? Dit is tog ook deur God ingestel? Simond verduidelik aan die gemeente dat die een nie die ander uitsluit nie.⁴⁴ Indien die Mosaïese erediens in pligpleging en verordeninge - "zonder geloof, zonder vroomheid en zonder toewijding"⁴⁵ - sou uitmond, het God geen welbehag daarin nie. Voorts blyk dit ewe duidelik "uit den aard der zaak zelve."⁴⁶ God sou Hom nie laat behaag het met die bloed van die besnydenis, die offerdienste, ens., nie.⁴⁷ Dit is maklik om in te sien dat Hy Hom eerder in die inwendige, in die mens se innerlike berou en reinheid, sou verlustig.⁴⁸ Indien 'n mens meen dat God "een welgevallen

33. Dies., 7.

34. Dies.

35. Dies., 10 e.v.

36. Dies.

37. Dies., 14.

38. Dies.

39. Dies., 20.

40. Dies. Hy sê elders dat die kerk "de eerste beginselen der wet niet meer noodig had om haar tot den dienst van God in staat te stellen," dies., 21-22.

41. Dies., 23 e.v.

42. Dies., 24 e.v.

43. Dies.

44. Dies., 25 e.v.

45. Dies., 27.

46. Dies., 27 e.v.

47. Dies., 28 e.v.

48. Dies.

kon hebben in dingen die zonder geloof, zonder vroomheid en zonder waarachtige toewijding aan Hem konden gedaan worden," dan beteken dit dat hy òf "zeer stompzinnig" is, òf "onwaardige gedachten omtrent Gods wijsheid en majesteit moeten koesteren."⁴⁹

Die vraag, teken Simond hierby aan, is waarom God dan die seremoniële en vleeslike diens ingestel het as dit Hom nie behaag nie of teen Sy wil indruis? Dit moet eweneens "verklaard" word.⁵⁰ God het die "ceremonieele dienst der wet ... toegelaten"⁵¹ om sy volk binne die (na-Egiptiese) situasie waarin hulle hulle bevind het, godsdienstig te behou.⁵² Hulle was "zeer onwetend en ongevormd, ... in slavernij geboren en opgevoed."⁵³ Die uitwendige erediens vervang dus nie die inwendige nie, maar is as 'n hulpmiddel tot onderwysing van die volk bedoel.⁵⁴ Daarmee het God Homself "in zijne neerbuigende goedheid ... binne bereik van de bevatting van Zijn volk"⁵⁵ geplaas. So is die aanbidding in gees en waarheid voorwaardelik moontlik gemaak. Daarin moes dit noodwendig "alleen om het gelóóf, de toewijding en de vroomheid" gaan.⁵⁶

Die uiterlike diens aan God is tweedens afgedaan omdat die natuur van God 'n andersoortige aanbidingsvorm veronderstel. Teenoor die mens, wat "vleescheljk en aan het stof gehecht is," is God "een geest"⁵⁷ wat "niets met het stof in gemeen het."⁵⁸ Daarom moet Hy aanbid en gedien word op 'n wyse wat met sy natuur ooreenstem.⁵⁹ Dit is volgens Simond so "klaarblykelyk"⁶⁰ - "verskeidene van de heidene het dit reeds erkend"⁶¹ - dat enige verdere verduideliking oorbodig is. Speel hy hiermee in die hand van die Grieks-filosofiese dualistiese uitgangspunt en teenstelling tussen gees en liggaam? Die derde argument wat Simond aanvoer om die saak waarmee hy besig is, nog duideliker te bewys, diep hy op uit die geskiedenis van die Joodse volk. Met die verwoesting van Jerusalem (69/70 n.C.) en die opheffing van die Joodse volksbestaan is die seremoniële diens finaal beëindig.⁶²

In die laaste gedeelte van die preek bepaal Simond hom by "enkele toepassingen ... van de les die de Heer ons er in geeft."⁶³ Sy uitleg en beredenering laat hom toe om die Rooms-Katolieke liturgie en erediens as 'n nie-Skriftuurlike ontsporing aan die man te bring.⁶⁴ Met die "oneindig aantal seremoniën"⁶⁵ het die Kerk van Rome die uiterlike van die Mosaïese wetgewing weer binnegehaal en die ware diens van God

49. Dies., 29.

50. Dies., 29 e.v.

51. Dies., 30.

52. Dies., 32.

53. Dies., 31.

54. Dies., 33.

55. Dies., 32.

56. Dies., 34.

57. Dies., 35.

58. Dies.

59. Dies., 36.

60. Dies., 35.

61. Dies., 36.

62. Dies., 37.

63. Dies., 38-39.

64. Dies., 39 e.v.

65. Dies., 39.

sodoende ter syde gestel. Daarteenoor roep Simond sy gemeente op tot dank teenoor die Here, "dat Hij ons niet alleen in de eerste Christenen verlost heeft van den vleeschelijken en uitvoerigen dienst van de Mosaïese wet, maar dat Hij ons ook verlost heeft, in onze vadersen, van de ceremoniën die de eigenwaan, de onwetendheid en de begeerlijkheid des menschen in de kerk hadden ingevoerd."⁶⁶

Dit beteken nie dat hy net teen die Roomse manier van aanbidding 'n byltjie slyp nie. Lidmate van die reformatoriese kerk loop eweneens die gevaar om in pligpleging te verval en na die vlees te lewe.⁶⁷ "Laat ons voortaan," gee hy gevolg aan sy waarskuwing, "den Vader aanbidden in geest en in waarheid; laat ons Hem aanbidden door daden van levend geloof, oprecht berouw, van ongeveinsde liefde, kinderlijke vrees, vurige toewijding, diepen ootmoed, door al de handelingen van eene ziel, die vol aanbidding is voor Zijne grootheid, Zijne barmhartigheid en de wonderen zijner genade."⁶⁸ Eers só sal die Vader hulle as ware aanbidders erken en seën.

3. DIE TEOLOGIESE UITGANGSPUNT VAN DIE PREEK VAN SIMOND

Met die eerste oogopslag is dit 'n preek wat die leser vandag nog aanspreek. Die suiwere en egte godsdiens is op die allerinnigste wyse verbonde met 'n ernstige en vrome geloofshouding van die mens. In die beoefening van die geloof en diens aan God gaan dit inderdaad om die opregtheid van hart, en word die groot vertoon van seremonies deur die Skrif afgewys. In die lig van die erns waarmee Simond dit aan sy gemeente tuisbring, moet die positiewe beoordeling van die preek deur H.D.A. du Toit begryp word.⁶⁹

Die vraag is egter of Simond met die aksent wat hy op die ménslike houding en benadering in die godsdiens lê, nie op 'n belangrike punt die klinklare wyse waarop die Reformatore vanuit Christus oor die erediens en geloof gedink het, verlaat het nie. Dui die manier waarop hy telkens die mens met sy vroom geloofskennis en -ingesteldheid in sy argument sentraal stel, nie hierop nie? Teen sy bedoeling in, speel hy op 'n bedenklike wyse terug na die geloofshouding en -kwaliteit van die mens. In die aanbidding van God gaan dit s.i. per slot van rekening om menslike vroomheid, selfverloëning en opregtheid van gemoed. Dáárin lê die waarheid van die aanbidding van God.

Aan Christus, wat die diens in Gees en Waarheid moontlik maak, gaan hy verby. Hy maak byna niks van die heilshistoriese wending wat daar gekom het toe die Woord vlees geword het nie. Daarenteen kom die onveranderlike wil en natuur van God in die kollig. Met hierdie dogmatiese uiteensetting toon Simond aan dat die wyse van aanbidding - na gees en waarheid - in beide Testamente gehandhaaf word. Die verskil fundeer hy in die toelatelende wil van God, vanweë die staat of algemene gesteldheid van die Joodse volk. Eerder as om op die betekenis van die soenverdienste van die Middelaar vir die aanbidding en diens aan God te wys, werk hy 'n waterdigte en redelik haalbare antwoord uit t.o.v. 'n (veronderstelde) kritiese vraag

66. Dies., 43.

67. Dies., 44 e.v.

68. Dies., 48.

69. Vgl. bv. Du Toit: a.w., 73 e.v., veral 75-76 in hierdie verband.

aan die teks, nl. hoe dit versoen moet word dat die onveranderlikheid van God⁷⁰ klaarblyklik twee teenstrydige vorme van aanbidding in sy Woord vereis. Hierdie vraagstelling aan die Skrif het Simond se intellektuele behandeling van die teks onmiskenbaar beïnvloed.

Sy preek mis iets van die ongedwonge verkondiging van die Woord. Dit word Skrifverklaring waarin beredenering en uiteensetting neerslag vind. Die formele vormgewing - dit is 'n leerrede! - bevestig hierdie benadering. Dit dui daarop dat Simond nie aan die rasonele intellektualiteit van die laat 16de-eeuse humanistiese tydsges ontkom het nie. Daarvolgens moes 'n preek redelik en wetenskaplik haalbaar wees. Telkens beroep hy hom op rasonele insig, wat die saak wat in die Skrif aan die orde gestel word, ondersteun. Na die eis van die tyd het die ortodoks-reformatoriese teologie in die 16de eeu in die rigting van 'n bepaalde rasionalisering van die Godskennis en geloofsinhoud beweeg. Simond het aan die suigkrag van hierdie verskuiwing toegegee.

Behalwe dat hy die geloofskwaliteit en -uiting van die mens van soveel gewig ag, ken hy aan die ander kant aan die menslike rede gevolglik 'n bepaalde gesagsposie toe by die uitleg en verklaring van die Skrif. Dit is natuurlik ook vreemd aan die manier waarop die Reformasie beklemtoon het dat die Skrif sy eie uitlegger is.⁷¹ Daarom bring dit geen spanning as hy rasonele en historiese insigte en argumente bybring om die Skrifuurlike verkondiging te bevestig nie. Wat die historiese betref, is dit die geskiedenis van die Joodse volk wat ingeroep word. Daarmee bring hy die genoegsaamheid van die Skrif in die gedrang.

Van die verkondiging van die Woord maak hy 'n redevoering of leerrede. Sy leerrede verrai die humanistiese intellektualiteit wat in sy dag in die kerk en teologie aan die orde was. Sy preek wil prakties, pastoraal, onderwysend wees. Dit wil aan die pedagogiese ideale voldoen. Maar dit gaan mank aan 'n tiperende en kofessionele verantwoording in die sin van die reformatoriese teologie. Sy eksegetiese keuse laat hom in uitgangspunte vasval waarin 'n humanistiese gerigtheid die oorhand het.

Sou hierdie redevoering tiperend wees van die teologiese aksentuering van die Kaapse Kerk of moet 'n mens aanvaar dat dit net onder die Franse Vluchteling in omloop was? Tot op sekere hoogte werp die katekisasieboekie van Paul Roux lig op hierdie vrae.

4. DIE EERSTE KATEGETIESE LEERBOEK UIT KAAPSE BODEM

Paul Roux was jare lank katekiseermeester in die Drakensteinse gemeente.⁷² Daarvoor het hy 'n leerboekie opgestel wat nog langer en ten minste in die voorposgemeente van Drakenstein in gebruik was. Gedurende 1743 nog het H.C. von Wiedingh 'n afskrif daarvan gemaak. Dit is as 'n hulpmiddel by die *Belydenis des*

70. God is immers "onveranderlijk in Zijne natuur, maar eveneens in Zijn wil." Simond: a.w., 24.

71. Vgl. die proefskrif van Rossouw: *Klaarheid en Interpretasie*.

72. Sien Claassen: *Die sieketroosters in Suid-Afrika*, 265 e.v. Vgl. ook Du Toit: *Onderwys aan die Kaap*, 58, 60 e.v., 64 e.v.

geloofs gebruik. Volgens ds Fransiscus le Seuer, predikant van die Kaapse gemeente gedurende 1734-1746, was dit praktyk aan die Kaap om van handgeskrewe katekisasieboekies gebruik te maak. Hier was immers nie 'n drukpers beskikbaar nie.

Van buite beskou staan **Belydenis des geloofs** in die tradisie van die gereformeerde en protestantse kategeese en teologie.⁷³ Dit is 'n vraagboekie, waarop die antwoorde telkens met byhaal van die Skrif gegee word. Dit bestaan uit 8 hoofdele. Dit is kort en saaklik, sonder langdradige beredenering. Op 'n ry af behandel Roux die Godsleer, die uitverkiesing, die skepping, die sondeval en die straf daarop, sowel as die noodsaak en eienskappe van 'n Middelaar. Daarna werk hy sy gedagtes oor die Middelaar uit en bepaal hom by Christus, Sy nature, ampte en state. Laastens lei hy sy katekisant op die heilsweg en verduidelik die ("zaligmakende") geloof, die regverdigmaking, heiligmaking en heerlikmaking. Hy sluit sy boekie af met 'n aantal vrae oor die sakramente.

Hierdie sake is uiteraard in die breë aangesny deur die belydenisskrifte van die gereformeerde kerke.⁷⁴ Die manier waarop hy dit aan die orde stel, herinner in meer as een opsig aan die uiteensetting van die Confessio Belgica.⁷⁵ Sou hy sy aansluiting vind by 'n belydenisskrif wat histories verwant is aan die Franse gereformeerde kerk? In sy geheel is die boekie nie so omvattend soos die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) nie. Hierbenewens ontbreek dit aan die konfessionele gerigtheid van die NGB.⁷⁶ Die **Belydenis** is nie afgestem op Godkennis en heilskennis nie, maar werk eerder met 'n intellektuele begrip van onderskeie doktrinêre waarhede. Dit blyk die duidelikste uit die intellektualistiese wyse waarop Roux die wese en deugde van God, sowel as die eienskappe van die Vader, die Seun en die Heilige Gees onderskei en uiteensit. Dit word deur en deur 'n leerboekie oor die inhoud van die christelike geloof.

Omdat hy nie 'n konfessionele metode aanlê nie, verbaas dit nie dat Roux, anders as die NGB (asook die Heidelbergse Katagismus),⁷⁷ nie uitgaan van die Skrif en die openbaring van God nie. Hy knoop aan by die mens en sy kognitiewe vermoë. Dit is niks minder nie as 'n refleksie van die verskuiwing wat daar veral gedurende die 17de eeu in die reformatoriese teologie sigbaar geword het. Daarin het die pendulum stadig weggeswaai van die lewende God en sy Skriftuurlike openbaring, na die christelike mens en sy geloofskennis.

Paul Roux se eerste vraag verraai alreeds die antropologiese of humanistiese aksentuering van die vrae en antwoorde wat volg: "Wat zyt gy?", so begin hy. Dan gee hy die antwoord: "Een Mensch." "Wat is een mensch?," gaan hy voort: "een redelyk Schepsel, bestaande uit ziel en lighaam."⁷⁸ Die mens, waarvan sy "ziel" ("om datse redelyk en met bewustheid van haar selven is werkende" en terselfdertyd "onsterfelyk" is)

73. Vgl. Verboom: *De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie*, 157 e.v., veral 187 e.v.

74. Vgl. Bakhuizen van den Brink: *De Nederlandse Belydenisschriften*; Steubing (red.): *Bekennnistexten aus zwanzig Jahrhunderten*, 119 e.v.

75. Bakhuizen van den Brink: *Belydenisschriften... a.w.*, 1 e.v.

76. Voorts kan gewys word op die feit dat Roux supralapsaries i.p.v. infralapsaries (soos die gereformeerde belydenisskrifte) met die Raad van God omgaan.

77. Hieby kan sekertik ook die Dordtse Leerreëls gevoeg word.

78. Roux: *Belydenis des Geloofs*, Eerste hoofdeel.

die "beste deel" is, is in staat om redelik te ken. Daarom veronderstel Roux dus dat geloofskennis nie geopenbaarde Godskennis⁷⁹ is nie, maar (óók) intellektuele kennis is. Daarom lei hy die "tweede Hooftdeel" in met die vraag na "de eerste waarheid, die men kennen moet om wysgemaekt te worden tot Zaligheid"? Sy antwoord is sprekend van sy benadering: "Dat God is." Dit gaan m.a.w. nie om 'n geopenbaarde waarheid nie, maar om 'n kenbare waarheid. Daarmee bly 'n kofessionele uitgangspunt en Skrifuurlike intensie natuurlik prinsipiëel in die slag.

In die lig van die voorafgaande opmerkings is dit duidelik in watter mate Roux die uitgangspunte van die tradisionele gereformeerde kategeese as onderrig van die Woord verlaat het. Is dit omdat, soos Balke aantoon,⁸⁰ die Franse gereformeerde kerk 'n tiperende intellektuele tradisie in sy teologiese oriëntering en verwerking gehuisves het? Van die reformatoriese en gereformeerde kerke is hierdie kerk immers in groter mate deur 'n humanisties-kritiese gees beïnvloed.

Die feit bly staan dat beide die preek van Simond én die leerboekie van Roux merktekens dra van 'n humanistiese inslag. In hierdie kader en teologiese oriëntering is die bediening en onderrig van die Woord in die Drakensteinse (en Stellenbosse) gemeente waargeneem. In watter mate dit vir die geheel van die Kaapse kerk gegeld het, is moeiliker om uit te maak. De Villiers het dokumentêre bewys gevind dat die Heidelbergse Kategismus sowel as die Kort Begrip óók aan die Kaap vir kategetiese doeleindes benut is.⁸¹ Dui die boekie van Roux daarop dat 'n ander teologiese benadering by die Kaapse kerk ingedra is? Of het die Kaapse kerk hierdie aksente geredelik in sy eie tradisie geakkommodeer? Die nakomende literatuur van kerklik-teologiese aard laat op hierdie vrae lig val. Streng genome val 'n behandeling hiervan buite die bestek van die onderhawige studie. Van groter belang is om te wys op die geskiedbeeld onderliggend aan die leerrede van Simond.

5. DIE GESKIEDBEELD IN DIE LEERREDE VAN SIMOND

In die toepassing van sy preek verwys Simond na die kerkgeskiedenis. Hy meen dat God die gemeente "in onze vaderen"⁸² van die seremoniële en Rooms-Katolieke erediens bevry het. Dit is kennelik 'n verwysing na die Reformasie. Daarnaas assosieer hy bewustelik met die regsinnigheid van "de eerste Christenen."⁸³ Hiermee hou hy ook die Vroeë Kerk as historiese model voor.

79. Soos dit bv. by Calvyn die geval is. Vgl. Van Genderen: *Geloofskennis en Geloofsverwachting*, 7 e.v.

80. Sien Balke: "Preaching in the Reformed Church of France," ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*. Sou dit 'n refleksie wees van "the peculiar development of the intellectual tradition of the French Protestant Church and essentially humanist orientation" wat hy onweerlegbaar aangedui het?

81. Sien De Villiers: *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategeese I*, 165, 170, 174 e.v.; Claassen: a.w., 274 e.v.

82. Simond: a.w., 45.

83. Dies.

Onderliggend aan sy kerkhistoriese verwysing is die geskiedbeeld wat so tiperend van die kerke van die Reformasie⁸⁴ was. Dit is histories 'n latere ontwikkeling en het sy beslag gekry in die apologetiese geskiedskrywing wat ná die Reformasie afgedwing is.⁸⁵ In hierdie geskiedbeeld loop die lyn vanuit die eie tyd oor die Reformasie tot by die Vroeë Kerk. Beide vorm die twee spilpunte waaromheen die beeld draai. Hiermee identifiseer Simond en sy gemeente. Daar is dus 'n kosbare en sinryke band tussen die gemeente, die kerk van die apostels en die reformatore. Hieruit het hulle voortgekom. Sonder 'n geskiedenis is hulle nie. Hierdie geskiedenis is betekenisvol in die sin dat dit meegetuig met die openbaring. Dit lê ingebed in die bevrydende ingrype van God. Dit weerspieël 'n besef van die leiding van God in die geskiedenis. Daarom het dit geldige seggingskrag en kan dit in die prediking teregkom. Daarom gebruik Simond dit ook in die toepassing van die verkondigde Woord.

Maar, is die geskiedbeeld aan die Kaap met dieselfde betekenis en inhoud gevul as in Europa? Immers, aan die Kaap is die Reformasie as 'n diepgrypende gebeure en beweging histories en kerkhistories nie belewe nie. Hier het fisiese tekens en plekke wat as lewende monumente uit die verlede aan gebeurtenisse uit die Reformasie herinner het, ontbreek. Aan die Kaap is hierdie beeld losgemaak van die bodem waaruit dit ontstaan het. Die situasie was histories en kerkhistories anders. In die nedersetting het die Rooms Katolieke Kerk nagenoeg geen invloed gehad nie. Deur literatuur en 'n tradisie is bogemelde geskiedbeeld dus by die Kaapse gemeenskap lewend gehou. Nie net Simond nie, maar ook De Grevenbroeck het hieraan oriënteer. Sou die geskiedbeeld op "vreemde" bodem dieselfde betekenis hê? Watter (ander) teologiese afleidings sou hieruit in die Suid-Afrikaanse konteks en situasie gemaak word? Op hierdie vrae het die geskiedenis 'n antwoord gegee.

6. SAMEVATTING

As eerste geskrifte van teologies-kerklike aard uit die Kaap, wen die leerrede en leerboekie aan besondere belang. Daarmee is 'n ander reeks in die tradisie van die inheemse literêre oriëntering aangekondig. Dit moet dus onderskei word van die brief van De Grevenbroeck (1695) wat in algemeen-christelike terme opgestel is. Hiermee is twee lyne binne die Kaapse oriëntering begin wat, in historiese en kerkhistoriese literatuur, tot in die 20ste eeu in 'n besondere samehang met mekaar sou staan.

Kerklik en teologies is die preek en onderrigboekie nie anachronismes nie. Dit staan digby die aspirasies en pretensies van die eietyd en wat in 'n humanistiese sin verwag is van 'n leerrede en werkboek vir die onderrig. Dit is egter duidelik dat - onder invloed van die tyd - beide wegduaal uit die veilige beskutting van 'n kofessionele benadering en daarmee in die ban van 'n humanistiese intellektualiteit en antroposentriese vroomheid verstrengel raak. In beide gaan die humanistiese benadering van die eietydse teologiese denke skuil. Beide staan in die tradisie van die Reformasie. Beide kom uit Afrika en het ontstaan in 'n kolonie ver

84. Vgl. Van 't Spijker: *Reformatie en geskiedenis*, veral 111 e.v.

85. Dies., 111 e.v., 123 e.v.

verwyder van Europa. Daarby is dit van belang om daarop te let hoe die historiese oriëntering aan die geskiedbeeld van die na-reformatoriese kerke in die Kaapse kerk voortgang gevind het. Dit is 'n geskiedbeeld wat in die leerrede apellatief aangewend word. Sou dit duidend wees vir die toekoms?

Simond lewer sy preek gedurende Januarie 1699. Die eerste literatuur uit die Kaapse gemeenskap ná hierdie gedrukte preek, is 'n groep geskrifte wat vólop in die teken van 'n onbehaaglike polemieek staan. Histories hang dit daarmee saam dat die differensiering in die samelewing belangegroepes geskep het wat teenoor mekaar te staan gekom het. Die Franse Vlugtelinge het geen geringe aandeel daaraan gehad dat dit uiteindelik op die spits gedryf is nie. Met hierdie oor en weer verweerskrywery is die inheemse literêre tradisie in sy Kaapse oriëntering verder gevoer. Buitestaanders het bygekom en kant gekies. In die volgende hoofstuk word die aandag bepaal by hierdie nuwe ontwikkeling en literatuur vroeg uit die 18de eeu.

HOOFSTUK 6

UITEENLOPENDE STANDPUNTSTELLING EN BETROKKENHEID BY 'N BELANGEGESKIL AAN DIE KAAP: 1708-1713

Aan die begin van die 18de eeu het omstandighede en verskeie insidente die Kaapse gemeenskap op 'n gespanne voet gebring. Die rigiede merkantilistiese beleid van die VOC, tesame met konkurrente boerderyondernemings van senior amptenare, het die vryburger-boere in 'n hoek gedryf. Individue het die voortou geneem. Dit het uitgeloop op 'n beweging teen die Kaapse owerheid. Beide partye het hulle op die Here 17 in Nederland beroep. Die stryd en onderlinge geskil het gevolg gegee aan 'n aantal verweerskrifte. Daarin is die saak uiteenlopend vertolk. Ook buitestaanders en besoekers het betrokke geraak by die **Kaapsche Geschillen en Onlusten**.¹ In hierdie geskrifte is die onderskeie literêre tradisies verder gevoer.

1. DIE GEDIFFERENSIEERDE GEMEENSAP VOER 'N ONDERLINGE STRYD

Oor die eerste 50 jaar van sy bestaan aan die Kaap het die Europese gemeenskap institusioneel, maatskaplik-sosiaal en kerklik ontwikkel. Samehangend hiermee is die grens voortdurend uitgeskuif soos die landwaartse besetting sy gang gegaan het. Die differensiering waarop die Kaapse bestel uitgeloop het, is nie oorkom nie. Met die eeuwenteling het dit 'n gemeenskaplike struikelblok geword. Gedurende 1705 het die verhouding hand-uit geruk en is 'n harde stryd gevoer.

Die ordening van die gemeenskap is tot op groot hoogte van buite deur die bewindhebbers in Nederland bepaal. Aanpassings vanweë die eise van die praktyk was stram en is dikwels nie deurgevoer nie. Die **amptenary**² het uit die hoofsetel uitvoering gegee aan die ontoeskietlike beleid van die VOC. Sommige senior amptenare het die geleentheid benut om as produseerders die ekonomie tot hul eie voordeel te plooi. As groep was die amptenary beïnvloed deur 'n lojaliteit en/of verbondenheid aan die administrasie van die VOC en sy hoofuitvoerende beamptes. Die predikante wat aan die Kaap die diens van die Woord waargeneem het, het oor die algemeen met hierdie groepering van die samelewing geassosieer.³

Teenoor die amptenary het die **vryburger of boerderygemeenskap** van die Weskaap gestaan. Onder hulle was 'n groep welvarende boere. As heemrade, burgeroffisiere, burgerrade, weesmeesters, ouderlinge en diakens, het hulle in die gemeenskap gedien en meegesprek in die openbare besluitnemingsproses. 'n Eie ondernemingsgees en selfstandige lewensvisie is aangekweek. Afgesny van die buitewêreld was hulle nie. Hulle het 'n bevattingsvermoë gekoester vir idees uit Europa en veral Nederland. Onder hulle was daar al in die 90ger jare enkelinge met 'n intellektuele agtergrond en benadering. Die skoolvoorbeeld is Adam Tas,⁴ vryburger van Stellenbosch. Uit Nederland het hy hierheen gekom. In die stryd teen die knellende

1. Dit is die titel van 'n geskrif waarin die **Korte Deductie** van Van der Stel (c.1708), die **Contra-Deductie** van Tas en Van der Heiden (1712), en die **Neutrale gedachten** van 'n Nederlandse buitestaander in c.1713 gepubliseer is.

2. Sien Gilliomée en Elphic (reds.): **'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820**, 13.

3. Sien Botha: **Social life and customs**, 34, ook 66 oor die sosiale posisie van die predikante in die samelewing.

4. Vgl. **SABW II**, 749-751; **SESA 10**, 426-427.

uitbuiting van goewerneur W.A. van der Stel⁵ het hy homself as 'n leier aangewys. Uit sy dagboek⁶ is dit duidelik dat sy begrip van die vryburger-boere ooreengestem het met idees wat in Nederland die rondte gedoen het. Daar het die burger, in teenstelling met die volk en die adel, in 'n nuutverwerde rol te staan gekom: jeugdig, naïef en selfbewus.⁷ Uit sy en sy medeburgers se gesprekke, optrede en geskrifte blyk dit dat hierdie gedagtes ook aan die Kaap posgevat het. Die landbouers het burgers geword en na selfverwesenliking begin strewe. In vrede kon hulle nie genoeg neem met die manier waarop Van der Stel sake aan die Kaap hul verloop gegee het nie. Dit het griewe gekweek wat 'n samebindende faktor was. Vroeg in die 18de eeu het dit uitgegroei tot konflik en kon hulle in 'n samehang standpunt inneem teen die amptenary.

Hierbenewens het die **Trekboere**⁸ ná 1700 in die buitewyke van die kolonie aan 'n verdere samelewingsverband gevolg gegee. Hulle het met hul veestapels 'n halfnomadiese bestaan as randfigure gevoer. Op eie krag het hulle nuwe weë gebaan maar was vanweë hul geïsoleerde posisie aangewese op hulleself, mekaar en die omgewing. Die beweging na die binnelande hang saam met die beskikbaarheid van landbougrond in die Weskaap, die aanvanklike mislukking van intensiewe landboumetodes en die moontlikhede en aanlokking wat die ekstensiewe landboumetode gebied het. Die geskilpunte van die gemeenskap in en rondom die Kaapse kasteel het grotendeels aan hulle verbygegaan.

Aan die Kaap het die VOC soos elders in die gebiede waaroor hy jurisdiksie gevoer het, ook die struktuur geskep wat die bediening van die Woord gewaarborg het. Die predikante was betaalde amptenare en het die status van 'n onderkoopman in die sosiale hiërargie gehad. Hoewel dit die gemeentes en kerklike bediening bevoordeel het, het dit nie die predikante daarvan gevrywaar om in 'n gedifferensieerde gemeenskap in die gedrang te kom nie. Hulle was meesal nog jonk en onervare.⁹ Geskool in Latyn en die klassieke, het hulle teologie in die gees van die tyd aan die Nederlandse universiteite studeer.¹⁰ Hulle was bedienaars en predikers van die Woord eerder as herders. Die pastoraat en kategese is grotendeels in die hande van die sieketroosters gelaat. Hulle eerste plig was een van toespraak, vermaning, redevoering - 'n intellektuele taak van gedagtevoering en beïnvloeding, en het daarmee die openbare lewe gestempel.

Die **kerklike lewe** van die christelike gemeenskap van die Kaap het sekerlik die alte skerpe grense tussen die maatskaplike groepe enigermate uitgewis. In die kerk het hulle bymekaargekom en daarin 'n gesamentlike belang gehad. Die kerk kon groeppvorming in die gemeenskap en gemeentes nie voorkom nie

5. Sien Dominicus: *Het ontslag van Wilhem Adriaen van der Stel*. Soos die konflik ontplooi het, is dit duidelik dat die burgermotiewe nie onbevelek met eie belang en baatsug was nie.

6. Vgl. Fouché: *Dagboek van Adam Tas 1705-1706*.

7. Sien Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 403.

8. Sien Van der Merwe: *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*.

9. Meeste predikante het as proponente na die Kaap gekom. Net 'n handjievol was ouer as dertig. Ds Pierre Simond was waarskynlik die predikant met die meeste ondervinding van die bediening.

10. Sien hiervoor Woltjer: *De Leidse Universiteit*, 1-68; Ypeij en Dermout: *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormd Kerk III*, 354 e.v.; Reitzma: *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk*, 666 e.v.

en is willens en wetens daarby ingesleep.¹¹ Teenstellinge in die samelewing het die kerklike lewe gesplyt. Dit het maar te duidelik geblyk uit die stryd teen W.A. van der Stel.

Teen die einde van 1705 het die smeulende ontevredenheid onder die gevestigde boere tot 'n breekpunt gekom.¹² Verskeie insidente was die spreekwoordelike vonk in die kruitvat.¹³ Die Stellenbosse vryburgers Hüssing en Tas het griewe en klagtes op skrif gestel. In 'n vertroulike skrywe het Hüssing hulle ontevredenheid sowel onder die aandag van die goewerneur-generaal in Batavia as die Here 17 in Nederland gebring. 'n Brief van sy broer uit Batavia het Van der Stel op hoogte van sake gebring. Daarin is hy ingelig dat Hüssing, Tas, Van der Heiden en Van Meerland leidinggewend optree in 'n beweging onder die Nederlandse en Franse vryburgers. Sy teenmaatreëls het o.a. die voorbokke onder die vryburgers, Tas en Van der Heiden,¹⁴ vroeg in 1706 in aanhouding laat beland. 'n Volledige klagskrif van 38 artikels was reeds in die veilige hande van 'n besoeker, Abraham Bógaert,¹⁵ besorg. As koerier het hy dit aan die Here 17 voorgelê. Dit is onderteken deur 63 vryburgers. Een en dertig van hulle het Franse vanne gehad. Daarin word Van der Stel, sy broer Francois, Starrenburg,¹⁶ Elsevier¹⁷ en die Kaapse predikant, Petrus Kalden,¹⁸ met name uitgesonder en aangekla.

Nadat die goewerneur 'n getuigskrif vir homself laat opstel en deur meer as 240 inwoners laat teken het, is besluit om vir Hüssing, Van der Bijl, Appel en Van Meerland met die retoervloot na Nederland te stuur. Hulle is in die geleentheid gestel om hul klagtes voor die Here 17 te lê. Terwyl die uitspraak vir meer as 'n jaar hangende was, het Van der Stel voortgegaan op die weg wat hy met die hantering van die situasie ingeslaan het. Dit het ten minste 'n groep vryburgers in die harnas gehou. Die ontevredenheid en onrustigheid in die gemeenskap is daardeur nie in die kiem gesmoor nie.

Eers op 17 April 1707 het die uitspraak van die Here 17 die Kaap bereik. Die klag van die vryburgers is gehandhaaf. Die goewerneur, die sekunde, die landdros en die predikant Kalden is na Amsterdam ontbied. Al die ander amptenare is kategories verbied om grond te besit of handel te dryf.¹⁹ Vir die vryburgers was dit 'n oorwinning. Daarmee was die saak egter nie afgeloop nie. In die jare wat gevolg het, is dit verder gevoer in 'n reeks polemiese geskrifte wat in Nederland in die pers verskyn het.

11. Vgl. die lang indringende beskrywing hiervan deur Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 112 e.v. Hy wys daarop hoe al drie gemeentes geraak is, en hoe predikante ingesleep is òf hulle in die onmin deur kantsiesing laat geld het.

12. Vgl. Fouché: *a.w.*, 2 e.v., veral 232 e.v.

13. Vgl. Boëseken: *Simon van der Stel en sy kinders*, 184 e.v.

14. Vir hom, sien *SABW IV*, 724.

15. Vir hom, sien *SABW III*, 79.

16. Vir hom, sien *SABW IV*, 639.

17. Vir hom, sien *SABW III*, 279-280.

18. Vir Kalden, sien Conradie: "n Kaapse predikant uit die tyd van die Oos Indiëse Kompanjie" in *Jaarboek NGK*, 1934, 56-66.

19. Vgl. Boëseken: *Die Nederlandse Kommissaris*, 14, 52 e.v. en 54 e.v.

2. 'N KORTE DEDUCTIE WEERLê DIE UITSPRAAK VAN DIE HERE 17: c.1708

Willem Adriaan van der Stel het die saak nie daar gelaat nie. Kort na sy terugkeer het hy 'n **Korte Deductie ... Tot destructie ende wederlegginge van alle klaghten**²⁰ opgestel en gepubliseer. In 1098 punte weerlê hy die 38 artikels van die klagskrif wat die vryburgers by die Here 17 ingedien het. Daarby voeg hy 'n hele rits dokumente as stawende bewys "onder verseeckeringe, dat van alle de stucken ... de originele, of copyen authentijcq onder hem van der Stel beruste."²¹

Hy begin sy verweer met 'n historiese argument. Daar was maar altyd "mindere onderdanen ... die niet te vreden zijn met die gene dewelcke der regeringe over haer is aenbevolen."²² Dikwels gebeur dit gevolglik, voer hy aan, dat "de beste mannen tegens verdiensten en buyten alle reden op het hoogste beschuldicht en gelastert"²³ word. Dit is meer as 'n ooglopende sinspeling op wat met hom persoonlik aan die Kaap gebeur het. Daarmee wek hy stemming op teen diegene wat hom aangekla het. Hy stel die vryburgers in 'n negatiewe lig voor. Sonder om doekies om te draai, meen hy dat die Here 17 "geloof hadden gegeven aen een hoop volck, die waerlick geen het minste geloof verdienen."²⁴ Daarom is die slotsom van sy **Korte Deductie** (van 172 bladsye!) "dat ieder Neutrael en verstandig leser, sigh overtuight zal houden van sijnes van der Stels onschult, over alle de voor verhaelde beschuldigingen."²⁵

Of sy **Deductie** die gewensde uitwerking gehad het, is 'n ope vraag. Dit het egter gevolg help gee aan ten minste vier ander geskrifte, wat almal daarop uit was om die polemieck verder te voer. Drie daarvan het stelling ingeneem teen die **Korte Deductie**, terwyl die laaste, 'n **Afgeperste Verweering en nodige Verantwoording** van ds Petrus Kalden, weer by die interpretasie van Van der Stel aansluiting gesoek het. As Kaapse geskrifte is hulle van besondere belang vir hierdie studie. Vir die eerste keer is inligting i.v.m. die Kaapse gemeenskap wat grondig verskil het van die tradisionele omlysting in Nederland, weergegee. Vir Nederlanders is 'n Kaapse geding met standpuntstelling beredeneer en uiteengesit. Daarmee is indrukke van die Kaapse gemeenskap uit 'n geheel ander hoek verwoord. Op 'n eie manier het die outeurs op die simpatie van die Nederlandse lesers aanspraak gemaak. Hierdie geskrifte het tot Nederland beperk gebly.

Aan die ander kant het buitestaanders en besoekers aan die Kaap die geskil as saakmakende gebeure belewe en dit ook in hul reisbeskrywings behandel. Daarmee het 'n pertinente gebeure as eietydse Kaapse geskiedenis 'n plekkie bekom binne die omvattende beeld van die Kaap soos dit in die tradisie van die reisbeskrywings uitgebou is. Drie besoekers het die verloop hiervan uitvoerig opgeskryf. Peter Kolbe was 'n Duitser wat lank aan die Kaap gewoon en gewerk het. Ds Francois Valentyn, predikant in diens van die

20. 'n Oorspronklike eksemplaar kon ek nie onder oë kry nie. Dit moes ongeveer in 1708 verskyn het. Ek het die eksemplaar gebruik wat ingebind is by die **Contra-Deductie** van Tas en Van der Heiden en wat "By Nicolaas ten Hoorn, boekverkoper over 't Oude Heeren Logement," in Amsterdam in 1712 verskyn het.

21. Dies., 1.

22. Dies.

23. Dies.

24. Dies., 44.

25. Dies.

VOC, het weer oor 'n lang tyd kort besoeke aan die Kaap gebring.²⁶ Dit was egter Abraham Bógaert wat die eerste was om hom breedvoerig uit te laat oor die Kaapse geskil. Hy het tussenbeide gekom om die klagskrif vir die vryburgers aan die Here 17 te besorg. Die bykomende inligting is hoofsaaklik beperk tot Nederland, hoewel die beskrywing van Kolbe die internasionale mark gehaal het.

3. ABRAHAM BÓGAERT BESKRYWE DIE KAAP EN TREE VIR DIE VRYBURGERS IN

Abraham Bógaert het die Kaap aan die begin van die 18de eeu vir 'n heen-en-weertjie besoek. Vyf jaar na sy tweede besoek gee Nicolaas ten Hoorn, boekverkoper te Amsterdam, gedurende 1711 A. Bógaert's **Historische Reizen door d'Oostersche Deelen van Asia** uit.²⁷ Dit is bedoel as "eene historische beschryving," is opgedeel in drie boekdele en beslaan meer as 600 bladsye. Allereers verantwoord hy sy benadering. Syns insiens verskil hy van "de gewoone manier der reisbeschryveren in het verrekenen der dingen."²⁸ Sy voorneme is "om een historisch verhaal van alles te geven, 't geen ik aan de werelt dacht mede te deelen."²⁹ Hy spits hom doelbewus toe op waargenome waarheid; 'n toespitsing wat hy as wag betrek om hom te help om nie deur "verschillende hartstochten"³⁰ bewimpel te word nie. Bowendien bedien hy hom van 'n eie op-die-punt-af-skryfstyl³¹ en is sy "aanmerkingen niet opgesmukt naer den aart der uitheemschen met veele vleieryen, maar met een Hollandsche rondborstigheid te zamen gestelt."³² Soos Hondius is hy dus uitgesproke oor sy Nederlandse agtergrond en identiteit.³³

Sy boek verhaal 'n reis na die oostelike gedeeltes van Asië. Dit is 'n eietydse weergawe van gebeurtenisse waarin 'n oorsig van die geheel verlore gaan. Gevolglik val hy in ellelange beskrywings vas - t.s.v. sy voorneme om saaklik te wees. Op die heenreis, in die eerste boekdeel, gee Bógaert 'n "beschryving van de Caap de goede Hoop en der Nederlandsche Volkplanting."³⁴ Hy doen dit met historiese verwysing.³⁵ Die "volkplanting" is gedurende 1653 deur die VOC aangevoer. Goewerneur Goskens was verantwoordelik vir die bou van die klipkasteel. Volgens Bógaert het goewerneur W.A. van der Stel reeds in 1681 die buiteposdorp Stellenbosch aangelê. Stellenbosch is "een heerlyk dorp."³⁶ Oor die inwoners van hierdie dorp oordeel hy positief. "Maar ongelooffelyk is 't, hoe die plaats door den yver der Hollanderen zedert dien tyd in prachtige wooningen en huisgezinnene is aangegroeyt, en hoe groot een schat van wynen en granen daar 's jaarlyks werd geteelt, waar van de maatschappye de tiende trekt."³⁷ Hierbenewens is

26. Vir beide, sien hoofstuk 7 hieronder.

27. Amsterdam, 1711. Vir 'n kort bespreking van hierdie reisboek, sien De Villiers: **Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing**, 25-27.

28. Bógaert: **Historische Reizen door d'Oostersche Deelen van Azië**, 3.

29. **Dies.**

30. **Dies.**, 2.

31. **Dies.**, 3.

32. **Dies.**, 2.

33. Vgl. sy patriotiese uitsprake oor Koning Willem III, **dies.**, 63 e.v. Sien verder sy standpunt oor die VOC, **dies.**, 47; sien ook sy tipering in hierdie verband: "welkers ontzaglykheid tot zulk een toppunt van glorie is gestegen, dat overmachtige Koningen en Vorsten het voor een eer rekenen, hunne kroonen en rykstaven uit haare handen demoedig te moogen ontvangen, als uit het vervolg myner Reizen blyken zal," **dies.**, 48.

34. **Dies.**, 95 e.v.

35. **Dies.**, 99.

36. **Dies.**, 101.

37. **Dies.**

dieselfde maatskappy nie net ingestel op die verganklike nie, "maar met hart en ziel het eeuwige behartigende, laaft daar de bewoonders met de bronader des levens, gevloeit uit de zyde des Heilands aan 't hout des kruises, welkers Boodschap daar alle Zondagen geleeraart werd."³⁸ Die land is vrugbaar, met 'n vriendelike klimaat waarin 'n groot verskeidenheid plante, voëls, visse en diere 'n tuiste vind.

Sy tipering van die Kaap is m.a.w. geknip op die patroon van die tradisionele Europese reisbeskrywings. Ook sy beskrywing van "alle d'eigene inboorlingen der Kaape de goede hoop"³⁹ volg in hierdie spoor. Soos andere voor hom, beskrywe hy hulle uiterlike gestalte asook hul gebruike en gewoontes.⁴⁰ Hoewel hulle 'n godheid aanbid en hul liefde, getrouheid en medelyde "ruim zo groot dan by de Christenen" is, dra hulle geen kennis van die skepping, verlossing of die Drie-enige God nie.⁴¹ Hiernaas wys hy nog enige "zedige deugden"⁴² onder hulle uit. Daarby "onderhouden zy de wet der volken zo ongeschonden, dat zy daar in met de geregeltste volken van Europa gelyk staan."⁴³

Met sy terugreis in 1706 doen Bógaert die Kaap weer aan. By hierdie geleentheid tref hy die gemeenskap in rep en roer, "welkers beginne en grootste hevigheid ik met my eigene oogen beschouwt hebbe."⁴⁴ In die derde boekdeel behandel hy dit as 'n "historisch verhaal wegens de geweldenaryen, gepleegt aan eenige der voornaamste Vryburgers van Cabo de goede Hoop."⁴⁵ Direkte aanleiding daarvoor vind hy in die verskyning van 'n "zeker Bericht of Deductie van d'opgeroepene Gebieder." Daarin word die saak só voorgestel dat Bógaert in die pen klim om die waarheid met "onwederlegglyke bewysstukken" aan die lig te bring. "Hiervan," sê hy, "zal de tegendeel niet alleen in myn historisch verhaal dier dingen uitmunten, maar ook middagklaar te beschouwen zyn in een Tegenbericht of Contra-Deductie, opgesteld door de mishandelde voortplantelingen."⁴⁶ Sy vertolking is dus deur die gebeure, sowel as die apologetiese motief waarmee hy dit beskrywe, beïnvloed.

4. BÓGAERT SE RELAAS VAN KAAPSE GEBEURTENISSE: 1711

Bógaert vertel hoe die vryburgers aan die Kaap deur senior amptenare se eiesugtige toedoen in 'n benarde posisie gekom en hulle uiteindelik met sukses op die Here 17 beroep het. Hy is daarop uit om vir die vryburgers in die bresse te tree en hulle saak in Nederland in die reine te bring. Terselfdertyd skroom hy nie om met vlym in sy pen die goewerneur en ander senior amptenare oor die kole te haal nie. Sy relaas is 'n stapelplaas van allerhande feite i.v.m. die geskil. Tot 'n samehang en 'n oorsigtelike eenheid kom hy egter nie.

38. Dies., 101-102.

39. Dies., 107 e.v.

40. Dies., 111 e.v.

41. Dies., 113.

42. Dies., 116.

43. Dies.,

44. Dies., 5.

45. Dies., 466 e.v. Hy sit dit aan die einde van sy reisverhaal in 'n uitgerekte "Aanhangzel" voort: dies., 545-603.

46. Dies., 5.

Bógaert skep dus 'n beeld van die senior amptenare én die vryburgers en gebruik daarvoor 'n swart-wit skema. Hy stel die vryburgers as lojale onderdane voor, uitgedos in kwaliteite wat (per implikasie) navolgenswaardig is. Deur arbeid en ywer het hulle daardie "woest en haveloos gewest"⁴⁷ getem en bewoonbaar gemaak. Die oes op hulle moeite word egter deur amptenare ingesamel. Die saak, sê hy, het in die geskiedenis al skeef geloop. Reeds Van Riebeeck en die bevelhebbers na hom⁴⁸ het boerderye aangelê wat die vryburgers sou kortwiek. Die hoogtepunt word egter onder W.A. van der Stel belewe.⁴⁹ Daarom is die vryburgers die verontregtes en verdruktes wat vra na waar "de Hollandsche vryheid gebleven was."⁵⁰ Die lyding wat hulle moes verduur, het hulle met 'n "bystere verslagentheid" gelaat.⁵¹ Hulle het geen ander keuse gehad nie as om 'n "nedrig smeekskrif" by die Here 17 in te dien en om "herstelling van hunne gekrenkte en schendig vertrede rechten en wetten te verzoeken."⁵²

Daarenteen "straalden uit de wezens der voornaamste dienaaren der maatschappye ... een innerlyke vreugde; vermengt met een heimelyk dreigen."⁵³ Deur hulle boerderypraktyke besit hulle "'t vette der aarde."⁵⁴ Nadat die klagskrif van die vryburgers op die lappe gekom het, was die oogmerk van die goewerneur om, "koste wat het wilde, de vryburgers in hunne handen en geweld, en vervolgens onder zweep en knie te krygen."⁵⁵ Volgens hom openbaar hierdie optrede, aangevoer deur eer- en geldsug, 'n dislojaliteit teenoor die VOC.

Bógaert eindig sy verhaal van die "zo beroemde volkplanting"⁵⁶ deur te wys hoe die besluit van die Here 17 deur die vryburgers ontvang is. "Thans loofden zy den Almachtigen voor die genadige verlossinge, vonden met hunne medebroederen geene woorden krachtig genoeg, om de vaderlyke trouwe en liefde der Heeren Meesteren, aan hen bewezen, naere waarde uit te drukken en dank te zeggen."⁵⁷ Hierdie weldaad sal hulle "hunne kinderen en kindskinderen instampen."⁵⁸ By die Nederlandse leser slaag hy met sy weergawe daarin om genoeg meegevoel vir die vryburgers, met wie die Nederlandse burger homself kon identifiseer, te wek. Hy gaan staan aan die kant van die verontregte en verdrukte burger. Die Kaapse geskiedenis word funksioneel aangewend om hierdie verontregting as 'n historiese proses uit te wys.

47. Dies., 470.

48. Dies., 471 e.v.

49. Dies., 472 e.v.

50. Dies., 518.

51. Dies., 466.

52. Dies., 493.

53. Dies., 466.

54. Dies.

55. Dies., 552.

56. Dies., 559.

57. Dies., 602.

58. Dies.

5. NEUTRALE GEDACHTEN OOR DIE KORTE DEDUCTIE: c. 1712⁵⁹

Min of meer 'n jaar later is die aangeleentheid nog 'n keer in Nederland in boekvorm opgehaal. Iemand⁶⁰ het "lust gekregen onze **neutrale gedachten** als een Troost voor zyn Ed: en een vermaak voor liefhebbers van historien op het papier te stellen"⁶¹ en gevolglik die pen opgeneem. Sy neutrale gedagtes, 'n volle 2292 daarvan, is byeengebring in 'n geskrif van 147 bladsye. Dit is **Historieel opgemaakt om De Regte en Waare oorsprong en gevolg Der laatste Onlusten, aan Caab van Goede Hoop voorgevallen aan te dui.**⁶²

Met 'n "Historiale begrip der voorvallen"⁶³ wil die skrywer Van der Stel repliseer.⁶⁴ Ten spyte van sy bedoeling om "de ordentelyke Historie" aan die orde te stel, is sy beredenering juridies gekleur. Hy is daarvan oortuig dat die "Caabsche Vryburgeren" hulle nie aan muitery en rebellie teen die wettige owerheid skuldig gemaak het nie.⁶⁵ Vir die skrywer is dit 'n boeiende saak om die staatsregtelike gesag van die Politieke Raad, die Here 17 en die State Generaal t.o.v. die Kaapse vryburgers te beredeneer. Na sy oorwoë mening het die vryburgers reg gehandel deur hulle op die State Generaal as hoogste en wettige owerheid te beroep. Bowendien, "waar ... is de naam van Vry? waar is de Hollandse Vryheid?," wil hy weet en vervolg dan "dat men niet heeft of hebben mag de facultyt van te mogen klagen aan de Ed. Heeren Majores?"⁶⁶

Hieragter lê 'n tradisie van denke oor die regsburgerlike verhouding van owerheid en onderdaan wat herinner aan die humanistiese benadering soos dit m.n. deur Hugo de Groot ongeveer 'n eeu vroeër reeds in Nederland beredeneer en uitgewerk is.⁶⁷ Opvallend is 'n terloopse (en veelseggende) opmerking in hierdie verband: "Als hebbende uit de Lexicon van den Heidelbergsen Calvinus wel geleezen de passage van aluid est accusare Majores &c. dat het yets anders is te beschuldigen zynen meerderen, die men Eerbiedicheid verschuldigt is, en weder om yets anders over deszelfs hardigheid ofte strengheid te klaagen en die opentlyk voor te stellen."⁶⁸ Sou dit 'n verwysing wees na Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus?⁶⁹

59. Sien **De Regte en Waare oorsprong en gevolg Der laatste Onlusten, aan Caab de Goede Hoop voorgevallen; Historiaal opgemaakt uit de eigene Stukken en bewyzen van den Edelen en Gestrengen Heere Willem Adriaan vander Stel, Geweezen Gouverneur &. Bestaande in Neutrale Gedachten over desselfs Deductie.** Dit is waarskynlik in 1712 gedruk in Amsterdam. Op bladsy 147 dui die skrywer aan dat 'n **Contra-Deductie** nog sal verskyn. Dit het gedurende 1712 gebeur.

60. Waarskynlik die einste Bôgaert. Dit word algemeen so aanvaar.

61. **De Regte en Waare oorsprong, 2**

62. "Gedrukt voor den Auteur, en zyn te bekomen tot Amsterdam, by Hendrik Schelte."

63. **De Regte en Waare oorsprong, 2.**

64. Vgl. die outeur se opmerking: "Wiens Persoon men uit deeze Deductie en de geannexeerde documenten wel wat nader diende te kennen, als men de Historise vermakelykheden der Caabse Regeeringe wel zal begrypen" in **dies.**, 4.

65. **Dies.**, 3.

66. **Dies.**, 14. Vgl. verder Huizenga: **Nederland's beschaving**, 26 e.v. oor die 17de- en 18de-eeuse vryheidsbegrip in Nederland.

67. Dit moet voorts teen die onmiddellike historiese agtergrond in Nederland begryp word. Gedurende 1702 het 'n stadhouerlose periode aangebreck. Die State Party was nou aan bewind. Vgl. Romein: a.w., 302 e.v.; Ook Geyl: **Geschiedenis van de Nederlandse Stam III**, 86 e.v. Hierdie sake het m.a.w. in Nederland die rondte gedoen, en is druk bespreek.

68. **De Regte en Waare oorsprong, 4.**

69. Dit lui: "Wat gebied God in die vyfde gebod? Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer." Vgl. verder NGB art. 36.

Terselfdertyd stel die skrywer die negatiewe voorstelling⁷⁰ wat Van der Stel oor die vryburgers voorgehou het, reg. Daarvoor beroep hy hom ook op die deurslaggewende verslag van 'n ooggetuie. Hy verwys na die "Historis Reysbeschryving van den Heer Abraham Bógaert, die als Ooggetuige, het voorgevallene uit eigen ondervinding verhaalt: waar mede in verscheidene ontmoetingen deeze neutrale Gedagten over een stemmen."⁷¹ Dit is egter eers in die lig van hul eie geskiedenis dat die Nederlandse lesers werklik kan begryp in watter mate die stryd teen Van der Stel vir die Kaapse burgers 'n aangrypende gebeure moes gewees het, want, sê hy, "t is zeker dat de Vryburgeren en Inwoonders van de Caeb zo lange Geheugenis zullen hebben van den Jaare 1706, als onze Vaderlanders van het droevige jaar 1672."⁷² Daarmee verwys hy na die inval van Franse troepe waardeur groot dele van die suidelike Nederlande weer by Frankryk ingelyf is en die Republiek byna sy einde belewe het.⁷³ Met hierdie verwysing slaag hy ongetwyfeld daarin om die saak binne die belewingswêreld van sy leserskring te bring.

Dat die waarheid hiér, nl. in die weerlegging van die **Deductie**, in die midde lê, is vir die skrywer 'n uitgemaakte saak. Heel aan die einde beroep hy hom op die Skrif: "Zacharia VIII.16"⁷⁴ Dáár staan geskrywe: "Dit zijn de dingen, die gij doen zult: spreekt de waarheid, een iegelijk met zijnene naaste; oordeelt de waarheid en een oordeel des vredes in uwen poorten."⁷⁵

6. TWEË KAAPSE VRYBURGERS STEL 'N CONTRA-DEDUCTIE OP: 1712

Pas in dieselfde jaar verskyn daar by die boekwinkel van Ten Hoorn nog 'n geskrif wat soos 'n handskoen pas op die benadering en interpretasie van die voorafgaande twee boeke. Die verskil is dat dit "geschreven (is) aan Cabo de goede Hoop, den 16 April Anno 1711" deur twee "Kaapsche Inwoonderen Jacobus vander Heiden en Adam Tas," "gemachtigden" van die Kaapse vryburgers.⁷⁶ Dit is 'n apologie, 'n **Contra-Deductie**, ofte **Grondige Demonstratie van de Valsheid der uitgegevene Deductie, By den Ed: Heer Willem Adriaan van der Stel**. Dit bevat nie alleen **Een nauwkeurige Historisch Verhaal** nie, maar ook **Een beknopt Antwoord op alle in gemelde Deductie**. Net soos dit die geval was by die vroeër verskene **Korte Deductie**, draai hierdie geskrif óók om die 38 artikels van die meergemelde klagstaat. Hierdie keer strek dit egter **Tot verificatie van 't Klachtschif**.⁷⁷ Hulle dra dit op aan die Here 17, wat reeds 'n "onsterfbaeren naam by de nakomelingen ... verworven"⁷⁸ het.

70. Vgl. bv. hierdie uitspraak: "Eindelyk, die man wel denken mag, dat den Caabse Vryburgeren in hun verbeelding is voorgekomen, gelyk als veelmaalen den Doctoren wedervaart by hunne Patienten, en waar van wel moraale Printen gezien worden, namentlyk in d'eerste visite als God de Heere zelfs, in de tweede als een Engel, en de de derde als een Mensch, maar in de vierde visite als een Duivel." **De Regte en Waare oorsprong**, 5.

71. Dies., 147.

72. Dies.

73. Vgl. Romein: a.w., 300 e.v.

74. **De Regte en Waare oorsprong**, 147.

75. Dit veronderstel 'n bepaalde Skrifgebruik. Die teks word buite verband bygehaal by 'n polemieek.

76. Tas en Van der Heiden: **Contra-Deductie, ofte Grondige Demonstratie Van de valsheid der uitgegevene Deductie, Opdrag**.

77. Uitgegeve in Amsterdam, 1712.

78. Tas en Van der Heiden: a.w., Opdrag, 3.

In die "Voorreden aan den goedgunstigen en onzydigen Lezer" sit Van der Heiden en Tas hulle motief en aanpak uiteen. Die **Contra-deductie** is "naakt en van alles ontbloot, gewasschen zynde met het klare water der waarheit."⁷⁹ Dit val uit in twee dele: 'n "historisch Relaaas van alle de gebruikte, en tegens ons aangewende proceduren," en tweedens "een net en bondig Antwoort op alle in gemelde Deductie voorgestelde kale uitvlugten, ondeugende bewysstukken, en andere oertollige zaken meer."⁸⁰ Voorts maak hulle verskoning vir die styl en ordening van die werk - dit is immers nie geskrywe deur 'n advokaat of goewerneur nie, maar kom "van een Boerenkind."⁸¹ "Hier ziet gy een Boek, Lezer," verduidelik hulle, "aan den Africaanschen, en ligt mogelyk den grootsten Uithoek des Weerelts, het Hooft van Goede Hoop genaamt, geschreven; van waar zo veel ons bekend is, nooit iets in uwe handen zal syn gekomen."⁸² Is dit die eerste floue tekens van 'n inheemse bewuswording?

Net soos Van der Stel, begin hulle ook met 'n argument uit die algemene geskiedenis. Nou word dit aangewend om hulle saak te dien. Uit die Switserse geskiedenis, sowel as uit die wyse waarop "onze Voorouders" die "jok der Spaansche Monargie van hare halsen"⁸³ geskud het, is dit duidelik dat reg en geregtigheid net gepleeg kan word indien daar harmonie tussen regeerder en onderdaan bestaan. Waar dit ontbreek, is daar vir die onderdane geen voordeel by 'n "hebzugtige Regering" nie. In hierdie aspek van die geskiedenis het hulle deel gehad: "de droevige ondervindige heeft ons 't zelve met zeer gevoelige redenen zo diep in onzen harten ingegriefft, dat wy tot heden toe niet zonder groote smerte daar aan komen gedenken."⁸⁴ Van der Stel het hulle immers "verdrukt en geplaagt," totdat die Here 17 'n einde daaraan gemaak het "tot nut van deze importante Colonie."⁸⁵

Die "nauwkeurig verhaal ... der onregmatige Proceduren" is 'n eietydse weergawe van gebeure op gebeure, soos hulle dit belewe het. Die motief is om onomwonde aan te dui "hoe dit laken geschooren is."⁸⁶ Alle klem word op die regsburgerlike verloop daarvan geplaas. Dit is nie 'n weerlêgging van die **Korte Deductie** uit die geskiedenis nie. Die griewe soos verwoord in hul klagskrif bly steeds die uitgangspunt. Dit word, puntjie vir puntjie, afgemeet en omslagtig beredeneer en ondersteun met beëdigde verklaring op beëdigde verklaring. Vir die leser word dit 'n moeisame leestog deur meer as 300 bladsye. Uiteindelik loop dit uit in 'n oproep tot 'n onpartydige oordeel - "door goede redenen, natuurlyke consequentien, of door suffisante en klare bewyzen."⁸⁷ As die oordeel ten gunste van die vryburgers (waaroor daar in werklik geen twyfel meer behoort te bestaan nie) uitval, sou dit hulle "troosten tegens alle de uitgestane gevaren, verdrukkingen, gevankennis en duisend smaadheden: dit zal ons genoeg zyn de schade te vergoeden, die wy, door zyn Ed. onregmatige proceduren hebben moeten lyden."⁸⁸

79. Dies., Voorrede, 2.

80. Dies., Voorrede, 3.

81. Dies., Voorrede, 1.

82. Dies.

83. Dies., 2.

84. Dies.

85. Dies., 3.

86. Dies., 65.

87. Dies., 300.

88. Dies., 301.

Ondertussen is 'n versamelskrif uitgegee: **Kaapsche Geschillen en Onlusten**. Daarin is die **Korte deductie, De Regte en Waare oorsprong en gevolg der laaste Onlusten** en die **Contra-deductie** saam gebundel.⁸⁹ Met die **Contra-Deductie** was die pennestryd in Nederland egter nog nie afgeloop nie. In die volgende jaar het ds Petrus Kalden⁹⁰ na die pen gegryp om sy aandeel, én sy persoon, in hierdie verband te verdedig en reg te stel.

7. DS PETRUS KALDEN VERANTWOORD HOMSELF: 1713

Petrus Kalden is deur die vryburgers by die troebele aangeleentheid ingesleep en uiteindelik oor dieselfde kam as die goewerneur, landdros en sekunde geskeer.⁹¹ Dit is moeilik om uit te maak in welke mate hy onskuldig was. Feit is dat hy deur sy eie toedoen onder verdenking gekom het. Ook ds Beck⁹² van Stellenbosch is verdink. Die beweging teen die senior amptenare is immers aangevoer deur Stellenbosse kerkraadslede. Toe die plaasvervanger van Pierre Simond, Engelbertus le Boucq,⁹³ gedurende 1706, pas nadat hy aangekom het, heelhuids en openlik aan die kant van die vryburgers gaan staan, was die vet behoorlik in die vuur. Eers nadat hy en Kalden die Kaap verlaat het, het die gemeentelike bedrywighede weer sy normale gang begin gaan. Op die keper beskou het die kerklike lewe ongetwyfeld hieronder gely. In Nederland het ds Kalden hom op die Classis van Amsterdam beroep. Kerklik is hy gehandhaaf en kon hy sy bediening voortsit.

Nadat die **Historische Reizen** en die **Contra-Deductie** die saak en die aanklag in Nederland in die openbaar op die lappe gebring het, moes Kalden homself verdedig. Hy het sy verdediging (gedurende 1713) opgestel in 'n **Afgeperste Verweering en noodige verantwoording tegens twee nu onlangs uitgekomene Laster-Schriften**⁹⁴ en aanspraak op die reg gemaak. Sy **Verweering** verskil nie in aanpak, opset en doel van die res van hierdie polemiese geskrifte nie. Daarin neem hy sy saak op om dit "voor den onpartijdigen Leser blank te leggen."⁹⁵ Hy behandel die geding tussen hom en ds Le Boucq.⁹⁶ Sy betoog berus hoofsaaklik op die feit dat hy "door overtuigende Stukken by Politique en Kerkelijke geregvaardigt zijnde."⁹⁷ Hierbenewens stel hy ook "'t geen" Bógaert in sy reisbeskrywing "van de Caab opgeeft,"⁹⁸ reg. Voorts is hy uit eie ervaring daarvan oortuig dat predikante aan die Kaap in slegte aansien en behandeling by die vryburgers is.⁹⁹

89. Die datum van uitgawe en die uitgewer ontbreek. Dit moes in 1712 of 1713 geval het, en waarskynlik in Amsterdam.

90. Vir Kalden, sien Engelbrecht: **Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu**, 31 e.v.; Conradie: **Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I**, 73 e.v. Lg. tipeer hom as "'n banneling leraar, 'n man van ontwikkeling en beskawing."

91. Sien Moorrees: **a.w.**, 112 e.v.

92. Sien Engelbrecht: **a.w.**, 36-37.

93. Vir biografiese besonderhede, sien Van Troostenburg de Bruijn, **Biographisch Woordenboek**, 46 e.v.; Hattingh: "Biografieë van enkele Hugenote-predikante" in 'n ongepubliseerde referaat by die **Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988**, 12 e.v.; Engelbrecht, **a.w.**, 38 e.v.

94. Utrecht, 1713.

95. Kalden: **Afgeperste verweering en nodige verantwoording**, 2.

96. **Dies.**, 4 e.v.

97. **Dies.**, 32.

98. **Dies.**, 38 e.v.

99. Hy, Simond, Beck en die sieketrooster Mahieu. Sien **dies.**, 58.

In die breë het 'n mens hier maar weer met 'n bepaalde interpretasie en weergawe van die aangeleentheid te doen. Sy standpunt is dié van die betrokke amptenare. Dit was egter die laaste geskrif wat in hierdie verband van die pers gekom het.

8. ONDERLINGE STANDPUNTE EN UITGANGSPUNTE IN 'N SITUASIE

Indien die geskrifte van Tas en Van der Heiden aan die eenkant en Van der Stel en Kalden aan die anderkant tot die inheemse literêre tradisie gereken word, is dit duidelik dat dit hierin om 'n onversoerbare standpuntstelling gaan. Dit is die skriftelike neerslag van 'n onbehaaglike stryd waarin individue en groepe poog om hulself te handhaaf en te verontskuldig. Dit spreek van 'n subjektiewe betrokkenheid by 'n komplekse situasie waarin vryburgers en amptenare die handskoen neergewerp het. Die direkte oorsaak vir die uitgawe van hierdie geskrifte was die besluit van die Here 17 om die vryburgers regtens gelyk te gee én die mate waarin Van der Stel en Kalden in Nederland onder verdenking gekom het.

As polemiese geskrifte is hulle kontemporêr en kontekstueel. Die interpretasie is gekleur met eie motivering, oorweging en aspirasies. Nêrens word erns gemaak met die problematiek waarin die Kaapse gemeenskap vasgevang was nie. Daarmee word die situasie ooreenvoudig. Dit is beredenering of verwerping van griewe en 'n weergawe van die verloop van gebeure wat mense se lewens geraak het. Nie een van die skrywers kom bokant die eie tyd uit nie en sit nog vasgehalter aan die situasie. En tog bewys elkeen met vers en kapittel dat hy die volle waarheid - regtens - in pag het! In hulle beroep op die reg, is hulle karperde, hoewel die aanwending van die reg geplooi word om die eie saak te ondersteun.

In die proses word 'n negatiewe beeld of voorstelling van die teenparty opgebou. Tas en Van der Heiden kan nie uitgepraat raak oor die bedenklike optrede van die skuldige amptenare nie. Van der Stel en Kalden weer, is ewe uitgesproke oor die groep vryburgers wat die Kaapse gemeenskap beroer het. Dit moet teen die agtergrond van hul oorweging, nl. om simpatie met hul saak in Nederland te wen, gelees word. Die simpatieke oordeel van die leser is goud werd. Dit gaan gepaard met en speel in die hand van 'n aanwending van die (Kaapse) geskiedenis - ten bate van die vryburgers of ten bate van Van der Stel. Die interpretasie is gebaseer op die groeps- en individuele belang. Anders as by Van der Stel en Kalden, skemer daar in die vertolking van Tas en Van der Heiden 'n sekere mate van inheemswording deur. Dit word egter nog nie gedra deur 'n historiese of nasionalistiese selfbewussyn nie. Die vryburgergemeenskap wou homself nog nie vir 'n samestelling na binne as kulturele eenheid laat vind nie. Die binding het nog aan losse skroewe gehang. Daarvan getuig bv. die feit dat nie alle vryburgers in die beweging opgeneem is of dit ondersteun het nie. In 'n vergelyking met die negatiewe indrukke van De Grevenbroeck oor die Kaapse gemeenskap, is daar raakpunte sowel as verskille. By Tas en Van der Heiden is daar bv. geen sprake van 'n innerlike afstand teenoor die land en gemeenskap waarvan hulle deel is nie. Tewens, hulle word byna besiel deur 'n drang om op hierdie manier sin aan hulle alledaagse bestaan aan die Kaap te gee en te verseker.

Die reisboek van Abraham Bógaert sowel as *De Regte en Waare Oorsprong* staan hierteenoor in die Europese literêre tradisie. Die *Historische Reizen* is 'n tipiese reisbeskrywing wat tradisioneel oor die Kaap en sy samelewings berig en dit kenmerkend inbeeld. Waarin dit tog van sy voorgangers verskil, is die uitvoerige wyse waarop Bógaert betrokke raak by gebeurtenisse in die Kaapse gemeenskap en daarvoor verslag doen. Daarby speel sy vooroordele met hom parte. Hy kan dus ook nie aanspraak maak op 'n onpartydige weergawe van die situasie aan die Kaap nie. Insiggewend is die wyse waarop hy onbeskroomd aan die kant van die vryburgers uitkom. Hy stel hulle, net soos by die **Waare Oorsprong**, voor as die verdruktes en verontregtes in die Kaapse gemeenskap. Daarmee wek hy 'n Europese toegeneetheid vir die vryburgers. In die lig hiervan is sy weergawe as 't ware 'n respons op die poging van Tas en Van der Heiden. In die uitheemse tradisie word hiermee vir die eerste keer teen 'n groepering in die Kaapse gemeenskap en sy standpunt stelling ingeneem. Die assosiasie van die Kaap het nie meer net in 'n inbeelding bestaan nie, maar is nou ook i.v.m. die uitoefening van 'n (moreel geregverdigde) keuse gebring.

Onderliggend aan al bg. geskrifte is - ten slotte - die beroep op die reg, waarheid en vryheid. Dit is eweens nie buite die christelike geloof en geloofsbeskouing om opgestel nie. Al die geskrifte het eenvoudig 'n christelike inslag. Dit is 'n basiese en eg humanistiese uitgangspunt.¹⁰⁰ Dit is natuurlik nie uitsonderlik vir die algemene denkklimaat aan die begin van die 18de eeu in Nederland nie. Dit was een van die sterkste impulse van die 17de eeu wat in die 18de eeu voortgeleef het.¹⁰¹ Hieragter sit die gedagtes van Hugo de Groot. Oor die staatkundige vryheid van die burger is humanisties, vanuit sy regte, gedink. Die gangbare burgerlike lewensopvatting was immers ingestel op die gesamentlike menslike regspleging en handhawing van die waarheid. Daarin gaan dit om onderlinge waarheid en reg (legitimiteit) - twee aangeleenthede wat in die nakomende literatuur oor die Kaap en sy gemeenskappe telkemale nog sou opduik.

9. DIE KORTE BESCHREIJVING VAN DIE KAAP DEUR CONRAD FREDERIK HOFMAN: c.1720

Ongeveer tien jaar nadat die *Afgeperste Verweering* van Kalden in druk verskyn het, het Conrad Frederik Hofman 'n *Korte Beschrijving van Cabo de Goede Hoop* neergepen.¹⁰² Kennis oor hierdie figuur is vaag. Volgens Hoge¹⁰³ is Hofman gedurende 1719 na die Kaap verban sonder opgaaf van redes. Vir lank was hy as gevangene op Robbeneiland aangehou (1721-34) voordat hy as 'n arm man aan die Kaap oorlede is. Von Dessin het 'n kopie van sy beskrywing gemaak en vir die nageslag in sy biblioteek laat bewaar. Soos in die geval van *De Grevenbroeck* het dit ongepubliseer gebly.

Die oogmerk van Hofman is om die gebied in 'n kort oorsigtelike beskrywing bekend te stel. Hy dui die ligging aan en beskrywe die natuur, vrugbare grond en minerale wat hier aangetref word. In hierdie verband is hy realisties en wys slegs op die voorkoms van koper in die noordwestelike binneland. Die milde

100. Vgl. wat Aalders oor "De waarheid en het recht" skrywe in *Theocratie of Ideologie*, 70 e.v.

101. Vgl. Huizenga: a.w., 31 e.v., veral 33 e.v.

102. Die geskrif is geskrewe. In die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad is 'n faksimilee reproduksie van die Universiteit van Natal (1967), wat die oorspronklike besit.

103. Sien Hoge: "Personalia of Germans at the Cape" in *AYB* 1(2), 166-167.

klimaat aan die Kaap verseker die kweek van allerlei eetbare groente. Hy is ook bewus daarvan dat die weersgesteldheid in die binneland verskil het. Na die noordweste, teken hy aan, is die land droog en water uiters skaars.

Hy gee ook 'n beskrywing van die "inboorlingen deeses Lands, van den uijtlanders genaamt Hottentots." Hy verwys na hulle liggaamsbou, vaardighede, sedes, gewoontes taal en "regeer en rechtsvormen." Van God het hulle geen ander kennis "als dat sij uijt ligt der nature weeten." Volgens Hofman kom dit daarop neer dat hulle oor 'n besef van die Skepper en Onderhouer van die geskapene beskik. Hulle is vuil, maar "onder deese morsighijd schuijlt egter een geest van hovardighijd." Sommige besit groot kuddes vee. In hierdie verband is sy bespreking saaklik as iemand wat oor 'n lang periode aan die Khoikhoi bloot gestel was en hulle dus goed ken. Hofman wend geen poging aan om in te klee, of in die styl van De Grevenbroeck, te oordryf nie.

Die Kaap "is door kunst en ijver en arbeidsaamhijd haarer nieuwen bewoonders, die van weegen den Nederlandse oostindische maatschappije in de jaare 1652 daarvan het besit genoomen hebbende ... van een loutere wildenis geworden een vruchtbaare planthof." In die omgewing van Stellenbosch en Drakenstein is die boere welaf. Slawe, onder toesig van Europese knegte, verskaf die arbeid om die boerderye aan die gang te hou. Op die verafgeleë plase van veeboere in die binneland is die situasie anders. Volgens hom voer hierdie voorposmense 'n armoedige bestaan. Hofman het gevolglik goeie insig in die differensiering van die gemeenskap. Hy dra kennis van die beweging na die binneland en hoe dit besig was om te stabiliseer.

Hy is positief teenoor sy gemeenskap. Sy weergawe is sober en op die man af. Van die onderlinge stryd aan die begin van die eeu rep hy geen woord nie. Miskien open hierdie geskryfde 'n perspektief op die rigting waarin die inheemse literêre tradisie ontwikkel het. Die polemieks wat uit die geskil gevolg het, het dus nie in die geheue bly steek nie. Wat sekerlik hiertoe meegehelp het, is die feit dat dit uit en uit op Nederlandse bodem gevoer is.

10. SAMEVATTING

Nadat Van der Stel die Kaap verlaat het, het die gemoedere in die gemeenskap gaandeweg ook bedaar. Sy poging om die burgerbeweging te snoer, het misluk. Nietemin is 'n ingrypende en belangrike stuk geskiedenis deurgemaak. Die beweging aan die Kaap wat in Nederland literatuur uitgelok het, het in die komende jare nie weer opgevlam nie. Kenmerkend van die (inheemse) polemieks is die eietydse regsburgerlike en humanistiese inslag daarvan. In een opsig verskil die **Contra-Deductie** van Tas en Van der Heiden van die res van hierdie literatuur. Hierdie vryburgers was bewus daarvan dat hulle as **Kapenaars** aanspraak op die reg en owerheid het. Daarom tree hulle vir hulle saak in ten einde 'n **sinvolle bestaan vir hulle en hulle kinders aan die Kaap te verseker**.

Twee reisbeskrywings wat gedurende die tweede dekade gepubliseer is, het die inbeelding oor die Kaap in Europa uitgebou en verder ingeprent. Dit het die basis gevorm vir die wyse waarop daar vir byna die res van die eeu oor die Kaap gedink is. In hoofstuk sewe moet hulle aan die orde kom.

HOOFSTUK 7

DIE ONTWIKKELING IN DIE EUROPESE LITERÊRE TRADISIE NA 1700

Nadat ds Petrus Kalden hom gedurende 1713 in die pers verweer het, was daar, met die uitsondering van Hofman, van geskifte van vryburgers of Kapenaars vir eers nie weer sprake nie. Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu het die stroom reisbeskrywings waarin na die Kaap verwys is, daarenteen steeds verbreed. Te midde van hierdie Europese reisliteratuur staan die beskrywings van Kolbe en Valentyn onweerlegbaar uit. Beide werke was so omvattend en uitvoerig opgestel dat hulle vir byna die res van die 18de eeu in Europa as standaardwerke oor die Kaap aangeprys is.

Peter Kolbe, wat 7 jaar aan die Kaap vertoef en in die gemeenskapslewe gedeel het, het sy bevindinge persklaar gemaak en gedurende 1719 in Duitsland uitgegee. Vir die eerste keer sedert die publikasie van die brosjure van Hondius 67 jaar tevore het daar hiermee weer 'n alleengeskrif, of liever 'n monografie, oor die Kaap en sy gemeenskappe verskyn. Dit is vertaal en ook buite Duitsland bemark.¹ Francois Valentyn, wat die Kaap vier keer besoek het, het in sy magistrale werk oor Oos-Indië die Kaapse verhaal ruimskoots in Nederlands vertel. Dit het in 1726 in Dordrecht en Amsterdam van die pers gekom.

Saam met die **Historische Reizen** van Abraham Bógaert staan die werke van Kolbe en Valentyn dus in die teken van 'n belangwekkende ontwikkeling in die Europese reisliteratuur m.b.t. die beskrywing van die Kaap van Goeie Hoop. Hulle het gedurende die eerste kwart van die 18de eeu vir beskrywings gesorg waarin die Kaap en sy mense uitsonderlik in Europa bekendgestel is. Dit het nie sonder persoonlike en doelbewuste ondersoek plaasgevind nie. Daarmee het die beskrywing van die Kaap 'n omvang bereik wat hele boekdele of selfstandige publikasies geveer het.

In die lig hiervan val die soeklig enersyds op die twee nuwe "standaardwerke" oor die Kaap. Dit word vergelyk met ander reisboeke wat tussen 1700 en 1750 op die Europese mark gekom het. Voordat dit gedoen word, word die Kaapse gemeenskap en sy ontwikkeling oor die eerste helfte van die 18de eeu kortliks aangedui. Dit is immers oor hiérdie gemeenskap en sy woonplek dat so uitvoerig berig is.

1. DIE KAAPSE GEMEENSAP GEDURENDE DIE EERSTE HELFTE VAN DIE 18DE EEU

Een van die belangrikste verskuiwings in die samestelling van die Kaapse gemeenskap was die landwaartse beweging wat ná 1700 vanweë 'n verskeidenheid redes momentum gekry het. Na die droë noordweste het die land oop gelê. In die ooste, anderkant die hoë Hottentotshollandberge, was daar ewe-eens geen beletsels wat 'n spontane binnetog van veeboere verhinder het nie. Groot binnelandse gebiede is vanweë 'n wydversprede pokke-epidemie wat talle Khoikhoistamme gedurende 1713 uitgewis het, onbewoond gelaat.²

1. Vgl. De Villiers: *Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing*, 27 e.v.

2. Vgl. Cruse: *Die opheffing van die Kleurlingbevolking*, 60 e.v. oor die disintegrasié van die stamlewe ná die 1713. Sien verder Elphic: *Khoikhoi and the founding of white South Africa*, 229 e.v.; Davenport: *South Africa: A Modern History*, 24-25.

Veeboere en trekboere het inisiatief geneem en op eie wicke die binneland, wat vroeër in 'n amptelike sin verken is, binnegetrek. Daarmee het hulle hulle rug op die see gedraai om in die binneland in isolasie 'n eie bestaan te voer.³ In 'n groot mate het sy nuwe tuiste die trekboer toegelaat om homself te wees.

Hiërdie landwaartse beweging was 'n onvoorsiene wending. Dit het nuwe eise aan die goewerneur en Politieke Raad gestel. Vir die aanvaarde kerk en sy predikante het dit eweneens 'n ongekende situasie meegebring. Die bediening van Woord en sakrament moes hierby aanpas. In die voorposte het die kerklike binding en begeleiding egter agterweë gebly.

Aan die Kaap en sy onmiddellike omstreke het sake hul eie gang gegaan. Hoewel die vryburgers deur die Here 17 in die gelyk gestel is, was die differensiering⁴ in die gemeenskap nie besweer nie. Hoewel senior amptenare nie weer die ekonomie tot hul eie voordeel kon manipuleer nie, is hul invloed op die gemeenskap nie daardeur gekortwiek nie. Die ordening⁵ en beskerming⁶ van die gemeenskap en sy openbare lewe het by hulle berus. Ook moes hulle die infrastruktuur aan die Kaap vestig en uitbou.⁷ Mettertyd is gebore ingesetenes⁸ in uitvoerende poste aangestel. Hulle het die vryburgers beter begryp en het self aan die Kaap as vaderland begin dink.

Ondertussen het die dorpie Stellenbosch, omring deur 'n gevestigde en invloedryke boeregemeenskap, bestendig ontwikkel. Noord van Stellenbosch is die Drakensteinvallei algaande omgewerk tot 'n vrugbare land- en wynbou gebied. Die Franse Vlughtelinge is met die Nederlandssprekendes geamalgameer. Teen 1730 het die Franse taal nagenoeg verdwyn. Nog verder noord het veeboere sedert 1701 in die Land van Waveren gevestig.

Ondanks die onderlinge differensiering was die gemeenskap onderworpe aan 'n proses van inheemswording.⁹ Van 'n eksistensiële beleving van die gebied as 'n permanente tuiste kon hy hom nie losmaak nie. Die nuwe geslag gebore Kapenaars het dit in elk geval nie oorweeg nie. Vir hulle het kennis van Europa en Nederland op hoor-sê berus. Andersyds was daar 'n formele ontwikkeling waarby die gemeenskap in mindere of meerdere mate sêlf betrokke was. In die Weskaap is in 'n algemene sin

3. Vir 'n verantwoorde geskiedenis van die trekboerbeweging, vgl. Van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*. Sien verder Davenport: *a.w.*, 30 e.v.; Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 61-64; Van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, 38 e.v. Wat hy in hierdie verband oor die invloed van die Calvinisme sê, moet versigtig getakseer word. Vgl. ook *dies.*, 45 e.v. en sy leermeester, Scholtz: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I*, 69 e.v.

4. Sien Botha: *Social life and customs*, 10.

5. Vir maatreëls i.v.m. die slawe, sien Cruse: *a.w.*, 200 e.v. Sien ook Davenport: *a.w.*, 25 e.v.

6. Vgl. Roux: *Die geskiedenis van die Burgerkommandos*, 23 e.v. 45 e.v.; Roux: *Die verdedigingstelsel aan die Kaap*, 139 e.v.; Muller (red.): *a.w.*, 71.

7. In hierdie verband is nie net die vestingwerke en paaie instand gehou nie, maar die onderwys (bv.) het ook aandag ontvang. Die uitstaande voorbeeld is sekerlik die skoolordinansie van De Chavonnes, sowel as die poging om 'n Latynse skool aan die Kaap te vestig. Sien hiervoor Cruse: *a.w.*, 125 e.v., asook Du Toit: *Onderwys aan die Kaap*, 102-109.

8. Bv. Swellengrebel, wat tussen 1739 en 1751 goewerneur was. Sien *SABW II*, 745-746.

9. Sien Botha: *a.w.*, 89.

gehoorsame eerbied vir kerk en owerheid as instellings gehuldig. Dit het tewens ook gegeld vir die kleiner gesags- en bestuurskringe waarin die burgers gedeel het. Dit was sekerlik belangrike sosiale en etiese voorwaardes waaronder die Kaapse gemeenskap in die 18de eeu ontwikkel het.¹⁰

2. VERSKEIE REISBESKRYWINGS HANDHAAF DIE GEVESTIGDE INBEELDING

In die inleiding hierbo is daarop gesinspeel dat die reisbeskrywings van die eerste helfte van die 18de eeu waarin die Kaap vermeld is, in twee onderskeie kategorieë uiteenval. Aan die een kant was daar enkele boekdele of monografieë waarin die Kaap uitvoerig en tot in fyn besonderhede beskrywe is. Aan die ander kant het daar in Europa steeds 'n string reisbeskrywings verskyn waarin oor die Kaap as 'n geringe onderdeel gehandel is. In hierdie verband kan die werke van De Graaff¹¹ (1701), Vogel¹² (1704), Funnel¹³ (1707), Leguat¹⁴ (1708), Lockyear¹⁵ (1711), Rogers¹⁶ (1712), Van Braam¹⁷ (1728) en Heydt¹⁸ (1744) genoem word. Almal het dit in gemeen dat hulle die tradisionele beeld oor die Kaap reflekteer. In breë trekke word die landstreek en sy inheemse bewoners getipeer en beskrywe. Die Europeërs wat hier 'n permanente gemeenskap gevorm het, word byna geheel en al oor die hoof gesien. 'n Kritiese ingesteldheid teenoor hulle ontbreek ook. Daniël Beeckman¹⁹ is 'n goeie voorbeeld om mee te volstaan. In sy boek van 1718 bring hy nie net die vrugbaarheid van die streek nie, maar ook die groeiende nedersetting onder die pen. Sprekend is sy uitlatings oor die Khoikhoi: "You may guess that these filthy Animals, (for they hardly deserve the name of Rational Creatures) if at London, would be much greater Customers to our Butchers, Kitchen-Wenches, and Chimney-Sweepers, for their Dress &c. than to the Mercers, Perfumers &c. of Ludgate-Hill or Covent Garden."²⁰ Hierdie reisbeskrywings het, per slot van sake, geen werklike verandering of ontwikkeling wat die inbeelding van die Kaap in die Europese literêre tradisie betref, gebring nie. Daarin is die historiese patroon eenvoudig gekontinueer.

Hierteenoor is die reisbeskrywings van Bógaert, Kolbe en Valentyn die uitsonderings. Bógaert (1711) was die eerste om 'n tiperende ontwikkeling te begin. In die vorige hoofstuk is gewys op die uitvoerige manier waarop hy hom by die "Kaapsche Zaken" ingelaat en dit met standpunte te boek gestel het. In sy spoor het

10. Sien die opmerking van Botha: a.w., 14: "Their life was influenced by the climate, animal and plant life, seasons, the soil and sun. Their customs were an admixture of those from Holland and the East with modifications and additions which were entirely South African. The story of their social life does not permit of the same continuity of description as when writing, say, of Dutch life." Vgl. verder Hattersley: *An illustrated social history*, 7 e.v. en Dominicus: *Het huislik en maatschapplik leven*.

11. *Reizen van Nikolaus de Graaf na de vier gedeelten des Werelds*. Utrecht, 1701. Vir vertalings en moderne uitgawes, sien Mackenzie: "South African Travel literature" in AYB 18(2), 99.

12. *Johann Wilhelm Vogels zehen-jährige Ost Indianische reise-beschreibung*. Altenburg, 1704. Sien ook Mackenzie: a.w., 102.

13. *A Voyage round the World*. London, 1707.

14. *Voyage et Aventures de Francois Leguat*. London, 1708. In dieselfde jaar is 'n Engelse vertaling in London gepubliseer: *A New Voyage to the East Indies*. Sien verder Mackenzie: a.w., 101; Sienaert-van Reenen: *Die Franse hydrae tot Africana literatuur*, 40 e.v., 191; *Monumenta Ethnographica*, 54-55 en Strangman: *Early French callers at the Cape*, v, 215 e.v.

15. *An account of the trade in India*. London, 1711.

16. *A cruising voyage round the world*. London, 1712, 1718². Vir 'n beskrywing van die Kaap, sien dies., 147 e.v. (1718).

17. *Tweejaarige Reyze Rondom de Wereld*. Dordrecht, 1728. Vir 'n beskrywing van die Kaap, sien 139 e.v. (Van Braam was 'n boekdrukker van Dordrecht wat self nooit gereis het nie).

18. *Allerneuste Geographische und Topographische Schau-platz von Africa*. Willhelmsdorff, 1744.

19. *A voyage to and from the Island of Borneo*. London, 1718. Vir sy beskrywing van die Kaap, sien 177 e.v.

20. Beeckman: a.w., 186.

Kolbe en Valentyn gevolg. Kolbe het sy omvattende monografie as 'n *Vollständige Beschreibung des Africanischen Vorgebürges der Guten Hoffnung* in Nürnberg (1719)²¹ uitgegee. Valentyn het in sy *Oud en Nieuw Oost-Indiën* (1726)²² 'n ewe omvattende *Beschrijving van Kaap der Goede Hoop*²³ opgeneem. Hierdie ontwikkeling in die Europese literatuur oor die Kaap verdien die volle aandag.

3. 'N MONOGRAFIE: DIE VOLLSTÄNDIGE BESCHREIBUNG DES AFRICANISCHEN VORGEBÜRGES VAN PETER KOLBE: 1719

Volgens eie getuienis het Kolbe²⁴ gedurende 1705 in die Kaap aangeland, hoofsaaklik om ten behoewe van Baron von Krosick²⁵ astronomiese waarnemings te boek te bring. Vir meer as sewe jaar het hy die Kaap belewe. Hy is selfs in 1710 as die sekretaris van die Heemraad op Stellenbosch aangestel. Sy verblyf aan die Kaap het hom in 'n posisie geplaas waarop geen ander reisiger tot dusver kon aanspraak maak nie. Sou die langer verblyfperiode hom help aan 'n onbevooroordeelde weergawe van die Kaapse situasie? Gedurende 1712 moes hy na Europa terugkeer. Toe hy sy omvattende boekdeel oor die Kaap in Nürnberg in 1719 uitgee, was hy "Rectore zu Neustadt an der Aysch."

Klaarblyklik het die oorspronklike bedoeling vir sy koms in die niet bly lê. In plaas daarvan het hy ná sy terugkeer 'n dikke boekdeel oor die Kaap saamgestel. Die versamelde stof is met 'n bepaalde doelstelling voor oë ingeboek. In sy "Vorrede" is hy uitgesproke oor sy motief, nl. dat hy "nichts als neue Sachen und Entdeckungen vorstellig machen soll."²⁶ Die sluitsteen vir die juistheid van sy berig is nie net konklusief of deduktief nie, maar het sy grond veral in die beproefde ervaring en waarneming. Die vraag na die betroubaarheid van reisbeskrywings was immers 'n kwessie wat op verantwoording aangedring het. Skrywers en uitgewers was sedert die begin van die 18de eeu nogal bedag hierop. Wat hy dus oor die Kaap neerpen, "(beruhete) auf ... den eigenen Anschauung/ und persönlichen Beijwohnen."²⁷ Geen wonder nie dat hy dikwels gegewens uit vorige reisbeskrywings - o.a. Ivertse, Tachard, Dapper, Andersen - regstel of teëspreek.

Die *Vollständige Beschreibung* het egter méér om die lyf as net 'n uitgebreide reisbeskrywing vol interessantheide oor die Kaap. Dit is 'n naslaanwerk, 'n leerboek, 'n "genugsame Nachricht ... zu deiner Belustigung/ Nutzen und Vorteil."²⁸ Die sakeregister aan die einde maak die boek vir die navoser en student toeganklik. In sy geheel stuur die werk dus af op 'n doelbewuste vertolking en ontsluiting van kennis aangaande die Kaap en sy gemeenskappe.

21. Die titel is in Latyn: *Caput Bonae Spei Hodierum*.

22. *Beschrijving van Oud en Nieuw Oost-Indiën*. Dordrecht en Amsterdam.

23. In die vyfde deel, die tweede stuk.

24. Vir biografiese en bibliografiese besonderhede, sien *Monumenta Ethnographica*: 57-65; De Villiers: *a.w.*, 27 e.v. veral 28; Carstens: *The present state of the Cape of Good Hope by Peter Kolb*, v, x e.v.

25. Vgl. Kolbe: *Caput Bonae Spei Hodierum*, dedicatio.

26. Dies., Vorrede.

27. Dies.

28. Dies.

In sy uiteensetting sluit Kolbe aan by die drieledige wyse waarop Europese literatuur gegewens oor die Kaap tradisioneel georden het. Die eerste deel handel oor die "Beschreibung des Vorgebürges der guten Hoffnung; worinnen die Physicalia, von den Dreijen Reichen der Natur ausführlich abgehandelt werden."²⁹ Daarin ontvou hy 'n asemrowende nuwe wêreld vir die natuurkundige sowel as belangstellende leek in Europa. Op die alfabet af word die verskeidenheid diere, voëls, visse, slange en insekte sowel as plante beskrywe.³⁰ Hy laat ook nie na om die geo-fisiese struktuur van die land te bespreek nie.³¹ Hy hou hom navorser en kundige wat ingestel is om die "natuurlike Historie" as kennisbron te ondersoek.³² Hy bespreek ook die aangename klimaat en die uitsonderlike vrugbaarheid van dié landstreek.³³

"Der Zweite Theil Welcher Einig und allein von den Hottentotten"³⁴ handelt,³⁵ kom vervolgens aan die orde. Daarin peil hy die oorsprong, die kulturele gebruike, huishoue en religieuse praktyke, sowel as die kollektiewe lewe waarin hierdie oorspronklike inwoners van die Kaap hulleself as een van die mees uitsonderlike samelewings handhaaf. Hy gaan hulle "politischen Regierungs-Form"³⁶ na en maak veel van die "Bündniss mit den Holländern,"³⁷ waarin onderling ooreengekom is m.b.t. die verdeling van die land wat sedert 1652 gesamentlik bewoon moes word. Oor hulle "Gottesdienst" maak hy aantekening. Sy waarneming en ondersoek het 'n natuurlike godskenis by hulle opgespoor.³⁸

Ten spyte daarvan dat die Khoikhoi, 'n vuil en lui heidense nasie, soms wreed en onmenslik optree, of hulleself aan dronkenskap en poligamie prysgee, is daar onder hulle tog prysenswaardige deugde. "Gerechtigheit," "Treue und Redlichkeit"³⁹ is so deel van hulle leefwyse dat dit die christene beskaam.⁴⁰ By Kolbe skuil daar onder die karos dus 'n fynbesnaarde humane wese, 'n egte mens. Hierbenewens voeg hy nog 'n "Catalogus der Hottentotischen Wörter mit der Lateinischen und Teutschen Erklärung"⁴¹ by. Hy leun vir sy gegewens hoofsaaklik aan op wat De Grevenbroeck oor die Khoikhoi op skrif gestel het. Schapera het ingegaan op die wyse waarop Kolbe in hierdie verband hom aan plagiaat skuldig gemaak het.⁴²

29. Dies., 1-346.

30. Dies., 136 e.v.

31. Dies., 226 e.v. Vir die hidrografie, sien dies., 273 e.v. Vir die klimaat, sien dies., 303 e.v.

32. Vgl. die tipering van Huizenga: "Natuurbeeld en historiesbeeld" in *Verzamelde Werken IV*, 341 e.v.

33. Kolbe: *a.w.*, 54 e.v., 109 e.v.

34. Dies., 347 e.v.

35. Dies., 347-582.

36. Dies., 400 e.v.

37. Dies., 356 e.v.

38. Dies., 406 e.v.

39. Dies., 540 e.v.

40. Dies., 548. Sien ook die volgende opmerking: "Solte dieses nicht zur Beschamung unserer Christen angewendet werden können, dass sie, ob ihnene gleich die Wege Gottes offenbar sind, und treue Lehrer und Seelsorger ihnene solche alle Tage treulich, eyffrig und nachdrücklich vorstellen und einschärffen, dennoch viel Blinder als diese heyden wandelen, dieweil sie nicht einmal, so viele an ihren Kinderen ereignende Schäden, und Mängel abthun, und sie dafür auf den Weg der Jugend bringen, noch weniger zur ernsthaften Gottseeligkeit leiten und führen wollen: welchen doch diese Leute so viel sie aus dem Licht der Natur erkennen und bespühren können, von selbstem und ohne einige Anmahnung bewerkstelligen." Dies., 372.

41. Dies., 360 e.v.

42. Sien Schapera (ed.): "The early Cape Hottentots," in *VRS 14*, 163 e.v.

Derdens kom "die Europäischen Colonien" ter sprake waarin "vielen seltsamen Begebenheiten/ die sich Zeit des Auctoris Anwesenheit daselbst zugetragen/ welche er durch unterschiedliche authentique Stücke confirmiret."⁴³ Die Europeërs of Nederlanders was die "ersten christlichen Besitzern dieses Vorgebürges."⁴⁴ Hulle het 'n lang en interessante geskiedenis. Dit begin by 'n ontdekking van die "Portugisischen See-Helden."⁴⁵ Hy vertel die verhaal van D'Almeida en hoedat Tafelbaai as 'n hawe deur die Nederlanders ná 1600 benut is. Net na die helfte van die eeu het die Nederlanders die gebied van die Khoikhoi vir 'n bedrag van 50000 gulde gekoop. 'n "Kluger und verständiger Chirurgyns, Namens Johannes van Riebeck"⁴⁶ het die volkplanting aangelê en gevestig. Dit het sedertdien uitgegroeï tot 'n suksesvolle kolonie. Met 'n ophaal van feite en gebeure - veral vanweë die optrede van die onderskeie goewerneurs - wys hy hoe die ontplooiing⁴⁷ daarvan verloop het. Dit het plaasgevind in weerwil van die belemmerende wyse waarop die Van der Stels die bestuur van die kolonie waargeneem het. Hy vertel as 'n medestander óók die stryd van die burgers teen Van der Stel.⁴⁸ Dit is onnodig om dit hier weer te gee, aangesien hy dit in dieselfde sin as Bógaert opvat. Hoewel dit vir Kolbe nie om geskiedskrywing in die volle sin van die woord gaan nie, is dit nietemin 'n poging tot historiese dekking. En, hy moes ook historiese ondersoek gedoen het na die besondere Kaapse geskiedenis.

Hy wy 'n wydlopige bespreking aan die "Sitten und Gebräuchen/ welch die Europäischen Einwohner unter einander besachtet."⁴⁹ Hulle staan in die volle lewe. Die openbare ordening van die samelewing word behartig deur amptelike bestuursinstansies en owerheidsrade aan die Kaap. Hieronder tel hy ook die "Collegio des Kirchen-rathe."⁵⁰ Hy bepaal hom by die formele van die godsdienstebeoefening waarin hy aandag gee aan die verblyf en optrede van die predikante.⁵¹ Die inwoners is gasvry. Hulle moet hulle egter tevrede stel met die swak skoolopleiding waaraan hulle kinders - vanweë die luiheid van onderwysers - onderworpe is. Aan die anderkant laat die dissiplinerende van kinders veel te wense oor. Boonop word hulle gewoonlik deur Khoikhoivroue opgepas - iets wat hom in die latere lewe wreek. Dit kweek luiheid, sê Kolbe, maar ook 'n aversie aan christelike lewensreëls en deugde.⁵²

Nog 'n aspek wat hy aanroer, is die verhouding van hierdie gemeenskap met die Khoikhoi en slawe. Sy weergawe het 'n positiewe én negatiewe intonasie. Eers wys hy daarop dat die empiriese ervaring met die Khoikhoi, m.n. hul roofgierigheid, die verhouding telkens vertroebel het. Later van tyd het dit gestabiliseer, sodat daar in sy eietyd nie meer werklik sprake was van konfrontasie en spanning nie. Daarvoor gee hy die Nederlanders van die Kaap 'n pluimpie. Dit is "absonderlich an denen Holländern zu loben/ dass sie ersterwehnte Nation nicht gesucht/ auch noch nicht suchen zu unterdrücken, oder in Slaverey zu stecken/ vielweniger zu ermorden/ und gänzlich auszurotten, sondern sie haben allezeit getrachtet, durch

43. Kolbe: a.w., 583-840. Tussen 840-846 is 'n kort "Nachricht" van sy terugreis.

44. Dies., 583 e.v.

45. Vgl. dies., 50 e.v., 583 e.v. vir hierdie seevaart-geskiedenis.

46. Dies., 52 e.v., 588 e.v.

47. Dies., 60 e.v., 78 e.v., 94 e.v. Vir 'n beskrywing van die boerderye, sien 109 e.v.

48. Dies., 730-828.

49. Dies., 604 e.v.

50. Dies., 611.

51. Vgl. De Villiers: a.w., 35 e.v. oor Kolbe se vertolking van die kerklike lewe.

52. Vgl. Kolbe: Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I, 309 e.v., 317.

gütige und gelinde mittel sie auf den Weg des Friedens zu bringen; und abgleich solches Anfangs nichts hat halven wollen/ sind sie doch nummehro mit ihrem Schaden so weiser geworden, dass sie nicht nur nachgeben, sondern auch gar um Beystand Ansuchung tuhn müssen/ wenn sie selbsten untereinander im Krieg verwickelt werden.⁵³ Andersins haal hy insidente op waarin die koloniste en handelaars die Khoikhoi op 'n bedenklike manier ingeloop het.⁵⁴ Dan teken hy die Hottentotte as weerloos, met geen keuse as om voor die Europeërs uit te wyk, of in hulle diens te tree nie.⁵⁵

Uiteraard is die vraag na die regsgrond vir die Nederlandse besetting van die Kaap op hierdie punt ter sake.⁵⁶ Kolbe huiwer ook nie om dit aan die orde te stel nie. Hy verwys na 'n koopkontrak van 50000 gulde, waarmee Van Riebeeck 'n deel van die gebied van die Khoikhoi kragtens reg bekom het.⁵⁷ Met die landwaartse uitbreiding en vestiging het die saak enigsins verander. Die Khoikhoi moes die wyk neem en het aan die kortste end begin trek: "Dieweil diese Nation vermög ihres einmal eingegangen verkaufs-Contracts, alles mit Gedult ansehen und leiden musten, dieweil sie auch gegen Pulver und Bley, das bey ihrer hartnäckigkeit auf sie gewartet, nichts einbringen noch sich widersetzen konten."⁵⁸ Kolbe verhef dit egter nie tot 'n aangeleentheid wat in diens van een of ander politieke, humanitêre, missionêre of godsdienstige oorweging geplaas word nie. Nietemin sny hy hierdie boeiende problematiek aan.

Naas die verhouding met die Khoikhoi, kenskets hy ook die behandeling wat die slawe in die kolonie ontvang. Die koloniste behandel hulle slawe streng en het 'n afkeer daarvan om die slawe of slawekinders te laat doop. Die rede lê volgens hom, nie daarin dat dit vir die burgers 'n bedenklike saak sou wees "om andere Christenen tot slaven te hebben"⁵⁹ nie, maar moet in werklikheid gesoek word in die gemis aan christelike en evangeliese ywer en liefde wat so algemeen onder die Europeërs voorkom.⁶⁰ Aan die Kaap ontbreek sendingwerk volgens hom byna in sy geheel.

Hierdie opmerking van Kolbe moet in 'n wyer konteks geplaas word. Ooglopend sluit hy ook in hierdie verband aan by 'n waarneming wat Tachard reeds in 1688 gemaak het. Dit was min of meer ook die gewaarwording van enkele protestantse sendelinge wat die Kaap net na die eeuwenteling aangedoen en daarvoor geskrywe het. Ziegenbalg en Plütschau, twee Deense sendelinge van Lutherse belydenis en deurdronge van die piëtistiese begrip en praktyke van die christelike geloof, was gedurende 1706 by die Kaap aan op pad na Tranquebar in Indië.⁶¹ In briewe na Europa het hulle hul indrukke oor die Kaap deurgegee. Hierdie indrukke, sowel as hulle berigte uit die sendingveld, is bymekaargehou en gepubliseer.

53. Kolbe: *Caput Bonae Spei Hodierum*, 86.

54. *Dies.*, 382 e.v.

55. *Dies.*, 385 e.v.

56. In die reisbeskrywings kom hierdie aangeleentheid dikwels aan die orde. Die aandag is in die breë tot op hoogste vlak hierby bepaal. Vgl. Schieder: *Handbuch der Europäische Geschichte* III, 86 e.v., 92 e.v. (Entdeckungen und Entdeckungsrecht.)

57. Vgl. Kolbe: *a.w.*, 365 e.v.

58. *Dies.*, 78.

59. Sien Kolbe: *Naaukeurigen en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop* II, 321.

60. *Dies.*, 321 e.v.

61. Vir hierdie onderneming, sien Lehman: *Es begann in Tranquebar*; Warneck: *Abriss einer Geschichte der protestantischen Missionen*, 50-68. Latourette: *A history of the expansion of Christianity* Vol. III, 276 e.v. Vgl. ook Neill: *A history of Christianity in India 1707-1858*, 28-58.

Dit is in 'n wye leserskring deur geesgenote ontvang. 'n Derde Engelse vertaling het reeds in 1718 in Londen as die **Propagation of the Gospel in the East: being an Account of the Success of two Danish Missionaries Lately send to the East** verskyn.

In een van die eerste briewe⁶² in hierdie publikasie, laat Ziegenbalg hom oor die Kaap uit. Vanselfsprekend bekyk hy hierdie geweste en sy mense deur die bril van 'n sendeling. Vir die Lutherane aan die Kaap is daar nie 'n predikant nie. Godsdienstig gesproke, skrywe hy, "we find little among 'em, besides a Religion raised on Maxims of State and Policy, void of all that substantial Piety and Truth which is in Jesus."⁶³ Die Nederlanders was wat die kerklike bediening betref, beter af. Bowendien, teken hy aan, baie van hulle "loved to hear us talk of Piety and Religion."⁶⁴ "Some of our best Devines" is onder die boekery van die Nederlandse predikant opgemerk.⁶⁵ Waarop dui hierdie waarnemings? Was daar 'n differensiering m.b.t. die belewing van die godsdiens en geloof in die Hollands-Kaapse gemeenskap en kerk? Het die Lutherane hulle sonder 'n formele bediening bymekaar gehou?

Onder die slawe is 'n redelike mate van geloofskennis aangetref. Tog was hierdie sendeling "much amazed to see, that the Christians use their Slaves so hard, and ... deny 'em the very Benefit of Baptism, whereby they might be initiated into the Christian Faith."⁶⁶ Die Khoikhoi "is truly a wretched and miserable people."⁶⁷ Desnieteenstaande is hulle met min tevrede, goeie en betroubare diensknegte én - "they make us Christians ashamed in many Particulars."⁶⁸

Nog 'n sendeling uit dieselfde geesgenootskap, J.G. Böving, het hom 'n paar jaar later onder dieselfde omstandighede in briewe na Duitsland oor die Kaap uitgelaat. Teen sy medewete in het iemand uitreksels daarvan gemaak en vir die drukpers voorberei. Gedurende 1712 het dit verskyn. Daarin is 'n **Curieuse Beschreibung und Nachricht von den Hottentotten**⁶⁹ opgeneem. Hierin word die gebied, sy geskiedenis en die amptenare en boere wat hierin 'n bestaan maak, eers geskets.⁷⁰ Tweedens word iets oor die "Slaven auf Cabo" gesê.⁷¹ Die waarneming is op die punt af: "um dieser heyden Bekehrung aber hat man sich biss dato wenig bemühet."⁷² By die here word 'n weerstand bemark om die slawe te laat doop. Die rede daarvoor lê klaarblyklik daarin dat die slawe as gedoopte christene hul waarde sou verloor.⁷³ Derdens het die uitgewer enige inligting "von den Hottentotten oder Sonquas" uitgesoek.⁷⁴ Hierdie groep mense word

62. Vir al die ongepubliseerde briewe van Ziegenbalg, sien Lehman: *Alte Briefe aus Indien*. Daarin het Ziegenbalg ook heelwat oor die Kaap te sê gehad. Sien dies., (o.a.) 22-31, 412-421, 451 e.v., 263 e.v.

63. *Propagation of the Gospel in the East*, 10.

64. Dies.

65. Dies.

66. Dies., 11.

67. Dies.

68. Dies., 12.

69. Sien Herrn. Joh. Bövinghs/ *Königlichen Dänischen Missionarii zu Tranquebar*, 1 e.v.

70. Dies.

71. Dies., 2 e.v.

72. Dies., 2.

73. Dies., 3. Dit is dus min of meer dieselfde as wat Kolbe in hierdie verband opgemerk het.

74. Dies., 3 e.v.

beskrywe na hulle liggaamsbou, hulle taal, huise en religie. Uiteindelik word aantekening gemaak van die "Werken des Fleisches," d.w.s. die sonde, onder hulle.⁷⁵ Oor hoe hierdie "Heyden" missiologies bearbei moet word, laat hy hom nie uit nie.

Bg. publikasie het nie die goedkeuring van Böving weggedra nie. Hy het "mit eigener Feder" 'n *Kurze Nachricht vonden Hottentotten oder denen Heyden/ welche das äuserste africanische Vorgebirge Cabo de bona Esperanca genannt/ bewohnen* saamgestel. Dit is "von den bey der ersten eingeschlichenen Fehlern gesaubert" en in 1714 in Hamburg gepubliseer.⁷⁶ Hierin behandel Böving die Khoikhoi breedvoeriger. Hy wy ook meer ruimte aan 'n bespreking van die sonde in hierdie gemeenskappe. Aan die Kaap is dit, sê hy, algemene kennis dat dit onmoontlik is om die Khoikhoi te bekeer.⁷⁷ Sy eie ervaring is eweneens negatief in hierdie verband. Hy meen dat die rede waarom hulle nie vatbaar vir die evangelie is nie, daarin gesoek moet word dat hulle waarskynlik afstammeling van Gam is. Gam het, volgens Böving, nadat die vloek oor hom uitgespreek is, na Afrika getrek. Vanweë hierdie vloek het daar 'n teësin in die evangelie onder sy nakomelinge gegroei.⁷⁸ Desnieteenstaande meen hy dat sendingwerk tog met alle ywer onder hulle aan die gang moet kom. Geheel en al verlore is hulle nie.⁷⁹ Oor die gebied self, die slawe en die Europese inwoners, bewaar hy in hierdie publikasie die swye.

Die publikasies waarvoor Ziegenbalg en Böving verantwoordelik was en hulle aantekening oor die Kaap, is deel van die Europese literêre tradisie. Soos Tachard, is hulle evaluering van die Kaap deur 'n missionêre oorweging gestempel. Die protestantse sendelinge was egter nie een so uitgesproke krities teenoor die Kaapse gemeenskap soos Tachard nie. In die 19de eeu kon sendelinge wat in die Kaap gestasioneer was en die situasie met voorveronderstellings belewe het, hulle nie inhou nie en het in die kritiese gees van Tachard m.n. die voorposgemeenskappe aangekla.

In Duitsland het Kolbe die aantekeninge van Ziegenbalg en Böving te lese gekry. Hy skroom nie om telkens hulle opmerkings i.v.m. die Khoikhoi in die rede te val en reg te stel nie. Op sekere punte sluit hy by hulle, én Tachard, aan. Uit sy bespreking van die sosio-ekonomiese intergroepverhoudinge aan die Kaap is dit oontenseglik so.

Uit wat tot dusver gesê is, blyk dit dat Kolbe, t.s.v. sy vooropgestelde intensie, hom gehou het by die basiese struktuur waarin in Europa oor die Kaap berig is. Sy benadering is dié van die toenmalige geleerde wêreld, soos dit deur die humanistiese tydsgees gedikteer is. Hy stel 'n hoë belang in die godsdiens, die christelike religie en leefwyse. Hy is bewustelik ingestel op die reg en die regering. Sy beskrywing, sowel as die geskiedenis wat hy daarin verhaal, is dié van mense en menslike gebeure. Tussen die lyne deur lê hy 'n

75. Dies., 8 e.v.

76. By Caspar Jähkel.

77. Böving: *Kurtze Nachricht vonden Hottentotten*, 27 e.v.

78. Dies., 28.

79. Dies., 28 e.v.

norm aan waaraan hy die gemeenskappe meet. T.s.v. hulle heidense bestaan, is daar onder die Khoikhoi sake wat hy waardeer en vir christene as lesmateriaal voorhou. T.s.v. hul christelike bestaan is daar onder die Europeërs sake wat hierdie uitgangspunt weerspreek.

In 1727 is die beskrywing van Kolbe in Nederlands in Amsterdam as 'n **Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop**⁸⁰ vertaal. Die jaar tevore is daar (ook) in Amsterdam vyf boekdele, wat 4800 dubbelkolom foliobladsye oor **Oud en Nieuw Oost-Indiën** beslaan, gepubliseer. In die vyfde deel, die tweede stuk, het die outeur **een Beschrijving van Kaap der Goede Hoope** opgeneem. Hy was 'n Nederlandse en gereformeerde predikant, Francois Valentyn. Hy het vir baie jare in diens van die VOC in die Ooste die Woord bedien.

4. DIE NEDERLANDER VALENTYN OOR DIE KAAP: 1726

Valentyn⁸¹ se vier besoeke aan die Kaap was van korte duur. Dit het egter oor 'n baie lang periode gestrek - in 1685, 1695, 1705 en 1714.⁸² Dit het hom in staat gestel om die veranderings en vooruitgang van die kolonie raak te sien. Die verste wat hy die binneland betree het, was 'n vlugtige besoek aan Stellenbosch en Hottentots-Holland, gedurende 1705. Hy is goed aan die Kaap ontvang en opgeneem in die kring van die senior amptenare. W.A. van der Stel het hy as 'n welwillende goewerneur belewe.

Serton het die aandag op die eietydse belang van die werk van Valentyn gevestig.⁸³ Hy wys ook daarop dat Valentyn 'n onvermoeide versamelaar van wetenskaplike was.⁸⁴ Valentyn gaan egter nie krities nie, maar eklekties met sy bronne om. Daarom kom sy boekdele nie verder as 'n kompilasie van gegewens uit baie en uiteenlopende bronnemateriaal nie. Die beskrywing van die Kaap is 'n goeie voorbeeld van sy aanpak. Sy gegewens in hierdie verband het hy deur aanskouing en navorsing verkry. Lg. het hy uit bestaande publikasies en ongepubliseerde manuskripte "opgedolven."⁸⁵ In sy bronne-arsenaal figureer vroeëre reisbeskrywings - hoofsaaklik Van Spilbergen, Commelin, Dapper, Bogaert, Kolbe - prominent. Hiernaas laat hy hom nie alleen lei deur ander ter sake literatuur - De Grevenbroeck,⁸⁶ Oldenland,⁸⁷ Van der Stel en Tas en Van der Heyden⁸⁸ - nie, maar neem hy ook die binnelandse reisverslae van Simon van der Stel (1685) en Starrenburg (1705) in oënskou.⁸⁹ Soos in die res van sy werk is hy nie krities teenoor sy

80. Uitgegee met "kurieuse nieuwe en noodige Kaarten en vele Printverbeeldingen opgeheldert en versiert." In 1731 en 1738 is dit in Engels vertaal, in 1741 en 1743 in Frans en weer in Duits gedurende 1745. Sien die opmerking van Ehrmann en Sprengel: *Bibliothek der neuesten und wichtigsten Reisebeschreibungen*, "Dieses Werk galt sonst für die Hauptquelle aller Kunde von dem Kaplande, und war zu seiner Zeit für ein klassische Werk geachtet." Opgeneem by De Villiers: a.w., 155-156.

81. Vir biografiese besonderhede, sien Van Troostenburg de Bruijn: *Biographisch Woordenboek*, 435 e.v.; De Villiers: a.w., 39 e.v. en Raidt (red.): "Francois Valentyn. Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope" in VRV II(2), 2 e.v.

82. Raidt (red.): a.w., 20.

83. Vgl. sy inleiding by Raidt (red.): a.w., 2 e.v.

84. Dies., 14 e.v.

85. "t welk mij meer moete gekost heeft, dan men gelooven zou, om dit alles uit de duisternis en vergetelheid weder uit te graven." Valentyn: *Beschrijving van 't Nederlandsch Comptoir*, Voorreden.

86. Vgl. Raidt (red.): "Francois Valentyn. Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope," in VRV II(4), 76.

87. Vgl. Raidt (red.): a.w., VRV II(2), 116. Sien vir Oldenland, Karsten: *The Old Compagny's Garden*, 71 e.v.

88. Sien Raidt (red.): a.w., 150 e.v.

89. In hoofstuk 4 van sy werk is beide opgeneem. Vir die joernaal van Starrenburg, sien ook Godeé Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika II*, 3-8.

bronne nie. Die herkoms van sy inligting word as 'n bysaak beskou. Dit moes maar net die skyn van betroubaarheid hê en die gang van die verhaal dien.⁹⁰ Volgens hom is die aanwending van primêre bronne, naas eerste-handse ondervinding, waarborg vir die juistheid van sy weergawe.⁹¹

Afgesien hiervan is Valentyn (soos Bôgaert) beïnvloed deur 'n nasionalistiese oorweging.⁹² Die beskrywing van die Kaap en sy geskiedenis is bedoel om, soos die res van die werk, "de Nederlandse Natie niet alleen boven alle de Ouden" maar "ook boven alle Europeërs te verheffen."⁹³

Wat hy oor die Kaap skrywe, is gegiet in die patroon wat hy vir sy werk in die geheel aangelê het: "doorgaans een nette beschrijving der Landen, daar na een vervolgend verloop van zaaken, in yder Land voorgevallen en eindelyk een ordentelyk berigt van de zaaken, tot den Godsdienst behoorende."⁹⁴ Tweedens hou hy hom aan die bestaande inbeelding oor die Kaap en sy mense. Al drie aspekte daarvan vorm ook by hom die bakens waarlangs hy sy beskrywing uitmeet. Hy gaan wel op 'n manier van sy eie met hierdie inbeelding om. 'n Sistematiese behandeling soos by Kolbe ontbreek. Op die oog af is dit duidelik dat hy proporsioneel veel meer aandag skenk aan die Europese nedersetters as bv. aan die Khoikhoi. Hy spandeer nog weniger tyd aan die natuurlike gesteldheid van die gebied met sy fauna en flora.⁹⁵

Allereers stel Valentyn min of meer op voetspoor van Kolbe die kontrei⁹⁶ waarin hierdie gemeenskap hom bevind aan sy lesers voor: "Is 'er nu een land in de wereld, dat zich van verre, en zelf ook al is men in de baai, bar, woest, zeer klippig en rotzig opdoet, zoo is het dat van de Kaap der Goede Hoop."⁹⁷ Nietemin is in "deze uiterste Zuidhoek van Africa"⁹⁸ 'n prysenswaardige tuin⁹⁹ aangelê, terwyl hy ook beïndruk is met die vestiging van suksesvolle boerderybedrywinghede¹⁰⁰ sowel as die uitbou en ontwikkeling van die kolonie vanweë insette van die VOC en die Politieke Raad.

Die "Hottentots"¹⁰¹ beskrywe hy in 'n hoofstuk en maak daarin ekstensief gebruik van inligting uit ander reisbeskrywings, sowel as die manuskrip van De Grevenbroeck. Sy beeld van die inboorlingstamme is in breë trekke gebaseer op dié van Kolbe.¹⁰² Hulle is sonder twyfel van "de vuilste menschen"¹⁰³ denkbaar, maar ook hulpvaardig en van "goeden aard, en weldaadige imborst, waarover zy in alle deelen te pryzen

90. Sien Raidt (red.): a.w., 14 e.v.

91. Vgl. Valentyn: a.w., Voorreden. Die ander rede is volgens Valentyn, dat 'n reisiger, om betroubaar te berig, bekend moet wees met die inheemse taal. In hierdie opsig kwalifiseer hy.

92. Vgl. hoe hy sy werk afsluit. Sien Raidt (red.): a.w., VRV II(4), 264-266.

93. Valentyn: a.w., Voorreden.

94. Dies.

95. Dies., 112 e.v.

96. Raidt (red.): a.w., VRV II(2), 32 e.v.

97. Dies., 32.

98. Dies., 40.

99. Vgl. sy opmerking "dat egter geen van alle vermaarde thuienen der Ouden, of der hededaagze liefhebbers van thuienen, zoo men op aanleg der plantagie, en der zeldzaame boomen uit alle vier de werelddedeelen ziet," in dies., 98. Vir die tuin, sien Karsten: a.w.

100. Vgl. bv. sy beskrywing van Vergelegen, die plaas van goewerneur W.A. van der Stel, Raidt (red.): a.w., VRV II(2), 150 e.v. Sien verder dies., 134 e.v., 154 e.v., 166 e.v.

101. Sien Raidt (red.): a.w., VRV II(4), 58 e.v.

102. Vgl. dies., 76 e.v., 96 e.v.

103. Dies., 58, 62.

zyn.¹⁰⁴ Net soos Kolbe is hy ook bewus van 'n ingrypende probleem t.o.v. die staats- of volkereg. Die "Hottentots" is inderdaad van hulle land, of 'n deel daarvan, ontnem. Maar, teken Valentyn daarby aan, "zy zyn jegenwoordig met ons wel in een goed verstand; maar plagten voorige tyden dikwils met ons overhoop te leggen, gelyk ons in 't vervolg nog wel voorkomen zal, en waar by zy ons goede blyken geven zullen, dat zy hun regt zowel, als wy, verstaan, en dat men hen geenzins voor zoo gek, als zy van zommigen wel gehouden worden, verslyten moet."¹⁰⁵ Dit is egter nie 'n probleem waarmee Valentyn hom ophou nie. Dus soek hy ook nie na regverdiging vir die Nederlandse optrede nie. As sodanig is sy opmerking nie bedoel om bevraagtekenend teenoor die besetting van die Kaap te staan nie. Eers in latere jare sou die reisbeskrywings en Europese literêre tradisie hiervan 'n saak maak. Toe het dit met 'n politieke motief gepaard gegaan.

Valentyn spits sy aandag, soos gesê, toe op die Europese gemeenskap aan die Kaap. Hy doen dit met historiese verwysing en ondersoek. Hy, meer as ander, is bewus van die differensiering in die geleedere van hierdie gemeenskap. Hy groepeer die "Ingezeten en van dit land" in "Dienaaren der E. Maatschappij, of Borgeren, anders vrylieden genaamt of Hottentotts."¹⁰⁶ Eg. is die "aanzienlykste in rang."¹⁰⁷ Die "vrylieden," wat eers arm was, het gaandeweg met die bestaansmiddele tot hulle beskikking suksesvol begin boer. Uit hulle geleedere, wys Valentyn daarop, het die beweging teen Van der Stel aan die gang gekom.¹⁰⁸

In nog 'n hoofstuk wat hy die "verdere zaaken van de Kaap"¹⁰⁹ noem, kom hy terug op die geskiedenis van die Europese besetting "van dezen Zuyd-hoek van Africa." Hy wou dit "zoo verre ons mogelyk is, van de grond af opbaggeren, voornamentlyk, om eens na te speuren, wat Volkeren hier nu en dan al geweest, of wanneer zy dan deezen Stormhoek eerst ontdekt hebben."¹¹⁰ In hierdie opsig onderskei hy hom saam met Bôgaert en Kolbe van die res van die reisbeskrywings. Van die drie behandel hy die Kaapse geskiedenis die mees indringende en interpreteer dit uit en uit as deel van 'n roemryke Nederlandse verlede.

Hoofsaaklik "om dat het tegen de reden, en de dagelykze ondervinding van alle hedendaagze zee-verstandigen, als een onmogelyke zaak aanloopt,"¹¹¹ verwerp hy die tradisie wat die ontdekking van die Kaap in die klassieke tyd plaas.¹¹² Die Portugese het in die persoon van Dias eers gedurende 1593 die sluier wat oor die suidpunt van Afrika gehang het, gelig. Na hom het Da Gama gekom; dapper seevaarders wat uiteindelik gevolg sou gee aan Portugese¹¹³ handelsvestings in die Ooste. Teenoor die Kaap van Goeie

104. Dies., 106.

105. Dies.

106. Raidt (red.): a.w., VRV II(2), 170.

107. Dies. Vir 'n lys van goewerneurs, sien dies., 174 e.v., kommissarisse, 176; sekundi, 176 e.v.; fiskale en militêre bevelvoerders, 178 e.v.; predikante, 180; sekretarisse van die Politieke Raad, 180 e.v.

108. Vir sy bespreking van die "Vrylieden," sien dies., 186 e.v., 204 e.v.

109. Sien Raidt (red.): a.w., VRV II(4), 126 e.v.

110. Dies.

111. Dies., 128.

112. Valentyn: a.w., 1 e.v., behandel die klassieke seevaartgeskiedenis en dui aan dat dit eventueel nie geslaag het nie.

113. Dies., 81 e.v. Valentyn is uitgesproke oor die feit dat die moderne Europese seevaart suksesvol uitgeloop het op die ontsluiting van die wêreld. Daarin het die Europeërs die antieke seevaarders oortref.

Hoop het hulle sku gestaan. Daarvoor roep Valentyn op gesag van die bekendste Portugese geskiedskrywers die verhaal van (o.a.) D'Almeida in, wat hy as anekdote aan die behandelde stof toevoeg.¹¹⁴

Oor die Engelse en Franse besoeke aan die Kaap gedurende die 16de eeu skrywe hy kort.¹¹⁵ Oor die Nederlandse seevaart om die Kaap sedert 1595 en die aanlê van 'n ongeëwenaarde handelsryk is hy rondborstig en uitgesproke.¹¹⁶ Die gegewens vir sy verhaal put hy uit die ou Nederlandse see- en reisverhale, met name soos Commelin dit in sy bekende versamelwerk opgestapel het. Hy behandel die wyse waarop Van Riebeeck, 'n "bequaam Chirurgyn,"¹¹⁷ in 1652 met deursettingsvermoë vir Nederland 'n verversingsstasie aan die voet van Afrika gevestig het. Hierna bring hy die verloop van die geskiedenis daarvan ter sprake. Daarvoor verlaat hy hom op primêre bronne en verskeie van die binnelandse reisverslae wat hy daarin teëkom.¹¹⁸ Sy verhaal word hoofsaaklik opgebou deur verwysings na die regeringstyd van die verskillende goewerneurs. Omdat hy predikant is, vertel hy ook die verhaal van die kerklike verlede¹¹⁹ aan die Kaap. Hy beperk hom hoofsaaklik tot die dienste van predikante wat die Woord bedien het in die "drie Kerken, een Nederduitsche aan 't Kasteel, een dito aan Stellenbosch, en een Fransche op Drakenstein voor de Fransche Vluchtelingen."¹²⁰ Dit is 'n gefragmenteerde weergawe waarin 'n geheeloorsig en omvattende verhaal verlore gaan.¹²¹ Na die stryd waarin W.A. van der Stel so 'n sleutelrol vertolk het, verwys hy ook, "dog dit is een geschil waar over ik my geenzins verklaren."¹²² Hy staan kennelik aan die kant van die goewerneur en sy amptenare. Sou dit wees omdat hy predikant was? Sy interpretasie verskil dus van dié van Kolbe en Bôgaert.

Hoewel dit gebrekkig en met 'n vooropgestelde motivering aangepak is, verdien die wyse waarop Valentyn ondersoek gedoen het na die Kaapse verlede ten slotte aantekening. Hy het hom bewustelik daarop ingestel om uit die bronne meer daarvan te wete te kom. Dit het nog 'n tyd geduur voordat Kapenaars self 'n belang daarby sou ontdek om hulle eie geskiedenis bymekaar te maak en te ondersoek. In hierdie opsig het die Europese literêre tradisie in die beskrywing van Valentyn (en in 'n mindere mate dié van Kolbe en Bôgaert) voorgegaan.

Oorskou 'n mens die geheel van die **Beschrijving van Kaap der Goede Hoop**, is dit saam met die beskrywing van Kolbe sekerlik die belangrikste geskrif oor die Kaap gedurende die eerste helfte van die 18de eeu.

114. Raidt (red.): a.w., 132 e.v.

115. Dies., 146 e.v.

116. Dies., 148 e.v.

117. Dies., 156 e.v.

118. Dies., 166 e.v.

119. Dies., 254 e.v.

120. Dies., 254.

121. Vgl. De Villiers: a.w., 42 e.v. vir Valentyn se gegewens oor die kerk.

122. Raidt (red.): a.w., 204.

5. DIE TENDENS OM BOEKDELE OF MONOGRAFIEË AAN DIE KAAP TE WY

In onderskeiding van die tradisionele reisbeskrywings waarin die Kaap as 'n faset bygehaal is, is tot dusver drie werke behandel wat die Kaap, sy verhaal en sy mense op 'n besonder omvattende manier weergegee het. Indien die aantekeninge van Buttner en Mentzel hierby gereken word, is dit duidelik dat dit gedurende die eerste 40 jaar van die 18de eeu 'n tendens geword het om op hierdie wyse oor die Kaap te handel.

Die manuskripte van Buttner en Mentzel het voorlopig nog ongepubliseer gebly. Soos Kolbe, het beide vir 'n aantal jare in die gemeenskap en sy lewe gedeel. Buttner (1690-1730) het in 1712 as "chirurgijn" uit Duitsland na die Kaap gekom. Nadat hy gedurende 1717 tot 1723 in Oos-Indië was, tree hy by sy terugkeer in die huwelik met Engela Loubser en vestig hom gevolglik aan die Kaap. Op die betreklike jong ouderdom van 40 jaar is hy gedurende 1730 oorlede.¹²³

Wat hy oor die Kaap op skrif gestel het, het deur die toedoen van Joachim von Dessin gedeeltelik bewaar gebly. Von Dessin¹²⁴ het eweneens uit Duitsland na die Kaap gekom (in 1727) om hom hier te vestig. In meer as een opsig het hy 'n uitstaande bydrae gelewer. Daarvan is die uitstekende biblioteek wat hy opgebou het en vir die Kaapse gemeenskap nagelaat het, 'n blywende monument.¹²⁵ In sy versameling boekwerke het hy 'n afskrif van die **Waare Relation und Beschreibung von/ Cabo de Goede Hoop ... durch/ Johan Daniel Bütner** opgeneem. Hierby is nog 'n **Korte Beschrijving van Terra de Natal** sowel as 'n **Historischer Extract/ aus dem Dagregister von weijlen/ Jan Daniel Bütner** gevoeg. Hierdie manuskripte sou nie voor die 20ste eeu gepubliseer word nie. Eers in 1970 het G.S. Nienaber en R. Raven-Hart as redaksie opgetree om **Johan Daniel Buttner's Account of the Cape. Brief Description of Natal. Journal Extracts on East Indies** in 'n Engelse vertaling met historiese kantaantekeninge te versorg.¹²⁶ Hulle is die mening toegedaan dat Buttner, vanweë die omvattende werk van Kolbe nie sy eie **Relation** in 'n publikasie kon afrond nie.¹²⁷ Tog is dit ten minste insiggewend dat Buttner sy **Relation** op die patroon van die reisbeskrywings geknip het.

Otto Friedrich Mentzel (1709-1801) het as 'n soldaat gedurende 1733 in die Kaap aangekom en byna deurgaans as privaatonderwyser opgetree. Aan die begin van 1741 het hy weer na Duitsland teruggekeer. Eers op sy oudag het sy vlytige pen twee omvattende en verskillende boeke oor die Kaap vol geskrywe. In 1784 het hy die **Lebens-Geschichte Herrn Rudolph Siegfried Allemans, gewesenen Kapitäns der Miliz, ... auf dem Vorgebürge der guten Hofnung**¹²⁸ vertel. Daarna het hy in twee volumes 'n **Vollständige und zuverlässige geographische und topographische Beschreibung des berühmten und in aller betrachtung**

123. Vgl. Nienaber en Raven-Hart (reds.): **Johan Daniel Buttner's Account**, 1-6 vir biografiese besonderhede.

124. Sien Moritz: **Die Deutschen am Kap**, 246-252.

125. Vgl. die **Catalogue of the Dessinian Collection** vir die omvang van hierdie biblioteek.

126. Kaapstad, 1970.

127. Nienaber en Raven-Hart: **a.w.**, 7 e.v. Vgl. vir die waarde van hierdie manuskripte, 8 e.v.

128. Glogau, 1784. Sien verder De Villiers: **a.w.**, 51 e.v.

merkwürdigen afrikanischen Vorgebürges der guten Hofnung¹²⁹ byeengebring en ook in Glogau by Christian Günther uitgegee. Beide berus op sy ervaring van die Kaap en is 'n verwerking van aantekeninge wat hy gedurende sy verblyf opgestel het.

Al vyf werke wat tot hier behandel is, bevestig die tendens in die Europese literêre tradisie om ná 1700 volledig en afsonderlik by die Kaap en sy gemeenskappe stil te staan. Dit is 'n natuurlike ontwikkeling in hierdie tradisie. Nie een hiervan verbreek die tradisionele inbeelding oor die Kaap nie. Dit is eerder aangevul en verbreed. Niks meer as die drie bekende aspekte word hierin behandel nie. In die detaillering wat hiermee na vore kom, word pertinent aandag gegee aan die partikuliere Kaapse geskiedenis. Op die keper beskou, staan hierdie werke, soos die res van die reisbeskrywings, nog in diens van die oorwegings en motiewe eie aan die Europese reisliteratuur.

Daar is eenstemmigheid dat Valentyn en Kolbe, maar veral Kolbe vir 'n halwe eeu die draende peilers was t.o.v. die beeld van die Kaap soos dit in die uitheemse literêre tradisie in Europa opgebou is. By beide is daar 'n intensiewer omgang met geskrewe bronne. Dit beteken egter nie dat hul werk deur histories-kritiese ondersoek voorafgegaan is nie. Hierdie werke en hul benadering het die seggenskrag van dié literêre tradisie in Europa verhoog. Die inslag is versterk en selfs gedra deur visuele uitbeeldings, dramaties opgestel in kopergravures, taferle en sketse, waarvan *Caput Bonae Spei Hodierum* van Kolbe ongetwyfeld die sprekenste voorbeeld is. Die vertellende karakter van hierdie twee werke het steeds die gemaklike lees daarvan verseker. Valentyn beantwoord soveel vrae vir die Nederlander wat bewus was van die grootsheid van die handelsryk van die VOC. Kolbe aan die anderkant, skeep meer in die algemeen 'n uitgebreide bron van nuwe kennis oor die Kaap.

Daarmee is die inbeelding, wat so kenmerkend van die uitheemse tradisie in Europa geword het, gekategoriseer of duidelik omlyn. Die Kaap is pertinent en in 'n algemene sin geassosieer met die Khoikhoisamelewings, die Europese gemeenskap en derdens die algemene gesteldheid van die gebied.

6. SAMEVATTING

Die oriëntering t.o.v. die Kaap soos dit deur buitestaanders ingeklee is, is gedurende die eerste helfte van die 18de eeu in 'n algemene en besondere sin verder gevoer. Twee protestantse sendlinge het die Kaapse gemeenskap met 'n missiologiese oorweging deurgekyk en 'n evangeliese gemeenskap in Europa van hulle indrukke verwittig. In die reisboeke van Bôgaert en Valentyn en (veral) die beskrywing van Peter Kolbe het gedetailleerde uiteensettings gepaard gegaan met ondersoek van primêre bronne. Regstellings t.w.v. die waarheid het egter nie die bestaande beeld van die Kaap in hierdie literêre tradisie aangetas of verantwoord nie. Dit is intendeel bevatlik uitgebou en geskematiseer. Vir nagenoeg 60 jaar ná die verskyning hiervan, het daar in Europa nie weer 'n reisbeskrywing of berig oor die Kaap verskyn met naastenby die omvang van òf dié van Kolbe, òf dié van Valentyn nie. Voorlopig kon niemand iets meer oor die Kaapse geweste kwyt geraak nie. Eers ná 1775 het daar weer uit Europese bodem omvattende literatuur

129. Glogau. Vol. I, 1785; vol. II, 1787.

oor die Kaap verskyn. Toe het dit ook nie meer hoofsaaklik gehandel oor die "Vorgebürge" (om Kolbe se tipering te gebruik) nie, maar is die "Hinterland," die binnelande verken en natuurwetenskaplik ondersoek, beskryf en geëvalueer.

Dit het egter nie gebeur alvorens 'n aantal kerklik-teologiese boeke en brosjures uit die Kaapse literêre tradisie en oriëntering van die pers gekom het nie. Op die aard en samestelling van sommige van hierdie teologiese werke en gepubliseerde preke word in die volgende hoofstuk gelet.

HOOFSTUK 8

LITERATUUR VAN KERKLIK-TEOLOGIESE AARD Ná 1740 UIT KAAPSE BODEM

Om en by die vierde dekade is daar vir die eerste keer sedert die preekpamflet van Pierre Simond 'n aantal boekies van kerklik-teologiese aard uit Kaapse bodem gedruk. Dit stam uit die pen van twee Kaapse predikante wat hulle as medestanders met die gemeenskap en kerk geassosieer het. Tot op sekere hoogte is hierdie werke 'n betroubare aanduiding van nie alleen die teologiese standpunt en oorweging nie, maar ook van die karakter van die Kaapse kerk. Daaruit kan afgelei word in watter mate hierdie kerk hom steeds laat lei het deur teologiese en historiese aksente eie aan die Nederlandse Hervormde kerk, én in watter mate 'n Kaapse oriëntering en verwerking daarin posgevat het. Hierbenewens moet vasgestel word of die predikante hul lesers en die lidmate singewend t.o.v. hulle bestaan en opdrag aan die Kaap in hierdie literatuur begelei het.

1. DIE KERK AS INSTELLING: 1710-1745

Midde-in die gemeenskap met sy strominge, steuringe en ontwikkeling, het die gevestigde kerk sy dienswerk na die opontbod van ds Kalden voortgesit. Die VOC het dit steeds gewaarborg deur formeel die struktuur en ruimte daarvoor te skep. Die sprekendste bewys hiervan is die wyse waarop besoekende kommissarisse by verskillende geleenthede gedurende die eerste helfte van die 18de eeu by hulle ordende voorskrifte vir die Kaapse samelewing ook riglyne neergelê het vir die beskerming en voortgang van die kerklike lewe.¹ Die kerklike bediening het in Stellenbosch en Drakenstein, sowel as in die Kaap ná die woelinge van die eerste dekade, dus allengs weer tot sy reg gekom. Predikante is aangestel en die wisseling binne poste is voorkom deurdat hulle vir langer periodes in gemeentes gestaan het. Ds D'Ailly² is na 'n lang bediening in die Kaapse gemeente in 1726 dood. Ds Beck³ het jare lank in Stellenbosch die Woord bedien voordat hy, na die oorlye van D'Ailly, na die Kaap verplaas is en gedurende 1731 geëmeriteer het. In ds van Aken⁴ het die gemeente van Drakenstein uiteindelik 'n leraar gevind wat vir meer as 10 jaar - totdat hy in 1724 oorlede is - sou voorgaan. Hierdie predikante, waaronder ook ds Slicher,⁵ het die kerklike lewe ongetwyfeld in vaster bane gelei. Vir nagenoeg 20 jaar sou hulle die kerklike leiding waarneem. Sedert 1723, toe ds Slicher as tweede leraar van die Kaap bevestig is, is die drie gemeentes deur vier predikante bedien.

1. Vir die reëlins van Simons, sien Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken II*, 604 e.v. Vir dié van Joan van Hoorn, sien *dies.*, 608 e.v.; Moorrees: *a.w.*, 146 e.v. Baie bekend is die reëlins van Van Imhof. Vgl. daarvoor "The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff" in *VRS I*, 53 e.v.; Boësen: *Die Nederlandse Kommissarisse*, 68 e.v., 92, 118, 227 e.v., 283, 397.

2. Sien Engelbrecht: *Die Kaapse Predikante*, 49 e.v.

3. *Dies.*, 36. Hy is op ouderdom 86 jaar in Kaapstad oorlede. Sien verder Hattingh: "Biografieë van enkele Hugenote-predikante," ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing 1988*, 9 e.v.

4. Sien Engelbrecht: *a.w.*, 50 e.v.; Hattingh: *a.w.*, 17 e.v.

5. Sien Engelbrecht: *a.w.*, 52 e.v.; Hattingh: *a.w.*, 21 e.v.

Teen die 30ger jare moes 'n nuwe geslag predikante die kerklike bediening en werk aan die Kaap oorvat.⁶ Hulle was sonder uitsondering Nederlanders, met 'n Nederlandse akademiese en teologiese opleiding.⁷ Uit hulle geleedere het die literatuur van kerklik-teologiese aard wat in onderhawige hoofstuk bespreek word gekom. Gedurende 1729 het ds le Sueur⁸ in die Kaap aangeland. Twee jaar later is J.W. Hertzogenraedt⁹ in Drakenstein bevestig, terwyl Henricus Cock¹⁰ in 1732 die tweede predikant van Kaapstad geword het. In dieselfde jaar word ds van Echten¹¹ in Stellenbosch in die amp bevestig. Vyf jaar later word hy verplaas na Drakenstein. Sy plek word (in 1738) geneem deur die bekwame ds Wilhelm van Gendt.¹² Hierdie predikante sou diep spore in die Kaapse gemeenskap en kerk trap.¹³

Hierdie predikante het nie net plaaslik voorgestaan nie. Hulle het óók die amptelike kerk gehelp om homself as die enigste kerklike instelling in die gemeenskap te handhaaf. Dit is egter sonder 'n deeglike en teologiese verantwoording gedoen. Allereers het die kerk en sy leraars die aandrag van Lutherse lidmate gedurende die 40ger jare om 'n eiesoortige gemeente en kerk te institueer, ter syde laat stel. Hierin het die owerheid hom tegemoetgekom en die eise van die Lutherane verwerp.¹⁴ Ook het die predikante opgetree teen die wyse waarop die sieketroosters Van Dyk en Raedsel, asook die besoekende predikant Van der Veen, teen die helfte van die eeu aanklank gevind het onder (bevindelike) lidmate en in 'n "laag-kerklike" groepering wou voorgaan.¹⁵ Die sendeling uit Hernnhut, Georg Schmidt,¹⁶ het vir 'n verdere kerklike probleem gesorg. In 1743 moes hy die land weer verlaat. Sy individualistiese benadering en bediening in die omstreke van Genadendal¹⁷ kon nie versoen word met die bestaan van een amptelike kerk in die kolonie nie.¹⁸

Ondertussen het die gemeentes van Stellenbosch¹⁹ en Drakenstein²⁰ albei nuwe kerkgeboue gekry. Die korrespondensie met die Classis van Amsterdam is op 'n gereelder grondslag behartig.²¹ Dit is egter misleidend om, soos Moorrees, die eerste helfte van die 18de eeu in terme van 'n "wasdom en uitbreiding van die kerk" te beskrywe.²² In vergelyking met die totale Europese bevolking het 'n relatief geringe aantal

6. Moorrees: *a.w.*, 165, wys hoe ernstig die situasie in werklikheid was. Binne vyf jaar is drie predikante oorlede.

7. Vgl. Knappert: *Geschiedenis der Hervormde kerk II*, 144-155. Hy wys daarop hoedat die teologiese tydgeses die opleiding van predikante bepaal het.

8. Sien Engelbrecht: *a.w.*, 54.

9. *Dies.*, 55.

10. *Dies.*, 56.

11. *Dies.*, 56 e.v.

12. Moorrees: *a.w.*, 168 e.v. Sien verder Engelbrecht: *a.w.*, 58 e.v. Sien ook Fenham (red.): *Drie eeue genade*, 19-22.

13. Hier kan ook nog na ds A.M. Meiring verwys word. As voorpospredikant het hy gedurende 1743 die herder van die gemeente Roodezand geword. In 1757 is hy oorlede. Sien Engelbrecht: *a.w.*, 60 e.v.; Meiring (samest.): *Meedelings omtrent en 'n reisbeskrywing deur Arnoldus Mauritius Meiring*.

14. Vgl. Moorrees: *a.w.*, 240 e.v. Vgl ook Hoge: "Die geskiedenis van die Lutherse Kerk" in *AJB* 1(2), 26 e.v., 41 e.v., 54 e.v.

15. Sien Moorrees: *a.w.*, 230 e.v.

16. Sien Müller: *Georg Schmidt; Bredekamp en Hattingh* (reds.): *Dagboek en briewe van Georg Schmidt*.

17. Vgl. Balie: *Die geskiedenis van Genadendal*.

18. Sien Moorrees: *a.w.*, 362 e.v. Vgl. ook Cruse: *Die Opheffing van die Kleuringbevolking*, 140 e.v.; Krüger: *The Pear Tree Blossoms*, 11-46; Van der Merwe: *The Development of Missionary Attitudes*, 57 e.v.; Du Plessis: *A History of Christian Missions*, 50-60.

19. Sien Moorrees: *a.w.*, 150 e.v.; Hugo en Van der Bijl: *Die Kerk van Stellenbosch*, 45 e.v.

20. Sien Moorrees: *a.w.*, 158-159;

21. Vgl. Odendaal: *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland*, 40.

22. *A.w.*, 144 e.v.

mense hulle as lidmate by die Kaapse gereformeerde kerk gevoeg.²³ Dit beteken dat die Kaap ook nie van die "onkerklikheid en ongeestelikhed"²⁴ wat in Nederland hand oor hand toegencem het, gespaar is nie. Vele aan die Kaap was vervreemd van die kerk en selfs kerkloos. In die voorposte het ander weer kerkloos geraak. Predikante en kerkrade kon dit nie geheel en al ondervang nie.²⁵ Ander weer, het langs die amptelike kerk beweeg en nog onbeholpe aan 'n eie kerklike oriëntering en tradisie vasgehou (bv. die Lutherane).²⁶

Waar gemeentes gevestig was, is daar aanduiding uit die beskikbare bronne dat lidmate die geloof verskillend vertolk en belewe het. Daar was diegene wat dit deurlewe het en vir hulleself die effek van die heilsopenbaring op 'n bevindelike manier in die menslike eksistensie ingeleef het. Vir die heilbegeerige gemoed was die vooropstelling van die ortodokse leer ten minste 'n verkeerde en dorre vertrekpunt. Uit die briewe van Susanna Bosman, weduwee De Vries, aan ds van der Groe van Kralingen teen die helfte van die 18de eeu, is dit duidelik dat die geestesgoedere van die Nadere Reformasie ook by Kaapse lidmate gelewe het.²⁷ By hulle het die deftige redevoerings en preekstyl van die geskoolde predikante, wat met geleerdheid geïmponeer het, nie afgegaan nie.

Vroeg in die vierde dekade lei die besoek en inspeksiereis van 'n invloedryke kommissaris van Duitse en Lutherse²⁸ afkoms, Van Imhof, tot die stigting van nog twee "buitegemeentes" (Zwartland 1743 en Roodezand 1745). Daarmee is die kerklike situasie verander.²⁹ Die kerk moes die toename in gemeentes en predikante verwerk. Dit het uitgeloop op 'n "Gecombineerde Vergadering" in 1745.³⁰ Dit het 'n jaarlikse instelling geword. Ofskoon die konstituering vanuit die owerheid plaasgevind het en die momentele oorwegings prakties van aard was, staan dit tog in die teken van 'n kerk wat besig was om homself te vind. Selfstandigwording en verinheemsing het momentum gekry en in 'n kerkverband tot uitdrukking gekom. Hierdie vergadering was van groot betekenis vir die Kaapse kerk, sy lewe en werk. Hierin kon die Kaapse Kerk met homself op weg gaan. Dit blyk nog duideliker uit die literatuur wat twee invloedryke Kaapse predikante in hierdie tyd van die pers laat kom het. By gebeurtenisse en die situasie aan die Kaap het hulle aangesluit.

23. In 1731 was daar bv. net 300 lidmate in die Kaapse gemeente. Sien Moorrees: a.w., 146. Drakenstein het in 1729 omtrent 188 lidmate getel. Sien dies., 165.

24. Vgl. Vos: *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk*, 99.

25. Vgl. dies., 156 e.v. hieroor.

26. Vgl. Hoge: a.w., 62 e.v.

27. Vgl. *De laatste Woorden van Wijlen den Heer Hermanus Lambertus Bosman*. Sien Brienen: *De Prediking van de Nadere Reformatie*, 146-155 vir Van der Groe. Vir hierdie teologiese benadering, sien verder Graafland: *De zekerheid van het geloof*. Sien ook Spoelstra: *Die "Doppers" in Suid-Afrika*, 5 e.v.

28. Vir Van Imhof, sien SABW II, 804-806. Vir sy optrede in die breë, sien Stapel: *Geschiedenis van Nederlandsch Indië IV*, 179 e.v., 182 e.v.

29. Vgl. Moorrees: a.w., 184 e.v.; Smit: *Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartland*, 15 e.v.

30. Sien Hurter: *Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap*. Ook Moorrees: a.w., 194 e.v.

2. KERKLIK-TEOLOGIESE LITERATUUR UIT DIE PEN VAN DIE STELLENBOSSE PREDIKANT DS WILHELM VAN GENDT

Met uitsondering miskien van ds Helperus van Lier³¹ aan die einde van die 18de eeu, was ds van Gendt van Stellenbosch die bedrywigste met die pen van al die Kaapse predikante van hierdie eeu. Nog in Nederland het hy 'n *Onderzoek der Paapsche Misse* gedoen en gedurende 1734 in druk uitgegee.³² Kort voor sy vertrek na die Kaap is dit herdruk, bygewerk en weer by Olofsen in Amsterdam te koop aangebied. Die tweede druk is *Verciert met een daar toepasselyke Kopere Plaat*. In sy "Opdragt aan de Edele Agtbare Heeren, de Heeren bewindhebbers van de Geotroijeerde Oost-Indische Maatschappye, ter Kamer Amsteldam" gee hy blyke van dankbaarheid om as "een der Onderdanen" na die Kaap te vertrek. As predikant verkneukel hy hom daarin om "onder het bewindt en gezag te staan van zodanige regtveerdige Heeren en Meesteren, die altydt gewoon zyn de redelykheydt tot eenen grondslag van alle hunne handelingen te leggen, en de zuyvere gehoorsaamheydt dier geene, over wien zy gebieden, met alle blyken van gunste, grootmoedig te beweldadigen."³³

Kort na sy vertrek is die boekie vanweë die "byna ongeloofelyke aftrek, wederom ter Drukparse gelegt."³⁴ Sonder om in die besonderhede te bly steek, verteenwoordig hierdie werk (van meer as 400 kwartobladsye!) 'n fyngesnede protestantse verwerping van die sakramentsleer en belangrike geloofsgebruike by die Rooms-Katolieke Kerk. Van Gendt, "wiens Christen-pen den dwaalleer knelde en drukte"³⁵ is skerpsinnig en beredeneerd in sy uiteensetting. Hy oriënteer aan die protestantse (apologetiese) interpretasie van die Reformasie. Sy geskiedbeeld van die kerklike verlede kom gevolglik ooreen met dit wat Pierre Simond daarop nagehou het. In hoeverre hierdie boek aan die Kaap gelees is, is nie duidelik nie. Von Dessin het dit wel in sy biblioteek opgeneem.³⁶ Dit was beslis minder toepaslik as in Nederland en Europa, waar die Rooms-Katolieke Kerk en die protestante vanweë hul aanhang gedurig aan mekaar herinner is.

Ondertussen het Van Gendt 'n "klein werkje hier in Africa opgestelt."³⁷ Hy noem dit 'n *Middel der vergelyking Tusschen de Euangelische, Die zich onderscheiden door den Naam van Gereformeerde en Luthersche*. Dit is *opgehelderd met overtuigende zinryke Aantekeninge*, terwyl Olofsen weer vir die uitgee daarvan instaan.³⁸ Hierdie keer dra hy dit op aan die plaaslike goewerneur, "den Wel-Edelen Gestrengen Heer ... Hendrik Swellingrebel." Ook hierin maak hy gewag daarvan dat hy graag 'n getroue onderdaan in

31. Vgl. Hanekom: *Helperus Ritzema van Lier*.

32. Hierbenewens het hy die vorige jaar 'n vertaling van Van der Bosch se *De wonderbare en zegepraalende heirtogt van Koning Christus* uitgegee. *Het leerstuk der volstreckte voldoeninge van Jesus Christus* is 'n oorspronklike werk en het in 1734 verskyn. In 1738 het 'n vertaling van Jablonsky se *Afdelings-predikaatsien* verskyn. In dieselfde jaar verskyn sy *Afscheid-predikaatsie van Harderwijk*. Saam met P.J. Tileman versorg hy ook nog 'n werkjie met die titel *Dagelyksche Offerhande*. Dit verskyn in 1746. Ek kon egter nie een van hierdie werke in Suid-Afrika opspoor nie.

33. Van Gendt: *Onderzoek der Paapsche Misse*, (1738), Opdragt.

34. Hierdie keer is dit *Insgelyks met een Voorrede vermeerderd, overzien, en van veele ingesloepene drukfouten gezuivert, door A.H.W. de Vriese J.U.D. Sien a.w., Voorrede*.

35. Dies.

36. Sien *Catalogue of the Dessinian Collection*, no. 278.

37. Sien Van Gendt: *Middel der vergelyking Tusschen de Euangelische*, Opdragt.

38. Amsterdam, 1740.

"Nederlands-Africa" wil wees. Sy meegaande seënwenis aan die goewerneur, wat pas die jaar tevore in die amp aangestel is, is ewe veelseggend. Dit is sy versugting dat onder Swellengrebel "het vervallene herstel werde, Godsdienst, regt en geregtigheid, vrede en liefde met malkanderen gepaart gaan, alle wederhoorige tot reden gebragt, en die geleert hebben God te vreezen, en de **Magten** over hen gestelt, onderdanig te zyn, mogen worden gehandhavent."³⁹ Waarskynlik sinspeel Van Gendt op die beweging wat die ontevrede Etienne Barbier⁴⁰ gedurende 1739 in die omstreke van Drakenstein teen die Politieke Raad op tou gesit het. Barbier het o.a. die beleidsrigting i.v.m. die Khoikhoi en Khoisan openlik en met vertoon van geweld verwerp. Hy is later as 'n voortvlugtige in hegtenis geneem en skouspelagtig tereggestel.

In hierdie boekie spreek hy die kwellende probleem van die protestantse kerke, nl. die verdeeldheid tussen die Lutherane en die Gereformeerdes, aan.⁴¹ Wat hom betref was die geskilpunte, wat op kerklike groepering gedurende die Reformasie uitgeloop het, nie van so 'n ernstige aard dat dit kerkskeuring regverdig het nie. Met uitvoerige verwysing na die "Kerkelyke Geschiedenissen" toon hy hierdie ontwikkeling en die mislukte pogings om tot 'n vergelyk te kom, aan. Hy is optimisties dat die regte ingesteldheid - "heilige amnestie en ryke vergetenheid"⁴² - die breuk van die geskiedenis kan heel. Met sy benadering bemiddel Van Gendt. Hy werk akkommoderend en vermy 'n ekklesiologiese verantwoording. Sy ireniese ingesteldheid laat hom ook nie erns maak met konfessionele verskille nie. In die breë is sy aanpak tipies van die teologiese toleransie wat gedurende die 18de eeu so deel van die kerklike lewe en denke in Nederland geword het.⁴³ Dit is 'n vraag of die unieke kerklike situasie aan die Kaap, waar die Lutherane in die Kaapse gereformeerde kerk geakkommodeer is, hom nie ook aangespreek het nie?⁴⁴ Dit is ou nuus dat ook hierdie werkie geen blou duit aan die sâak wat daarin aangespreek is, kon verander nie.

Van Gendt het egter vir 'n geleentheidspreek gesorg wat vir die Kaapse literêre tradisie van groot belang is.

3. DIE BESOEK VAN BARON VAN IMHOF GEDURENDE 1743 AAN STELLENBOSCH WORD KERKLIK IN 'N PREEK AANGETEKEN

Vir die Kaapse gemeenskap was die besoek van goewerneur-generaal van Imhof van buitengewone betekenis.⁴⁵ Toe Van Imhof en sy geselskap op 10 Februarie 1743 die erediens op Stellenbosch bywoon, het ds van Gendt 'n geleentheid daarvan gemaak. Sy rede staan in die teken van die besondere historiese gebeurtenis - **Gedaan Ter Geleentheid Dat Zyn Hoog-Welgebore Gestrenge de Heer Baron Gustaaf Wilhelm van Imhof ... aan Cabo De Goede Hoop ... is aangekomen**. Waarskynlik nog in dieselfde jaar⁴⁶ is

39. Dies., Opdrag.

40. Vir hom, sien Sienaert-van Reenen: *Die Franse hydrae tot Africana literatuur*, 42-44; vir sy geskrifte, 151 e.v.

41. Vir die kerklike twis tussen die Lutherane en Gereformeerdes in Nederland gedurende die eerste helfte van die 18de eeu, sien Knappert: *a.w.*, 15 e.v.

42. Van Gendt: *Middel der vergelyking Tusschen de Euangelische*, 100.

43. Vgl. hiervoor, Knappert: *a.w.*, 68-121.

44. Sien Hoge: *a.w.*, 21 e.v.

45. Vir die breë historiese raam, sien Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam II*, 147 e.v., 168 e.v.; Stapel: *Geschiedenis van Nederlandsch Indië IV*.

46. Geen datum van uitgawe word vermeld nie. Die "Approbatie" is in Nijmegen op 11 Oktober 1743 onderteken. Daaruit blyk dat die preek waarskynlik kort na Oktober van die pers gekom het.

dit in Nederland "gedrukt by Jan de Roever, tot Neymegen en A. Olofsen, tot Amsterdam." Alhoewel dit nie die eerste gepubliseerde preek van 'n Kaapse predikant was nie, is hierdie **Predicatie over Jesaja XLV:1-8**⁴⁷ nietemin die eerste waarin 'n besondere geleentheid vir die gemeenskap teologies ingeklee en in verband met die verkondiging van die Woord gebring word.

H.D.A. du Toit het reeds op die analitiese struktuur van die preek gewys.⁴⁸ Dit is 'n "Verklaring" en 'n "Toepassing" van die teks. Dit word voorafgegaan deur 'n "Inleyding" waarin die tema aangekondig word. Aan die einde is die **Aanspraak gedaan door Den Hoog-Edelen, Hoog-Welgeboren, Gestrengen Heer, den Heer Baron Gustaaf Willem van Imhof** op 26 Januarie 1743 in die Kasteel "voor den Gouverneur, den Ed. Achtb. Raadt van Politie en andere gequalificeerde Persoonen aldaar ... onder de vroomlike Toejuichingen en weêrgalmen van alle het Volk" bygevoeg.

Die tema waarop die preek in die geheel rus word in die "**Inleyding**" aangekondig: "Schoon het koningryk van den Heere **Jesus** niet is van deeze Werelt, bestiert het Godt nogtans zodanig door zyne wyze voorzienigheidt, dat de Koningen, Vorsten en Grooten deezer Eeuwe, het zy vrywillig, of buyten hun weeten ... zyn volk en onderdanen ten dienste staan, alle hunne besluuten en ondernemingen tot hunnen besten schikken."⁴⁹ "Het is niet zonder de minste zegeningen van Godt," voer hy sy gedagtegang met verwysing na Jesaja 49:13⁵⁰ verder, "dat de Kerk Koningen heeft tot haare **Voedster-Heeren**, en Vorstinnen tot haere **Zoogvrouwen**."⁵¹ Hiervoor is die teks wat hy by hierdie geleentheid inroep "een deurstaaende blyk-bewys en voorbeeld."⁵² Hiervolgens is die heidense koning Kores deur God in 'n posisie geplaas en gebruik om die uitverkore volk wonderbaarlik van hul Babiloniese ballingskap te verlos (vers 1-7).⁵³

Na aanleiding van die teks is Van Gendt aangewese op daardie deel van die geskiedenis van die Joodse verbondsvolk wat in verband staan met hulle ballingskap na en terugkeer uit Babel. Dit is, anders as die Pentateug-geskiedenis, hoofsaaklik binne die kader van 'n aantal profetiese boeke van die Ou Testament opgeteken. Klassieke historici uit die Grieks-Romeinse tyd het in hulle eie werke óók die geskiedenis van die betrokke koningshuise en volkere van die Ooste verhaal. Daarmee is die eksegeet van tekste wat i.v.m. die ballingskap van Israel staan, aan buite-Bybelse bronne gehelp. Van Gendt lig gevolglik die voorsegging van die profeet breedvoerig en sonder 'n gryntjie kritiek toe aan die hand van die "uytheemsche Geschiedenis"⁵⁴ en "oude schryvers."⁵⁵ Daarna spits hy hom toe op "het gevolg van deese weldaedt" (vers 8),⁵⁶ wat hy as meer as blote geskiedenis verstaan. Hy lê dit heilshistories in 'n Christologiese en

47. Sien die tipering en bespreking hiervan deur Leipoldt: "n Skaars stukkje Africana" in *Die Huisgenoot*, 5 Nov 1943, 6-7.

48. Du Toit: *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 103 e.v.

49. Van Gendt: *Predicatie over Jesaja*, 4.

50. Hy verwys hier na Jes. 49:23: "Konings sal jou kinders oppas, koninginne sal hulle pleegmoeders wees. Hulle sal diep voor jou buig en die stof van jou skoene aflek. Dan sal jy besef dat Ek die Here is: wie op My vertrou, word nie teleurgestel nie."

51. Van Gendt: *Predicatie over Jesaja*, 5.

52. Dies. Hoe gepas die teks, waartoe die geleentheid hom dwing, is - "daer over sullenwe den verstandigen **Toehoorder** by de uytkomst laten oordeelen," dies., 9.

53. Dies., 10 e.v.

54. Dies., 20.

55. Dies., 15.

56. Dies., 26 e.v.

pneumatologiese sin uit.⁵⁷ Die gevolg van die optrede van Kores mond nie net uit in die herstel van die Verbondsvolk nie, maar, laat hy hoor, loop uiteindelik uit op die koninkryk van Christus waarin die Heilige Gees bemiddel.⁵⁸

Merkwaardig genoeg volg hy nie hierdie teologiese of heilshistoriese lyn in die "Toepassing" van sy preek nie. Hy gryp terug na die gedagte wat hy in die "Inleyding" geopper het. Alle state, staatsverwisselinge en koningsoptredes, sê hy, word op so 'n wyse in Gods "Vaderlyke voorzienigheydt"⁵⁹ ondervang, dat dit die kerk van die Here altyd ten goede kom - "schoon vleeschelyke en zorgeloze menschen daar op niet letten, maar van verstandige en opmerkende word waargenomen."⁶⁰ Hiervan is die geskiedenis van Kores 'n veelseggende voorbeeld. Maar, voeg Van Gendt daaraan toe, sekerlik ook nie die enigste nie. Die "boeken des O. Verbonds, ende Geschiedt-schriften des N. Testaments"⁶¹ getuig ook hiervan. Boonop is die "heerlyk en onvergelyklik Nederlandt; van welkers welvaren, dat van geheel Indien en dit Landt afhangt," eweneens 'n toneel van God se voorsienige verlossing "door Heldt-haftige en dappere Mannen, soo ten aansien van Burger-als Kerk-staat."⁶² Deur hulle toedoen en medewerking is die land "ontslagen van wreede Tyrannen en Dwinglanden, en gebragt onder de wyze en Vaderlijke Regeeringe, waar by het nog door sijne gunst wordt staande gehouden: genietende de edele en goudene Vreyheid in het burgerlyke, met verbanninge van Conscientie-dwang in den Godtsdienst."⁶³ Met hierdie opmerking maak hy 'n direkte toespeeling op die geykte Nederlandse geskiedvoorstelling. Dit het sy kern in die Spaanse bevrydingsoorlog van die 16de eeu. "Vreyheid" en "Godsdienst" is die begrippe waarmee hierdie voorstelling geverbaliseer is. As Nederlander koester Van Gendt dit in sy preek en bed sodoende die geskiedenis van Nederland teologies in die voorsienigheid van God in.

Dit bly egter 'n terloopse verwysing. Waarop dit vir hom eintlik aankom, is om die verband tussen Kores en Van Imhof te beklemtoon. Die lewe en optrede van hierdie goewerneur-generaal is nóg 'n bewys van die "Vaderlyke Goedheid" waarmee die kerk begunstig word. Die Skriftuurlike verband waarmee hy die betekenis van die besoek van Van Imhof teologies beredeneer, is m.a.w. die voorsienigheid van God. Hy is, soos Kores, "eenen Gezalften des Heeren, van Godt uytverkoren, geheyligt en geschikt ter uytvoeringe van een groot werk, om onder sijnen Zegen en bystandt **Indiens** vervallene zaken te herstellen, in het burgerlijke Regt en geregtigheydt te oeffenen, en de suyveren hervormden Godsdienst te handhavenen."⁶⁴ Soveel van Kores en van die verborge teologiese momentum eie aan sy optrede word herhaal in Van Imhof - "doch met dit grote onderscheydt, dat uw **HoogWelgeb:** hem kende als den Godt uwer loffelyke en roemwaardige Voor-vaderen, zynde onderwesen en geoeffent in den Christelyken Godsdienst."⁶⁵ Soos in die geval van Kores, haal Van Gendt óók die persoonlike familiegeskiedenis⁶⁶ van Van Imhof by om sy

57. Dies., 29 e.v.

58. Vgl. dies., 26 e.v. Dit is volgens hom die "zinnebeeldig" betekenis, dies., 28, of die "zinmening," dies., 30.

59. Dies., 35.

60. Dies.

61. Dies., 36.

62. Dies.

63. Dies.

64. Dies., 39.

65. Dies., 42.

66. Dies., 41 e.v.

aanname te bevestig. Hy (Van Imhof) tree op en maak soveel dinge weer moontlik vanweë sy christelike geloof. Met dit alles gesê, slaag die prediker daarin om op 'n behendige wyse aan die geleentheidsrede 'n aktualiteit te voorsien. Vir die "toehoorder" sou die verbande duidelik gewees het. Met verwysing na Kores wat "... uytgeblonken (heeft) in de loffelyke gaven en deugden van regtvaardigheid, eerbiedt voor het Goddelyke Weesen, wysheid, voorsigtigheid, dapperheid, goedertierenheid en vriendelykheid"⁶⁷ stel Van Gendt sy gemeente "die een regt Patriottisch en eerlyk hart in sijnen boesem voedt"⁶⁸ in staat om dieselfde deugde in Van Imhof raak te sien.

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar waarom Van Gendt die gemeente dringend oproep en vermaan tot gehoorsaamheid aan "onse Hooge en Gedugte **Overheden**."⁶⁹ Hulle word immers "bestier en geregeert ... van sulke Overheden, en Magten, die klaarblykelyk uwen Welstandt naar Lighamelijk en Geestelijk ter harten nemen, en zig daar omtrent bekommeren en vermoeyen met alle werk-ieverrige pogingen."⁷⁰ Wat hom betref, soos hierbo aangetoon is,⁷¹ verwag die christelike owerheid wat die kerklike bediening in stand hou, van sy onderdane om eredienste by te woon en in hierdie bediening te deel en mee te doen.

4. 'N HUMANISTIESE AANPAK EN OORWEGING ONDERLIGGEND AAN DIE GELEENTHEIDSREDE

Die formele struktuur van die geleentheidsrede verrai alreeds 'n redelike en analitiese aanpak na die smaak en verwagting van die humanisties-geleerde Europese wêreld. Agter die prediker se redevoering en historiese verwysings staan 'n grote voorraad humanistiese geleerdheid.⁷² Meer beduidend van 'n rasionele of humanistiese aanpak is sy begrip van die voorsienigheid van God. Die wyse waarop Van Gendt met hierdie aspek van die teologie omgaan, maak dit moontlik om die geskiedenis van Kores, die heidense vors wat meegewerk het om Israël rondom Jerusalem te herstel, van 'n teologiese basis te voorsien. Hierdie geskiedenis is daarom bewysmateriaal vir die feit dat God vorste, konings en heersers willens en wetens inspan tot die welwese van sy kerk op aarde. Kragtens die parallelle verband wat hy tussen Kores en Van Imhof smee, word die besoek van Iq. op dieselfde manier van 'n teologiese singewing voorsien.

Van Gendt neem die voorsienigheid van God nie as 'n deur-en-deur teologiese aangeleentheid i.v.m. die werk van Christus op nie. Tewens, in sy teologies-historiese verbandlegging bring hy die voorsienigheid van God nêrens i.v.m. die allesbepalende soenverdienste van Christus nie. Omdat hy dit nie verreken in terme van die heilsdade van Christus nie, maar na die dade van die "Groot Mannen" in die geskiedenis, word die voorsienigheid van sy diepe teologiese karakter beroof. Kores en Van Imhof tel immers onder die "Groot

67. Dies., 11.

68. Dies., 37.

69. Dies., 49.

70. Dies., 47. Die voorsiening van predikante is bv. volgens hom, 'n sprekende bewys hiervan. Dit is 'n uiters lofwaardige gebaar van die owerheid, meen Van Gendt, omdat hoë onkoste in hierdie verband eenvoudig ontsien word. Sy afleiding hieruit is dat versmading van kerkbesoek en nagmaal neerkom op versmading van die owerheid, wat 'n oortreding is. Sien dies., 49.

71. Vir sy argument, sien die vorige voetnoot.

72. Hy put links en regs uit buitebybelse bronne om die gegewens van die Skrif i.v.m. Kores te bevestig. Hy raadpleeg in hierdie verband bv. Xenophon, Herodotus, Josephus, Diodorus, ens. Sien Van Gendt: a.w., 15.

Mannen" van die geskiedenis. Beide beskik oor die kwalifikasies hiervoor: "Geest en verstand ... gepaard met wetenskap en dapperheid."⁷³ Daarom is die voorsienigheid van God verstaanbaar, begrypbaar en in die geskiedenis kenbaar, ten minste vir die "verstandige **Toehoorder**,"⁷⁴ die "opmerkende"⁷⁵ mens. Sodoende word dit as 't ware "versaaklik." Dit word 'n algemene "Bybelse saak" wat uit die geskiedenis en optrede van Kores - én Van Imhof - op 'n rasionele wyse afgelei kan word. Sou dit een rede wees waarom hy die optrede van Kores nie in sy heilshistoriese en Bybelse verband begryp nie, maar uit en uit histories opneem? Hy gee eintlik die Christologies-pneumatologiese intensie van die teks ten koste van sy opvatting van die voorsienigheid prys.

Dit bring mee dat Van Gendt die christelike staat en ampsdraers van die staat positief evalueer. Daarby dink hy aan die staat as 'n instelling wat binne die raamwerk van die voorsienigheid van God o.a. die taak het om die kerk (eweneens as 'n instelling) te beskerm. Daarom is dit nie vreemd dat hy soveel klem op die erkenning van die owerheid lê nie. Hy artikuleer die teologiese en burgerlike aksente en oortuigings van sy tyd. Hierdie gedagtegang lê in die Nederlandse en humanistiese tradisie en benadering wat Hugo de Groot reeds aan die begin van die 17de eeu beredeneer het.⁷⁶

Dit is van belang om daarop te let dat Van Gendt nie die Kaapse **geskiedenis** in hierdie teologiese verband uitgelê het nie, maar wél 'n bepaalde **gebeurtenis** van daardie geskiedenis. Hy is trouens die eerste om 'n historiese gebeurtenis aan die hand van die voorsienigheid van God teologies sin te gee en uit te lê. Dit is sekerlik die ander rede waarom Van Gendt in sy toepassing wegswenk uit 'n Christologies-pneumatologiese en heilshistoriese ontsluiting van die teks. Onder druk van die geleentheid en situasie skep hy dus 'n teologiese en historiese singewing van die gebeurtenis wat belewe word, sowel as die amp waarin Van Imhof (die verpersoonliking van die gebeurtenis) staan. Die vraag is of hy hiermee 'n tradisie aan die gang gesit het? Sou hiêrdie voorsienigheidsbegrip inslag aan die Kaap vind om sy geskiedenis van 'n teologiese singewing te voorsien? Sou daar ook by historiese gedenkeleenthede in hierdie rigting uitgegaan word? Op 8 April 1752 is die eerste eeufees as 'n gedenkeleentheid kerklik gevier. Die prediker was ds Petrus van der Spuy, leraar van Kaapstad en die eerste predikant wat aan die Kaap gebore is. In 1746 keer hy, na sy teologiese opleiding, uit Nederland terug. In dieselfde jaar het sy voorganger, ds Fransiscus le Seuer, 'n handboekie vir die kategetiese onderrig opgestel en in Amsterdam laat druk. Voordat die gedenkrede van 1752 dus in behandeling kan kom, moet die aandag eers op hierdie belangrike publikasie gevestig word.

5. DS LE SEUER SE HANDBOEKIE VIR DIE ONDERWYS VAN VOORNEMENDE LIDMATE: 1746

Gedurende 1746 word by Isaak Graal in Amsterdam 'n kleinformaat handboekie vir die kategetiese onderrig in die Kaapse kerk gepubliseer. Die opsteller daarvan, Fransiscus le Seuer, was sedert Oktober

73. Dies., 40.

74. Dies., 9.

75. Dies., 35 Vgl. verder sy opmerking i.v.m. die mense wat dit onbewustelik doen - "egter leeraart de Ervarentheydt, dat zy in dezen Godts Raedt moeten dienen," dies., 5.

76. In hoe 'n mate hierdie denkpatroon deel van die Nederlandse oriëntering geword het, blyk (o.a.) uit die tipering van Geyl: *Geskiedenis van de Nederlandse Stam III*, 370 e.v.

1729 predikant aan die Kaap. Hy het sy opleiding aan die Teologiese Fakulteit van Leiden ontvang en is aan die Kaap met Johanna Swellengrebel, suster van die latere goewerneur, getroud. Vanweë 'n lastige siekte versoek hy gedurende 1744 sy ontslag met die oog daarop om hom op die boerdery toe te lê. Eers in die jaar waarin sy handboekie vir die kategese van die pers kom, neem hy op 11 September 1746 afskeid van sy gemeente. As oud-predikant van die Kaapse gemeente behou hy egter steeds sy invloed in kerklike kringe voordat hy in die ouderdom van 57 jaar in 1757 sterwe.⁷⁷

Die handboekie moes voorsien in die behoeftes van die Kaapse kerk. Hy noem dit 'n **Korte Schets der Goddelyke Waerheden. Waar in de Leere der Gereformeerde Kerke, na het Voorschrift van Gods H. Woord, kort en klaar is voorgesteld, en kragtig bevestigd tegens die genen, welke van de waerheid afdwalen.**⁷⁸ Dit word "uitgegeven volgens Kerkenordre"⁷⁹ en het, soos die titel dit uitdruk, 'n bewuste apologetiese opset.

Hierdie leerboekie het sy voorloper in ten minste twee handgeskrewe werkies gehad.⁸⁰ Beide is deur Le Seuer geskryf. Die "geschreevene boekjes" waarmee "men zich meest beholpen heeft" het nie werklik in die behoefte voorsien nie, hoofsaaklik omdat soveel foute met die oorskrywery ingesluit het.⁸¹ Daarom wou hy "ten dienste van de jeugd aen deezen uithoek, een Korte Schets in het licht ... geeven."⁸² Dit het hy gedoen "in hoope dat het zelve tot eenig nut voor het algemeen zal kunnen strekken."⁸³ Die eintlike oogmerk hiermee is dat "het zoude zyn tot nut van de Gemeintens van deezen uythoek, niet alleen die van de buyte kerke, maer zelfs van deeze Hooftplaets, die zeer verstroot zynde, geen geleentheid hebben de Catechesiatien by te wonen, en daerom op het van buyten leeren van een boekje, en op goede getuygenisse van haar gedrag, mochten aengenoomen worden."

Ook meen die skrywer dat die opsetlike apologetiese inslag van sy katkisasieboekie vir die leerlinge besondere voordeel inhou, omdat "zy daer door een denkbeeld zullen kunnen krygen, van de dwaelende partyen, en teffens in de fundamentele waerheeden zonder ander behulp zullen kunnen bevestigd worden, 't welk niet weete dat in eenig ander boekje, op zoodaenig eene wyze, te vinden is."⁸⁴ Met die unieke (apologetiese) aard⁸⁵ van die boekie "zal het zelve een bequame handleidng zyn voor de zoodanigen die een naeder onderwys hebben kunnen."⁸⁶ Dit sou "onder het Catechizeeren" goedsikks aangevul kon word. Boonop sou die "leergierigen onderzoeker"⁸⁷ daarin genoeg materiaal vind om dit verder en meer diepgaande uit te pluus.

77. Vir biografiese besonderhede, sien Engelbrecht: a.w., 54-55.

78. Uitgegeë "T 'Amsterdam, by Isaak Graal, Boekverkoper in de Hoogstaat over de Zandstraat," 1746.

79. Le Seuer: **Korte Schets der Goddelijke Waerheden**, Aenspraak. Vir die approbasiereg, sien **Kerkelijke Handboekje**, 292-294. Dit slaan waarskynlik op die "Placaat, nopende het visiteren van boeken. Den 21 November 1715." Dit is in Den Haag deur die State van Holland en Westvriesland op aandrang van die Noord- en Suid-Hollandse Sinodes aangekondig.

80. Le Seuer: a.w., Aenspraak.

81. Dies. Hy kla dat selfs sy eie handgeskrewe boekies op hierdie wyse van waarheid beroof is.

82. Dies.

83. Dies.

84. Dies.

85. Dies. Sien sy opmerking: "die men ook myns weetens in andere boekjes, al zyn zy van grooter omtrek, niet vind."

86. Dies.

87. Dies.

Na alle waarskynlikheid is die **Korte Schets** die eerste gepubliseerde handboek vir gebruik by die voorbereiding tot die openbare belydenis van die geloof, wat uit die geledere van die Kaapse kerk gebore is. Uit die aard van die saak was dit nie die enigste onderrigboekie wat gebruik is nie. Behalwe die geskrewe boekies uit sy eie pen, was daar ook die reedsbehandelde **Belydenis des Geloofs** van Paul Roux. Drie jaar voor die publikasie van die **Korte Schets** is die boekie van Roux bv. nog 'n keer deur Von Wiedingh oorgeskrywe. Die vraag wat op uitklaring aandring, is of die Heidelbergse Kategismus (én die Kort Begrip daarvan) en die baie bekende **Voorbeeld der Goddelijke waarheden voor eenvoudigen** van Abraham Hellenbroek,⁸⁸ of selfs D'Outrein se **Korte schets der Goddelijke Waarheden**,⁸⁹ so algemeen gebruik is as wat aanvaar word?⁹⁰ Daar het ten minste kategetiese leerstof gedurende die 18de eeu óók uit eie bodem gekom. Stam hierdie (inheemse) katkisasieboekies uit die gedagte-wêreld van die Reformasie, óf behoort dit, soos D'Outrein en Hellenbroek, tot die geestesgoedere van die Nadere Reformasie?⁹¹ óf, is dit beïnvloed deur die wetenskaplik-humanistiese teologie van die Nederlandse universiteite van die 18de eeu? I.v.m. die werkboekie van Roux is reeds op een en ander gewys. Wat is die oorheersende teologiese uitgangspunt en oorweging van die **Korte Schets**?

Le Seuer begin, anders as die Heidelbergse Kategismus, nie by die sorg van die Here Jesus in lewe en sterwe nie, maar by "het hoogste goet van den mensch." Dit bestaan "in het kennen/ liefhebben en genieten van God."⁹² Daarby word God verstaan as "een Allerzaekelijkst/ Volstrekt Eeuwig/ en Onbegrypelyk Opperweezen."⁹³ Op die vraag "Hoe weet gy dat er een God is?" lui die antwoord: "Daer van ben ik volkomen overtuigt/ door dat ingeschaepe denkbeeld/ dat ik van God hebbe: 't welk in my niet konde zyn/ ten zy door God zelve in my gegeeven."⁹⁴ Die "kennisse Gods/ uit dit Denkbeeld voortvloeiende," d.w.s. "de natuurlijke kennis Gods," is egter nie genoegsaam vir die kennis van die saligheid nie.⁹⁵ Die "Licht en nadere Openbaring" van die Skrif, "van welkers Goddelijkheid/ een ieder aendagtig Onderzoeker overtuigt kan zijn"⁹⁶ moet nog bykom. Die "uitmuntentheid/ en dierbaerheid van deeze openbaring moet den redelyken mensch verplichten/ en aenzetten tot een naerstig onderzoekt/ op dat hy God/ zoo als hy zich daer in naeder heeft geopenbaart/ leere kennen/ ende het waere middel ter Zaligheid ontdekke."⁹⁷

Sy verdere uiteensetting is redelik en sistematies-dogmaties. Hy dui aan hoedat God Hom as Drie-enig in die Skrif openbaar, maar dat 'n mens Hom nie sonder sy "eeuwige werkzaamheid" sou kon begryp nie. Hierdie werkzaamheid voer Le Seuer terug tot op die besluit van God: "Daer door versta ik/," antwoord hy

88. Nijkerk, 1912²⁵. Sien verder De Villiers: *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategese I*, 215 e.v.

89. Sien De Villiers: a.w., 180; Vos: a.w., 114; D'Outrein: *Korte schets der Godlijke Waarheden*, soo als die in haare natuurlyke ordre te samen geschakelt zijn; waarin kortelyk de Heilige Godgeleerdheyt doorloopen, de wegen Gods in zijne Kerk nagespeurt, en insonderheyt de verscheiden Bedeelingen van het genadenverbond nader opgehelder worden; tot oefening van waarheid en deugd door Johannes d'Outrein.

90. De Villiers: a.w., 175 e.v., 224, 234.

91. Vgl. Verboom: *De catechese van de Reformatie en Nadere Reformatie*, 243 e.v. vir 'n kensketsing hiervan.

92. Le Seuer: a.w., 1.

93. Dies.

94. Dies.

95. Dies., 2.

96. Dies., 3.

97. Dies.

sy vraag, "dat Eeuwig/ Vrymchtig/ en Onveranderlijk voornemen Gods/ waer door hy heeft beslooten/ en vast gestelt/ alles te Scheppen/ en voort te brengen of toe te laeten/ het welk hy bequaem oordeelde/ om zijn luister en heerlykheid te ontdekken/ en dus alles tot dat einde te bestuuren."⁹⁸ Hierdie besluit van God, druk hy dit in 'n skolastieke sin uit, bestaan uit twee dele; die ewige verkiesing en die ewige verwerping.⁹⁹ God bring sy besluit ten uitvoer deur die skepping, onderhouding en regering.¹⁰⁰ Die onderhouding is die "daed van de Goddelijke Voorzienigheid/ waer door hy alle door hem geschapen Zaeken/ zoo in het gemeen/ als ten aenzien van haere bijzondere soorten/ in hun aenzijn/ en werkinge onderhoud/ en ondersteunt."¹⁰¹ Terloops, wat Le Seuer hier teoreties stel, werk Van Gendt toepaslik uit. Beide laat die klem op sake en gebeure val, en gaan aan Christus, om wie die voorsienigheid van God draai, verby.

Le Seuer verstaan die Goddelike regering as die manier waarop God die skepping bestuur. Daaraan het Hy allereers in die "Verbond der Werken," met Adam opgerig, gestalte gegee.¹⁰² Maar, na die sondeval het God sy bestuur uitgeoefen in die "Verbond der Genade" waarin die menslike deelname nie meer in die voorwaarde van die werke lê nie, maar opgeneem is in die geloof in Christus, as Middelaar van hierdie verbond.¹⁰³ Dit loop uit op 'n behandeling van Christus,¹⁰⁴ sy ampte, werk en Persoon. Nadat hy daarop gewys het dat die versoening en voldoening van Christus net tot die uitverkorenes beperk is,¹⁰⁵ gaan Le Seuer vir die res van die handboekie in op die goedere van die genadeverbond wat die Middelaar vir Sy eiendom verwerf het.¹⁰⁶

In hierdie verband onderskei hy tussen dié goedere wat betrekking het "in dit leven" en dié wat betrekking het op die lewe "nae dit leven."¹⁰⁷ Wat eg. betref, onderskei hy die "Roeping"¹⁰⁸ waarvan die onweerstaanbare krag van die inwendige roeping (teenoor die uitwendige roeping) deur "de gezonde reeden én uit de Heilige Schrift"¹⁰⁹ bewys word. Hierna kom die "Regtveerdigmaeking"¹¹⁰ aan die orde waarin hy "de beweegende oorsaek, ... de verdienende oorsaek ... en de instrumenteële oorsaek" onderken. Derdens beredeneer hy die "Heiligmaeking"¹¹¹ en daarna die "Goddelyke bewaering."¹¹² Laastens gee hy 'n uitvoerige uiteensetting van die "verzegeling."¹¹³ Hieronder behandel hy die sakramente van die doop en nagmaal sowel as die leer oor die kerk.¹¹⁴ Die eienskappe van die kerk bestaan in sy suiwerheid en

98. Dies., 5.

99. Dies., 6 e.v.

100. Dies., 8 e.v.

101. Dies., 9.

102. Dies., 11 e.v.

103. Dies., 12 e.v.

104. Dies., 13 e.v.

105. Dies., 18 e.v.

106. Dies., 20.

107. Dies.

108. Dies., 20 e.v.

109. Dies., 22.

110. Dies., 24 e.v.

111. Dies., 28 e.v.

112. Dies., 30 e.v.

113. Dies., 31 e.v.

114. Dies., 44 e.v.

reinheid en daarin dat hy een en algemeen is. Die kentekens van die kerk lê opgesluit in vier aspekte: die suiwer verkondiging van die Woord, 'n geheiligde lewenswandel van die lidmate, die wettige gebruik van die sakramente volgens die instelling van Christus en laastens, om God op die regte manier as God te vereer. Hierdie laaste kenteken geld by uitnemendheid van die gereformeerde kerk.¹¹⁵ Met groot ingenomenheid gaan Le Seuer die katkisant op hierdie punt voor: "Daarom betuyge ik in de oprechtheid van mijn hert te gelooven/ dat de gereformeerde kerk alleen de waere kerk is/ daer de waere zaligmakende genade-leer/ nae het voorschrift van Gods woord/ zonder ergens ik/ daarvan af te wyken/ geleert word."¹¹⁶ Tussen hakies, op die bemiddelende weg wat Van Gendt teenoor die Lutherane voorstaan, gaan hy nie uit nie. Uiteindelik is die tug die middel om die kerk suiwer te bewaar. Eers hierna kom hy by die verbondsgoedere wat betrekking het op die lewe van die hiernamaals, nl. die "heerlykmaeking."¹¹⁷

Hand aan hand met die leerstellige informasie betreffende **Goddelijke Waerheden** gaan die uiteensetting en afwysing van dwaalleer. Op sy beurt pas dit soos 'n handskoen op die benadering van Le Seuer in die algemeen. Sy metode is dus nie konfessioneel nie, maar apologeties. Hy hou hom besig met 'n uiteensetting en beredenering van die Goddelike waarhede, eerder as om die kennis van Christus aan die hand van die belydenis te onderrig. Dit gaan vir Le Seuer dus nie, soos die Heidelbergse Kategismus die weg aanwys, om soteriologies-pastoraal oor die inhoud van die belydenis te praat nie, maar om 'n leerstellig-teologiese uiteensetting daarvan. Die teologiese standpunt word in 'n sisteem saamgevat en opsetlik verdedig. Daarby is die rede en redelike insigte onmisbaar. Dogma-histories gaan die uiteensetting van Le Seuer gevolglik terug op die benadering van die gereformeerde ortodoksie. Hulle het die gereformeerde teologie van 'n apologetiese metode voorsien en die tendens om te sistematiseer aangewakker.¹¹⁸ Dit is baie duidelik dat hy die klem ten koste van Godskennis (Reformasie) op intellektuele kennis (Ortodoksie) plaas. Daarby is hy in 'n mindere mate beïnvloed deur die manier waarop die Nadere Reformasie die gelóófskennis benadruk het.

In die breë sluit Le Seuer gevolglik aan by die rasonele benadering en antroposentriese strekking van die ander katkisasieboekie wat uit die vroeë 18de eeu bewaar gebly het. Paul Roux het ook nie hieraan ontkom nie. Beide bevestig dat die kerklike lewe en onderrig aan die Kaap die Nederlandse tydsgees en die benadering van die eietydse teologie geadem het. Op die keper beskou, is die **Korte Schets** óók deur die NGB, of die tradisie waarin die NGB verwerk is, gestempel. Hieruit moet 'n mens versigtig gestem word om die karakter en teologie van die Kaapse kerk gedurende die 18de eeu as reformatories-gereformeerde of Dordts-gereformeerde op te vat. Al die literatuur van kerklik-teologiese aard dui op 'n verskuiwing. Die teologiese oorweging aan die Kaap was eietyds in die protestantse gereformeerde en rasonele benadering van die amptelike kerk in Nederland.¹¹⁹

115. Dies., 49 e.v.

116. Dies., 50.

117. Dies., 52 e.v.

118. Vgl. Vos: a.w., 100 e.v. Hy wys daarop hoedat "het Rationeel-Supralapsarisme" teologies 'n staanplek verower het. Sien dies., 105.

119. Vgl. Knappert: a.w., Inleiding, asook 68 e.v.; De Jong: **Nederlandse Kerkgeskiedenis**, 258 e.v.; Bronsveld: **Schetsen uit het godsdienstig en kerkelijke leven**, 69 e.v.; Weiler, De Jong, Rogier, Mönlich (reds.): **Geskiedenis van de Kerk in Nederland**, 152 e.v.

6. SAMEVATTING

Daar behoort nou duidelikheid te wees oor die aksente van die teologies-kerklike literatuur uit die Kaapse kerk gedurende die 40ger jare van die 18de eeu. Dit staan nie teenoor die gees van die eeu waarin dit geskrywe is nie. Uit die wyse waarop die geloof belewe is én waarop die werke van teologies-kerklike aard wat deur Kaapse predikante geskrywe is, blyk hoedat die Nederlandse kerklike en teologiese skoeisel aan die Kaap gepas het. Dit beteken uiteraard dat die groot verskuiwinge in die dogmatiese inhoud wat in Nederland sedert die 17de eeu kenbaar geword het, na die Kaap oorgebring is - vir sover dit die amptelike kerk geraak het. Enersyds was daar 'n subjektiwiteit, waarin die klem geval het op die eksistensiële, die voorwaardelike beleving van die geloof. Daarteenoor staan die rasionele aanpak, waarin die geloof en die christelike beginsels verstandelik en berekend uitgeklar is. Hiervan het die gepubliseerde kerklike en teologiese literatuur van Kaapse predikante ook die merktekens gedra.

Anders as die besoekende reisigers wat van buite na die kerk kyk, het 'n mens in hierdie geskrifte met predikante te make wat as medestanders by die bediening van die kerk betrokke was. Beide het bewustelik hulle bediening hier lewenslank òf kom voortsit (Van Gendt) òf kom begin (Le Seuer). Ook hulle maak gewag van die knelpunte in die kerklike situasie soos wat dit die bediening geraak het. Vir hulle gaan dit nie om 'n weergawe en beoordeling van die kerk nie, maar om die situasie onder die dissipline van die Woord aan te spreek en reg te stel. Hulle is betrokke by die kerk en kerklike gemeenskap. Hulle belewe en sien die kerk heeltemal uit 'n ander hoek.

Gebeure waarby die Kaapse kerk en samelewing betrokke was, het begin saak maak en om 'n teologiese uitklaring of verduideliking gevra. Hierin het Van Gendt, toe die geleentheid hom voordoen, nie op hom laat wag nie. Die eeufeesdatum (8 April 1752) is ook kerklik herdenk. Die gedenkpreek is gepubliseer. In hoofstuk nege word nagegaan waarop die vertolking teologies en histories neergekom het.

HOOFSTUK 9

DIE TEOLOGIESE EN HISTORIESE VERBANDLEGGING EN SINGEWING BY DIE EEUFEESE VAN 1752

As 'n simboliese datum het 8 April 1752 nie ongemerk aan die Kaap verbygegaan nie. Vir 'n ronde eeu het die VOC reeds "Cabo de Goede Hoop" besit. Dit is luisterryk gevier. Landswyd is dit kerklik in eredienste herdenk.¹ Aan die Kaap het 'n landseun wat predikant geword het, ds Petrus van der Spuy, as een van die plaaslike leraars in die kerk voorgegaan. Die daaropvolgende jaar is sy gedenkpreek as 'n brosjure met die veelseggende titel, **Dank-Altar, Gode ter eere opgericht; of eene plegtige redenvoering, ter geleentheid van 's Ed. Comps. Hondert Jaarige Possessie des Gouvernements van Cabo de Goede Hoop**, deur die "Boekverkopers" Van Paddenburg in Utrecht uitgegee. Met die publikasie hiervan het die Kaapse literêre tradisie 'n belangwekkende² toevoeging gekry en is dit inderdaad in nog 'n geleentheidspreek verder gevoer.

In hierdie "kerkelyke redenvoering" is nadenke oor en weergawe van die (Kaapse) geskiedenis verwoord. Daarin gaan dit om 'n teologiese en historiese verbandlegging. Dit gaan gepaard met verwysing na die Skrif, m.n. die Ou Testament. Bring Van der Spuy die teologiese singewing soos sy kollegas ook i.v.m. die voorsienigheid van God? Staan die gedenkrede en -geleentheid in die teken van 'n historiese bewuswording? 'n Verdere vraag is of die Kaapse literêre tradisie hiermee inheems geword het. In die lig hiervan maak die eeufesrede aanspraak op nadere peiling.

1. DIE KAAPSE GEMEENSAP HERDENK SY STIGTING

Die eeufesrede kom in 'n samelewing na vore wat gestadig van homself rekenskap begin gee het. Veral aan die Kaap en in die omliggende streke het die bewuswording van 'n eie posisie binne die geheel van die Nederlandse handels- en koloniale belange posgevat. Daaragter lê 'n besef van eie moontlikhede en ideale verskuil. Gedurende 1751 het Ryk Tulbach, wat so lank reeds 'n rol in die samelewing gespeel het, goewerneur geword.³ Dit het met nuwe verwagtings gepaard gegaan. Hy was 'n vertroueling van die gemeenskap. Hy sou die samelewing verder aan die hand van wetgewing orden. Kerklik het die onderskeie gemeentes in die "Gecombineerde Vergadering" met mekaar op weg gegaan. 'n Reglement vir visitasie is gedurende 1752⁴ aanvaar. Dit dui aan hoedat die kerk in die breë na sy belange omgesien en van homself bewus geword het.

1. Vir die eredienste op Rodezand, sien Botha: *Die kerk op Tulbach*, 14.

2. E. Brown voer die gedenkgeskiedskrywing by die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis terug tot hierdie gedenkrede. Vgl. sy *Gemeentegeskiedskrywing van die Afrikaanse kerke*, 82.

3. Vgl. Joubert: *Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbach*. Sien verder Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 72-79.

4. Tydens die sitting van 2 Februarie 1752 is die reglement vir visitasie goedgekeur. Sien *Notule van de Gecombineerde vergadering*, 30.

As 'n gemeenskap wat besig was om na binne homself te vind, was die Kapenaars blootgestel aan beïnvloeding van buite. So is die skokke van die Europese oorlog van 1741-1748 ook in die Kaap belewe.⁵ Vir die Kaap sou hierdie oorlog gevolge inhou. Nederland se dae as moondheid wat 'n handelsryk kon beheer, was in beginsel verby. Ná die oorlog het Willem IV uit die Huis van Oranje weer die gesag in die hande gekry, maar hy kon nie veel doen om die situasie te stabiliseer nie. Binnelands moes hy rekening hou met 'n burger-beweging wat op politieke reg en vryheid aanspraak gemaak het.⁶ Teen die agtergrond van hierdie internasionale gebeure het die gemeenskap op 8 April 1752 sy eeufees herdenk.

Die inisiatief "om dien dag, welke een nieuwe geboorte-stand aan ons gantsche Land verschaft, tot den openbaaren Godsdienst plegtig aftezonderen,"⁷ het van die Politieke Raad en die nuwe goewerneur, Tulbach, uitgegaan. In die "hoofplaats" het die eerste landseun wat hom as predikant bekwaam het, in 'n erediens die Woord by hierdie geleentheid bedien. Die feesdag en -reëlins moes De la Caille (1713-1762),⁸ die beroemde Franse sterrekundige en intertyd besoeker aan die Kaap, geïmponeer het. Hy maak 'n aantekening daarvan in sy dagboek. Die middaguur is deur 'n artilleriesaluut aangekondig. Hierbenewens, lui die inskrywing, is 'n uithalerbanket deur die goewerneur aangebied. Dit is deur senior offisiere van die Franse, Deense, Engelse en Nederlandse skepe, asook persone van voorrang uit die Kaapse gemeenskap, bygewoon.⁹ Van die gedenkdien in die plaaslike gereformeerde kerk maak die Rooms-Katolieke wetenskaplike geen melding nie. Die gedenkprek self het egter meer as die gewone belangstelling uitgelok. Lede van die Kaapse gemeenskap het aangedring op die publikasie daarvan.¹⁰

2. PETRUS VAN DER SPUY, KAAPSE PREDIKANT EN LANDSEUN

Alhoewel daar reeds in 1852 biografiese gegewens oor Van der Spuy in *De Gereformeerde Kerk-Bode*¹¹ voorkom, en alhoewel 'n lange lys hierby gevoeg kan word,¹² is die kort skets van S.P. Engelbrecht in sy werkie, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*,¹³ die beste. Van der Spuy is op 23 November 1722 aan die Kaap gebore. Hy word op agtjarige ouderdom vir akademiese skoling na Nederland gestuur. In Rotterdam word hy ingeskryf aan die beroemde Erasmiaanse Skool, waar hy hom

5. Vgl. Geyl: *Geschiedenis van der Nederlandse Stam* III, 472 e.v., 517 e.v.

6. Vir hierdie beweging in Nederland, sien Romein: *De Lage Landen bij de Zee*, 461 e.v.

7. Van der Spuy: *Dank-altaar, Gode ter eere opgericht*, Opdragt.

8. Raven-Hart het 'n geannoteerde vertaling van die *Journal historique du voyage fait au Cap de Bonne-Espérance* van De la Caille versorg. Dit is in 1976 gepubliseer vir die Vriende van die S.A. Biblioteek in Kaapstad. Inleidend deel Raven-Hart biografiese gegewens mee. Die grootste enkele bydrae van hierdie Rooms-katolieke wetenskaplike was die vervanging van Halley se sterrekaart van 1677 met 'n nuwe, waarin ongeveer 5000 sterre ingeteken is, verdeel in vier konstellasies. Sien a.w., 1-3. Van 19 April 1750 tot 8 Maart 1753 het hy vir hierdie doel aan die Kaap vertoef.

9. Dies., 15.

10. In sy "Voorreden aan den Christelyken en bescheiden Leezer" sinspeel Van der Spuy hierop as hy verduidelik dat hy, vanweë verskeie oorwegredes, dit nie in druk sou uitgee nie, "ten ware de aanzoek der geener, wien ik achtlinge toedrage, ... tot derzelver uitgave niet genoopt hadde."

11. Vgl. *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika* IV(5), 6 Maart 1852, 69-70. Dit kom van die hand van sy seun P.M. van der Spuy, 43 jaar ná sy dood.

12. Sien bv. Faure: *Redenwoering bij het Tweede Eeu-feest*, 3-4, 37; Dreyer: *Historisch Album van het Nederduitsch Gereformeerde Kerk*, 13-14; Dreyer: "By die portret van Ds. Petrus van der Spuy" in die KB, 17 Aug. 1932, 298-300; *Kwartmilleniumgedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Paarl*, 51-59; Rawlins: "Eerste predikant uit eie bodem," in *Die Voorligter*, Nov. 1968, 21 e.v.; SABW II, 800; SESA II, 139.

13. A.w., 64 e.v.

voorberei vir universitêre opleiding. Tien jaar later skrywe hy as teologiese student aan die Universiteit van Groningen¹⁴ in. Hy voltooi sy opleiding deur in 1744 vir 'n jaar in Leiden te studeer. Hy word as opvolger van ds le Seuer in die Kaap gedurende 1746 bevestig. Sewe jaar later word die gemeente van Drakenstein sy tweede werkkring. Na 'n onverkwiklike stryd¹⁵ in die gemeente aanvaar hy in 1781 emeritaat, waarna hy hom op Stellenbosch vestig en in die huwelik tree. Op die hoë ouderdom van 87 jaar is hy in 1809 oorlede en in die kerkhof op Stellenbosch begrawe.

Om soos Dreyer in 1932, Van der Spuy as 'n Afrikaner-predikant te beskou, is oordrewe en is 'n projeksie van die eietydse historiese gewaarwording.¹⁶ Tog is sy ingesteldheid en benadering nie meer dié van 'n medestander (soos Van Gendt en Le Seuer) nie. Daar is 'n nouer band tussen hom, die land en sy mense. As gebore Kapenaar vertolk hy die gedenkdatum in 'n Kaapse en inheemse sin.

Die gedenkrede is in 28 bladsye gestel. Hoeveel eksemplare uiteindelik hiervan in die Kaap in omloop gekom het, is onbekend. In 1943 kon Leipoldt van slegs vyf rekenskap gee.¹⁷ Meermale is oor dié redevoering aantekeninge gemaak.¹⁸ Die mees omvattende bespreking kom uit die pen van H.D.A. du Toit.¹⁹ Volgens hom is die preek van 'n hoogstaande karakter, streng analities en baie verstandelik. Dit bevestig s.i. dat die prediking aan die Kaap gedurende die 18de eeu konfessioneel verantwoord was en in die gees van Dordt gestaan het.²⁰

3. DIE "DANK-ALTAAR, GODE TER EERE OPGERICHT" AS 'N GEDENKPREEK OP 8 APRIL 1752

Anders as die **Predicatie** van Wilhelm van Gendt 10 jaar tevore, is die **Plegtige Redenvoering** 'n gedenkpreek. By Van Gendt is die teologiese singewing toegespits op die besoek en persoon van Van Imhof as 'n saakmakende gebeurtenis. Vir Van der Spuy is dit 'n historiese datum waarby hy die Woord bedien. Na 'n volle eeu vertolk hy die boodskap van die geskiedenis met 'n teologiese en historiese singewing en duiding.

Na sy uiterlike vorm vaar Van der Spuy op die kompas van 'n algemeen en gangbare gebruik. Die "Opdrag" aan persone van hoë status gevolg deur 'n "Voorreden aan den christelyken en bescheiden leezer," is kenmerkend van soveel gepubliseerde preke in Nederland, waar dit 'n algemene verskynsel in die 18de eeu was.²¹ Die skrywer dra dit op "aan den Wel-Edelen Gestrengen Heere Ryk Tulbagh" en die Politieke Raad.²² Hy bedoel dit as 'n "openbaar gedenkteken van myne hoogachting ... en van myne

14. Sien Van Veen: *Historische Studiën en Schetsen*, 481 e.v.

15. Vgl. Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*, 309-334.

16. Vgl. Brown: "Geschiedskrywing by die Nederduitse Gereformeerde Kerk," in *SHE IX*, 78-90.

17. Sien Leipoldt: "n Skaars stukkie Africana," in *Die Huisgenoot*, 5 Nov. 1943, 7.

18. Vgl. Dreyer: "Die eerste eeuefeesviering in Suid-Afrika 1652-1752" in die *KB*, 7 Sept. 1932, 445-448. Vir Leipoldt is "die preek self ... 'n indrukwekkende voorbeeld van 'n predikant op wie elke Afrikaner met trots kan terugkyk," *a.w.*, 35.

19. Vgl. Du Toit: *Predikers en hul prediking*, 119 e.v.

20. Dies; Vgl. ook Du Toit: "Vorige eeuefeespreke" in die *KB*, 12 Maart 1952, 497; Engelbrecht: "Die vierings van die eerste en tweede eeuefeeste" in die *Almanak van die NHKA*, 1952, 99-110.

21. Vgl. Knuvelde: *Beknopt Handboek tot de Geschiedenis der Nederlandse Letterkunde*, 323 e.v., veral 355 e.v.

22. Van der Spuy: *a.w.*, Opdrag.

erkentnisse voor alle tekenen van vriendschap, waar mede U Wel-Ed. Gestrenge en Uw Achtb. my hebben gelieven te begunstigen."²³ In die bondige "Voorreden aan de Christelijken bescheiden Leezer" wys hy daarop dat dit nie "verwaantheid, als of een ingebeelde nuwigheid, of gewigt van zaakelyke uitvindingen, my noodzaakte tot uitgave deezer Redenvoering" nie.²⁴

Moet die publikasie daarvan eerder aan 'n historiese bewuswording, wat deurgewerk het by 'n gedenkdatum, toegeskrywe word? Van der Spuy laat hom nie hieroor in soveel woorde uit nie. Uit die res van die preek is dit duidelik dat sodanige bewussyn tog 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel het. Man-alleen is "deeze onze eerstelingen"²⁵ nie die wêreld ingestuur nie. Dit is begelei deur 'n "Approbatio" in naam van die "professoren der Theologische Faculteit van 's Landts Hooge Schoole te Utrecht."²⁶

Die struktuur van die preek - "Voorafpraak," "Inleiding," "Verdeling der Textwoorden" (I en II), "Verklaaring der Textwoorden" (I en II) en 'n "Toepassing" - is gebaseer op die aanvaarde Nederlandse homiletiese uitgangspunte.²⁷ In die Voorafpraak²⁸ staan die saak wat die gemeente op 8 April 1752 byeengebring het, sowel as die wyse waarop dit volgens Van der Spuy herdenk moet word, voorop. "Als wy, myne gewenschte Toehoorders, deezen dag aanmerken, en de redenen, waarom wy ... hier zyn byeenvergaderd," lei hy sy gemeente tot 'n teologiese en historiese begrip van die gedenkdatum, "zo moeten onze gedagten vervuld worden met verwonderinge, ... en onze mond met dankzegginge. Vermits wy hier alle wonderen zien van Gods lankmoedigheid, en doorlugtige bewyzen van Zyne onverdiende goedertierentheid; want deeze dag, welken wy door de Goddelyke Voorzienigheid beleeven, sluit een Eeuwgety, en leeverd ons dus uit een nieuwen geboorten dag van ons gantsche Land."²⁹

Die teks wat hy by hierdie geleentheid kies, is op die klank af gepaste woorde vir die geleentheid. Hy neem dit uit Ps 147, verse 12 tot 14: "O! Jerusalem, roemt den HEERE: O! Sion, looft uwen Godt: want hy maakt de grendelen uwer poorten sterk, hy zeegent uwe kinderen binnen in u: die uwe Landpaalen (in) vreedde stelt, hy verzadigt u met het vette der tarwe."³⁰ "Woorden," laat hy hoor, "onze overweeginge ten hoogsten waardig! en wel byzonder op eenen tyd, als deezen, waar op wy teegenswoordig by malkanderen zyn gekomen, om te vieren het Jubile of 's Ed. Compagnies Hondertjarige Possessie van deezen uithoek."³¹

Bepalend vir sy eksegesi en interpretasie van die Psalm is die na-eksiliese datering en ontsluiting daarvan. Die Psalm kom op uit en is gegrond op hierdie geskiedenis en soos wat God dit vir die Joodse verbondsvolk

23. Dies.

24. Dies., Voorreden.

25. Dies., Opdrag.

26. Sien *Kerkelyke Handboekje*, 292-294.

27. Vgl. Hartog: *Geschiedenis van de predikkunde*, 18 e.v., 97 e.v. en 171 e.v.; Van de Sandt: *Joan Alberti, een Nederlandse Theoloog*, 15 e.v., 113 e.v., 115, 172-201. Van der Spuy was in Leiden leerling van Alberti. Sien verder Knappert: *Geschiedenis der Hervormde Kerk II*, 129 e.v.

28. Van der Spuy: *a.w.*, 1 e.v.

29. Dies.

30. Dies., 2.

31. Dies., 4.

gevol het. Net soos Van Gendt, vind hy dus ook in die na-eksiliese geskiedenis van die Jode 'n gegewe waarmee die Christelike gemeente aan die Kaap t.w.v. die beoefening van die geloof en begrip van hulle omstandighede en geskiedenis, begelei kon word.

Vers na vers word die gelese gedeelte verklaar.³² Vers 12 is "eene zeer nadrukkelyke aanmaaning tot des Heren Lof."³³ Van der Spuy verstaan "Jerusalem" en "Sion," wat in die teks aangespreek word, in 'n geestelike sin. Daarmee bedoel die Psalmis "in 't byzonder de Kerke, uitmaakende de geestelyke Jerusalem en Sion."³⁴ Alhoewel die prediker meen dat alle mense tot lof en eer van God geskep is, "is egter alleen de Kerk, ... daartoe bequam."³⁵ Hierna bepaal hy hom by die "voorwerp ... hunner grootmaaking."³⁶ Met "Heere" word "het onveranderlyk, eenvoudig, en ten eenemaal onafhangelik weezen Gods, met deszelfs onbepaalde Eeuwigheid ... uitgedrukt."³⁷ Daarteenoor slaan "de tweede benaaming" op "de Verbonds-God van zyn Kerke" en is aanduiding van die "pligten ... waar toe zy uit kragt der Goddelyke Weldaaden verpligt zyn."³⁸

Die volgende twee verse behandel "de ... veelvuldige Zegeningen, die over Jerusalem en Sion van God genadiglyk waaren uitgestort."³⁹ Ná die ballingskap het die Here die teruggekeerde volk geseën en behou in 'n versterkte stad, vol inwoners⁴⁰ en met vrede⁴¹ geseën in 'n land met 'n oorvloedige landbouopbrengs.⁴² Lg. is volgens hom die vervulling van 'n eeue-oue voorsegging uit die Mosaïese tyd. Dit is opgeteken in Deuteronium 32: 29-30. In vers 12 en 13 gaan dit volgens Van der Spuy dus nie om die "geestelyke Zeegeningen" nie, maar pertinent om "tydelyke Zeegeningen, welke ... de steunsels waaren van haar gemenebest."⁴³ Daaragter vind hy "de Goddelyke voorzorg"⁴⁴ en "bestieringe."⁴⁵ Hiervoor lewer die algemene Joodse geskiedenis genoegsame bewys.⁴⁶ Daarom is dit "met het hoogste regt"⁴⁷ dat die digter die volk opwek tot verheerliking van die Here.

32. Dies., 5 e.v.

33. Dies., 4-5.

34. Dies., 5.

35. Dies., 6.

36. Dies., 6 e.v.

37. Dies., 6.

38. Dies., 7.

39. Dies., 8 e.v.

40. Dies., 11.

41. Dies., 12-13.

42. Dies., 14.

43. Dies., 8-9.

44. Dies., 10.

45. Dies.

46. In hierdie verband beroep hy hom op die Joodse historikus Josefus, en m.n. op gegewens uit dié se werk oor die oorloë van die Jode. Met hierdie bron gaan Van der Spuy egter effe slordig om. Wat hy aanvoer as bewys, is in werklikheid 'n anakronisme. Die opgaaf van die bevolkingsgetal wat Van der Spuy by hom opdiep, is dié van 69-70 n.C. Daarteenoor vind die heropbou van Jerusalem, waarvan die Psalm getuig, in die tyd ná die ballingskap plaas, d.w.s. ongeveer 440-430 v.C. Dit bring 'n verskil van meer as 5 eeue mee. Desnieteenstaande bly dit 'n feit dat Jerusalem tog weer bevolk is.

47. Dies., 12.

In die toepassing⁴⁸ laat Van der Spuy hom lei deur sy historiese ontsluiting van die teks in die lig van die na-eksiliese geskiedenis van die Joodse volk. Uit hierdie geskiedenis laat hy die gemeente lering put. Dit is allereers 'n ernstige waarskuwing om hulle van sonde te weerhou, "ten einde ons met de Jooden dat zelve noodlot niet treffe, het geene de oorzaak was van haare wegvoering na Babels gevangenis." ⁴⁹ Die Kapenaars en gemeente het uiteraard geen hoop op "zodanig een merkwaardige verlossing en wederbrenging, als hun te beurt viel" nie. Inteendeel, die gemeente moet eerder daarop bedag wees "dat God ons, gelyk naderhand die zelve Jooden gebeurde, met wortel en tak ten eenemaal zoude uitroeien, en zyn Evangelium overbrengen tot een ander volk dat beeter vrugten voortbragte dan wy." ⁵⁰ Sonde, waarsku Van der Spuy met verwysing na die ondergang van die "vier berugte Monargien" ⁵¹ (Assirië, Persië, Masedonië en die Romeinse Ryk), verinnuweer die gemenebes. Indien "wy wilden voortgaan in de zonde," ⁵² spel hy die konsekwensie aan die gemeente uit, kan "dat zelve noodlot" ook die Kaapse gemeenskap tref.

Andersins "konnen (wy) ook uit onze verklaarden woorden leeren, wat eene kragtdaadige drangreed en bemoediging, de groote dingen die de Heere voor een volk doet, behoorden te zyn, om haar voor eeuwig aan hem en zyne weegen te verbinden." ⁵³ Daarin gaan dit om die "erkenntnisse van genootene weldaaden," ⁵⁴ en "de goedertierentheid van Gods Voorzienigheid." ⁵⁵ Versuim om die Here die lof daarvoor te gee, loop uit op die ontvlaming van sy toorn. Dit word gestaaf deur die geskiedenis van Korag, Datan en Abiram, ⁵⁶ asook dié van die sluipmoord op Julius Caesar deur sy "Zoone" Brutus. ⁵⁷ Ondankbaarheid is m.a.w. die "grootste onheusheid, en woeste onbeleefdheid" ⁵⁸ denkbaar. In die lig van sy argument vra Van der Spuy die toepaslike vraag: "Roept ons niet deze dag tot dankzeggingen, dat ons gantsche leven niet moet eindigen? hebben sy nu niet zo wel oorzaak om God te roemen en te loven als certyds Israël?" ⁵⁹

Uit sy aanpak is dit onmiskenbaar so dat Van der Spuy 'n besondere primaat aan die geskiedenis waarop die teks volgens hom betrekking het toeken. Dit ry die teologiese en heilshistoriese intensie van die teks egter in die wiele. ⁶⁰ Die geskiedenis wat aan die Psalm sy beslag gegee het, staan voorop en word inderdaad tot die baantjie van onderwyser verhef. Tewens, ook die buitebybelse geskiedenis en die algemene sedereg word ingespan om die lesse daarvan te bevestig. Dit is in die tradisie van die

48. Dies., 14 e.v.

49. Dies.

50. Dies. Van der Spuy sinspeel hier op Matt. 21:43: "Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggenem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal oplewer."

51. Dies., 15.

52. Dies.

53. Dies.

54. Dies.

55. Dies., 16.

56. Dies., 19.

57. Dies., 18.

58. Dies. Selfs digters en filosowe uit die (Grieks-Romeinse) heidendom het die waarde en noodsaak van dankbaarheid ingesien en dit beklemtoon. Dit word uiteraard ook bevestig deur die algemene natuur- of sedereg: "Wat kan er onnatuurlyker, of wanschikelyker zyn, als agteloos te weezen ontrent zyn begunstiger en weldoener?" Sien dies., 17. Vgl. bv. ook die volgende in dies., 15: "De Heidenen zeiden, dat de aardbodem geen ondraagelyker wangedrogt voortbrengt als een ondankbaar mensch."

59. Dies., 19.

60. Sien Greidanus: *Sola Scriptura. Problems and principals in preaching historical texts.*

humanistiese denke dat die geskiedenis as leermeester van die lewe ingedink is. Van 't Spijker⁶¹ wys daarop dat die humanisme in feite uitgaan van die gelykvormigheid en herhaalbaarheid van alle menslike handeling. Daarom is die verlede bv. 'n leerskool. In watter mate die humanistiese tradisie ingedring het in die denke van Van der Spuy blyk dus uit die manier waarop hy die na-eksiliese geskiedenis van Israel in lesse laat uitgaan.

Dieselfde tendens herhaal hom in die manier waarop hy die Kaapse situasie met die na-eksiliese herstel van Jerusalem vergelyk. Die Here het in sy goedheid die Kaap van 'n sterk vesting, baie inwoners, vrede en 'n vrugbare landbouproduksie voorsien.⁶² Niks anders nie as die Kaap se eie geskiedenis is hiervan 'n klaarblyke bevestiging. Van der Spuy bring egter nie 'n volledige verhaling daarvan byeen nie. "Ik zoude," verantwoord hy homself, "het bestek van een Leerrede te buiten gaan, indien ik my zoude uytlaten in eene breedvoerige beschryvinge van de gesteltheit dezes uythoeks, zo voor, als na dat de E. Maatschappy daar van possessie gehad heeft."⁶³ Nietemin begin die Kaapse geskiedenis by die ontdekkingsreise van die Portugese en die era vóór die VOC permanent daarvan besit geneem het.⁶⁴ Hieraan gaan hy eintlik verby. Meer gewig val op Jan van Riebeeck wat op die agste April 1652 in naam van die VOC "het bezit van dezelve" geneem het.⁶⁵ Dit is gedoen, sê Van der Spuy, vanweë "de nuttigheid der wilde gewassen," en omdat die Kaap 'n "aangename oort" is. Dit kon dus met geringe moeite "tot groot voordeel van de maatschappy, tot eene schone Ververzingsplaats ... aangelegt worden."⁶⁶ Sedert Van Riebeeck "als Hoofd van de eerste Volkplanting" aangeland het, het die gemeenskap in voorspoed ontplooi en ontwikkel. "Men leide alles aan tot vastigheid, en sterkte van dezelve konde dienen, om een gerusten en vasten eigendom te hebben, hoewel alles in het vervolg van tyd, tot grooter en meerder volmaaktheid is gebragt geworden."⁶⁷ Hieruit lei hy af dat "God tot hier toe de grendelen onzer poorten heeft sterk gemaakt."⁶⁸ Die uitbreiding van die volkplanting en die voorspoed van sy inwoners bevestig dus dat God "het ons (doed) welgaan in dit goede land, waar in wy wonen."⁶⁹

Derdens wys die Kaapse predikant sy gehoor daarop dat, net soos in die geval van die toendertydse Jerusalem, "geen vyand ... tot dezen tyd toe onze ruste, nog vrede (heeft) gestoort."⁷⁰ Daarvan getuig "zo eene merkwaardige verlossinge als de Heere onlangs aan ons heeft te wege gebragt."⁷¹ Wat hy in gedagte het is die afloop van die Oostenrykse Suksessie-Oorlog (1741-1747).⁷² In Nederland het hy die oorlog belewe. Die geskil, waarin die belangrikste Europese moondhede teenoor mekaar te staan gekom het, is onderling uitgeveg. Nederland is hierby ingesleep en het saam met Brittanje veral teen Frankryk die wapen

61. Vgl. Van 't Spijker: *Reformatie en geschiedenis*, 50 ev.

62. Van der Spuy: *a.w.*, 19 e.v.

63. *Dies.*, 19-20.

64. In sy datering is hy nie noukeurig nie. Die stigting van die VOC skat hy op 1600. Dit was egter in 1602, presies 150 jaar tevore.

65. *Dies.*, 20.

66. *Dies.*

67. *Dies.*

68. *Dies.*

69. *Dies.*, 21.

70. *Dies.*

71. *Dies.*

72. Vgl. die behandeling hiervan by Boucher: *The Cape of Good Hope and foreign contacts*, 120 e.v., 134 e.v.

opgeneem. Dit was nie 'n uitgemaakte saak dat die Kaap sy band met Nederland sou behou nie. Die tydige tussenkoms van 'n Britse vloot, "eene onzer Bondgenooten"⁷³ aan die Kaap, het hierdie vrees uit die weg geruim. Dié tussenkoms interpreteer Van der Spuy met verwysing na Ps 124.⁷⁴ "Dit was van Jehovah geschied en het is wonderlyk in onze oogen."⁷⁵ Daardeur is hulle immers nie van hulle "Goederen, Godsdienst, en Vryheid"⁷⁶ beroof nie.

"Maar eindelyk," bepaal hy hom by die laaste aspek, "mogen wy ook zeggen, dat wy verzadigt worden met het vette der tarwen."⁷⁷ Dit het eweneens hulle deel geword deur die toedoen van die algoegsame God. Dit geskied op so 'n wyse dat God "ons met Israël doet ryden op de hoogten der Aarde, dat wy eeten de inkomsten des velts: hy doet ons honig zuigen uit de Steenrotsen. Deut. XXXII. vers 13. Ende olie uyt de keyen der Rotzen: boter van Koeien, en melk van klein Vee, met het vette der Lammeren, en der Rammen, die in onze Velden weiden, met het vette der nieren van Tarwe: ende het druyven bloed, reinen Wyn, hebt gy gedronken, vers 14."⁷⁸ So lê hy 'n direkte verband tussen die Kaapse gemeenskap en Israel. Trouens, dit laat hom uitroep: "Welgelukzalig zyt gy dan, O Caaps Israel! wie is u gelyk? gy zyt een volk verlost door de Here, den Schilt uwer hulpe, ende die het Swaart is uwer hoogheid: daarom zullen zig uwe vyanden u geveinsdelyk onderwerpen, ende gy zult op hare hoogten treden. Deut. XXXIII. vers 29."⁷⁹

In die lig van hierdie teologiese en historiese vertolking vra Van der Spuy uiteindelik: "Wat een goed Land heeft de Heere ons niet gegeven, om te bewoonen? ... Wat geschiedenis kan ons zulk eene verbazende aaneenschakeling van goedertierentheden uytleveren, dan die met welke wy zedert onze grondlegginge tot nu toe, zyn overladen geworden?"⁸⁰ "En is zulk eene goedertierentheid niet overdubbeld waardig, dat wy ons tot in alle eeuwigheid daar over zouden verwonderen?"⁸¹ Daarom moet die gemeente by daardie gedenkgeleentheid die eer en aanbidding toebting aan die Here, uit Wie se hand hulle soveel seëninge met die verloop van tyd ontvang het. Natuurlik waarsku hy ook. "Maar indien wy in dezen dag niet willen bekennen het geene tot onze vrede dient, dan zullen wy zelf de oorzaak van ons verderf zyn, en ons bloot leggen voor de straffen des Heemels, dat God genadiglyk verhoede!"⁸² Daarom moet hulle hul harte ondersoek en die eer aan die Here bring. Dit sou "voor ons en onze nakomelingen"⁸³ 'n gelukkige tuiste vir die toekoms verseker.

Die gemeente kan dus uit die preek niks anders verstaan nie as dat hulle 'n lofverheffing aan God verskuldig is. Daarvoor is die besondere gedenktag 'n uitnemende geleentheid. Die gedenkpreek is ingestel op nadenke oor die verlede en die land waarin hulle woon. Die prediker lei sy gemeente aan die hand van

73. Van der Spuy: a.w., 21. Vir die Suid-Afrikaanse agtergrond, sien Le Roux: *Europese Oorloë en die Kaap*, 78 e.v.

74. Van der Spuy: a.w., 21 e.v.

75. Dies., 22.

76. Dies., 21.

77. Dies., 22.

78. Dies.

79. Dies., 22-23.

80. Dies., 23.

81. Dies.

82. Dies., 24.

83. Dies.

die Skrif om in hulle verlede en in hulle omstandighede bevestiging te vind van die besondere ontferming van God. Sodoende beredeneer Van der Spuy 'n teologiese motivering vir die bestaansgrond van die gemeenskap aan die Kaap. God is in hulle geskiedenis besig en het daaraan beslag gegee.

4. DIE TEOLOGIESE SINGEWING VAN DIE KAAPSE GESKIEDENIS

As gebore Kapenaar was ds van der Spuy dus die eerste om doelbewus met 'n teologiese singewing en vertolking van die Kaapse geskiedenis en gemeenskap vorendag te kom. Tot op daardie stadium het die uitheemse literêre tradisie en byna elke reisbeskrywing die volkplanting wel in 'n juridiese sin verantwoord. Deurgaans word op die reg- én regsmatigheid van die besitname van die suidpunt van Afrika gewys.⁸⁴ Hierteenoor bring Van der Spuy die besitname in verband met 'n handeling van God. "Wat een goed Land heeft de Heere ons niet gegeven, om te bewoonen? ... God heeft hier zyn genaderyke inwoning genomen, wy zyn na zyn name genoemt, hy is onze God, wy zyn Volk en Eygendom, hy onze Koning, wy zyn Onderdanen."⁸⁵ In hierdie terme gee hy uitdrukking aan 'n teologiese singewing van die geskiedenis en die bestaan van die Kaapse gemeenskap. Hy laat val 'n berekende blik op die verlede. Hy doen dit uitsluitlik met die oog op die Kaaps-Europese bevolkingsdeel, m.n. soos hulle in die kerk byeengekom het. Die slawe en Khoikhoigemeenskappe en hulle geskiedenis val buite sy gesigsveld.

Die singewing hang saam met 'n oorhoofse geskiedbeskouing. Waarin bestaan dit? In sy interpretasie van die geskiedenis begroot Van der Spuy vir sowel die barmhartigheid as die openbaring van God se toorn daarin. Hy laat dus die klem aan die een kant op die goeie dade van God in die geskiedenis val. Terselfdertyd skroom hy nie om aan te toon hoedat God óók in sy gerig in die geskiedenis opgetree het nie.⁸⁶ Uiteraard korreleer dit met die moedswillige menslike ontkenning of miskenning van God se barmhartigheid in die geskiedenis. Die geskiedenis is dus nie net getuie van die goedheid van God nie, maar gee ook blyke daarvan dat God in sy straffende en regverdige toorn daarop kan afkom en daarin daarmee kan deurgaan. Soos die geskiedenis vol bewyse is van die barmhartigheid van God, so is dit ewe vol bewyse van sy oordeel.⁸⁷ In sy geheel is hierdie visie gesnede uit die hout van die Bybelse en m.n. Ou Testamentiese geskiedopvatting.⁸⁸ Dienooreenkomstig roep Van der Spuy die gemeente op tot 'n dankbare erkenning van die ontferming van God in hulle eie geskiedenis. Negering hiervan beteken (per implikasie) dat God met sy toorn in hulle geskiedenis sal optree.

Dit is 'n vraag of hy die historiese handeling van God in dieselfde sin as die wyse waarop dit in die Ou Testament en die Skrif verkondig word, verreken? Dink hy Bybels en, soos die aanvaarde gereformeerde

84. Gewoonlik word verwys na die bedrag waarteen die Kaap van die Khoikhoi gekoop is.

85. Van der Spuy: a.w., 23.

86. Dies., 16, 17.

87. Daarvan getuig die geskiedenis van die Jode. Die weg van sonde waarop hulle uitgegaan het, het hulle in die doodloopstraat van God se toorn gebring. Hierdie Skriftuurlike waarheid word, volgens hom, ook deur die klassieke wêreldgeskiedenis bewys. Ook in hierdie verband werk Van der Spuy met 'n bekende inbeelding, nl. dié van die val van die vier wêreldryke uit die boek Daniël. Ook die Bybelse geskiedenis van Korag, Datan en Abiram, sowel as die verwoesting van Sodom en Gemorra is hiervan 'n sprekende bewys.

88. Vgl. Van 't Spijker: a.w., 9, veral 10 e.v.; Berkhof: *Christ the meaning of history*, 37 e.v.

belydenisskrifte, genuanseerd genoeg hieroor? Hy maak nie onderskeid tussen kerkgeskiedenis, heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis nie.⁸⁹ Alles kom op een lyn te staan. Die geskiedenis is, of dit "Bybels" of "algemeen" of "Joods" (of "Kaaps") is, deel van God se huishouding, meer pertinent, sy voorsienigheid. Dit lê oop voor Hom en Hy tree barmhartig en toornig daarin op. Verskillende geskiedenis⁹⁰ en historiese situasies is bewys hiervan. Daarom is so 'n geskiedbeskouing bv. nuttig tot lering. Maar, daarmee het hy die (heils)historiese gebeure van Golgota totaal buite rekening gelaat.⁹¹

In die Kaapse geskiedenis en situasie vind hy, anders as by die geskiedenis van die Jode én dié van die antieke wêreld, geen aanduiding van 'n toornige ingrype van God nie. Intendeel. Die goeie waarin die Kaapse gemeenskap deel en waarvan hul geskiedenis 'n onweerlegbare getuie is, is deur God "voorsien." Op hierdie wyse laat Van der Spuy die voorsienigheid van God korreleer aan 'n historiese situasie sowel as materiële welvaart. God is vanweë sy voorsienige toedoen by die geskiedenis en die historiese omstandighede soos dit aan die Kaap belewe is, betrokke. Sy seënende hand rus daarop. Uit die geskiedenis en omstandighede is dit kenbaar, of ten minste afleibaar.

Met betrekking tot die voorsienigheid van God huldig hy prinsipieel presies dieselfde standpunt as Van Gendt. Sy fisiese opvatting daarvan laat hom aan die allesbepalende vleeswording en versoening van Christus verbygaan. Hierteenoor het die reformatore en die reformatoriese belydenisskrifte die voorsienigheid onlosmaaklik vanuit die Middelaar wat God voorsien het, begryp en bely. Van der Spuy haal dit uit die Christologiese omlysting, omdat hy die onderskeid tussen heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis nie verantwoord nie. Op sy beurt moet dit weer in verband gesien word met die wyse waarop hy die Ou Testamentiese en Bybelse geskiedvisie nie na sy wesenlike heilshistoriese sin opvat nie. Wat aldie die ter sake aangeleenthede i.v.m. die singewing van die Kaapse geskiedenis, nl. die teologiese vertolking, die gepaardgaande geskiedvisie en dié begrip van die voorsienigheid van God, betref, stuur Van der Spuy aan die heilshistoriese betekenis en wending wat Christus in die geskiedenis deur die Heilige Gees waarmaak, verby. Teen sy bedoeling in beroof hy dus sy teologiese verbandlegging van 'n eg-Bybelse karakterisering. Die onmiddellike vraag is of die nakomende teologiese verbandlegging en singewing in dieselfde terme verwoord sou word? Is 'n historiese bewuswording hiermee teologies deurdink? Watter konsekwensies sou dit vir die toekomstige kerkhistoriografie en kerklike herdenking inhou? Hoewel Van der Spuy uit die geskiedenis nie pertinente afleidings maak nie, is dit 'n vraag of sy opvatting van die voorsienigheid van God en die wyse waarop hy dit i.v.m. die Kaapse geskiedenis bring, nie die deur oopgestoot het vir historiese en teologiese afleidings daaruit nie.

Die teologiese singewing is egter sonder twyfel aanduiding van 'n historiese selfbewussyn wat in die Kaap aan die posvat was en 'n seker teken dat die gedenkpreek, as deel van die Kaapse literêre tradisie, die spore van inheemswording dra. Van Gendt het die teenwoordigheid van God nog in 'n bepaalde gebeurtenis

89. Vgl. Van 't Spijker: *Triptiek van de geschiedenis*, 165 e.v.

90. Hierbenewens gebruik hy in sy prediking verskillende "geskiedenis," en dit sonder onderskeid. Hulle dien dieselfde doel. Allereers is daar (1) "Bybelse geskiedenis," wat saamhang met (2) die geskiedenis van die Joodse volk. Hiernaas verwys hy ook na (3) die antieke wêreld- en klassieke geskiedenis. Laastens haal hy (4) die Kaapse geskiedenis by.

91. Vgl. Berkhof: *a.w.*, 57 e.v. Sien ook Van 't Spijker: *Triptiek van de geschiedenis*.

aangetoon. Heelwat vroeër het De Grevenbroeck die aanwesigheid van God in die Kaapse natuur, as deel van Sy skepping, raakgesien. Op sy beurt sien Van der Spuy Hom weer in die Kaapse geskiedenis aan die werk. Historiese afstand en terugskouing het dit vir hom moontlik gemaak.

5. 'N INHEEMSE VERTOLKING EN SINGEWING

Afgesien daarvan dat die teologiese verbandlegging uitdrukking is van 'n inheemse vertolking, is daar nog enkele ander sake in die gedenkrede wat hierop dui. Opvallend is die positiewe evaluering van "dit goede Land waarin wy wonen."⁹² Soos De Grevenbroeck en Hofman, beklemtoon Van der Spuy m.a.w. die vrugbaarheid van die land. By hom gaan dit egter nie om bekendstelling aan 'n lesersgehoor wat geen benul van die land en sy mense het nie. Dit is uitdrukking van lewenservaring - 'n ervaring wat aandring op 'n dankbare erkentlikheid teenoor God, die Gewer en Beskikker daarvan. Anders as vir De Grevenbroeck, is dit vir hom reeds 'n gemeenskaplike bodem.

Van die gemeenskap wat hierdie bodem deel, het hy ewe-eens 'n positiewe indruk. Dit het ontwikkel en gegroei. Die land is betree en suksesvol bewerk. Sy positiewe tipering blyk veral uit die woord van gelukwense wat hy aan die "Inwoonders en Burgeren" voorhou. "Onze grootste roem," gaan hy voort, "(bestaat) in ... onze Overigheid."⁹³ Sonder dwinglandy en baatsug word die regering aan die Kaap waargeneem. Die owerheid het "onze twee dierbare panden van Godsdienst, en Vryheid in uwen schoot, zo heilig, zo ongeschonden, zo teder bewaart."⁹⁴ Weereens pleit hy die seën van die Here af op die land: "Jehovah stelle het zelve hoe langs hoe meer tot een toneel van zyne wondere, en laat het zyn en blyven een Land van Immanuël, waar over zyn oog is van het begin tot aan het einde des Jaars!"⁹⁵ Dit is taal wat van innerlike verbondenheid spreek.

Die kritiese vraag is of die optimistiese weergawe van die Kaapse samelewing met die werklikheid korrespondeer het? De la Caille het in sy dagboek klagtes van die inwoners aangeteken. Volgens hom was hulle ontevrede omdat hulle nie toegelaat is om koring aan vreemdelinge te verkoop, of om met die skepe langs die kus van Afrika handel te dryf nie. Daarbenewens was die rentekoers op lenings te hoog. Die Chinese wat uit Batavia aangekom het, is as ongewens beskou.⁹⁶ Die aard van die klagtes dui daarop dat dit sy oorsprong nie onder die amptenary in die Kaap gehad het nie. Van der Spuy verwys sydelings na 'n differensieëring in die samelewing as hy teenoor die goewerneur en Politieke Raad die bede uitspreek dat "door u wys beleid de helsche tweedragt geweert"⁹⁷ mag word. Wat hy hier in die oog het, kan net geraai word. Feit is dat daar met die eeufees tog meningsverskille in die Kaapse samelewing was. Van der Spuy ignoreer dit eintlik vanuit sy inheemse standpunt en benadering.

92. Van der Spuy: a.w., 21.

93. Dies., 26.

94. Dies.

95. Dies., 27.

96. Raven-Hart: a.w., 35.

97. Van der Spuy: a.w., 26.

Sy inheemse singewing word verder gereflekteer uit die besondere waarde en funksie wat hy aan die Kaap, binne die geheel van die Oos-Indiese handelonderneming, toeken. "Gezegende uythoek," spel hy dit uit, "zonder welke nooit de Mogentheid der Maatschappy ten hoogsten top gevoert zoude zyn geworden, indien zy u had ontbeert; nooit haar Zetel gevestigd zyn geworden in de Indische Gewesten, nooit de groote handelingen, die in zo wydgeleegde Ryken, en overvloedige Landen te dryven waren, voordeelig genoeg konden uitgevoert worden, groei en bloei lang tot welzyn der Maatschappy, tot troost der Zeevaart; weest zo lang Europa in het Oosten den Handel dryft, de aangename toevlugt van de geene, die Handel dryven op de groote Wateren!"⁹⁸ Die Kaap is 'n onontbeerlike hoeksteen van die handelsryk van die Oos-Indiese Kompanjie. Dit getuig van een ding. Van der Spuy dink hom die Kaap in as 'n permanente samelewing. As sodanig het dit 'n betekenisvolle rol in die versekering en uitbou van die Nederlands-Oos-Indiese handelonderneming gehad en nog te speel.

Van der Spuy stempel dus sy eeufeesrede met 'n inheemse vertolking. Daaroor kan geen twyfel bestaan nie. Hy doen dit meer bewustelik as Tas en Van der Heiden en Hofman aan die begin van die eeu. Sy inheemse beklemtoning verskil uiteraard ook van sy kollegas Le Seuer en Van Gendt. Immers, Van der Spuy was nie, soos hulle, aangekome medestanders nie, maar 'n boorling van die Kaap.

Noudat vasgestel is in watter mate die **Dank-Altair** blyke van 'n inheemse vertolking gee, dring die kritiese vraag na sy teologiese uitgangspunte aan op uitklaring.

6. 'N HUMANISTIESE BENADERING ONDERLIGGEND AAN DIE GEDENKPREEK

In die breë gesien, deurbreek Van der Spuy nie die intellektualistiese en humanistiese inslag kenmerkend van die kerklik-teologiese literatuur uit Kaapse bodem nie. Dit is alreeds duidelik uit die bedenklike wyse waarop hy die voorsienigheid van God losmaak uit sy Bybelse- en Christologiese omhulsel. Dit korreleer met sy geskiedbeskouing en ingebeelde historiese analogieë. Daarom word 'n intrinsieke waarde daaraan toegeken, waaruit afleidings gemaak moet word wat onderwysing bevat. So word aan die geskiedenis, volgepak met die barmhartige dade van God, die status van leermeester toegeken. Dit is vir hom maklik om hierin - in die geskiedenis - 'n aanknopingspunt te vind vir die toepassing van die teks. Die lastige vraag is of die Skrif nie óf bewysvoerend óf as 'n onderbou vir 'n bepaalde historiese inbeelding en die gebruik daarvan ingespan word nie. Slaag hy daarin om met die soort Skrifverstaan en -hantering die teologiese gerigtheid op die Here van die geskiedenis end-uit te behou? Word die geskiedenis of die (in)beeld(ing) daarvan nie 'n bevestigingsbron naas die Skrif nie? Word die heilshistoriese werk en betekenis van Christus, wat teoreties nie begrond kan word nie, maar vir die uitleg van die Skrif (en begrip van die geskiedenis) van kardinale belang is, geïgnoreer?

In die lig van hierdie vraagstelling is dit duidelik dat Van der Spuy 'n weg met die teks inslaan waarin hy hom nie sonder meer Skriftuurlik kon verantwoord nie. Dit staan in diens van 'n teologiese verlegging

98. Dies., 25.

waarin hy deel. Daarin word wegbeweeg van Gód wat die geskiedenis in sy hande hou, na die geskiédenis waarin God optree en 'n rol speel. Daarmee het hy die nadruklike posisie van die gereformeerde konfessies in hierdie verband verlaat ten bate van die aksente van 'n tipies humanistiese benadering.

Hierdie benadering sien 'n mens natuurlik ook in die analitiese uiteensetting en eksegetiese aanpak waarmee hy aan sy gedenkrede beslag gee. Sy beredenering dra die merktekens van die teologie waarmee hy in Nederland bekendgestel is. Hy is geskool aan die Universiteite van Groningen en Leiden. Soos ander kerkhistorici, wys Van de Sandt in sy deeglike studie van **Joan Alberti, een Nederlandse theoloog en classicus in de achttiende eeuw**, daarop dat gedurende die 18de eeu 'n belangrike horisonsverruiming in die algemene teologiese denke en prediking in Nederland ingetree het.⁹⁹ Dit kom daarop neer dat die dogmatiese sirkel waarin die gereformeerde ortodoksie die teologiese besinning laat beland het, algaande weer deurbreek is. Daarmee het 'n proses aan die gang gekom waarin die konfessionalistiese stagnering in die teologie aan 't verbrokkel geraak het. Die beweging weg van die volstrekte opperheerskappy van die dogmatiek hang uiterlik saam met, en is gestimuleer deur verskillende (kerk)historiese strominge. Sonder twyfel het die opponerende denktradisies, wat tradisioneel en kerkhistories aan Voetuis,¹⁰⁰ Coccejus¹⁰¹ en Cartesius¹⁰² verbind word, hierdie proses aangespoor. Dit het nie 'n terugkeer tot die teologiese denke van die Reformasie beteken nie. Dit het veel nader aan die humanistiese tradisie gestaan, waarin rasionele en intellektuele denke so opgehemel is. Dié nuwe benadering het sy merk baie duidelik op die gebied van die Skrifbeskouing en eksegesis gemaak.¹⁰³ Die teologiese fakulteite in Leiden en Groningen het hulle laat vind vir die nuwere ontwikkeling en dit ingeskakel by die teologiese opleiding. Die gedenkrede van Van der Spuy adem in meer as een opsig die gees en strekking hiervan.

Hy maak van kommentare gebruik en kies doelbewus vir 'n eksegeties-wetenskaplike omgang met die teks. Verder staan die verklaring en uitleg van die teks nie bewustelik in diens van 'n deduksie vanuit konfessionele of dogmatiese premisse nie - iets wat so kenmerkend van die gereformeerde ortodoksie was. Só gesien, is dit 'n vraag of H.D.A. du Toit korrek was in sy mening dat die preek van Van der Spuy in die Dordtse konfessionele tradisie - wat so oortuigend deur Voetuis en sy volgelinge volgehou is - tuishoort?¹⁰⁴ Uit die gedenkrede kry 'n mens eerder die indruk dat hy in sy Skrifverklaring op 'n "moderne" induktiewe wyse wou poog om die teksbetekenis as sodanig uit te lig en toe te pas. In hierdie sin pas sy preek eerder in die kraam van die aktualiserende Coccejaanse Skrifverklaring en prediking, waarin "leer" en "dogma" gerelativeer is en die Skrif losgemaak is van die gesag van die konfessie.¹⁰⁵ Die mening dat Van der Spuy teologies deur 'n humanistiese benadering beïnvloed is, word gevolglik nie sonder goeie rede geopper nie.

99. Van de Sandt: *a.w.*, 2 e.v., 78 e.v.

100. Vir Voetius en Coccejus, sien De Jong: *Nederlandse Kerkgeschiedenis*, 233 e.v. Vir Voetius, sien Janse: *Gisbertius Voetius; Van 't Spijker: "Gysbertius Voetius"* in Brienen (red.): *De Nadere Reformatie*, 49-84; CE VI, 506.

101. Sien Haitjema: *De nieuwe geschiedenis van Nederlands Kerk*, 28 e.v.: CE II, 230-231.

102. Sien Lindeboom: *Descartes en de Kerk*; Haitjema: *a.w.*, 19 e.v.: CE II, 390-391.

103. Sien bv. De Jong: *a.w.*, 246 e.v.

104. Du Toit: *Predikers...* *a.w.*, 119 e.v.

105. Vgl. Van de Sandt: *a.w.*, 113 e.v.; Hartog: *a.w.*, 94 e.v., veral 118 e.v.

7. SAMEVATTING

Die belangrikste afleiding wat ten slotte gemaak kan word, is dat die **Dank-Altar** gestempel is deur 'n inheemse aksent. Van net soveel belang is dat dit gepaard gaan met 'n teologiese en historiese singewing en begronding. Die singewing wat vir jare lank reeds besig was om in die bodem van die inheemse literatuur te ontkiem, kom in hierdie gedenkprek tot ontplooiing. Vir die eerste keer word dit nou ronduit uitgespel. Dit is verteenwoordigend van 'n beduidende ontwikkeling in die Kaapse literêre tradisie. Dit het moontlik geword omdat die Kaap 'n eie geskiedenis deurgemaak het. Daaragter kon Van der Spuy 'n teologiese momentum in inslag aandui. Dit veronderstel uiteraard 'n dankbare verbondenheid met die land en sy mense. Tweedens veronderstel hierdie singewing die moontlikheid om hier permanent en sinvol tot eer van God te lewe.

Omdat die teologiese singewing so pertinent aan die lig tree by hierdie gedenkdatum, is dit hierbo ook teologies en krities getoets. Vanweë 'n humanistiese omgang met die geskiedenis en teologie slaag Van der Spuy, as die vertolker van hierdie singewing, nie daarin om dit behoorlik Skriftuurlik en gereformeerd-konfessioneel te verantwoord nie. Hierbenewens staan die teologiese en historiese **singewing** van die gedenkprek in **skrilte kontras** met die **inbeelding** wat in die Europese literêre tradisie opgebou is. Indien die inbeelding van (bv.) Kolbe en die singewing van Van der Spuy vir 'n oomblik vergelyk word, spreek die verskil vanself. Dit is duidelik dat die onderskeie vertolkings uit totaal verskillende oorwegings, wêreldes en situasies kom. Daarmee tree die uiteenlopende aard van die beide tradisies helder aan die lig.

In die volgende hoofstuk word beide tradisies in die loop van die 25 jaar tussen 1750 en 1775 behandel. Daarmee word die verkenning van die literatuur waarin die geskiedskrywing oor die NGK sy ontstaan het, afgesluit.

HOOFSTUK 10

VOORTGANG VAN DIE INHEEMSE ORIËTERING EN 'N KRITIESE INGESTELDHEID BY BUITESTAANDERS: 1752-c.1775

Die Kaapse tradisie het in sy kenmerkende algemeen-christelike en kerklik-teologiese inkleding ná 1752 sonder 'n saakmakende ontwikkeling sy gang gegaan. Die wending sou eers ná 1775 kom. Die singewing wat met die gedenkpreek van 1752 na die oppervlak gekom het, het gaandeweg vaster voet gekry. In Duitsland het 'n amptenaar-seun en student uit die Kaap sy geboorteland in 'n *Oratio*¹ bekendgestel. Die trant van sy vertolking en historiese begrip was bewustelik inheems. Die enkele geleentheidspreke uit hierdie tyd het eweneens op 'n manier van hulle eie die inheemswording en singewing van die Kaapse tradisie opgevang. Die geskifte uit die geleedere van die sg. Kaapse Patriotte ná 1775 het nuwe aksente by die Kaapse literatuur ingedra. Hulle was daarop uit om die Kaapse bedeling te vernuwe. Daarvoor het hulle aspekte van die Kaapse geskiedenis aangewend en sodoende 'n nuwe fase in die historiese gang van die Kaapse literêre tradisie aangekondig. Daarmee is historiese ondersoek aan die Kaap gestimuleer. Soos egter in die inleiding aangedui, val lg. ontwikkeling buite die bestek van hierdie studie.

Ondertussen is daar in reisbeskrywings steeds van die Kaap en sy mense gewag gemaak. 'n Werk met die omvang van dié van Kolbe het egter nie weer verskyn nie. Na 1770 het besoekers die Kaap met 'n natuurwetenskaplike oorweging besoek, die binnelande deurkruis en daaroor berig. Binne 15 jaar is daar weer monografieë oor die Kaap gepubliseer. Hulle was krities oor die weergawe en interpretasie van Kolbe en het hom aan die waarheid getoets. Hulle was ook krities t.o.v. die Europese gemeenskap in sy verhouding tot die inboorlinggemeenskappe en slawe aan die Kaap. Op die oog af is hiermee 'n prominente aksentverlegging by die uitheemse tradisie ingedra. Dit vorm dan ook 'n natuurlike begrensing vir die onderhawige navorsing. Die bedoeling van die laaste hoofstuk is om die verloop van beide literêre tradisies in hul onderlinge verband tot ongeveer 1775 te skets.

1. 'N INHEEMSWORDING LAAT HOM IN DIE KAAPSE GEMEENSAP GELD

Ná 1750 het die Kaapse gemeenskap na binne vaster vorm aangeneem en in 'n sterker verband van sy eie opgegaan.² Die gemeenskap het hom in 'n Suid-Afrikaanse situasie bevind en meer en meer hiervan bewus geraak. In sy vertolking by die eeufees het Van der Spuy teologies en histories sin gegee. Dit het uitgeloop op 'n vereenselwiging wat belewe is. In die Kapenaars se binnelandse reisjoernale ná die oordrag van gesag aan Ryk Tulbach, kom hierdie vereenselwiging en identifisering ook aan die lig.³ Hierin het hulle verskil van die dagjoernale van die togangers uit die eerste 40 jaar van die Kaapse besetting.⁴

1. Hemmy: *Oratio Latina de Promontorio Bonae Spei*. Hamburg, 1767.

2. Vgl. hiervoor Hattersley: *An illustrated social history of South Africa*, 12 e.v., 30 e.v. Sien ook Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 72 e.v.

3. Vgl. Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I*, 87 e.v. Sien verder Kannemeyer: *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I*, 21; Antonissen: *Schets van de ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde*, 24 e.v.

4. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

Vier joernale wys hulleself in hierdie verband aan. Die dagregister van August Frederik Beutler⁵ dateer uit 1752 en is opgestel tydens 'n reis na die Oos-Kaap. Die **Relaas, gegeeven ter requisitie van den Wel Edelen gestr. heere Rijk Tulbach ... door den burger Jacobus Coetsé Jansz. noopens de door hem gedaene Togt, in en door 't Land der groote Amacquas**, d.w.s. benoorde die Groot- (of Oranje) rivier, is deur Godeé Molsbergen in sy reeks oor die **Reizen in Zuid-Afrika** opgeneem.⁶ Die tog na die binneland wat onder leiding van Hendrik Hop die volgende jaar (1761),⁷ hierop gevolg het, het hy ook opgeneem. Die **Rapport van Thielman Roos en Petrus Marais**,⁸ wat as vryburgers meegegaan het, het hy bygevoeg. Die vierde joernaal is van die hand van Pieter Cloete "... van eenen Landtogt ... met den Wel Edelen Heer Mr Hendt Swellengrebel in den jare 1776."⁹ Onderliggend aan al vier is die onmiddellike en eksistensiële verband waarin die skrywers tot die land gestaan en dit belewe het. Vir hulle het dit sin gemaak om in hierdie wêrelddeel as Kapenaars 'n bestaan te voer en met die oog hierop te verken en te evalueer.

Die Kaapse kerk met sy vyf gemeentes kon sonder opskuddings sy gang gedurende hierdie tydperk gaan.¹⁰ Die heersende maatskappyvorm waarin kerk en staat as 'n organiese eenheid ingedink is, het die lewe en werksaamhede van die kerk begunstig. Die bediening van Woord en sakramente is waargeneem deur predikante wat in Nederland hulle opleiding ondergaan het, veral in Leiden en Groningen.¹¹ Sedert April 1761 is die Kaapse gemeente deur drie medeleraars bedien.¹² Gedurende 1775 is die nuwe Psalmberyming ingevoer en deur die gemeentes ontvang. Roervinke soos Van der Veen, Raedsel en Louis van Dyk het nie weer in die kerklike lewe aan die Kaap opgeduik nie. Die kerk het hom egter steeds beywer om die konstituering van 'n Lutherse kerk te verhoed.¹³ Die trekboergemeenskappe moes nog 'n eie predikant en gemeente ontbeer. Aan hul aandrang in hierdie verband is nie gehoor gegee nie.¹⁴

Tot 1759 kon die gemeentes jaarliks nog in die Gecombineerde Vergadering byeenkom. Vir die Classis van Amsterdam was dit nie 'n probleem toe daaraan 'n einde gemaak is nie.¹⁵ Hierin kon die Kaapse kerk nie heeltemal berus nie. Hy moes iets van sy karakter en geskiedenis prysgee. Die onderskeie gemeentes het immers lank nie meer net om praktiese oorwegings in 'n gekombineerde vergadering byengekom nie. Die

5. Sien Forbes: "Beutler's expedition into the Eastern Cape, 1752," in *AYB* 16(1), 1953, 269-320. Vir 'n korter behandeling hiervan, sien Forbes: *Pioneer Travellers of South Africa*, 7-24. Vgl. ook Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika III**, 257-336. Thunberg het hierdie joernaal in sy beskrywing van die Kaap opgeneem.

6. Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika II**, 18 e.v. Vgl. ook Mossop (ed.): "The Journal of Hendrik Jacob Wikar 1779 ... and the Journals of Jacobus Coetsé Jansz (1760)" in *VRS* 15, 276 e.v.

7. **Dag Register, gehouden op den Landtog, gedaan door het Land der Kleyne en groote Namacquas, onder het Commando van den Capitein der Burger Cavallery Sr Hendrik Hop om het binnenwaards ten Noorden van Cabo de Goede Hoop leggende land nader te ontdekken...** Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika II**, 24 e.v. vir die volledige teks.

8. Sien Godeé Molsbergen: **dies.**, 51 e.v.

9. Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika IV**, 1-38. Vgl. ook Conradie: **a.w.**, 88 e.v., vir die betekenis van hierdie joernaal. Hierbenewens kan die joernaal van Wikar ook in aanmerking geneem word. Vir hom, sien Mossop (ed.): **a.w.**, 20 e.v.

10. Vgl. Moorrees: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**, 267 e.v., 297 e.v.

11. Di Voltelen, Kroonenburgh, Serrurier en die Kuys broers in Leiden; Di Croeser, Harders en Bode in Groningen.

12. Moorrees: **a.w.**, 222.

13. **Dies.**, 248 e.v. Sien ook Hoge: "Die geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap," in *AJB* 1(2), 62 e.v.

14. Eers na 1790 is gemeentes in Swellendam en Graaff-Reinet gestig.

15. Sien Moorrees: **a.w.**, 210 e.v.; Odendaal: **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland**, 60 e.v.

jaarlikse byeenkomste het almeer in die teken van 'n onderlinge geloofsbeoefening gestaan. Daarby wou die vergadering die plaaslike kerke ongetwyfeld help om beter Kerk van Christus te wees.¹⁶ Die vergadering het vanuit die plaaslike en Kaapse situasie voorgegaan en gedink.

Die eerste publikasie uit die Kaap ná die gedenkrede van 1753 was weer 'n geleentheidspreek - hierdie keer 'n intreerede van 'n jong Nederlandse predikant. Met watter verwagtings en uitgangspunte wou hy sy bediening in Afrika aanpak?

2. DS JOHANNES BODE PUBLISEER SY INTREEREDE: 1761

Afkomstig uit Leer in Oos-Friesland, het Johannes Bode (1729-1784)¹⁷ sy teologiese opleiding (1749-1754) aan die Universiteit van Groningen deurloop. Na 'n werkkring in Delft en Amsterdam, toe "eindelyk eene stem kwam, die my naar Afrikas kusten riep,"¹⁸ meld hy hom gedurende 1758 vir diens in Oos-Indië aan. Hy het in die plek van die ontslape ds Voltelen as tweede leraar na die Kaap gekom "om in dit werelddedeel het Evangelie te verkondigen."¹⁹ In die volgende jaar is hy met 'n Kaapse nooi getroud.²⁰ Uit sy huwelik is agt kinders gebore. Hoewel hy volgens sy eie getuënis van twis en tweedrag "eene innigen afkeer" het, en aan onderlinge vriendskap, vrede en liefde 'n "oncindig grooter waardy"²¹ heg, het hy tog gedurende 1760 sterk standpunt ingeneem teen sy verplasing na die "buitegemeente" Roodezand. Tewens, hy het geweier om die Kaap ten koste van 'n nuwe aankomeling, ds J.P. Serrurier, te verlaat. Toe sy beroep op die Classis van Amsterdam slaag, word hy as predikant van die Kaapse gemeente herstel. Saam met Serrurier²² en Kroonenburg²³ was daar nou drie leeraars in die "hoofplaats." Na 'n bediening van 26 jaar in die Kaapse gemeente, is ds Bode op 29 Julie 1784 oorlede.

Drie jaar na sy bevestiging laat hy die preek ter geleentheid zynere Intrede als Bedienaar des H. Evangeliums aan Cabo de Goede Hoop, den 3 December 1758, in Amsterdam uitgee.²⁴ Sy eerste preek op vreemde bodem is vir hom 'n geleentheid om De heerlykheid en kragt van 't Evangelium van Jezus Christus, voorgesteld en aangedrongen uit Paulus woorden, Rom. 1 vs 16 i.v.m. "eene korte afteekening ... van mynen pligt"²⁵ te bring. Net soos die res van die gepubliseerde preke - Simond uitgesonder - spreek hy

16. Vgl. bv. die reglement vir visitasie wat deur hierdie vergadering opgestel is. Sien Moorrees: a.w., 206 e.v., maar veral Hurter: Die eerste meerderevergadering aan die Kaap, 62 e.v.

17. Vir biografiese besonderhede, sien Engelbrecht: Kaapse predikante, 75-76; Du Toit: Predikers en hul prediking in die Ned. Geref. Kerk, 114 e.v.; SABW III, 77.

18. Sien Bode: De heerlykheid en kragt van 't euangelium van Jesus Christus" in DH, 7 (1844), 194.

19. Dies.

20. Engelbrecht: a.w., 76.

21. Bode: a.w., 202.

22. Engelbrecht: a.w., 77-78.

23. Dies., 71.

24. Deur "Dirk Schuuring, Boekverkooper agter de Beurs op de hoek van de Heremite-steeg over het Zeelands Comptoir, 1761." In die uitgawes van Junie en Julie 1844 van sy Maandschrift voor Godsdienstminnende Lezers, De Honigby, het Abraham Faure hierdie intreerede aan die verlede ontruk en dit weer bekendgestel. Sien De Honigby 6 (Juny 1844), 161-170; 7 (July 1844), 193-203.

25. Bode: a.w., 203.

ook die goewerneur en die owerheid aan. Anders as Van Gendt, is hy voorwaardelik onderdaan - en wil hy vry bly om die evangelie te verkondig.²⁶ Dit gaan egter vir hom om 'n christelike owerheid waarin die kerk beskerm word.

Soos gebruiklik is die verklaring 'n uiteensetting van die teks. Sy uitgangspunt is die wyse waarop die "leer des Evangelies"²⁷ in die vroeë kerk teenoor die religieuse oortuigings en standpunte van die Romeinse Ryk verdedig is. Die feit dat die evangelie Jood en heiden aangespreek het, is deur "de ouden" as "bewys van die wonderwerking des Evangelies, tegen hunne vyanden ..."²⁸ gebruik. Die evangelie verander "rockelooze en ondeugende menschen ... wonderlyk ... in eenen staat van wysheid, verstand, heiligheid en deftigheid, daarom vroegen de leeraren van dien tyd, aan hunne vyanden, wie magtig was, zoodanigen uit hunne vermaarde wysgeeren en wetgevers, of die het regt bepleitenden in de vierscharen, te voorschyn te brengen?"²⁹ Hierop het 'n antwoord natuurlik uitgebly. Omdat hy "buiten het bestek van myn voorneme zoude ... gaan" indien hy nog die "wonderbaren voortgang en uitbreiding van Jezus Koningkryk" op getuienis van die "eerste kerkvaderen"³⁰ af sou byhaal, is dit 'n uitgemaakte saak waarom Paulus hom te midde van verdenking en bespotting nie vir die evangelie van Christus geskaam het nie.

In die lig van hierdie argumente is dit begryplik waarom Bode in sy "Toepassing"³¹ hom laat vind om "deze leer der waarheid" aan die Kaap voor te hou. Daarby gaan dit om 'n inskerping van "de zuivere beginselen van waarheid en deugd, uit dat woord gehaald." "Allermeest zal ik," lê hy die klem, "my bezig houden met de allereerste waarheden van het Evangelie, die eigenlyk het zaad van wedergeboorte zyn, aan u te prediken, die waarheden ... in welker geestelyke bespiegeling, reine omhelsing en levendige bevinding, het eenig genoegen, leven en geluk van eenen redelyken geest is."³² Hy beoog om hom veral toe te lê "om tot den verborgen wortel aller zonden, tot het verfoeyelyk grondbeginsel aller onreinheid, in te dringen; dan zullen wy u het middel der verzoening voorhouden, den Heiland Jezus levendig trachten voor oogten te halen, in zyne verscheidene ambten, staten, betrekkingen, dierbaarheden, schoonheden en verlokkende bekoorlykheden."³³ Terwyl hy dit sy plig ag om "u niets achter te houden van der raad Gods," is dit vir hom erns om "in al onze leerreden op geloof en bekeering" aan te dring, "opdat men op Jezus ... mogte verlieven."³⁴

Uit hierdie opmerkings tree die teologiese aksentuering van die preek aan die lig. By Bode val 'n ander klem as by Van der Spuy, Van Gendt en selfs Simond. Hy staan in die tradisie van die prediking van die Nadere Reformasie,³⁵ waarin die geestelike lewe van die hoorders op 'n spitsvondige wyse uiteengerafel en gesistematiseer is. Daarvan getuig sy klem op die bevindelike lewenswandel, die hebbelikheid van die

26. Dies., 200 e.v.

27. Dies., 165.

28. Dies., 169.

29. Dies., 170.

30. Dies.

31. Dies., 193.

32. Dies., 195.

33. Dies.

34. Dies., 196.

35. Vgl. Brien: *De prediking van de Nadere Reformatie*.

geloof, die bekering sowel as die deurlewing van die heil. Die duidelikste aanduiding van sy teologiese simpatie lê in die wyse waarop hy die gemeente en gemeenskap aan die Kaap klassifiseer: daar is diegene wat "in den uiterlyke schoot der kerk begrepen zyt"³⁶ maar die leer met 'n sondige en skandelijke lewe besoedel; dan is daar "burgerlyke naamchristenen, die zich door geene grove en in het oogloopende zonden bezoedelen, maar echter in den grond nog ongereinigd zyn."³⁷ Derdens is daar diesulkes wat "door de waarheid gebragt zyn tot overtuiging van hunnen ellendigen zondestaat, ... en echter nimmer ontwaar werden, dat Jehova God het werk zynrer goedheid in hen begonnen heeft."³⁸ Andere weer, meen dat God Hom oor hulle ontferm het, "maar die gedurig door angstige gedachten geslingerd worden, of zy wel goed en naar waarheid van zich zelve geoordeeld hebben."³⁹ Laastens is daar die "gelukkig en gezegend erfdeel van den Here Jezus Christus, die de kracht des Evangelies by bevinding kent, en die in nederigheid durft roemen, dat gy uit duisternis licht zyt geworden in den Heer."⁴⁰

Brienen wys in sy studie van *De prediking der Nadere Reformatie* daarop dat die identifisering van die verskillende gestaltes van die natuurlike en geestelike mens, soos dit in die klassifikasie metode van die predikers van die Nadere Reformasie aan die orde was, die mens en sy geloof sentraal gestel het. Daarom was hierdie prediking antroposentrië en individualisties.⁴¹ Bode laat vind hom onmiskenbaar vir hierdie uitgangspunte. Terselfdertyd dra sy sistematiese en besliste analitiese aanpak 'n mate van rasionalisering by die prediking in. Die uitleg is op 'n verstandelike toestemming bereken. Dit gaan om die waarheid van die evangelie as 'n waarheid wat nie net deur ervaring nie, maar inderdaad ook deur die geskiedenis van die vroeë kerk bo alle twyfel verhef word. In hierdie sin speel hy uit in die hand van die intellektualisties-christelike gees van sy tyd. Die toepassing is afgestem op die christenmens, terwyl Christus wat met die mens besig is, op die agtergrond vervaag. Dit bederf 'n juiste visie op die waardering en prediking van die Woord van God, wat homself deur die Gees laat toepas.

In die algemeen gee hierdie preek nie blyke van inheemswording nie. Dit word gelewer deur iemand wat pas voet aan wal gesit het met die vooruitsig om hom permanent aan die Kaap te vestig en die evangelie te verkondig. Dit het hy nie sonder vooropgestelde verwagtings gedoen nie. Ongelukkig bestaan daar nie literatuur of verdere preke uit sy latere bedieningsjare nie. Gevolglik kon nie bepaal word in welke mate hy met die Kaap en sy mense geassosieer en geïdentifiseer het nie. 'n Relevante vraag van kerkhistoriese aard is of die Kaapse kerk en sy lidmate aansluiting gevind het by sy teologiese aksentuering? óf, het 'n bestaande groepering binne die kerk by hom aanklank gevind? Sou hy diegene wat met die gedagterigting van Raedsel, Van der Veen en Van Wyk gesimpatiseer het, met hom saamgeneem het? In die lig van die geskiedenis en optrede van sy opvolger Van Lier,⁴² lyk dit of hy inderdaad 'n bepaalde teologiese oriëntering aan die Kaap verder gestimuleer het.

36. Bode: a.w., 196.

37. Dies., 197.

38. Dies.

39. Dies., 197 e.v.

40. Dies., 198.

41. Brienen: a.w., 299.

42. Sien Hanekom: *Helperus Ritzema van Lier*, 119 e.v., veral 135 e.v. Vgl. verder Du Plessis: *A history of Christian Missions*, 61-69.

Maar, dit daar gelaat. Soos gesê, laat Bode hom by sy intrede nie in terme van 'n inheemswording of in terme van 'n inheemse singewing oor die Kaap uit nie. Wanneer 'n Kaapse student hom ses jaar later in Duitsland uitlaat oor die Kaap, is dit vir hom sy geboorteland en laat hy hom deur 'n inheemse bewussyn en oorweging lei.

3. DIE INHEEMSE BEWUSSYN VIND UITDRUKKING IN 'N ORATIO OOR DIE KAAP DIE GOEIE HOOP: 1767

Gysbert Hemmy⁴³ is op 19 Junie 1746 aan die Kaap gebore as seun van Otto Lüder Hemmy (1710-1777),⁴⁴ 'n amptenaar van Duitse afkoms. Sy vader het eventueel die pos van sekundus bekleed. Volgens die gewoonte van die tyd is Gysbert na Europa gestuur vir akademiese skoling. Hy word ingeskrywe aan die Akademie of Latynse Skool in Hamburg. Daarna sit hy sy studie aan die Universiteit van Leiden in Nederland voort, waar hy op 17 September 1770 in die regte promoveer met 'n *Dissertatio juridica inauguralis pro gradu doctoratus De testimoniis Aethiopum, Chinesium aliorumque paganorum in India Orientali*.⁴⁵ Hy het nooit permanent na die Kaap teruggekeer nie, aangesien hy 'n substansiële posisie in die VOC in Batavia bekom het.⁴⁶

Terwyl hy nog aan die Akademie in Hamburg student was, het hy hom in 'n *Publice Recitata* oor sy geboorteland uitgelaat. Dieselfde jaar nog (1767) verskyn dit as 'n *Oratio Latina de Promontorio Bonae Spei*.⁴⁷ Beide die *Oratio* en sy *Dissertatio juridica* staan i.v.m. die Kaap en sy mense. Beide rus swaar op gegewens wat hy uit bekende reisbeskrywings put. Vir die *Oratio* verlaat Hemmy hom hoofsaaklik op twee bronne wat in Hamburg geredelik voorhande was, nl. die wydgelede *Caput Bonae Spei Hodierum* van Kolbe "and the German version of Asthey's and Prévost's collected travels based on many earlier accounts."⁴⁸ Wanneer hy 3 jaar later sy dissertasie in Nederland uitgee, is hy meer krities teenoor Kolbe. Hy het ondertussen die *Journal historique du voyage fait au Cap* van Abbé de la Caille⁴⁹ onder oë gehad. In hierdie akademiese werk behandel hy die omvattende probleem van die regsgeldigheid van die getuienis van die Khoikhoi. Oor die algemeen evalueer hy die Khoikhoi vanuit sy juridiese oogpunt positief ... "their minds have been improved, they have taken to laborious work and are beginning to judge between right and wrong in their actions and to live according to the dictates of conscience and law."⁵⁰

43. Vgl. Hoge: "Personalities of Germans at the Cape," in *AYB* 9, 145-146. Sien verder die Introduction, iii e.v. by Hemmy: a.w.

44. Vgl. Hoge: "Personalities ...," a.w., 145-146.

45. Dit is deur Eliaam Luzac Lugduni Batavorum in 1770 uitgegee.

46. Hemmy: a.w., vii.

47. Hamburg, 1767. Sou dit toevallig op die 10de April gelewer gewees het, of staan dit i.v.m. die besettingsdatum 8 April 1652? Die Suid-Afrikaanse Biblioteek het die *Oratio* gedurende 1959 weer gepubliseer met 'n Engelse vertaling van die teks deur K.D. White, voorsien van aantekeninge deur G.S. Nienaber en D.H. Varley. Vir die doeleindes van hierdie studie word aanhalings uit hierdie werk t.w.v. die leser in Engels weergegee.

48. Hemmy: a.w., 28, 30, 31 waarin skrywer self hierna verwys.

49. Paris, 1763.

50. Hemmy: a.w., iv; vgl. iii e.v.

In die **Oratio** bepaal hy hom by die Kaap in sy geheel. Die inkleding en behandeling is dié van iemand wat hom met hierdie gebied en sy mense geïdentifiseer het. Hy beperk hom egter tot 'n "cursory description of this Cape, which the highest Providence has given me as my native land."⁵¹ Hy gee aandag aan twee aangeleenthede t.w. die "natural situation and condition of this famous Cape" en daarbenewens "the story of its happy discovery and of the advantages which have accrued therefrom to the famous India Company."⁵² ("Primum vobis naturam & conditionem hujus celeberrimi promontorii ostendam. Deinde historiam faustae detectionis illius & emolumentorum, quae inde illustri societati indicam redundarunt, breviter delibabo."⁵³) Sy toespitsing op hierdie twee aangeleenthede is 'n aanduiding van die wyse waarop die Kaap in terme van 'n eie geskiedenis en funksie in die wereld ingedink is.

Allereers neem hy die Khoikhoi, hulle fisieke eienskappe, gemeenskapsverbande en religieuse praktyke in oënskou.⁵⁴ In welwillendheid blink hulle uit - meer as baie Christene. Hulle afkeer van "treachery, adultery, incest and murder proves that natural law is graven in their hearts."⁵⁵ Van die Khoikhoi "the Europeans have, by fair purchase, acquired the Cape of Good Hope and the adjacent territory."⁵⁶ Hierna verwys hy na die topografie en klimaat en skets 'n besonder positiewe beeld in verband met die vrugbaarheid van die Kaap en gepaardgaande landboubedrywighe. ⁵⁷ Hy aksentueer die dorpie aan die voet van Tafelberg met sy "magnificent buildings"⁵⁸ en "famous harbour."⁵⁹

Omdat hy hom aan "a short account of the discovery of the Cape"⁶⁰ wil hou, gaan hy aan die diere-, voël-, see- en insektelewe verby. Die Kaapse geskiedenis begin by die ontdekkingsvaarte van die Portugese gedurende die 15de eeu, waarin Dias, Da Gama en D'Almeida die sleutelrolle speel. Die Portugese het egter nooit die Kaap beset nie. Die Hollanders, en met name die VOC sou anders oor die Kaap oordeel. Toe "Johannes de Riebeckius" die gebied teen die helfte van die 17de eeu onder die aandag van die Direksie van die VOC bring, word hy aangestel "to occupy the place."⁶¹ Hy slaag daarin om 'n nedersetting te vestig. So het hy die basis gelê vir 'n infrastruktuur en uitbreiding. Tewens, dit is op die aandrang van Van Riebeeck dat die Here 17 daartoe ingestem het om 4 kolonies, t.w. "Capica", "Stellenboschia", "Drakensteinia" en "Waveria," aan te lê.⁶² Dit alles word in stand gehou en moontlik gemaak deur 'n effektiewe administrasie met sy verskillende gesags- en regsinstellings. "Above all," so vat hy saam, "the great foresight of the Company, as displayed in the establishment of the worship of God and in the building

51. Dies., 26.

52. Dies.

53. Dies., 7.

54. Dies., 26-29.

55. Dies., 28.

56. Dies., 29.

57. Dies., 30-32.

58. Dies., 31.

59. Dies., 32.

60. Dies., 33 e.v.

61. Dies., 35.

62. Dies. Hy maak in hierdie geval 'n growwe veralgemening op voetspoor van Kolbe.

of churches both at the Cape itself and in the villages of the settlers, deserves the highest praise."⁶³ Wat hy aan Van Riebeeck toedig, is histories onjuis maar vir die studie tog van belang. Dit is sekerlik 'n aanwysing van die mate waarin Van Riebeeck in 'n inheemse of Kaapse geskiedbeeld 'n plek verower het.

Die ooreenkoms en verband tussen die ongepubliseerde **Descriptio** van De Grevenbroeck⁶⁴ en die gepubliseerde **Oratio** van Hemmy is opvallend. Immers, waar Kolbe by De Grevenbroeck in leer was, was Hemmy dit onder andere by Kolbe. Net soos die reisbeskrywings, is dit in Europa gedruk en in die eerste plek bedoel vir 'n Europese leserskring. Tog is daar verskille. Die **Oratio** staan in 'n simpatieke betrokkenheid tot die Kaap. Dit is meer as die weergawe van die bepaalde situasie. Dit is inheems en in 'n ondubbelsinnige Kaapse nuansering gestel. Daar is geen spore van 'n kritiese ingesteldheid teenoor die Kaapse gemeenskap nie.

Alhoewel Hemmy in sy bekendstelling en verrekening van hierdie streek en sy mense gebruik maak van gegewens uit die reisliteratuur - m.n. i.v.m. sy beskrywing van die Khoikhoi - loop dit nie uit op 'n inbeelding nie. Dit word deur sy lewensband met die Kaap verhoed. Daarenteen is 'n historiese en eksistensiële singewing in sy entoesiastiese woorde oor die Kaap opgevang. Dit is 'n land met 'n besondere geskiedenis.

4. ONDERTUSSEN EVALUEER VERSKEIE REISIGERS DIE KAAP POSITIEF IN HUL VERWYSINGS

In die reisbeskrywings van hierdie tyd (d.w.s. c.1750-c.1775) word eintlik net in die verbygaan na die Kaap verwys. Deur die bank weerhou besoekers hulle daarvan om uitvoerig oor die Kaap uit te wei. "I shall not stop to describe this place," verduidelik een van hulle, Louis de Bougainville, "which every body knows."⁶⁵ Oor die algemeen is die bondige verwysing of vermelding van die Kaap steeds geskoei op die tradisionele inbeelding van hierdie literêre tradisie. Deurgaans kry die Kaap, sy gemeenskapslewe en die onderlinge verhoudinge 'n positiewe evaluering. Die mees bekende in hierdie verband is sekerlik die reisverslae van kaptein James Cook⁶⁶ en sy geselskap. Daarin word positief oor die Kaap en sy mense geoordeel. Die land is vrugbaar en lewer 'n oorvloed van alles. Die Europees-Hollandse gemeenskap is besonder gasvry en vriendelik. Aan die Kaap word die slawe goed versorg en behandel deur hul Hollandse meesters. Die Khoikhoi deel ook in die voorspoed van die land.⁶⁷

Teen die einde van die sewende dekade het daar weer 'n aantal monografieë oor die Kaap en sy mense van die pers gekom. Hulle evaluering van die Kaapse gemeenskapslewe was, merkwaardig genoeg, meer krities.

63. Dies., 36.

64. Vgl. hoofstuk 5 hierbo.

65. De Bougainville: *A Voyage round the World*, 459-460.

66. Hawkesworth: *An account of the voyages undertaken I*, 135 e.v., 513, 661 e.v.; dies. III, 781 e.v. tot 793; Foster: *A voyage round the world I*, 58 e.v.; Cook: *A voyage towards the South Pole I*, 13; dies. II, 249 e.v., 264 e.v.; Cook: *A voyage to the Pacific Ocean I*, 51 e.v.

67. Bv. Bernardin de Saint-Pierre: *A voyage to the Island of Mauritius*, 199 e.v., veral 202 e.v. Vgl. ook De Bougainville: a.w., 459 e.v. Hierdie indrukke word deur die res van soortgelyke reisverslae uit daardie tyd bevestig.

5. MONOGRAFIEË VAN BUITELANDERS OPENBAAR 'N MEER KRITIESE INGESTELDHEID

Die opbloeï van die natuurgerigte wetenskappe gedurende die tweede helfte van die 18de eeu het geskoolde natuurkundiges soos De La Caille, Thunberg en Sparrmann na die Kaap gebring.⁶⁸ Hulle het die Kaap met 'n natuurwetenskaplike oorweging besoek en vir langer tydperke vertoef. Pas voordat Tulbach as goewerneur van die Kaap aangestel is, het die reeds vermeldde en bekende Franse sterrekundige, Abbé Nicolas Louis de la Caille (1713-1762),⁶⁹ sy opwagting gemaak en verlof gekry om waarnemings te boek te stel. Hy het vir meer as twee jaar aan die Kaap vertoef. 'n Jaar na sy dood is sy **Journal Historique du Voyage fait au Cap de bonne-Esperance** in Parys uitgegee.⁷⁰ Hierin is De la Caille daarop uit om regstellings in die beskrywing van Kolbe gemaak. Sonder skroom wys hy op die bedenklike basis waarop baie van Kolbe se vertellings en aannames i.v.m. die Khoikhoi rus. 'n Ander kenmerk van die aantekeninge van De la Caille was dat hy anders as reisigers wat in die verbygaan by die Kaap aangedoen het, op die onreg in die manier waarop slawe aan die Kaap behandel word, gewys het. Hy volg dus 'n gedagtelyk wat die sendelinge Tachard⁷¹ en Ziegenbalg⁷² geïmpliseer het. Sou die feit dat De la Caille in die teologie opgelei is, 'n rol hierin gespeel het? Het sendelinge 'n ander benadering ingedra in die uitheemse tradisie?

In 'n sekere sin was die kritiek van De la Caille meer omvattend van toepassing as net op die monografie van Kolbe. Die vergesogte en feitlik onmoontlike aannames in die hele literêre tradisie is hiermee in beginsel hok geslaan. De la Caille het hierteenoor die pleit gevoer vir 'n meer realistiese en verantwoorde weergawe van die Kaap en sy (veral Khoikhoi-) bewoners. Dit het egter nie die einde van die inbeelding of beeld eie aan hierdie uitheemse literatuur beteken nie. Die **inhoud** van die beeld moes egter rasioneel agterhaal en aanvaarbaar wees. Vir die toekoms was dit van groot belang.

Soos gesuggereer, is die kritiek van De la Caille ernstig opgeneem.⁷³ Dit is in 1776 deur Francis Masson gedoen toe hy sy reisverslag van die binnelande in die **Philosophical Transactions of the Royal Society** in Londen laat publiseer het.⁷⁴ Dit is ook in 1777 gedoen deur 'n **Nieuwe algemeene beschryving van de Kaap de Goede Hoop**,⁷⁵ hoewel die skrywer steeds Kolbe as uitgangspunt behou het. Eintlik het hy Kolbe oorgeskrywe, met aanvulling en korreksies hier en daar uit (o.a.) Valentyn, Bógaert en De la Caille.⁷⁶ 'n Jaar later het 'n soortgelyke geskrif gevolg. Hierdie keer was dit 'n **Nieuwste en beknopte Beschryving van de Kaap de Goede-Hope**.⁷⁷ Vroeg in die sewende dekadde het twee Sweedse geleerdes gelyktydig die Kaap

68. Sien die vertaalde werk van Sparrman: **Reize naar de Kaap de Goede Hoop**. Leyden, 1787. Dit het oorspronklik in Sweeds verskyn. Sien ook Forbes (ed.): "Anders Sparrman. A voyage to the Cape of Good Hope," in **VRS II**(6,7). Vir Thunberg sien 'n Engelse vertaling van sy werk **Travels in Europe, Africa and Asia**. Drie vols. London, 1793.

69. Vir die biografiese besonderhede sien Raven-Hart, (ed.): **Travels at the Cape 1751-1753**, 1 e.v.

70. Paris, 1763. Sien verder Sienaert-van Reenen: **Die Franse hydrae tot Africana literatuur**, 45, 193 e.v.

71. Sien hoofstuk 3 hierbo.

72. Sien hoofstuk 8 hierbo.

73. Bv. ook deur Hemmy.

74. Sien Masson: "An account of three journeys from the Cape Town into the Southern Parts of Africa," in **The Philosophical Transactions** 66, 1776.

75. Te Amsterdam, by Petrus Conradi. MDCCLXXVII, 2 dele.

76. **Nieuwe algemeene, a.w.**, Voorrede.

77. Te Amsterdam. Allamand en Klockner het die kantaantekeninge versorg.

besoek. Beide Sparrman (1748-1820)⁷⁸ en Thunberg⁷⁹ het uitgebreide reise na die binneland onderneem en hulle aantekeninge omgewerk tot uitvoerige monografieë oor die Kaap. Ook hulle het na onreg in die gemeenskap verwys.

Die feit dat daar nou weer monografieë oor die Kaap gedruk is, hang saam met 'n veranderde internasionale situasie. Na 1775 het die Kaap 'n strategiese waarde vir meer as een Europese moondheid bekom. Histories hang dit saam met die imperialistiese beweging wat hom met nuwe momentum by die Europese moondhede aangekondig het. Dit was waarskynlik die rede waarom Mentzel nou sy geografies-topografiese beskrywing van die Kaap uitgegee het.⁸⁰

Gedurende 1790 kon die Fransman le Vaillant⁸¹ ook 'n omvattende beskrywing van die Kaap en sy afgeleë streke aan die pers besorg. Met die eeuwenteling is **An account of Travels into the interior of Southern Africa ... of John Barrow**⁸² gepubliseer. Barrow was polities gemotiveer. As sodanig het hy die Kaap en sy mense beskrywe en met vooropgestelde Brits-imperialistiese oorwegings getipeer. In sy boekwerke het hy die onreg in die gemeenskap knaend aan die orde gestel. Veral die trekboer het onder die pen deurgeloopt.

Dit is duidelik dat in hierdie "nuwe" reeks monografieë oor die Kaap 'n verdere ontwikkeling in die uitheemse literêre tradisie na vore kom. Hiermee is met elemente van die ongelooflike en die on-redelike wat in Kolbe se beskrywing nog prominent was, finaal afgedoen. Hiermee is die inbeelding of beeld eksistensieel begrond en vasgeknoop aan 'n doelgerigte interpretasie van feitelike gebeure in die Kaap. Dit word nou in Europa ingespan om nasionalistiese en politieke munt daaruit te slaan. Tiperend hiervan is die kritiese aksentuering en uitwys van onreg in die Kaapse gemeenskap. Veral Barrow se vertolking of interpretasie was die wissel om kragte in Suid-Afrika te ontketen wat bepalend sou wees vir die 19de-eeue (kerk)historiografie. Hy het die beeld of inbeelding van die uitheemse tradisie onherroeplik gepolitiseer. Hiermee is egter deurgestoot na elemente eie aan 'n opvolgende fase in die ontwikkeling van die kerkhistoriografie, wat vir eers gelaat moet word.

Die inheemse literêre tradisie - om die gedagte weer terug te bring tot die periode waaroor dit in hierdie hoofstuk gaan - is vroeg in die 1770's met nog twee geleentheidspreke verder gevoer. In die lig van die voorafgaande beredenering moet beide gesien word as die einde van 'n lang ontwikkeling waarin uiteindelik al sterker in 'n inheemse en Kaapse sin georiënteer is.

78. Vir biografiese besonderhede, sien Forbes, (ed.): "Anders Sparrman. A Voyage to the Cape of Good Hope," in *VRS II*(6), 13 e.v. Sien ook Forbes: *Pioneer Travellers ...*, 46 e.v.

79. Sien Forbes (ed.): "Carl Peter Thunberg. Travels at the Cape of Good Hope" in *VRS II*(17). Sien verder Forbes: *Pioneer Travellers ...*, 25 e.v.

80. Sien Mentzel: *Vollständige und zuverlässige geographische und topographische Beschreibung des ... afrikanischen Vorgebürges der guten Hofnung*. 2 dele. Glogau, 1785 en 1787.

81. Sien Le Vaillant: *Voyage de M. Le Vaillant dans l'Interieur de l'Afrique*. 2 dele. Paris, 1790. Dieselfde jaar is dit in London in Engels uitgegee: *Travels into the Interior Parts of Africa*. Hierbenewens is daar ook 'n tweede werk van hom: *Second Voyage dans l'Interieur de l'Afrique*. Paris, 1796. Ook dit is in Engels vertaal as *New Travels into the Interior Parts of Africa*. Drie dele, London, 1796. Sien verder Francois le Vaillant. *Reisiger in Suid-Afrika en sy versameling van 165 akwarelle*; Sienaert-van Rencen: *a.w.*, 196 e.v.

82. Sien Barrow: *An account of Travels into the interior of Southern Africa*. London, deel 1: 1801; deel 2: 1804. Vgl. ook Forbes: *a.w.*, 132 e.v. Vir Barrow, sien *SABW II*: 34-37.

6. NOG TWEE GELEENTHEIDSPREKE IN 'N KAAPSE ORIËTERING

Die dood van Ryk Tulbach op 11 Augustus 1771, sowel as dié van sy aangewese opvolger, Pieter Baron van Reede van Oudshoorn kort daarna (23 Januarie 1773), het die Kaapse gemeenskap aangespreek. Na die gebruik van die tyd, is die begrafnisse opgevolg deur 'n behoorlike "lykpredikasie" waarin die Woord bedien is met verwysing na die lewe en kwaliteite van die oorledene. Tulbach het sy hele openbare loopbaan aan die Kaap geslyt en was sedert 1751 'n bekwame en ywerige goewerneur.⁸³ Van Reede van Oudshoorn het gedurende 1741 as amptenaar in diens van die VOC na die Kaap gekom om twintig jaar later die sekunde te word. In 1766 keer hy terug na Nederland en tree uit diens van die VOC. Toe Tulbach sterwe en hy blyke daarvan gee dat verdere diens aan die VOC hom sou welgeval, word hy aangewys as die nuwe goewerneur. Op die heenreis is hy egter oorlede en aan die Kaap begrawe.⁸⁴ As leraar van die Kaapse gemeente het ds J.P. Serrurier die **Lykreden** waargeneem.

Beide **Lykreden** is gepubliseer. Daarmee is die Kaapse literêre tradisie met nog twee geleentheidspreke aangevul. Daarin is 'n bepaalde kerklik-teologiese benadering afgeteken. Bowendien is daarin lewensketse van die belangrikste persone van die Kaap opgeneem. In watter mate het Serrurier hom vir die Kaap as vaderland laat vind? Is daar 'n inheemse refleksie onderliggend aan die twee **Lykreden**? Serrurier self was nie 'n boorling van die Kaap nie, maar hy sou vir sy hele bediening van meer as 44 jaar in die Kaapse gemeente staan. Volgens Engelbrecht het hy in 1804 geëmeriteer, maar kerklik meegelewe totdat hy op 3 Februarie 1819 oorlede is.⁸⁵

7. DIE LYKREDEN OVER DEN WEL EDELEN GROOT ACHTBAREN HEER RYK TULBACH: 1772

Die **Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbare Heer Ryk Tulbach** is met "voorgaande Kerkelyke Visitatie en approbatie ..." deur die Klassis van Amsterdam nagesien en gedurende 1772 by Yntema en Tieboel in Amsterdam gedruk. Serrurier laat dit uitloop in 'n verklaring en toepassing "over Ps. CIII:15-17^a." Hoewel hy die teks analiseer, is dit nie naastenby so gekompliseerd soos die preke van Van Gendt en selfs Van der Spuy nie. Sy analise is veel meer in 'n sintese verwerk.⁸⁶

By hierdie droewige geleentheid - "een dood die aan dit gantsche Land zyne algemeenen Vader ontrukkt"⁸⁷ - het Serrurier dit oor die onvermydelikheid van die dood. Ondersoek 'n mens "de gewyde, en ... de ongewyde geschiedenissen," is dit ontseggelik duidelik dat almal, ook die invloedryke en belangrike persone van die geskiedenis, "den laasten Tol der Natuur betalen (moesten)."⁸⁸ Dit word deur die

83. Vgl. Joubert: *Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbach*, 12 e.v.; SABW II: 774-776.

84. Sien SABW II: 816-817.

85. Sien Engelbrecht: a.w., 78. Serrurier kom uit 'n predikanteslag en was 'n welsprekende kanselredenaar. Sien verder Du Toit: a.w., 237 e.v.; Dreyer: *Historisch Album van de Nederduitsch Gereformeerde Kerk*, 15; SABW II: 671-672.

86. Op die oog af lyk dit of 'n nuwe tendens in die predikkunde, nl. om af te sien van die analitiese metode, aan die preke van Serrurier onderlê. Vgl. Hartog: *Geschiedenis van de predikkunde*, 279 e.v.

87. Serrurier: *Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbare Heer Ryk Tulbach*, 11.

88. *Dies.*, 6.

"dagelyksche ondervindinge ontegenzegglyk bevestig,"⁸⁹ sowel as uit die "keuze myner Textstoffe."⁹⁰ In die lig hiervan meen Serrurier om "dus uwer aandagt in een kort Vertoog"⁹¹ te bepaal by "de iedele Broosheid en onbestendigheid van den Mensch ende van de dingen deezer Wereld, en daar tegen overstellen de gewisse geduurzaamheid der Genade die God aan den Mensch tot zyn Heil laat aanbieden."⁹²

Na aanleiding van die teks wys hy dus eerstens op die verganklikheid van die mens.⁹³ Tweedens bepaal hy hom by die omvattende en blywende goedertierenheid van God ten opsigte van slegs hulle "die den Heere vreezen."⁹⁴ Hieruit laat die prediker sy gemeente leer hoe verganklik die mens en sy aardse bestaan is. Dit kom neer op 'n onweerlegbare waarheid, "die de gezonde Reden, die Gods onfeilbaar Woord ons leeren, en die de dagelykse Ondervindinge bevestig."⁹⁵ Die dood van Tulbach is hiervan die beste voorbeeld.⁹⁶

Aan "den laasten lykpligt"⁹⁷ voeg Serrurier gevolglik 'n bondige lewenskets van Tulbach, die "uitmuntenden Bestierder dezer Gewesten,"⁹⁸ toe. Hieruit kom Tulbach te voorskyn as 'n vleklose en voorbeeldige goewerneur in alle opsigte. Hy stam uit "een niet onaanzienlyk geslacht"⁹⁹ wat hom by meer as een geleentheid "ten dienste van Nederlands vereenigden staat" - selfs met die hoogste tol - gestel het.¹⁰⁰ Tulbach is in Utrecht gebore (1699), groei in Bergen op Zoom¹⁰¹ op, maar het egter "door het Bestier der Voorzienigheid, die met eene onzichtbare hand alles regeert"¹⁰² gedurende 1716 na die Kaap gekom. Vanweë sy "schrande oordeel, ... noesten vlyt, ... wyze voorzichtigheid en bescheidenheid"¹⁰³ gepaar met "zyne getrouwheid, zyne belangeloosheid en heusche vriendelykheid"¹⁰⁴ kon hy al die "aanzienlyke posten"¹⁰⁵ aan die Kaap met onderskeiding beklee. So het hy 55 jaar van sy lewe "in den dienst der Edele Maatschappy en ten nutte van dit Land ... aangewend."¹⁰⁶ Wat "het uitwendige bestaan en geaardheid"¹⁰⁷ van Ryk Tulbach betref, noem Serrurier 'n hele aantal voortreflike hoedanighede op: sy "menschliwende

89. Dies., 18.

90. Dies., 10.

91. Dit is in 52 bladsye gedruk!

92. Serrurier: a.w., 10.

93. Dies., 21.

94. Dies., 24.

95. Dies., 33.

96. Dies., 33 e.v.

97. Dies., 34.

98. Dies., 35.

99. Dies.

100. Dies., 36.

101. Sien ook dies.: "Eene stad zeer wel bekend, en welke gedagtenis te levendiger in het geheugen wordt bewaard, door het streng beleg, en de gansch onverwagte wyze op welke dezelve, in den laatsten oorlog, in welken ons vry Gemeenebest is ingewikkeld geweest, in den handen van den Lelie Vorst is vervallen." Serrurier sinspeel hier op die Franse inval gedurende 1672, waarna die suidelike helfte van Nederland weer onder Franse heerskappy gekom het. Sien hiervoor, Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam II*, 514 e.v.

102. Dies., 37.

103. Dies., 37-38.

104. Dies., 40.

105. Dies.

106. Dies., 42.

107. Dies., 42 e.v.

vriendelykheid,¹⁰⁸ sy "Zachtmoedigheid,"¹⁰⁹ sy "liefderyke Weldadigheid."¹¹⁰ Hierbenewens het hy beskik oor 'n "uitgebreide belezenheid, ondersteund door een doordringend oordeel."¹¹¹ Teenoor die christelike geloof het hy allermins onverskillig gestaan: "niet zelden gingen zyne gesprekken over gewyde zaken, over waarheden, zoo van den natuurlyken als geopenbaarden Godsdienst en de leerstukken onzes Geloofs."¹¹² So word die lewensirkel van hierdie voortreflike mens voltooi. In alle opsigte het die Kaap en sy gemeenskap by hom as persoon, sowel as by sy regeerstyl, gebaat.

Aan die einde van die lykrede word die waarnemende goewerneur, die Politieke Raad, sowel as die gehoor aangespreek. Met die hoogste waardering en agting vir die persoon en amp van die waarnemende goewerneur, word hy gevra om in (o.a.) die "ware Deugd en Godzaligheid"¹¹³ voor te gaan. Die Politieke Raad word herinner aan hulle taak as "Voedster Heeren der Kerk."¹¹⁴ By die gehoor, by hulle wat die Here vrees, word aangedring: "Biddet voor dit Land, biddet voor onze Overigheden."¹¹⁵

Dit sou die moete loon om, alvorens iets oor die benadering onderliggend aan hierdie lykrede gesê word, eers die aandag by die tweede dergelyke preek te bepaal.

8. DIE LYKREDEN OVER PIETER BARON VAN REEDE VAN OUDSHOORN: c.1773

Die deftige **Lykreden over den ... Heer Pieter Baron van Reede van Oudshoorn** is gedurende 1773 uitgegee in Amsterdam by die Boekverkopers H.W. en C. Dronsberg¹¹⁶ - "voor Mevrouw de Weduwe, volgens het Origineele afgeschreven."¹¹⁷ Die "lykreden over Openb. II:11" is 46 bladsye lank. Op die oog af is hierdie lykpredikasie eweneens meer sinteties saamgestel, in die sin dat Serrurier nie formeel onderskei tussen verklaring en toepassing van die teks nie. Sy toelag is om "ons te leeren, hoe iedel, hoe broos, hoe vergankelyk de Mensche zy, hoe het leven ook der grootsten en aanzienlyksten, waarlyk het gras en een bloeme des Velds gelyk zy."¹¹⁸ Hieruit is die verganklikheid van alle vlees te "leeren." Dit word immers bewys deur die ontydige dood van Van Reede van Oudshoorn.¹¹⁹

Serrurier maak Romeine 8:18 - dat die lyding van die teenswoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid van die toekoms nie - sy uitgangspunt. Met verwysing na die benarde situasie van die Vroeë Kerk - "eer het nog Koningen tot Voedsterheeren en Vorstinnen tot Zoogvrouwen verkregen hadde"¹²⁰ - toon hy aan hoe

108. Dies., 43.

109. Dies.

110. Dies., 45.

111. Dies., 47.

112. Dies.

113. Dies., 50.

114. Dies., 51.

115. Dies.

116. Sonder datum. Na alle waarskynlikheid is dit in 1773 of 1774 gepubliseer.

117. Serrurier: **Lykreden over den ... Heer Pieter Baron van Reede van Oudshoorn**, Teenblad van die Voorafpraak.

118. Dies., 1.

119. Dies., Voorafpraak, 3-4.

120. Dies., 6.

die beproewing uiteindelik sal uitloop op "ongestoorde verzadiging van vreugde."¹²¹ By hierdie "waarheid" bepaal hy hom - "zoo als de gemeente van Smyrna ons daar van een ontegenseggelyk bewys ... aan de hand geeven (zal)."¹²² Hy verklaar die teks teen die agtergrond van die vervolging en verdenking waaronder die Vroeë Kerk moes lewe¹²³ en lei daaruit af dat "de Christen tegen dezen moet uithouden gedurende den geheelen loop zynes Levens."¹²⁴ Deur die geloof "overwint de Christen de Weereld."¹²⁵ Wie dus so oorwin, "hy zal van den tweede dood niet beschadigt worden."¹²⁶ Sodoende is die besluit van hierdie brief volgens Serrurier "regt gepast ... om die van Smyrna, om de Christen kerke van den tweeden tydkring aan te spooren, om niet tegenstaande de hitte der vervolginge daar onder niet te bezwyken, om door de gewisse hoop eener gelukkige uitkoomst, zich daar onder geduurig op te beuren, en te volharden in het stryden van den goeden Stryd des Geloofs."¹²⁷

In 'n toepassing laat hy sy "toehoorders" ten minste vier sake hieruit "leeren." Eerstens is die dood, en sy bepaalde tyd, onvermydelik. Tweedens wys Serrurier daarop hoe onvermydelik dit is om te moet sterf, hoe hy "door een geestelyk Leeven der genade aan den tweeden dood worde onttrokken." Derdens verseker hy die gemeente dat daar geen ander middel is om aan hierdie tweede dood te ontkom nie as "door onder de baniere van Jezus den geestelyken stryd te stryden" en vierdens, dat "dit gewichtige werk hier in den tyd moeten worden ter hand genomen."¹²⁸ Vanweë die onverwagsheid van die dood - "dit lot is ons allen gemeen"¹²⁹ - is dit allernoodsaaklik om hierdie "gewichtige werk" aan te pak. In die dood is daar nie meer geleentheid daarvoor nie. "Deeze waarheid" word volgens Serrurier deur vele "voorbeelden" geboekstaaf. Die mees sprekende, wat "alle de Inwoonders van deezen uithoek van naby betref" is die heengaan van die aangewese goewerneur.¹³⁰ Hy het inderdaad "als een Christen" gelewe en in die oorwinning waarvan die teks praat, gesterwe.¹³¹

Net soos by Tulbach, word die oorledene ook i.v.m. 'n trotse voorgeslag, merkwaardige persoonlike kwaliteite en 'n christelike lewenswandel gebring. Van Reede van Oudshoorn kon hom nie alleen op "eene groote rye van Edele, van Doorluchtige, van Land en Kerk wel verdiende Voorvaderen" beroep nie, maar ook "voornamelyk op deszelfs eigene verdiensten en voortreffelyke hoedanigheden."¹³² Dit het hy bewys tydens sy lang verblyf aan die Kaap. Deur die Goddelike voorsienigheid was dit bepaal dat hy "voor een zeer aanmerkelyk deel van zyn Leeven, en gedurende de volle kracht en den bloei zyner Jaaren aan deezen uithoek" as 'n uitvoerende amptenaar in diens van die Kompanjie sou staan.¹³³ Gedurende 1766

121. Dies., 7.

122. Dies.

123. Dies., 8-9.

124. Dies., 14.

125. Dies., 19.

126. Dies., 21.

127. Dies., 27.

128. Dies., 28.

129. Dies., 29.

130. Dies., 29 e.v.

131. Dies., 38-39.

132. Dies., 31.

133. Dies., 32; vgl. verder 33 e.v.

"wird de in eenen mensch zoo natuurlyke trek naar zyn Vaderland levendig"¹³⁴ dat hy ontslag vra en na Nederland terugkeer. Op 23 April 1772 word hy aangestel as die nuwe goewerneur van die Kaap.¹³⁵ Hy sou hom inspan "tot bevordering van den bloei deezer gewesten,"¹³⁶ "om de waare belangens van dit land grootelyks te bevoordeelen."¹³⁷ Hoe innig hy hom met "dit land" verbonde gevoel het, blyk duidelik uit sy wens om "onder ons begraven te worden."¹³⁸

Maar, gaan Serrurier voort, "het geene onzen geliefden Heer VAN OUDSHOORN tot den grootsten lof verstrekt, ... is dit: Hy was een CHRISTEN."¹³⁹ Hy was "een yverig voorstaander van onse zuivere hervormde waarheid, en een naarstig voorbeeld in de bywooning van den byeenkomsten der heiligen."¹⁴⁰ Dit was ook "zyn wensch en poging, om, volgens de leere van vrye genade, den eenigen weg, die tot het leven leidt, te bewandelen."¹⁴¹ Daarom het hy so dikwels oor die "waarheden des heils" gesprek gevoer.¹⁴² So het hy werklik as 'n Christen gelewe en uiteindelik, volgens getuies wat by sy sterfbed was, gesterwe.¹⁴³

9. DIE TEOLOGIES-HISTORIESE BENADERING VAN DS SERRURIER

Beide redevoerings is uiteraard bedoel as **Lykreden**. Uit beide is dit duidelik dat Serrurier, onder dwang van die oomblik (en die breë tydsges), in die toepassing van die teks wegbeweeg van die werklike inhoud en bedoeling daarvan. In dieselfde sin werk hy die toepassing van beide Psalm 103:15-17^a en Openbaring 2:11 om in lering aangaande die onvermydelikheid van die dood, sowel as aangaande 'n lewenstyl ten einde te sterf sonder dat die tweede dood 'n vatkans kry. Sodoende word Christus, wat die oorwinning moontlik maak en waarborg, op die agtergrond geskuif. Daarmee kom die oorledenes, wat in hierdie sin voorbeeldig gelewe het, eerder in die prentjie. Die vraag is of die Skrif in die verkondiging nog die volle woord het. Dit is baie duidelik dat hy hier uitspeel in 'n benadering wat van die mens uit opgestel is. Menslike oorwegings gaan daarin voorop. Hy staan dus in die humanisties-teologiese tradisie en inslag van sy tyd.

Hoewel die lykpredikasies gekleur is deur persoonlike sentimente en oorwegings wat by die geleentheid pas, word veral die lewensketse van die goewerneurs gedra deur 'n implisiete inheemse vertolking. In sy eie gedagtes was die Kaap die Goeie Hoop lank nie meer 'n verversingspos nie. Dit was meer as 'n onbeduidende gebied. Dit was 'n "Land," in sy eie reg,¹⁴⁴ geregeer deur 'n christelike goewerneur en bekwame Politieke Raad. Dit is opvallend dat hierdie lewensketse gepaard gaan met 'n teologiese singewing. Dit lê nie net in die voorbeeldige christelike lewens- en regeerstyl van beide nie, maar veral

134. Dies., 32.

135. Dies., 35.

136. Dies., 37.

137. Dies., 37-38.

138. Dies., 38.

139. Dies.

140. Dies.

141. Dies.

142. Dies.

143. Dies., 39.

144. Hy spreek uiteindelik ook die waarnemende goewerneur aan en bedank hom vir die vriendelike en welwillende wyse waarop hy die regering waarnaem tot nut van "dit land, van dit volk," en dat hy die bloei van die kerk alhier bevorder. Sien dies., 43.

daarin dat hul doen en late ingebed lê in die voorsienigheid van God. Daarmee het die historiese begrip nog 'n keer - soos Van Gendt en Van der Spuy dit gedoen het - sy teologiese ontsluiting in hierdie aspek van die teologie.

Dit was eers nagenoeg twintig jaar later dat daar weer literatuur van kerklik-teologiese aard uit die Kaapse bodem in druk verskyn het. Daarvoor het die vlytig-geleerde pen van die bekende ds Helperus Ritzema van Lier,¹⁴⁵ jonger kollega van Serrurier, gesorg. Toe was alles egter anders. Die situasie aan die Kaap het verander. Die tyd was onseker het het nuwe vrae gevra en op antwoorde aangedring. Die verandering en verskuiwing is begin deur die sg. Kaapse Patriotte, 'n beweging wat reeds in die sewende dekadde 'n rigtinggewende ontwikkeling op die Kaapse gemeenskap bewerk het. Dit sou ook op die geskied- en kerkgeskiedskrywing 'n merkbare invloed hê.

10. DIE KAAPSE PATRIOTTE SKEP 'N NUWE SITUASIE

Sedert 1770 het Wes-Kaapse boere en burgers sterker in 'n identiteit van hul eie opgegaan en polities en histories bewus geword. Hulle het opnuut teen die VOC en die eksklusiwiteit van die amptenary appelleer. Daartoe was 'n knellende ekonomie die onmiddellike aanleiding. 'n Beweging is op tou gesit en op voetspoor van Nederlandse gebeure, het hulle hulle as patriotte geïdentifiseer.¹⁴⁶ Idees en assosiasies uit Europa en veral Nederland i.v.m. die menslike natuurreg het aansluiting gevind by 'n tradisie wat lank reeds aan die Kaap gekoester is, nl. dié van Vryheid en Godsdienst. In hulle aandrang om burgerreg, het hulle in hul geskrifte die Kaapse geskiedenis bygeroep en verwerk. Hierdie geskrifte het meesal uit anonieme pamflette bestaan en is gedurende 1784 in Nederland as *Kaapsche Geschillen*¹⁴⁷ gepubliseer. Die omvattendste is *De Magt en de Vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij*. Daarin beroep hulle hul op die rede en "de Heilige bladeren" om hul aandrang om burgerreg te regverdig. Nog 'n anonieme geskrif wat deur die Kaapse Patriotte versprei is, het hulle "Aan onse Broeders, Meedeburgers van dit Colonie van Cabo de Goede Hoop ... opgedragen, en in hunne bedenking aanbevoelen."¹⁴⁸ Hierin het hulle die geskiedenis van die stryd teen W.A. van der Stel onthou en bygehaal.

Die Kaapse Patriotte het standpunt ingeneem en gestel. Maar nie in 'n revolusionêre sin nie. Hulle wou nie tot 'n openlike breuk met die tradisionele orde kom nie. Hulle was meer daarop uit om die wesenlike daarvan in die samelewing te artikuleer. Die humanistiese staatsregtelike tradisie van die beroemde Nederlandse juris Hugo de Groot, het by hulle inslag gevind. Tewens, dit het vir baie jare reeds aan die Kaap ingang gevind. Dit was eintlik maar eie aan die Kaapse geesteshistoriese tradisie. Male sonder tal het

145. Vgl. Hanekom: a.w. Vir die skryfwerk van Van Lier, 215 e.v.

146. Sien Beyers: *Die Kaapse Patriotte*; Schutte: *De Nederlandse Patriotten en de Koloniën*. Vgl. ook Hanekom: *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, 81 e.v. 'n Mens moet egter versigtig wees om hierdie beweging vanuit die Franse Rewolusie te ontsluit. Dit lê bestis in die tradisie van Nederlandse Christelik-natuurregtelike benadering wat Grotius al beredeneer het. Sien verder Davenport: *South Africa: a Modern History*, 36 e.v.; Du Toit en Gilliomee: *Afrikaner Political Thought I*, 1 e.v., 39 e.v., vir die geskrifte van die Patriotte.

147. Vier volumes in een boekdeel gebind. Dit is uitgegee deur die Generale Nederlandse Geoctroyeerde Oost Indische Compagnie, in 's Gravenhage.

148. Vgl. Beyers: a.w., Bylaag B, 214 e.v.

die kombinasie van vryheid en godsdiens immers in die Kaapse literêre tradisie opgeduik. By die Patriotte word die natuurreg en samelewing vooropgestel. Die samelewing word die uitgangspunt; die norm daarvoor die reg. Die staat en die staatsreg waarin die volk beslis, kry 'n positiewe evaluering. Die waarborg hiervoor het in die natuurreg gelê en is uitgedruk in die wet wat geëwever is tot die ordeningsprinsipe van die gemeenskap.

Met hierdie beweging het daar weer iets in die Kaapse gemeenskap losgekom. Dit is opgevang in die Kaapse literêre tradisie. 'n Nuwe ontwikkeling is daarmee ingelei. Voortaan sou die inheemse tradisie hom ook sterker in 'n historiese en kerkhistoriese sin teenoor die inbeelding van die uitheemse tradisie stel.

11. SAMEVATTING

Met die twee **Lykreden** van Serrurier loop - literêr-histories gesproke - die tydperk wat getipeer is as 'n aanvangsperiode in die ontwikkelingsgang van die geskiedskrywing oor die NGK formeel ten einde. Die nuwe situasie aan die Kaap het ander vroeë geentileer en is die singewing, wat so kenmerkend was van die inheemse literatuur, historiese en teologies in 'n ander idioom gestel. Die dagboek van De la Caille (1563) en die daaropvolgende monografieë van buitestaanders oor die Kaap staan eweneens in die teken van 'n besliste wending. Beide literêre tradisies het m.a.w. om en by 1775 'n ontwikkeling deurloop.

In al die voorafgaande hoofstukke is die gang van hierdie tradisies histories en teologies ondersoek. Dit is na sy ontwikkeling beskrywe en aan die hand van twee begrippe, t.w. **beeld en singewing**, getipeer. Wat dus oorbly is om die aanvanklike fase waaruit die geskiedskrywing by die NGK stam, samevattend in 'n perspektief uit te klaar. Daarmee word die sakkie toegeknoop.

PERSPEKTIEF: 'N TERUGBLIK EN VOORUITSKOUING

Reg aan die begin is daarop gewys dat die kerkgeskiedskrywing oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan NGK), histories gesien, sy verloop breedweg in vier opeenvolgende fases het.¹ Om verskillende redes is die eerste fase, waarin die kerkgeskiedskrywing in onderskeie literêre genres en tradisies aangevoer is, as studieveld vir die navorsing gekies. Hier, aan die einde van die studie, moet die aanvangsfase in perspektief gestel word. Juis omdat dit in die studie uitsluitlik om 'n enkele periode in die ontwikkelingsgang van die geskiedskrywing oor die NGK gegaan het, kan die perspektief nie beperk word tot 'n afgewerkte samevatting of terugblik nie. Daarby moet 'n vooruitskouing kom waarin kortliks op die verband van hierdie fase met die res van die ontwikkelingsperiodes gewys word. Slegs op hierdie wyse kan die studie behoorlik afgerond word.

1. TERUGBLIK

Hipoteties is aanvaar dat die geskiedskrywing oor die NGK nie tot 'n bepaalde geskrif teruggevoer kan word nie. Derhalwe het die studie ook nie sy vertrekpunt by die eerste geskrif waarin die geskiedenis van die Kaapse Kerk ondersoek en bymekaar gemaak is,² geneem nie. Die oorsprong van die geskiedskrywing oor die NGK is in 'n lang ontstaansperiode van meer as 120 jaar (c.1652-c.1775) gesoek. Daarin het verskillende geskrifte van algemeen-christelike en kerklik-teologiese aard vorm aan 'n inheemse literêre tradisie gegee.

Dit het begin by die onbeholpe dagboeke en joernale van padvinders en toggangers van die vroegste tyd. Daarin is indrukke en belewenisse van die land met verwysing na die benutbaarheid daarvan saaklik opgeteken.³ Omstreeks 1695 het Johannes de Grevenbroeck sy woonplek en gemeenskap aan 'n Amsterdamse predikant bekendgestel en beskrywe. As 'n vryblywende individu was hy krities teenoor die samelewing. As humanis het hy raad gehad met die afwykings wat hy geïdentifiseer het.⁴ Conrad Hofman se **Korte Beschrijving** van nagenoeg dertig jaar later het hierteenoor in 'n saaklike en positiewe verband tot die land en sy mense gestaan.⁵

Dit was eers ná 1700 dat literatuur uit Kaapse bodem vir die eerste keer op die drukpers beland het. Die veelbesproke Kaapse belange geskil tussen senior amptenare en leidinggewende vryburgers het uitgeloopt op 'n oor en weer skrywery. Die saak is van weerskante met warm hande aangepak en daar is bewysvoerend op die reg aanspraak gemaak. In hulle apologie gee die vryburgers blyke van 'n Kaapse bewuswording as 'n samebindende faktor.⁶ Dieselfde gedagte word aangetref in die dagjoernale van die uitgerekte landsreise

1. Vgl. die inleiding hierbo.

2. Volgens Pont is dit die **Redenvoering bij het Tweede-Eeuwfeest** van Faure. Vgl. Pont: "Die geskiedenis van die Afrikaanse kerke in die Suid-Afrikaanse historiografie" in Cronje, (red.): **Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie**, 44. Spoelstra tipeer hierdie gedenkrede as "een ware goudmijn voor kerkhistorisch materiaal." Vgl. sy **Bouwstoffen I**, XLV.

3. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

4. Vgl. hoofstuk 4 hierbo.

5. Vgl. sy aantekeninge (c.1720) in hoofstuk 6 hierbo.

6. Vgl. hoofstuk 6 hierbo.

wat ná 1752 plaasgevind het.⁷ In die redevoering van Hemmy oor sy geboorteland in 1767⁸ dra die bewuswording 'n inheemse aksent. Hy kom bokant die onmiddellike gebeure en die eietyd uit en slaag daarin om die Kaap, sy samelewings en sy geskiedenis ietwat te objektiveer. By hom is daar alreeds 'n positiewe besef van die geografiese belang en ekonomiese posisie van die Kaap. Daarin gaan 'n historiese singewing skuil.

In die Kaapse situasie, met sy christelike eenheidskultuur (wat die nedersetters betref) kon die kerklik-teologiese literatuur nie uitgeklaar word sonder om bg. geskrifte by te haal nie. As 'n tradisie hoort hulle bymekaar. Dit is ten minste voorwaarde vir 'n genoegsame historiese verstaan van die kerklike literatuur. Reeds gedurende 1707 is 'n preek van ds Pierre Simond in Nederland as 'n pamflet uitgegee.⁹ Min of meer dertig jaar later het die flukse pen van ds van Gendt vir 'n aantal teologiese publikasies en 'n belangrike geleentheidsredevoering gesorg. In dieselfde tyd het sy kollega Fransiscus le Seuer die tradisie van handgeskrewe katkiseerhandboekies met die uitgawe van 'n behoorlike leerboek aangevul.¹⁰ Bowendien het Petrus van der Spuy, 'n gebore Kapenaar, by die kerklike viering van die eeufees op 8 April 1752 aan die woord gekom en die datum met historiese en teologiese singewing herdenk.¹¹ Dit is teologies aan die hand en in terme van die voorsienigheid van God gemotiveer en uiteengesit. Hierna is nog drie geleentheidspreke in druk uitgegee. Twee daarvan is lykredes deur ds Serrurier, waarin die bekende Kaapse goewerneur Ryk Tulbach en sy aangewese opvolger, Van Rheede van Oudshoorn, gehuldig word.¹²

In die studie is telkens daarop gewys dat die benadering en uitgangspunte van die (Nederlandse) christelik-humanistiese tydsgees in die Kaapse literêre tradisie primeer het. In die literatuur van algemeen-christelike inslag skemer die gees van 'n redelike humaniteit deur. Die aanpak, die uiteensetting, die eksegetiese ontsluiting en teologiese beredenering in die kerklik-teologiese literatuur is eweneens eietyds en korreleer met die breë kerklik-protestantse benadering en aksente van die Nederlandse gereformeerd-teologiese tradisie. Oorkoepelend is dit getipeer as 'n humanistiese omgang met die teologie, die Skrif, die prediking en die evangelie. Telkemale druk intellektuele en rasionele kategorieë en 'n benadering wat van die mens uit opgestel is, die gereformeerd-konfessionele oorwegings en uitgangspunte op die agtergrond. In die studie is dit opgeneem as 'n aanduiding dat die teologiese ligging van die Kaapse kerk gedurende die 18de eeu nie in die onmiddellike nabyheid van Dordt¹³ of Heidelberg¹⁴ gesoek moet word nie.¹⁵

7. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

8. Dies.

9. Vgl. hoofstuk 5 hierbo.

10. Vgl. hoofstuk 8 hierbo.

11. Vgl. hoofstuk 9 hierbo.

12. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

13. Hier word m.n. die teologiese en konfessionele nalatenskap van die Dordtse Sinode (1618-1619) bedoel.

14. Hier word primêr gesinspeel op die Heidelbergse Kategismus, terwyl die teologiese uitgangspunte en benadering van die Heidelbergse kerk en teoloe uit die sesde dekade van die 16de eeu nie uitgesluit word nie.

15. Dit druis in teen die opvatting dat die Kaapse kerk van die 17de en 18de eeu Dordts-gereformeerd was. Hierdie opvatting is deur Du Toit aan die begin van die 20ste eeu gepopulariseer. Sien sy "Geschiedenis van de Hollandse kerken in Zuid-Afrika, in taferelen geschetst," in Hamersma, Los en Du Toit: *De geschiedenis van de Christelike Kerk*, 265 e.v.

Beide arms van hierdie inheemse literêre tradisie het in 'n samehang, wat nie van mekaar losgemaak moet word nie, sy verloop aan die Kaap gehad. Dit het dus uitgeloop op 'n tradisie wat na 100 jaar die merktekens van inheemswording begin dra het. Dit staan in direkte verband nie net met 'n groeiende historiese bewuswording nie, maar ook met 'n teologiese en historiese **singewing** wat algaande duideliker in die literatuur na die oppervlak gekom het.

Op die keper beskou, veronderstel die resultaat van die navorsing dus 'n aansluiting by die gedagte wat K.J. Popma in sy werkie oor die **Calvinistiese Geschiedenisbeskouing**¹⁶ te berde bring. Hy onderskei tussen "historisch besef" en "historie-onderzoek."¹⁷ Eg. verstaan hy as "een weten, waardoor de mensch eenig fundamenteel inzicht verwerft in de historie, gebaseerd op een overzicht over de geschiedenis in haar verloop en eenheid, en leidend tot het resultaat, dat hij die dit weten bezit en geregeld verzorgt, ziet waar hij heen gaat en weet waar hij staat in de geschiedenis."¹⁸ Hierdie kennis "omtrent onze historiciteit" is enersyds sêlf histories bepaal, en andersyds transendeer dit die geskiedenis in die mate waarin dit "tot den zin der geschiedenis doordringt."¹⁹ Daarom is die historiese besef "een voorwaarde voor ons taak-besef."²⁰ Dit gaan die wetenskaplike en analities-teoretiese ondersoek van die geskiedenis ("historie-onderzoek") vooraf en stu selfs die rigting wat die ondersoek moet inslaan.²¹

Toegepas op die studie beteken dit dat die aanvangsfase van die geskiedskrywing oor die NGK dié periode is waarin dit nog om 'n historiese bewuswording (besef) gaan. Net in die gedenkpreek van Van der Spuy is al genoeg elemente om 'n "historisch besef" en "inzicht ... in de historie"²² daaragter op te bagger. Op stuk van sake gaan dit vir hom om 'n Skriftuurlike versorging van 'n fundamentele teologiese insig (die voorsienigheid van God) in die geskiedenis. Daarmee dring hy deur tot singewing van die Kaapse geskiedenis en bied hy in die verkondiging van die Woord 'n sinryke uitleg daarvan aan. Sodoende het hy eintlik 'n hanetreetjie daarvan gekom om dit om te werk in 'n Kaapse taakbesef.

Hierby moet dit ingedagte gehou word dat Van der Spuy by 'n Kaapse gedenkdatum - aan die feit dat die VOC in 1752 sy 150 jarige bestaan gevier het, gaan hy doodgewoon verby - 'n historiese besef en singewing artikuleer wat reeds in 'n tradisie aanwesig was. In die loop van die ondersoek is dikwels daarop gewys hoe die wyse waarop die gebied en sy gemeenskappe bekendgestel en beskrywe is, die wyse waarop na sy geskiedenis verwys is, die wyse waarop dit histories en teologies begrond is, van 'n historiese bewussyn en teologiese singewing getuig. Adam Tas en sy burgervriend Van der Heiden het al iets hiervan ervaar.²³ Conrad Hofman het nie 'n onverbonde beskrywing van die Kaap opgestel nie.²⁴ Van Gendt²⁵ en Van der Spuy het die historiese bewuswording i.v.m. God en sy voorsienige teenwoordigheid in die Kaapse

16. Franeker, 1945.

17. Popma: **Calvinistiese Geschiedenisbeskouing**, 92 e.v.

18. Dies., 92.

19. Dies., 93; 97 e.v.

20. Dies., 92; vgl. ook 99 e.v., veral 103 e.v.

21. Dies., 94 e.v., 108 e.v.

22. Dies., 92.

23. Vgl. hoofstuk 6 hierbo.

24. Dies.

25. Vgl. sy geleentheidsrede met die besoek van Van Imhof in hoofstuk 8 hierbo.

geskiedenis gebring.²⁶ Daarmee is 'n teologiese singewing ingedra. Alhoewel Hemmy en Serrurier²⁷ hierdie aspek nie bewustelik uitbou nie, is hulle publikasies ook deur 'n historiese singewing en bewuswording gestempel. Sonder twyfel het die eksistensiële beleving van die Kaap, as 'n geïsoleerde buitepos, 'n unieke situasie geskep waarin die vraag na singewing op die nedersetters afdwinging is.

Die geleidelike historiese bewuswording en singewing vorm egter, soos die aanpak van die studie impliseer, nie die vólle basis van die 19de-eeuse kerkgeskiedskrywing nie. 'n Europese literêre tradisie en interpretasie van die Kaap en sy gemeenskappe is as die bykomende faktor, wat die saak gekompliseer het, geïdentifiseer. Hierdie tradisie het ten minste vir nóg 'n rigtinggewende inset m.b.t. die historiese ontwikkeling van die geskiedskrywing oor die NGK gesorg.

In die studie is gevolglik omvattend tred gehou met die manier waarop die Kaap en sy gemeenskappe in hierdie omvangryke en interessante literatuur ingebeeld en geïnterpreteer is. Aantekening oor die Kaap gaan tot so ver terug as die Portugese ontdekkingsstogte aan die einde van die 15de eeu. In hulle joernale en verslae is indrukke van die Kaap opgeteken.²⁸ Om en by 1600 het daar literêr-histories 'n ontwikkeling gekom. 'n Verskeidenheid reisboeke is in die toeganklike Noord-Europese tale met die oog op 'n leserskring toenemend bemark.²⁹ Die talle en talle reisbeskrywings het 'n literêre tradisie gevorm. Met ellelange en fasinierende titels is die reisboeke by die koperspubliek aanbeveel.

Alreeds in 1652 is 'n alleengeskrif oor die Kaap van Goeie Hoop gepubliseer.³⁰ Voorlopig het verdere alleengeskrifte uitgebly. In verskillende reisbeskrywings is deurgaans na die Kaap verwys.³¹ In die eerste helfte van die 18de eeu het, te midde van nóg reisbeskrywings, ook boekdele en 'n standaardwerk of monografie oor die Kaap van die pers gekom.³² In beskrywings waarin met die verbygaan na die Kaap verwys is, was dit 'n tendens om hierdie streek, sy mense en hulle onderlinge verhoudinge positief te evalueer. By beskrywings waarin uitsluitlik oor die Kaap gehandel is, het die intergroepverhoudinge opmerkings in 'n negatiewe sin uitgelok. Vir die skeefgroei in hierdie verband moes die Europeërs wat aan die Kaap 'n tuisland gevind het, vader staan.³³

Die studie het aangetoon hoedat 'n **beeld of inbeelding** van die Kaap in hierdie boeke opgebou en ingeprint is. Dit kom na vore in drie aspekte, nl. die landsgeaardheid, die inheemse bevolking en samelewings en derdens, verwysing na en bespreking van die Europese nedersetters. In hierdie beeld met sy drie aspekte is kennis oor die Kaap omls. Op 'n insiggewende wyse het daar met verloop van tyd verskuiwings en ontwikkeling daarin gekom. 'n Gevaarvolle en onherbergsame landstreek³⁴ is later as mineraalryk,

26. Sien hoofstuk 9 hierbo.

27. Sien hoofstuk 10 hierbo.

28. Vgl. hoofstuk 1 hierbo.

29. Dies.

30. Vgl. hoofstuk 2 hierbo.

31. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

32. Vgl. Hoofstuk 6 en 7 hierbo.

33. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

34. Vgl. bv. die Portugese indrukke in hierdie verband. Sien hoofstuk 1 hierbo.

Vier joernale wys hulleself in hierdie verband aan. Die dagregister van August Frederik Beutler⁵ dateer uit 1752 en is opgestel tydens 'n reis na die Oos-Kaap. Die **Relaas, gegeeven ter requisitie van den Wel Edelen gestr. heere Rijk Tulbach ... door den burger Jacobus Coetsé Jansz. noopens de door hem gedaene Togt, in en door 't Land der groote Amacquas**, d.w.s. benoorde die Groot- (of Oranje) rivier, is deur Godeé Molsbergen in sy reeks oor die **Reizen in Zuid-Afrika** opgeneem.⁶ Die tog na die binneland wat onder leiding van Hendrik Hop die volgende jaar (1761),⁷ hierop gevolg het, het hy ook opgeneem. Die **Rapport van Thielman Roos en Petrus Marais**,⁸ wat as vryburgers meegegaan het, het hy bygevoeg. Die vierde joernaal is van die hand van Pieter Cloete "... van eenen Landtogt ... met den Wel Edelen Heer Mr Hendt Swellengrebel in den jare 1776."⁹ Onderliggend aan al vier is die onmiddellike en eksistensiële verband waarin die skrywers tot die land gestaan en dit belewe het. Vir hulle het dit sin gemaak om in hierdie wêrelddeel as Kapenaars 'n bestaan te voer en met die oog hierop te verken en te evalueer.

Die Kaapse kerk met sy vyf gemeentes kon sonder opskuddings sy gang gedurende hierdie tydperk gaan.¹⁰ Die heersende maatskappyvorm waarin kerk en staat as 'n organiese eenheid ingedink is, het die lewe en werksaamhede van die kerk begunstig. Die bediening van Woord en sakramente is waargeneem deur predikante wat in Nederland hulle opleiding ondergaan het, veral in Leiden en Groningen.¹¹ Sedert April 1761 is die Kaapse gemeente deur drie medeleraars bedien.¹² Gedurende 1775 is die nuwe Psalmberyming ingevoer en deur die gemeentes ontvang. Roervinke soos Van der Veen, Raedsel en Louis van Dyk het nie weer in die kerklike lewe aan die Kaap opgeduik nie. Die kerk het hom egter steeds beywer om die konstituering van 'n Lutherse kerk te verhoed.¹³ Die trekboergemeenskappe moes nog 'n eie predikant en gemeente ontbeer. Aan hul aandrang in hierdie verband is nie gehoor gegee nie.¹⁴

Tot 1759 kon die gemeentes jaarliks nog in die Gecombineerde Vergadering byeenkom. Vir die Classis van Amsterdam was dit nie 'n probleem toe daaraan 'n einde gemaak is nie.¹⁵ Hierin kon die Kaapse kerk nie heeltemal berus nie. Hy moes iets van sy karakter en geskiedenis prysgee. Die onderskeie gemeentes het immers lank nie meer net om praktiese oorwegings in 'n gekombineerde vergadering byengekom nie. Die

5. Sien Forbes: "Beutler's expedition into the Eastern Cape, 1752," in *AYB* 16(1), 1953, 269-320. Vir 'n korter behandeling hiervan, sien Forbes: *Pioneer Travellers of South Africa*, 7-24. Vgl. ook Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika III**, 257-336. Thunberg het hierdie joernaal in sy beskrywing van die Kaap opgeneem.

6. Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika II**, 18 e.v. Vgl. ook Mossop (ed.): "The Journal of Hendrik Jacob Wikar 1779 ... and the Journals of Jacobus Coetsé Jansz (1760)" in *VRS* 15, 276 e.v.

7. **Dag Register, gehouden op den Landtog, gedaan door het Land der Kleyne en groote Namacquas, onder het Commando van den Capitein der Burger Cavallery Sr Hendrik Hop om het binnenwaards ten Noorden van Cabo de Goede Hoop leggende land nader te ontdekken...** Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika II**, 24 e.v. vir die volledige teks.

8. Sien Godeé Molsbergen: **dies.**, 51 e.v.

9. Sien Godeé Molsbergen: **Reizen in Zuid-Afrika IV**, 1-38. Vgl. ook Conradie: **a.w.**, 88 e.v., vir die betekenis van hierdie joernaal. Hierbenewens kan die joernaal van Wikar ook in aanmerking geneem word. Vir hom, sien Mossop (ed.): **a.w.**, 20 e.v.

10. Vgl. Moorrees: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**, 267 e.v., 297 e.v.

11. Di Voltelen, Kroonenburgh, Serrurier en die Kuys broers in Leiden; Di Croeser, Harders en Bode in Groningen.

12. Moorrees: **a.w.**, 222.

13. **Dies.**, 248 e.v. Sien ook Hoge: "Die geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap," in *AJB* 1(2), 62 e.v.

14. Eers na 1790 is gemeentes in Swellendam en Graaff-Reinet gestig.

15. Sien Moorrees: **a.w.**, 210 e.v.; Odendaal: **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland**, 60 e.v.

jaarlikse byeenkomste het almeer in die teken van 'n onderlinge geloofsbeoefening gestaan. Daarby wou die vergadering die plaaslike kerke ongetwyfeld help om beter Kerk van Christus te wees.¹⁶ Die vergadering het vanuit die plaaslike en Kaapse situasie voorgegaan en gedink.

Die eerste publikasie uit die Kaap ná die gedenkrede van 1753 was weer 'n geleentheidspreek - hierdie keer 'n intreerede van 'n jong Nederlandse predikant. Met watter verwagtings en uitgangspunte wou hy sy bediening in Afrika aanpak?

2. DS JOHANNES BODE PUBLISEER SY INTREEREDE: 1761

Afkomstig uit Leer in Oos-Friesland, het Johannes Bode (1729-1784)¹⁷ sy teologiese opleiding (1749-1754) aan die Universiteit van Groningen deurloop. Na 'n werkkring in Delft en Amsterdam, toe "eindelyk eene stem kwam, die my naar Afrikas kusten riep,"¹⁸ meld hy hom gedurende 1758 vir diens in Oos-Indië aan. Hy het in die plek van die ontslape ds Voltelen as tweede leraar na die Kaap gekom "om in dit werelddedeel het Evangelie te verkondigen."¹⁹ In die volgende jaar is hy met 'n Kaapse nooi getroud.²⁰ Uit sy huwelik is agt kinders gebore. Hoewel hy volgens sy eie getuienis van twis en tweedrag "eene innigen afkeer" het, en aan onderlinge vriendskap, vrede en liefde 'n "oncindig grooter waardy"²¹ heg, het hy tog gedurende 1760 sterk standpunt ingeneem teen sy verplasing na die "buitegemeente" Roodezand. Tewens, hy het geweier om die Kaap ten koste van 'n nuwe aankomeling, ds J.P. Serrurier, te verlaat. Toe sy beroep op die Classis van Amsterdam slaag, word hy as predikant van die Kaapse gemeente herstel. Saam met Serrurier²² en Kroonenburg²³ was daar nou drie leeraars in die "hoofplaats." Na 'n bediening van 26 jaar in die Kaapse gemeente, is ds Bode op 29 Julie 1784 oorlede.

Drie jaar na sy bevestiging laat hy die preek ter geleentheid zyner Intrede als Bedienaar des H. Evangeliums aan Cabo de Goede Hoop, den 3 December 1758, in Amsterdam uitgee.²⁴ Sy eerste preek op vreemde bodem is vir hom 'n geleentheid om De heerlykheid en kragt van 't Evangelium van Jezus Christus, voorgesteld en aangedrongen uit Paulus woorden, Rom. 1 vs 16 i.v.m. "eene korte afteekening ... van mynen pligt"²⁵ te bring. Net soos die res van die gepubliseerde preke - Simond uitgesonder - spreek hy

16. Vgl. bv. die reglement vir visitasie wat deur hierdie vergadering opgestel is. Sien Moorrees: a.w., 206 e.v., maar veral Hurter: Die eerste meerderevergadering aan die Kaap, 62 e.v.

17. Vir biografiese besonderhede, sien Engelbrecht: Kaapse predikante, 75-76; Du Toit: Predikers en hul prediking in die Ned. Geref. Kerk, 114 e.v.; SABW III, 77.

18. Sien Bode: De heerlykheid en kragt van 't euangelium van Jesus Christus" in DH, 7 (1844), 194.

19. Dies.

20. Engelbrecht: a.w., 76.

21. Bode: a.w., 202.

22. Engelbrecht: a.w., 77-78.

23. Dies., 71.

24. Deur "Dirk Schuurin, Boekverkooper agter de Beurs op de hoek van de Heremite-steeg over het Zeelands Comptoir, 1761." In die uitgawes van Junie en Julie 1844 van sy Maandschrift voor Godsdienstminnende Lezers, De Honigby, het Abraham Faure hierdie intreerede aan die verlede ontruk en dit weer bekendgestel. Sien De Honigby 6 (Juny 1844), 161-170; 7 (July 1844), 193-203.

25. Bode: a.w., 203.

ook die goewerneur en die owerheid aan. Anders as Van Gendt, is hy voorwaardelik onderdaan - en wil hy vry bly om die evangelie te verkondig.²⁶ Dit gaan egter vir hom om 'n christelike owerheid waarin die kerk beskerm word.

Soos gebruiklik is die verklaring 'n uiteensetting van die teks. Sy uitgangspunt is die wyse waarop die "leer des Evangelies"²⁷ in die vroeë kerk teenoor die religieuse oortuigings en standpunte van die Romeinse Ryk verdedig is. Die feit dat die evangelie Jood en heiden aangespreek het, is deur "de ouden" as "bewys van die wonderwerking des Evangelies, tegen hunne vyanden ..."²⁸ gebruik. Die evangelie verander "rockelooze en ondeugende menschen ... wonderlyk ... in eenen staat van wysheid, verstand, heiligheid en deftigheid, daarom vroegen de leeraren van dien tyd, aan hunne vyanden, wie magtig was, zoodanigen uit hunne vermaarde wysgeeren en wetgevers, of die het regt bepleitenden in de vierscharen, te voorschyn te brengen?"²⁹ Hierop het 'n antwoord natuurlik uitgebly. Omdat hy "buiten het bestek van myn voorneme zoude ... gaan" indien hy nog die "wonderbaren voortgang en uitbreiding van Jezus Koningryk" op getuienis van die "eerste kerkvaderen"³⁰ af sou byhaal, is dit 'n uitgemaakte saak waarom Paulus hom te midde van verdenking en bespotting nie vir die evangelie van Christus geskaam het nie.

In die lig van hierdie argumente is dit begryplik waarom Bode in sy "Toepassing"³¹ hom laat vind om "deze leer der waarheid" aan die Kaap voor te hou. Daarby gaan dit om 'n inskerping van "de zuivere beginselen van waarheid en deugd, uit dat woord gehaald." "Allermeest zal ik," lê hy die klem, "my bezig houden met de allereerste waarheden van het Evangelie, die eigenlyk het zaad van wedergeboorte zyn, aan u te prediken, die waarheden ... in welker geestelyke bespiegeling, reine omhelsing en levendige bevinding, het eenig genoegen, leven en geluk van eenen redelyken geest is."³² Hy beoog om hom veral toe te lê "om tot den verborgen wortel aller zonden, tot het verfoeyelyk grondbeginsel aller onreinheid, in te dringen; dan zullen wy u het middel der verzoening voorhouden, den Heiland Jezus levendig trachten voor oogen te halen, in zyne verscheidene ambten, staten, betrekkingen, dierbaarheden, schoonheden en verlokkende bekoorlykheden."³³ Terwyl hy dit sy plig ag om "u niets achter te houden van der raad Gods," is dit vir hom erns om "in al onze leerreden op geloof en bekeering" aan te dring, "opdat men op Jezus ... mogte verlieven."³⁴

Uit hierdie opmerkings tree die teologiese aksentuering van die preek aan die lig. By Bode val 'n ander klem as by Van der Spuy, Van Gendt en selfs Simond. Hy staan in die tradisie van die prediking van die Nadere Reformasie,³⁵ waarin die geestelike lewe van die hoorders op 'n spitsvondige wyse uiteengerafel en gesistematiseer is. Daarvan getuig sy klem op die bevindelike lewenswandel, die hebbelikheid van die

26. Dies., 200 e.v.

27. Dies., 165.

28. Dies., 169.

29. Dies., 170.

30. Dies.

31. Dies., 193.

32. Dies., 195.

33. Dies.

34. Dies., 196.

35. Vgl. Brien: *De prediking van de Nadere Reformatie*.

geloof, die bekering sowel as die deurlewing van die heil. Die duidelikste aanduiding van sy teologiese simpatie lê in die wyse waarop hy die gemeente en gemeenskap aan die Kaap klassifiseer: daar is diegene wat "in den uiterlyke schoot der kerk begrepen zyt"³⁶ maar die leer met 'n sondige en skandelijke lewe besoedel; dan is daar "burgerlyke naamchristenen, die zich door geene grove en in het oogloopende zonden bezoedelen, maar echter in den grond nog ongereinigd zyn."³⁷ Derdens is daar diesulkes wat "door de waarheid gebragt zyn tot overtuiging van hunnen ellendigen zondestaat, ... en echter nimmer ontwaar werden, dat Jehova God het werk zynrer goedheid in hen begonnen heeft."³⁸ Andere weer, meen dat God Hom oor hulle ontferm het, "maar die gedurig door angstige gedachten geslingerd worden, of zy wel goed en naar waarheid van zich zelve geoordeeld hebben."³⁹ Laastens is daar die "gelukkig en gezegend erfdeel van den Here Jezus Christus, die de kracht des Evangelies by bevinding kent, en die in nederigheid durft roemen, dat gy uit duisternis licht zyt geworden in den Heer."⁴⁰

Brienen wys in sy studie van **De prediking der Nadere Reformatie** daarop dat die identifisering van die verskillende gestaltes van die natuurlike en geestelike mens, soos dit in die klassifikasie metode van die predikers van die Nadere Reformasie aan die orde was, die mens en sy geloof sentraal gestel het. Daarom was hierdie prediking antroposentrië en individualisties.⁴¹ Bode laat vind hom onmiskenbaar vir hierdie uitgangspunte. Terselfdertyd dra sy sistematiese en besliste analitiese aanpak 'n mate van rasionalisering by die prediking in. Die uitleg is op 'n verstandelike toestemming bereken. Dit gaan om die waarheid van die evangelie as 'n waarheid wat nie net deur ervaring nie, maar inderdaad ook deur die geskiedenis van die vroeë kerk bo alle twyfel verhef word. In hierdie sin speel hy uit in die hand van die intellektualisties-christelike gees van sy tyd. Die toepassing is afgestem op die christenmens, terwyl Christus wat met die mens besig is, op die agtergrond vervaag. Dit bederf 'n juiste visie op die waardering en prediking van die Woord van God, wat homself deur die Gees laat toepas.

In die algemeen gee hierdie preek nie blyke van inheemswording nie. Dit word gelewer deur iemand wat pas voet aan wal gesit het met die vooruitsig om hom permanent aan die Kaap te vestig en die evangelie te verkondig. Dit het hy nie sonder vooropgestelde verwagtings gedoen nie. Ongelukkig bestaan daar nie literatuur of verdere preke uit sy latere bedieningsjare nie. Gevolglik kon nie bepaal word in welke mate hy met die Kaap en sy mense geassosieer en geïdentifiseer het nie. 'n Relevante vraag van kerkhistoriese aard is of die Kaapse kerk en sy lidmate aansluiting gevind het by sy teologiese aksentuering? óf, het 'n bestaande groepering binne die kerk by hom aanklank gevind? Sou hy diegene wat met die gedagterigting van Raedsel, Van der Veen en Van Wyk gesimpatiseer het, met hom saamgeneem het? In die lig van die geskiedenis en optrede van sy opvolger Van Lier,⁴² lyk dit of hy inderdaad 'n bepaalde teologiese oriëntering aan die Kaap verder gestimuleer het.

36. Bode: a.w., 196.

37. Dies., 197.

38. Dies.

39. Dies., 197 e.v.

40. Dies., 198.

41. Brienen: a.w., 299.

42. Sien Hanekom: **Helperus Ritzema van Lier**, 119 e.v., veral 135 e.v. Vgl. verder Du Plessis: **A history of Christian Missions**, 61-69.

Maar, dit daar gelaat. Soos gesê, laat Bode hom by sy intrede nie in terme van 'n inheemswording of in terme van 'n inheemse singewing oor die Kaap uit nie. Wanneer 'n Kaapse student hom ses jaar later in Duitsland uitlaat oor die Kaap, is dit vir hom sy geboorteland en laat hy hom deur 'n inheemse bewussyn en oorweging lei.

3. DIE INHEEMSE BEWUSSYN VIND UITDRUKKING IN 'N ORATIO OOR DIE KAAP DIE GOEIE HOOP: 1767

Gysbert Hemmy⁴³ is op 19 Junie 1746 aan die Kaap gebore as seun van Otto Lüder Hemmy (1710-1777),⁴⁴ 'n amptenaar van Duitse afkoms. Sy vader het eventueel die pos van sekundus bekleed. Volgens die gewoonte van die tyd is Gysbert na Europa gestuur vir akademiese skoling. Hy word ingeskrywe aan die Akademie of Latynse Skool in Hamburg. Daarna sit hy sy studie aan die Universiteit van Leiden in Nederland voort, waar hy op 17 September 1770 in die regte promoveer met 'n *Dissertatio juridica inauguralis pro gradu doctoratus De testimoniis Aethiopum, Chinesium aliorumque paganorum in India Orientali*.⁴⁵ Hy het nooit permanent na die Kaap teruggekeer nie, aangesien hy 'n substansiële posisie in die VOC in Batavia bekom het.⁴⁶

Terwyl hy nog aan die Akademie in Hamburg student was, het hy hom in 'n *Publice Recitata* oor sy geboorteland uitgelaat. Dieselfde jaar nog (1767) verskyn dit as 'n *Oratio Latina de Promontorio Bonae Spei*.⁴⁷ Beide die *Oratio* en sy *Dissertatio juridica* staan i.v.m. die Kaap en sy mense. Beide rus swaar op gegewens wat hy uit bekende reisbeskrywings put. Vir die *Oratio* verlaat Hemmy hom hoofsaaklik op twee bronne wat in Hamburg geredelik voorhande was, nl. die wydgelede *Caput Bonae Spei Hodierum* van Kolbe "and the German version of Asthey's and Prévost's collected travels based on many earlier accounts."⁴⁸ Wanneer hy 3 jaar later sy dissertasie in Nederland uitgee, is hy meer krities teenoor Kolbe. Hy het ondertussen die *Journal historique du voyage fait au Cap* van Abbé de la Caille⁴⁹ onder oë gehad. In hierdie akademiese werk behandel hy die omvattende probleem van die regsgeldigheid van die getuienis van die Khoikhoi. Oor die algemeen evalueer hy die Khoikhoi vanuit sy juridiese oogpunt positief ... "their minds have been improved, they have taken to laborious work and are beginning to judge between right and wrong in their actions and to live according to the dictates of conscience and law."⁵⁰

43. Vgl. Hoge: "Personalities of Germans at the Cape," in *AYB* 9, 145-146. Sien verder die Introduction, iii e.v. by Hemmy: a.w.

44. Vgl. Hoge: "Personalities ...," a.w., 145-146.

45. Dit is deur Eliaam Luzac Lugduni Batavorum in 1770 uitgegee.

46. Hemmy: a.w., vii.

47. Hamburg, 1767. Sou dit toevallig op die 10de April gelewer gewees het, of staan dit i.v.m. die besettingsdatum 8 April 1652? Die Suid-Afrikaanse Biblioteek het die *Oratio* gedurende 1959 weer gepubliseer met 'n Engelse vertaling van die teks deur K.D. White, voorsien van aantekeninge deur G.S. Nienaber en D.H. Varley. Vir die doeleindes van hierdie studie word aanhalings uit hierdie werk t.w.v. die leser in Engels weergegee.

48. Hemmy: a.w., 28, 30, 31 waarin skrywer self hierna verwys.

49. Paris, 1763.

50. Hemmy: a.w., iv; vgl. iii e.v.

In die **Oratio** bepaal hy hom by die Kaap in sy geheel. Die inkleding en behandeling is dié van iemand wat hom met hierdie gebied en sy mense geïdentifiseer het. Hy beperk hom egter tot 'n "cursory description of this Cape, which the highest Providence has given me as my native land."⁵¹ Hy gee aandag aan twee aangeleenthede t.w. die "natural situation and condition of this famous Cape" en daarbenewens "the story of its happy discovery and of the advantages which have accrued therefrom to the famous India Company."⁵² ("Primum vobis naturam & conditionem hujus celebris promontorii ostendam. Deinde historiam faustae detectionis illius & emolumentorum, quae inde illustrem societatem indicam redundarunt, breviter delibabo."⁵³) Sy toespitsing op hierdie twee aangeleenthede is 'n aanduiding van die wyse waarop die Kaap in terme van 'n eie geskiedenis en funksie in die wereld ingedink is.

Allereers neem hy die Khoikhoi, hulle fisieke eienskappe, gemeenskapsverbande en religieuse praktyke in oënskou.⁵⁴ In welwillendheid blink hulle uit - meer as baie christene. Hulle afkeer van "treachery, adultery, incest and murder proves that natural law is graven in their hearts."⁵⁵ Van die Khoikhoi "the Europeans have, by fair purchase, acquired the Cape of Good Hope and the adjacent territory."⁵⁶ Hierna verwys hy na die topografie en klimaat en skets 'n besonder positiewe beeld in verband met die vrugbaarheid van die Kaap en gepaardgaande landboubedrywighe. ⁵⁷ Hy aksentueer die dorpie aan die voet van Tafelberg met sy "magnificent buildings"⁵⁸ en "famous harbour."⁵⁹

Omdat hy hom aan "a short account of the discovery of the Cape"⁶⁰ wil hou, gaan hy aan die diere-, voël-, see- en insektelewe verby. Die Kaapse geskiedenis begin by die ontdekkingsvaarte van die Portugese gedurende die 15de eeu, waarin Dias, Da Gama en D'Almeida die sleutelrolle speel. Die Portugese het egter nooit die Kaap beset nie. Die Hollanders, en met name die VOC sou anders oor die Kaap oordeel. Toe "Johannes de Riebeckius" die gebied teen die helfte van die 17de eeu onder die aandag van die direksie van die VOC bring, word hy aangestel "to occupy the place."⁶¹ Hy slaag daarin om 'n nedersetting te vestig. So het hy die basis gelê vir 'n infrastruktuur en uitbreiding. Tewens, dit is op die aandrang van Van Riebeeck dat die Here 17 daartoe ingestem het om 4 kolonies, t.w. "Capica", "Stellenboschia", "Drakensteinia" en "Waveria," aan te lê.⁶² Dit alles word in stand gehou en moontlik gemaak deur 'n effektiewe administrasie met sy verskillende gesags- en regsinstellings. "Above all," so vat hy saam, "the great foresight of the Company, as displayed in the establishment of the worship of God and in the building

51. Dies., 26.

52. Dies.

53. Dies., 7.

54. Dies., 26-29.

55. Dies., 28.

56. Dies., 29.

57. Dies., 30-32.

58. Dies., 31.

59. Dies., 32.

60. Dies., 33 e.v.

61. Dies., 35.

62. Dies. Hy maak in hierdie geval 'n growwe veralgemening op voetspoor van Kolbe.

of churches both at the Cape itself and in the villages of the settlers, deserves the highest praise."⁶³ Wat hy aan Van Riebeeck toedig, is histories onjuis maar vir die studie tog van belang. Dit is sekerlik 'n aanwysing van die mate waarin Van Riebeeck in 'n inheemse of Kaapse geskiedbeeld 'n plek verower het.

Die ooreenkoms en verband tussen die ongepubliseerde **Descriptio** van De Grevenbroeck⁶⁴ en die gepubliseerde **Oratio** van Hemmy is opvallend. Immers, waar Kolbe by De Grevenbroeck in leer was, was Hemmy dit onder andere by Kolbe. Net soos die reisbeskrywings, is dit in Europa gedruk en in die eerste plek bedoel vir 'n Europese leserskring. Tog is daar verskille. Die **Oratio** staan in 'n simpatieke betrokkenheid tot die Kaap. Dit is meer as die weergawe van die bepaalde situasie. Dit is inheems en in 'n ondubbelsinnige Kaapse nuansering gestel. Daar is geen spore van 'n kritiese ingesteldheid teenoor die Kaapse gemeenskap nie.

Alhoewel Hemmy in sy bekendstelling en verrekening van hierdie streek en sy mense gebruik maak van gegewens uit die reisliteratuur - m.n. i.v.m. sy beskrywing van die Khoikhoi - loop dit nie uit op 'n inbeelding nie. Dit word deur sy lewensband met die Kaap verhoed. Daarenteen is 'n historiese en eksistensiële singewing in sy entoesiastiese woorde oor die Kaap opgevang. Dit is 'n land met 'n besondere geskiedenis.

4. ONDERTUSSEN EVALUEER VERSKEIE REISIGERS DIE KAAP POSITIEF IN HUL VERWYSINGS

In die reisbeskrywings van hierdie tyd (d.w.s. c.1750-c.1775) word eintlik net in die verbygaan na die Kaap verwys. Deur die bank weerhou besoekers hulle daarvan om uitvoerig oor die Kaap uit te wei. "I shall not stop to describe this place," verduidelik een van hulle, Louis de Bougainville, "which every body knows."⁶⁵ Oor die algemeen is die bondige verwysing of vermelding van die Kaap steeds geskoei op die tradisionele inbeelding van hierdie literêre tradisie. Deurgaans kry die Kaap, sy gemeenskapslewe en die onderlinge verhoudinge 'n positiewe evaluering. Die mees bekende in hierdie verband is sekerlik die reisverslae van kaptein James Cook⁶⁶ en sy geselskap. Daarin word positief oor die Kaap en sy mense geoordeel. Die land is vrugbaar en lewer 'n oorvloed van alles. Die Europees-Hollandse gemeenskap is besonder gasvry en vriendelik. Aan die Kaap word die slawe goed versorg en behandel deur hul Hollandse meesters. Die Khoikhoi deel ook in die voorspoed van die land.⁶⁷

Teen die einde van die sewende dekade het daar weer 'n aantal monografieë oor die Kaap en sy mense van die pers gekom. Hulle evaluering van die Kaapse gemeenskapslewe was, merkwaardig genoeg, meer krities.

63. Dies., 36.

64. Vgl. hoofstuk 5 hierbo.

65. De Bougainville: *A Voyage round the World*, 459-460.

66. Hawkesworth: *An account of the voyages undertaken I*, 135 e.v., 513, 661 e.v.; dies. III, 781 e.v. tot 793; Foster: *A voyage round the world I*, 58 e.v.; Cook: *A voyage towards the South Pole I*, 13; dies. II, 249 e.v., 264 e.v.; Cook: *A voyage to the Pacific Ocean I*, 51 e.v.

67. Bv. Bernardin de Saint-Pierre: *A voyage to the Island of Mauritius*, 199 e.v., veral 202 e.v. Vgl. ook De Bougainville: a.w., 459 e.v. Hierdie indrukke word deur die res van soortgelyke reisverslae uit daardie tyd bevestig.

5. MONOGRAFIEË VAN BUITELANDERS OPENBAAR 'N MEER KRITIESE INGESTELDHEID

Die opbloeï van die natuurgerigte wetenskappe gedurende die tweede helfte van die 18de eeu het geskoolde natuurkundiges soos De La Caille, Thunberg en Sparrmann na die Kaap gebring.⁶⁸ Hulle het die Kaap met 'n natuurwetenskaplike oorweging besoek en vir langer tydperke vertoef. Pas voordat Tulbach as goewerneur van die Kaap aangestel is, het die reeds vermeldde en bekende Franse sterrekundige, Abbé Nicolas Louis de la Caille (1713-1762),⁶⁹ sy opwagting gemaak en verlof gekry om waarnemings te boek te stel. Hy het vir meer as twee jaar aan die Kaap vertoef. 'n Jaar na sy dood is sy **Journal Historique du Voyage fait au Cap de bonne-Esperance** in Parys uitgegee.⁷⁰ Hierin is De la Caille daarop uit om regstellings in die beskrywing van Kolbe gemaak. Sonder skroom wys hy op die bedenklike basis waarop baie van Kolbe se vertellings en aannames i.v.m. die Khoikhoi rus. 'n Ander kenmerk van die aantekeninge van De la Caille was dat hy anders as reisigers wat in die verbygaan by die Kaap aangedoen het, op die onreg in die manier waarop slawe aan die Kaap behandel word, gewys het. Hy volg dus 'n gedagtelyk wat die sendelinge Tachard⁷¹ en Ziegenbalg⁷² geïmpliseer het. Sou die feit dat De la Caille in die teologie opgelei is, 'n rol hierin gespeel het? Het sendelinge 'n ander benadering ingedra in die uitheemse tradisie?

In 'n sekere sin was die kritiek van De la Caille meer omvattend van toepassing as net op die monografie van Kolbe. Die vergesogte en feitlik onmoontlike aannames in die hele literêre tradisie is hiermee in beginsel hok geslaan. De la Caille het hierteenoor die pleit gevoer vir 'n meer realistiese en verantwoorde weergawe van die Kaap en sy (veral Khoikhoi-) bewoners. Dit het egter nie die einde van die inbeelding of beeld eie aan hierdie uitheemse literatuur beteken nie. Die **inhoud** van die beeld moes egter rasioneel agterhaal en aanvaarbaar wees. Vir die toekoms was dit van groot belang.

Soos gesuggereer, is die kritiek van De la Caille ernstig opgeneem.⁷³ Dit is in 1776 deur Francis Masson gedoen toe hy sy reisverslag van die binnelande in die **Philosophical Transactions of the Royal Society** in Londen laat publiseer het.⁷⁴ Dit is ook in 1777 gedoen deur 'n **Nieuwe algemeene beschryving van de Kaap de Goede Hoop**,⁷⁵ hoewel die skrywer steeds Kolbe as uitgangspunt behou het. Eintlik het hy Kolbe oorgeskrywe, met aanvulling en korreksies hier en daar uit (o.a.) Valentyn, Bógaert en De la Caille.⁷⁶ 'n Jaar later het 'n soortgelyke geskrif gevolg. Hierdie keer was dit 'n **Nieuwste en beknopte Beschryving van de Kaap de Goede-Hope**.⁷⁷ Vroeg in die sewende dekadde het twee Sweedse geleerdes gelyktydig die Kaap

68. Sien die vertaalde werk van Sparrman: **Reize naar de Kaap de Goede Hoop**. Leyden, 1787. Dit het oorspronklik in Sweeds verskyn. Sien ook Forbes (ed.): "Anders Sparrman. A voyage to the Cape of Good Hope," in **VRS II**(6,7). Vir Thunberg sien 'n Engelse vertaling van sy werk **Travels in Europe, Africa and Asia**. Drie vols. London, 1793.

69. Vir die biografiese besonderhede sien Raven-Hart, (ed.): **Travels at the Cape 1751-1753**, 1 e.v.

70. Paris, 1763. Sien verder Sienaert-van Reenen: **Die Franse bydrae tot Africana literatuur**, 45, 193 e.v.

71. Sien hoofstuk 3 hierbo.

72. Sien hoofstuk 8 hierbo.

73. Bv. ook deur Hemmy.

74. Sien Masson: "An account of three journeys from the Cape Town into the Southern Parts of Africa," in **The Philosophical Transactions** 66, 1776.

75. Te Amsterdam, by Petrus Conradi. MDCCLXXVII, 2 dele.

76. **Nieuwe algemeene, a.w.**, Voorrede.

77. Te Amsterdam. Allamand en Klockner het die kantaantekeninge versorg.

besoek. Beide Sparrman (1748-1820)⁷⁸ en Thunberg⁷⁹ het uitgebreide reise na die binneland onderneem en hulle aantekeninge omgewerk tot uitvoerige monografieë oor die Kaap. Ook hulle het na onreg in die gemeenskap verwys.

Die feit dat daar nou weer monografieë oor die Kaap gedruk is, hang saam met 'n veranderde internasionale situasie. Na 1775 het die Kaap 'n strategiese waarde vir meer as een Europese moondheid bekom. Histories hang dit saam met die imperialistiese beweging wat hom met nuwe momentum by die Europese moondhede aangekondig het. Dit was waarskynlik die rede waarom Mentzel nou sy geografies-topografiese beskrywing van die Kaap uitgegee het.⁸⁰

Gedurende 1790 kon die Fransman le Vaillant⁸¹ ook 'n omvattende beskrywing van die Kaap en sy afgeleë streke aan die pers besorg. Met die eeuwenteling is **An account of Travels into the interior of Southern Africa ... of John Barrow**⁸² gepubliseer. Barrow was polities gemotiveer. As sodanig het hy die Kaap en sy mense beskrywe en met vooropgestelde Brits-imperialistiese oorwegings getipeer. In sy boekwerke het hy die onreg in die gemeenskap knaend aan die orde gestel. Veral die trekboer het onder die pen deurgeloopt.

Dit is duidelik dat in hierdie "nuwe" reeks monografieë oor die Kaap 'n verdere ontwikkeling in die uitheemse literêre tradisie na vore kom. Hiermee is met elemente van die ongelooflike en die on-redelike wat in Kolbe se beskrywing nog prominent was, finaal afgedoen. Hiermee is die inbeelding of beeld eksistensiëel begrond en vasgeknoop aan 'n doelgerigte interpretasie van feitelike gebeure in die Kaap. Dit word nou in Europa ingespan om nasionalistiese en politieke munt daaruit te slaan. Tiperend hiervan is die kritiese aksentuering en uitwys van onreg in die Kaapse gemeenskap. Veral Barrow se vertolking of interpretasie was die wissel om kragte in Suid-Afrika te ontketen wat bepalend sou wees vir die 19de-eeue (kerk)historiografie. Hy het die beeld of inbeelding van die uitheemse tradisie onherroeplik gepolitiseer. Hiermee is egter deurgestoot na elemente eie aan 'n opvolgende fase in die ontwikkeling van die kerkhistoriografie, wat vir eers gelaat moet word.

Die inheemse literêre tradisie - om die gedagte weer terug te bring tot die periode waaroor dit in hierdie hoofstuk gaan - is vroeg in die 1770's met nog twee geleentheidspreke verder gevoer. In die lig van die voorafgaande beredenering moet beide gesien word as die einde van 'n lang ontwikkeling waarin uiteindelik al sterker in 'n inheemse en Kaapse sin georiënteer is.

78. Vir biografiese besonderhede, sien Forbes, (ed.): "Anders Sparrman. A Voyage to the Cape of Good Hope," in *VRS II*(6), 13 e.v. Sien ook Forbes: *Pioneer Travellers* ..., 46 e.v.

79. Sien Forbes (ed.): "Carl Peter Thunberg. Travels at the Cape of Good Hope" in *VRS II*(17). Sien verder Forbes: *Pioneer Travellers* ..., 25 e.v.

80. Sien Mentzel: *Vollständige und zuverlässige geographische und topographische Beschreibung des ... afrikanischen Vorgebürges der guten Hofnung*. 2 dele. Glogau, 1785 en 1787.

81. Sien Le Vaillant: *Voyage de M. Le Vaillant dans l'Interieur de l'Afrique*. 2 dele. Paris, 1790. Dieselfde jaar is dit in London in Engels uitgegee: *Travels into the Interior Parts of Africa*. Hierbenewens is daar ook 'n tweede werk van hom: *Second Voyage dans l'Interieur de l'Afrique*. Paris, 1796. Ook dit is in Engels vertaal as *New Travels into the Interior Parts of Africa*. Drie dele, London, 1796. Sien verder Francois le Vaillant. *Reisiger in Suid-Afrika en sy versameling van 165 akwarelle*; Sienaert-van Rencen: *a.w.*, 196 e.v.

82. Sien Barrow: *An account of Travels into the interior of Southern Africa*. London, deel 1: 1801; deel 2: 1804. Vgl. ook Forbes: *a.w.*, 132 e.v. Vir Barrow, sien *SABW II*: 34-37.

6. NOG TWEE GELEENTHEIDSPREKE IN 'N KAAPSE ORIËTERING

Die dood van Ryk Tulbach op 11 Augustus 1771, sowel as dié van sy aangewese opvolger, Pieter Baron van Reede van Oudshoorn kort daarna (23 Januarie 1773), het die Kaapse gemeenskap aangespreek. Na die gebruik van die tyd, is die begrafnisse opgevolg deur 'n behoorlike "lykpredikasie" waarin die Woord bedien is met verwysing na die lewe en kwaliteite van die oorledene. Tulbach het sy hele openbare loopbaan aan die Kaap geslyt en was sedert 1751 'n bekwame en ywerige goewerneur.⁸³ Van Reede van Oudshoorn het gedurende 1741 as amptenaar in diens van die VOC na die Kaap gekom om twintig jaar later die sekunde te word. In 1766 keer hy terug na Nederland en tree uit diens van die VOC. Toe Tulbach sterwe en hy blyke daarvan gee dat verdere diens aan die VOC hom sou welgeval, word hy aangewys as die nuwe goewerneur. Op die heenreis is hy egter oorlede en aan die Kaap begrawe.⁸⁴ As leraar van die Kaapse gemeente het ds J.P. Serrurier die **Lykreden** waargeneem.

Beide **Lykreden** is gepubliseer. Daarmee is die Kaapse literêre tradisie met nog twee geleentheidspreke aangevul. Daarin is 'n bepaalde kerklik-teologiese benadering afgeteken. Bowendien is daarin lewensketse van die belangrikste persone van die Kaap opgeneem. In watter mate het Serrurier hom vir die Kaap as vaderland laat vind? Is daar 'n inheemse refleksie onderliggend aan die twee **Lykreden**? Serrurier self was nie 'n boorling van die Kaap nie, maar hy sou vir sy hele bediening van meer as 44 jaar in die Kaapse gemeente staan. Volgens Engelbrecht het hy in 1804 geëmeriteer, maar kerklik meegelewe totdat hy op 3 Februarie 1819 oorlede is.⁸⁵

7. DIE LYKREDEN OVER DEN WEL EDELEN GROOT ACHTBAREN HEER RYK TULBACH: 1772

Die **Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbare Heer Ryk Tulbach** is met "voorgaande Kerkelyke Visitatie en approbatie ..." deur die Klassis van Amsterdam nagesien en gedurende 1772 by Yntema en Tieboel in Amsterdam gedruk. Serrurier laat dit uitloop in 'n verklaring en toepassing "over Ps. CIII:15-17^a." Hoewel hy die teks analiseer, is dit nie naastenby so gekompliseerd soos die preke van Van Gendt en selfs Van der Spuy nie. Sy analise is veel meer in 'n sintese verwerk.⁸⁶

By hierdie droewige geleentheid - "een dood die aan dit gantsche Land zyne algemeenen Vader ontrukkt"⁸⁷ - het Serrurier dit oor die onvermydelikheid van die dood. Ondersoek 'n mens "de gewyde, en ... de ongewyde geschiedenissen," is dit ontseggelik duidelik dat almal, ook die invloedryke en belangrike persone van die geskiedenis, "den laasten Tol der Natuur betalen (moesten)."⁸⁸ Dit word deur die

83. Vgl. Joubert: *Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbach*, 12 e.v.; SABW II: 774-776.

84. Sien SABW II: 816-817.

85. Sien Engelbrecht: a.w., 78. Serrurier kom uit 'n predikanteslag en was 'n welsprekende kanselredenaar. Sien verder Du Toit: a.w., 237 e.v.; Dreyer: *Historisch Album van de Nederduitsch Gereformeerde Kerk*, 15; SABW II: 671-672.

86. Op die oog af lyk dit of 'n nuwe tendens in die predikkunde, nl. om af te sien van die analitiese metode, aan die preke van Serrurier onderlê. Vgl. Hartog: *Geschiedenis van de predikkunde*, 279 e.v.

87. Serrurier: *Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbare Heer Ryk Tulbach*, 11.

88. Dies., 6.

"dagelyksche ondervindinge ontegenzegglyk bevestig,"⁸⁹ sowel as uit die "keuze myner Textstoffe."⁹⁰ In die lig hiervan meen Serrurier om "dus uwer aandagt in een kort Vertoog"⁹¹ te bepaal by "de iedele Broosheid en onbestendigheid van den Mensch ende van de dingen deezer Wereld, en daar tegen overstellen de gewisse geduurzaamheid der Genade die God aan den Mensch tot zyn Heil laat aanbieden."⁹²

Na aanleiding van die teks wys hy dus eerstens op die verganklikheid van die mens.⁹³ Tweedens bepaal hy hom by die omvattende en blywende goedertierenheid van God ten opsigte van slegs hulle "die den Heere vreezen."⁹⁴ Hieruit laat die prediker sy gemeente leer hoe verganklik die mens en sy aardse bestaan is. Dit kom neer op 'n onweerlegbare waarheid, "die de gezonde Reden, die Gods onfeilbaar Woord ons leeren, en die de dagelykse Ondervindinge bevestig."⁹⁵ Die dood van Tulbach is hiervan die beste voorbeeld.⁹⁶

Aan "den laasten lykpligt"⁹⁷ voeg Serrurier gevolglik 'n bondige lewenskets van Tulbach, die "uitmuntenden Bestierder dezer Gewesten,"⁹⁸ toe. Hieruit kom Tulbach te voorskyn as 'n vleklose en voorbeeldige goewerneur in alle opsigte. Hy stam uit "een niet onaanzienlyk geslacht"⁹⁹ wat hom by meer as een geleentheid "ten dienste van Nederlands vereenigden staat" - selfs met die hoogste tol - gestel het.¹⁰⁰ Tulbach is in Utrecht gebore (1699), groei in Bergen op Zoom¹⁰¹ op, maar het egter "door het Bestier der Voorzienigheid, die met eene onzichtbare hand alles regeert"¹⁰² gedurende 1716 na die Kaap gekom. Vanweë sy "schrande oordeel, ... noesten vlyt, ... wyze voorzichtigheid en bescheidenheid"¹⁰³ gepaar met "zyne getrouwheid, zyne belangeloosheid en heusche vriendelykheid"¹⁰⁴ kon hy al die "aanzienlyke posten"¹⁰⁵ aan die Kaap met onderskeiding beklee. So het hy 55 jaar van sy lewe "in den dienst der Edele Maatschappy en ten nutte van dit Land ... aangewend."¹⁰⁶ Wat "het uitwendige bestaan en geaardheid"¹⁰⁷ van Ryk Tulbach betref, noem Serrurier 'n hele aantal voortreflike hoedanighede op: sy "menschliwende

89. Dies., 18.

90. Dies., 10.

91. Dit is in 52 bladsye gedruk!

92. Serrurier: a.w., 10.

93. Dies., 21.

94. Dies., 24.

95. Dies., 33.

96. Dies., 33 e.v.

97. Dies., 34.

98. Dies., 35.

99. Dies.

100. Dies., 36.

101. Sien ook dies.: "Eene stad zeer wel bekend, en welke gedagtenis te levendiger in het geheugen wordt bewaard, door het streng beleg, en de gansch onverwagte wyze op welke dezelve, in den laatsten oorlog, in welken ons vry Gemeenebest is ingewikkeld geweest, in den handen van den Lelie Vorst is vervallen." Serrurier sinspel hier op die Franse inval gedurende 1672, waarna die suidelike helfte van Nederland weer onder Franse heerskappy gekom het. Sien hiervoor, Geyl: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam II*, 514 e.v.

102. Dies., 37.

103. Dies., 37-38.

104. Dies., 40.

105. Dies.

106. Dies., 42.

107. Dies., 42 e.v.

vriendelykheid,¹⁰⁸ sy "Zachtmoedigheid,"¹⁰⁹ sy "liefderyke Weldadigheid."¹¹⁰ Hierbenewens het hy beskik oor 'n "uitgebreide belezenheid, ondersteund door een doordringend oordeel."¹¹¹ Teenoor die christelike geloof het hy allermins onverskillig gestaan: "niet zelden gingen zyne gesprekken over gewyde zaken, over waarheden, zoo van den natuurlyken als geopenbaarden Godsdienst en de leerstukken onzes Geloofs."¹¹² So word die lewensirkel van hierdie voortreflike mens voltooi. In alle opsigte het die Kaap en sy gemeenskap by hom as persoon, sowel as by sy regeerstyl, gebaat.

Aan die einde van die lykrede word die waarnemende goewerneur, die Politieke Raad, sowel as die gehoor aangespreek. Met die hoogste waardering en agting vir die persoon en amp van die waarnemende goewerneur, word hy gevra om in (o.a.) die "ware Deugd en Godzaligheid"¹¹³ voor te gaan. Die Politieke Raad word herinner aan hulle taak as "Voedster Heeren der Kerk."¹¹⁴ By die gehoor, by hulle wat die Here vrees, word aangedring: "Biddet voor dit Land, biddet voor onze Overigheden."¹¹⁵

Dit sou die moete loon om, alvorens iets oor die benadering onderliggend aan hierdie lykrede gesê word, eers die aandag by die tweede dergelyke preek te bepaal.

8. DIE LYKREDEN OVER PIETER BARON VAN REEDE VAN OUDSHOORN: c.1773

Die deftige **Lykreden over den ... Heer Pieter Baron van Reede van Oudshoorn** is gedurende 1773 uitgegee in Amsterdam by die Boekverkopers H.W. en C. Dronsberg¹¹⁶ - "voor Mevrouw de Weduwe, volgens het Origineele afgeschreven."¹¹⁷ Die "lykreden over Openb. II:11" is 46 bladsye lank. Op die oog af is hierdie lykpredikasie eweneens meer sinteties saamgestel, in die sin dat Serrurier nie formeel onderskei tussen verklaring en toepassing van die teks nie. Sy toelig is om "ons te leeren, hoe iedel, hoe broos, hoe vergankelyk de Mensche zy, hoe het leven ook der grootsten en aanzienlyksten, waarlyk het gras en een bloeme des Velds gelyk zy."¹¹⁸ Hieruit is die verganklikheid van alle vlees te "leeren." Dit word immers bewys deur die ontydige dood van Van Reede van Oudshoorn.¹¹⁹

Serrurier maak Romeine 8:18 - dat die lyding van die teenswoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid van die toekoms nie - sy uitgangspunt. Met verwysing na die benarde situasie van die Vroeë Kerk - "eer het nog Koningen tot Voedsterheeren en Vorstinnen tot Zoogvrouwen verkregen hadde"¹²⁰ - toon hy aan hoe

108. Dies., 43.

109. Dies.

110. Dies., 45.

111. Dies., 47.

112. Dies.

113. Dies., 50.

114. Dies., 51.

115. Dies.

116. Sonder datum. Na alle waarskynlikheid is dit in 1773 of 1774 gepubliseer.

117. Serrurier: **Lykreden over den ... Heer Pieter Baron van Reede van Oudshoorn**, Teenblad van die Voorafpraak.

118. Dies., 1.

119. Dies., Voorafpraak, 3-4.

120. Dies., 6.

die beproewing uiteindelik sal uitloop op "ongestoorde verzadiging van vreugde."¹²¹ By hierdie "waarheid" bepaal hy hom - "zoo als de gemeente van Smyrna ons daar van een ontegenseggelyk bewys ... aan de hand geeven (zal)."¹²² Hy verklaar die teks teen die agtergrond van die vervolging en verdenking waaronder die Vroeë Kerk moes lewe¹²³ en lei daaruit af dat "de Christen tegen dezen moet uithouden gedurende den geheelen loop zynes Levens."¹²⁴ Deur die geloof "overwint de Christen de Weereld."¹²⁵ Wie dus so oorwin, "hy zal van den tweede dood niet beschadigt worden."¹²⁶ Sodoende is die besluit van hierdie brief volgens Serrurier "regt gepast ... om die van Smyrna, om de Christen kerke van den tweeden tydkring aan te spooren, om niet tegenstaande de hitte der vervolginge daar onder niet te bezwyken, om door de gewisse hoop eener gelukkige uitkoomst, zich daar onder geduurig op te beuren, en te volharden in het stryden van den goeden Stryd des Geloofs."¹²⁷

In 'n toepassing laat hy sy "toehoorders" ten minste vier sake hieruit "leeren." Eerstens is die dood, en sy bepaalde tyd, onvermydelik. Tweedens wys Serrurier daarop hoe onvermydelik dit is om te moet sterf, hoe hy "door een geestelyk Leeven der genade aan den tweeden dood worde onttrokken." Derdens verseker hy die gemeente dat daar geen ander middel is om aan hierdie tweede dood te ontkom nie as "door onder de baniere van Jezus den geestelyken stryd te stryden" en vierdens, dat "dit gewichtige werk hier in den tyd moeten worden ter hand genomen."¹²⁸ Vanweë die onverwagsheid van die dood - "dit lot is ons allen gemeen"¹²⁹ - is dit allernoodsaaklik om hierdie "gewichtige werk" aan te pak. In die dood is daar nie meer geleentheid daarvoor nie. "Deeze waarheid" word volgens Serrurier deur vele "voorbeelden" geboekstaaf. Die mees sprekende, wat "alle de Inwoonders van deezen uithoek van naby betref" is die heengaan van die aangewese goewerneur.¹³⁰ Hy het inderdaad "als een Christen" gelewe en in die oorwinning waarvan die teks praat, gesterwe.¹³¹

Net soos by Tulbach, word die oorledene ook i.v.m. 'n trotse voorgeslag, merkwaardige persoonlike kwaliteite en 'n christelike lewenswandel gebring. Van Reede van Oudshoorn kon hom nie alleen op "eene groote rye van Edele, van Doorluchtige, van Land en Kerk wel verdiende Voorvaderen" beroep nie, maar ook "voornamelyk op deszelfs eigene verdiensten en voortreffelyke hoedanigheden."¹³² Dit het hy bewys tydens sy lang verblyf aan die Kaap. Deur die Goddelike voorsienigheid was dit bepaal dat hy "voor een zeer aanmerkelyk deel van zyn Leeven, en gedurende de volle kracht en den bloei zyner Jaaren aan deezen uithoek" as 'n uitvoerende amptenaar in diens van die Kompanjie sou staan.¹³³ Gedurende 1766

121. Dies., 7.

122. Dies.

123. Dies., 8-9.

124. Dies., 14.

125. Dies., 19.

126. Dies., 21.

127. Dies., 27.

128. Dies., 28.

129. Dies., 29.

130. Dies., 29 e.v.

131. Dies., 38-39.

132. Dies., 31.

133. Dies., 32; vgl. verder 33 e.v.

"wird de in eenen mensch zoo natuurlyke trek naar zyn Vaderland levendig"¹³⁴ dat hy ontslag vra en na Nederland terugkeer. Op 23 April 1772 word hy aangestel as die nuwe goewerneur van die Kaap.¹³⁵ Hy sou hom inspan "tot bevordering van den bloei deezer gewesten,"¹³⁶ "om de waare belangens van dit land grootelyks te bevoordeelen."¹³⁷ Hoe innig hy hom met "dit land" verbonde gevoel het, blyk duidelik uit sy wens om "onder ons begraven te worden."¹³⁸

Maar, gaan Serrurier voort, "het geene onzen geliefden Heer VAN OUDSHOORN tot den grootsten lof verstrekt, ... is dit: Hy was een CHRISTEN."¹³⁹ Hy was "een yverig voorstaander van onse zuivere hervormde waarheid, en een naarstig voorbeeld in de bywooning van den byeenkomsten der heiligen."¹⁴⁰ Dit was ook "zyn wensch en poging, om, volgens de leere van vrye genade, den eenigen weg, die tot het leven leidt, te bewandelen."¹⁴¹ Daarom het hy so dikwels oor die "waarheden des heils" gesprek gevoer.¹⁴² So het hy werklik as 'n Christen gelewe en uiteindelik, volgens getuies wat by sy sterfbed was, gesterwe.¹⁴³

9. DIE TEOLOGIES-HISTORIESE BENADERING VAN DS SERRURIER

Beide redevoerings is uiteraard bedoel as **Lykreden**. Uit beide is dit duidelik dat Serrurier, onder dwang van die oomblik (en die breë tydsges), in die toepassing van die teks wegbeweeg van die werklike inhoud en bedoeling daarvan. In dieselfde sin werk hy die toepassing van beide Psalm 103:15-17^a en Openbaring 2:11 om in lering aangaande die onvermydelikheid van die dood, sowel as aangaande 'n lewenstyl ten einde te sterf sonder dat die tweede dood 'n vatkans kry. Sodoende word Christus, wat die oorwinning moontlik maak en waarborg, op die agtergrond geskuif. Daarmee kom die oorledenes, wat in hierdie sin voorbeeldig gelewe het, eerder in die prentjie. Die vraag is of die Skrif in die verkondiging nog die volle woord het. Dit is baie duidelik dat hy hier uitspeel in 'n benadering wat van die mens uit opgestel is. Menslike oorwegings gaan daarin voorop. Hy staan dus in die humanisties-teologiese tradisie en inslag van sy tyd.

Hoewel die lykpredikasies gekleur is deur persoonlike sentimente en oorwegings wat by die geleentheid pas, word veral die lewensketse van die goewerneurs gedra deur 'n implisiete inheemse vertolking. In sy eie gedagtes was die Kaap die Goeie Hoop lank nie meer 'n verversingspos nie. Dit was meer as 'n onbeduidende gebied. Dit was 'n "Land," in sy eie reg,¹⁴⁴ geregeer deur 'n christelike goewerneur en bekwame Politieke Raad. Dit is opvallend dat hierdie lewensketse gepaard gaan met 'n teologiese singewing. Dit lê nie net in die voorbeeldige christelike lewens- en regeerstyl van beide nie, maar veral

134. Dies., 32.

135. Dies., 35.

136. Dies., 37.

137. Dies., 37-38.

138. Dies., 38.

139. Dies.

140. Dies.

141. Dies.

142. Dies.

143. Dies., 39.

144. Hy spreek uiteindelik ook die waarnemende goewerneur aan en bedank hom vir die vriendelike en welwillende wyse waarop hy die regering waarnaem tot nut van "dit land, van dit volk," en dat hy die bloei van die kerk alhier bevorder. Sien dies., 43.

daarin dat hul doen en late ingebed lê in die voorsienigheid van God. Daarmee het die historiese begrip nog 'n keer - soos Van Gendt en Van der Spuy dit gedoen het - sy teologiese ontsluiting in hierdie aspek van die teologie.

Dit was eers nagenoeg twintig jaar later dat daar weer literatuur van kerklik-teologiese aard uit die Kaapse bodem in druk verskyn het. Daarvoor het die vlytig-geleerde pen van die bekende ds Helperus Ritzema van Lier,¹⁴⁵ jonger kollega van Serrurier, gesorg. Toe was alles egter anders. Die situasie aan die Kaap het verander. Die tyd was onseker het het nuwe vrae gevra en op antwoorde aangedring. Die verandering en verskuiwing is begin deur die sg. Kaapse Patriotte, 'n beweging wat reeds in die sewende dekad 'n rigtinggewende ontwikkeling op die Kaapse gemeenskap bewerk het. Dit sou ook op die geskied- en kerkgeskiedskrywing 'n merkbare invloed hê.

10. DIE KAAPSE PATRIOTTE SKEP 'N NUWE SITUASIE

Sedert 1770 het Wes-Kaapse boere en burgers sterker in 'n identiteit van hul eie opgegaan en polities en histories bewus geword. Hulle het opnuut teen die VOC en die eksklusiwiteit van die amptenary appelleer. Daartoe was 'n knellende ekonomie die onmiddellike aanleiding. 'n Beweging is op tou gesit en op voetspoor van Nederlandse gebeure, het hulle hulle as patriotte geïdentifiseer.¹⁴⁶ Idees en assosiasies uit Europa en veral Nederland i.v.m. die menslike natuurreg het aansluiting gevind by 'n tradisie wat lank reeds aan die Kaap gekoester is, nl. dié van Vryheid en Godsdien. In hulle aandrang om burgerreg, het hulle in hul geskrifte die Kaapse geskiedenis bygeroep en verwerk. Hierdie geskrifte het meesal uit anonieme pamflette bestaan en is gedurende 1784 in Nederland as *Kaapsche Geschillen*¹⁴⁷ gepubliseer. Die omvattendste is *De Magt en de Vrijheden eener Burgerlijke Maatschappij*. Daarin beroep hulle hul op die rede en "de Heilige bladeren" om hul aandrang om burgerreg te regverdig. Nog 'n anonieme geskrif wat deur die Kaapse Patriotte versprei is, het hulle "Aan onse Broeders, Meedeburgers van dit Colonie van Cabo de Goede Hoop ... opgedragen, en in hunne bedenking aanbevoelen."¹⁴⁸ Hierin het hulle die geskiedenis van die stryd teen W.A. van der Stel onthou en bygehaal.

Die Kaapse Patriotte het standpunt ingeneem en gestel. Maar nie in 'n revolusionêre sin nie. Hulle wou nie tot 'n openlike breuk met die tradisionele orde kom nie. Hulle was meer daarop uit om die wesenlike daarvan in die samelewing te artikuleer. Die humanistiese staatsregtelike tradisie van die beroemde Nederlandse juris Hugo de Groot, het by hulle inslag gevind. Tewens, dit het vir baie jare reeds aan die Kaap ingang gevind. Dit was eintlik maar eie aan die Kaapse geesteshistoriese tradisie. Male sonder tal het

145. Vgl. Hanekom: a.w. Vir die skryfwerk van Van Lier, 215 e.v.

146. Sien Beyers: *Die Kaapse Patriotte*; Schutte: *De Nederlandse Patriotten en de Koloniën*. Vgl. ook Hanekom: *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, 81 e.v. 'n Mens moet egter versigtig wees om hierdie beweging vanuit die Franse Rewolusie te ontsluit. Dit lê bestis in die tradisie van Nederlandse Christelik-natuurregtelike benadering wat Grotius al beredeneer het. Sien verder Davenport: *South Africa: a Modern History*, 36 e.v.; Du Toit en Gilliomee: *Afrikaner Political Thought I*, 1 e.v., 39 e.v., vir die geskrifte van die Patriotte.

147. Vier volumes in een boekdeel gebind. Dit is uitgegee deur die Generale Nederlandse Geoctroyeerde Oost Indische Compagnie, in 's Gravenhage.

148. Vgl. Beyers: a.w., Bylaag B, 214 e.v.

die kombinasie van vryheid en godsdiens immers in die Kaapse literêre tradisie opgeduik. By die Patriotte word die natuurreg en samelewing vooropgestel. Die samelewing word die uitgangspunt; die norm daarvoor die reg. Die staat en die staatsreg waarin die volk beslis, kry 'n positiewe evaluering. Die waarborg hiervoor het in die natuurreg gelê en is uitgedruk in die wet wat geëwever is tot die ordeningsprinsipe van die gemeenskap.

Met hierdie beweging het daar weer iets in die Kaapse gemeenskap losgekom. Dit is opgevang in die Kaapse literêre tradisie. 'n Nuwe ontwikkeling is daarmee ingelei. Voortaan sou die inheemse tradisie hom ook sterker in 'n historiese en kerkhistoriese sin teenoor die inbeelding van die uitheemse tradisie stel.

11. SAMEVATTING

Met die twee **Lykreden** van Serrurier loop - literêr-histories gesproke - die tydperk wat getipeer is as 'n aanvangsperiode in die ontwikkelingsgang van die geskiedskrywing oor die NGK formeel ten einde. Die nuwe situasie aan die Kaap het ander vroeë geentileer en is die singewing, wat so kenmerkend was van die inheemse literatuur, historiese en teologies in 'n ander idioom gestel. Die dagboek van De la Caille (1563) en die daaropvolgende monografieë van buitestaanders oor die Kaap staan eweneens in die teken van 'n besliste wending. Beide literêre tradisies het m.a.w. om en by 1775 'n ontwikkeling deurloop.

In al die voorafgaande hoofstukke is die gang van hierdie tradisies histories en teologies ondersoek. Dit is na sy ontwikkeling beskrywe en aan die hand van twee begrippe, t.w. **beeld en singewing**, getipeer. Wat dus oorbly is om die aanvanklike fase waaruit die geskiedskrywing by die NGK stam, samevattend in 'n perspektief uit te klaar. Daarmee word die sakkie toegeknoop.

PERSPEKTIEF: 'N TERUGBLIK EN VOORUITSKOUING

Reg aan die begin is daarop gewys dat die kerkgeskiedskrywing oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan NGK), histories gesien, sy verloop breedweg in vier opeenvolgende fases het.¹ Om verskillende redes is die eerste fase, waarin die kerkgeskiedskrywing in onderskeie literêre genres en tradisies aangevoer is, as studieveld vir die navorsing gekies. Hier, aan die einde van die studie, moet die aanvangsfase in perspektief gestel word. Juis omdat dit in die studie uitsluitlik om 'n enkele periode in die ontwikkelingsgang van die geskiedskrywing oor die NGK gegaan het, kan die perspektief nie beperk word tot 'n afgewerkte samevatting of terugblik nie. Daarby moet 'n vooruitskouing kom waarin kortliks op die verband van hierdie fase met die res van die ontwikkelingsperiodes gewys word. Slegs op hierdie wyse kan die studie behoorlik afgerond word.

1. TERUGBLIK

Hipoteties is aanvaar dat die geskiedskrywing oor die NGK nie tot 'n bepaalde geskrif teruggevoer kan word nie. Derhalwe het die studie ook nie sy vertrekpunt by die eerste geskrif waarin die geskiedenis van die Kaapse Kerk ondersoek en bymekaar gemaak is,² geneem nie. Die oorsprong van die geskiedskrywing oor die NGK is in 'n lang ontstaansperiode van meer as 120 jaar (c.1652-c.1775) gesoek. Daarin het verskillende geskrifte van algemeen-christelike en kerklik-teologiese aard vorm aan 'n inheemse literêre tradisie gegee.

Dit het begin by die onbeholpe dagboeke en joernale van padvinders en toggangers van die vroegste tyd. Daarin is indrukke en belewenisse van die land met verwysing na die benutbaarheid daarvan saaklik opgeteken.³ Omstreeks 1695 het Johannes de Grevenbroeck sy woonplek en gemeenskap aan 'n Amsterdamse predikant bekendgestel en beskrywe. As 'n vryblywende individu was hy krities teenoor die samelewing. As humanis het hy raad gehad met die afwykings wat hy geïdentifiseer het.⁴ Conrad Hofman se **Korte Beschrijving** van nagenoeg dertig jaar later het hierteenoor in 'n saaklike en positiewe verband tot die land en sy mense gestaan.⁵

Dit was eers ná 1700 dat literatuur uit Kaapse bodem vir die eerste keer op die drukpers beland het. Die veelbesproke Kaapse belange geskil tussen senior amptenare en leidinggewende vryburgers het uitgeloop op 'n oor en weer skrywery. Die saak is van weerskante met warm hande aangepak en daar is bewysvoerend op die reg aanspraak gemaak. In hulle apologie gee die vryburgers blyke van 'n Kaapse bewuswording as 'n samebindende faktor.⁶ Dieselfde gedagte word aangetref in die dagjoernale van die uitgerekte landsreise

1. Vgl. die inleiding hierbo.

2. Volgens Pont is dit die **Redenvoering bij het Tweede-Eeuwfeest** van Faure. Vgl. Pont: "Die geskiedenis van die Afrikaanse kerke in die Suid-Afrikaanse historiografie" in Cronje, (red.): **Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie**, 44. Spoelstra tipeer hierdie gedenkrede as "een ware goudmijn voor kerkhistorisch materiaal." Vgl. sy **Bouwstoffen I**, XLV.

3. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

4. Vgl. hoofstuk 4 hierbo.

5. Vgl. sy aantekeninge (c.1720) in hoofstuk 6 hierbo.

6. Vgl. hoofstuk 6 hierbo.

wat ná 1752 plaasgevind het.⁷ In die redevoering van Hemmy oor sy geboorteland in 1767⁸ dra die bewuswording 'n inheemse aksent. Hy kom bokant die onmiddellike gebeure en die eietyd uit en slaag daarin om die Kaap, sy samelewings en sy geskiedenis ietwat te objektiveer. By hom is daar alreeds 'n positiewe besef van die geografiese belang en ekonomiese posisie van die Kaap. Daarin gaan 'n historiese singewing skuil.

In die Kaapse situasie, met sy christelike eenheidskultuur (wat die nedersetters betref) kon die kerklik-teologiese literatuur nie uitgeklaar word sonder om bg. geskrifte by te haal nie. As 'n tradisie hoort hulle bymekaar. Dit is ten minste voorwaarde vir 'n genoegsame historiese verstaan van die kerklike literatuur. Reeds gedurende 1707 is 'n preek van ds Pierre Simond in Nederland as 'n pamflet uitgegee.⁹ Min of meer dertig jaar later het die flukse pen van ds van Gendt vir 'n aantal teologiese publikasies en 'n belangrike geleentheidsredevoering gesorg. In dieselfde tyd het sy kollega Fransiscus le Seuer die tradisie van handgeskrewe katkiseerhandboekies met die uitgawe van 'n behoorlike leerboek aangevul.¹⁰ Bowendien het Petrus van der Spuy, 'n gebore Kapenaar, by die kerklike viering van die eeufees op 8 April 1752 aan die woord gekom en die datum met historiese en teologiese singewing herdenk.¹¹ Dit is teologies aan die hand en in terme van die voorsienigheid van God gemotiveer en uiteengesit. Hierna is nog drie geleentheidspreke in druk uitgegee. Twee daarvan is lykredes deur ds Serrurier, waarin die bekende Kaapse goewerneur Ryk Tulbach en sy aangewese opvolger, Van Rheede van Oudshoorn, gehuldig word.¹²

In die studie is telkens daarop gewys dat die benadering en uitgangspunte van die (Nederlandse) christelik-humanistiese tydsgees in die Kaapse literêre tradisie primeer het. In die literatuur van algemeen-christelike inslag skemer die gees van 'n redelike humaniteit deur. Die aanpak, die uiteensetting, die eksegetiese ontsluiting en teologiese beredenering in die kerklik-teologiese literatuur is eweneens eietyds en korreleer met die breë kerklik-protestantse benadering en aksente van die Nederlandse gereformeerde-teologiese tradisie. Oorkoepelend is dit getipeer as 'n humanistiese omgang met die teologie, die Skrif, die prediking en die evangelie. Telkemale druk intellektuele en rasionele kategorieë en 'n benadering wat van die mens uit opgestel is, die gereformeerde-konfessionele oorwegings en uitgangspunte op die agtergrond. In die studie is dit opgeneem as 'n aanduiding dat die teologiese ligging van die Kaapse kerk gedurende die 18de eeu nie in die onmiddellike nabyheid van Dordt¹³ of Heidelberg¹⁴ gesoek moet word nie.¹⁵

7. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

8. Dies.

9. Vgl. hoofstuk 5 hierbo.

10. Vgl. hoofstuk 8 hierbo.

11. Vgl. hoofstuk 9 hierbo.

12. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

13. Hier word m.n. die teologiese en konfessionele nalatenskap van die Dordtse Sinode (1618-1619) bedoel.

14. Hier word primêr gesinspeel op die Heidelbergse Kategismus, terwyl die teologiese uitgangspunte en benadering van die Heidelbergse kerk en teoloe uit die sesde dekade van die 16de eeu nie uitgesluit word nie.

15. Dit druis in teen die opvatting dat die Kaapse kerk van die 17de en 18de eeu Dordts-gereformeerde was. Hierdie opvatting is deur Du Toit aan die begin van die 20ste eeu gepopulariseer. Sien sy "Geschiedenis van de Hollandse kerken in Zuid-Afrika, in taferelen geschetst," in Hamersma, Los en Du Toit: *De geschiedenis van de Christelike Kerk*, 265 e.v.

Beide arms van hierdie inheemse literêre tradisie het in 'n samehang, wat nie van mekaar losgemaak moet word nie, sy verloop aan die Kaap gehad. Dit het dus uitgeloop op 'n tradisie wat na 100 jaar die merktekens van inheemswording begin dra het. Dit staan in direkte verband nie net met 'n groeiende historiese bewuswording nie, maar ook met 'n teologiese en historiese **singewing** wat algaande duideliker in die literatuur na die oppervlak gekom het.

Op die keper beskou, veronderstel die resultaat van die navorsing dus 'n aansluiting by die gedagte wat K.J. Popma in sy werkie oor die **Calvinistiese Geschiedenisbeskouing**¹⁶ te berde bring. Hy onderskei tussen "historisch besef" en "historie-onderzoek."¹⁷ Eg. verstaan hy as "een weten, waardoor de mensch eenig fundamenteel inzicht verwerft in de historie, gebaseerd op een overzicht over de geschiedenis in haar verloop en eenheid, en leidend tot het resultaat, dat hij die dit weten bezit en geregeld verzorgt, ziet waar hij heen gaat en weet waar hij staat in de geschiedenis."¹⁸ Hierdie kennis "omtrent onze historiciteit" is enersyds sêlf histories bepaal, en andersyds transendeer dit die geskiedenis in die mate waarin dit "tot den zin der geschiedenis doordringt."¹⁹ Daarom is die historiese besef "een voorwaarde voor ons taak-besef."²⁰ Dit gaan die wetenskaplike en analities-teoretiese ondersoek van die geskiedenis ("historie-onderzoek") vooraf en stu selfs die rigting wat die ondersoek moet inslaan.²¹

Toegepas op die studie beteken dit dat die aanvangsfase van die geskiedskrywing oor die NGK dié periode is waarin dit nog om 'n historiese bewuswording (besef) gaan. Net in die gedenkprek van Van der Spuy is al genoeg elemente om 'n "historisch besef" en "inzicht ... in de historie"²² daaragter op te bagger. Op stuk van sake gaan dit vir hom om 'n Skriftuurlike versorging van 'n fundamentele teologiese insig (die voorsienigheid van God) in die geskiedenis. Daarmee dring hy deur tot singewing van die Kaapse geskiedenis en bied hy in die verkondiging van die Woord 'n sinryke uitleg daarvan aan. Sodoende het hy eintlik 'n hanetreetjie daarvan gekom om dit om te werk in 'n Kaapse taakbesef.

Hierby moet dit ingedagte gehou word dat Van der Spuy by 'n Kaapse gedenkdatum - aan die feit dat die VOC in 1752 sy 150 jarige bestaan gevier het, gaan hy doodgewoon verby - 'n historiese besef en singewing artikuleer wat reeds in 'n tradisie aanwesig was. In die loop van die ondersoek is dikwels daarop gewys hoe die wyse waarop die gebied en sy gemeenskappe bekendgestel en beskrywe is, die wyse waarop na sy geskiedenis verwys is, die wyse waarop dit histories en teologies begrond is, van 'n historiese bewussyn en teologiese singewing getuig. Adam Tas en sy burgervriend Van der Heiden het al iets hiervan ervaar.²³ Conrad Hofman het nie 'n onverbonde beskrywing van die Kaap opgestel nie.²⁴ Van Gendt²⁵ en Van der Spuy het die historiese bewuswording i.v.m. God en sy voorsienige teenwoordigheid in die Kaapse

16. Franeker, 1945.

17. Popma: **Calvinistiese Geschiedenisbeskouing**, 92 e.v.

18. Dies., 92.

19. Dies., 93; 97 e.v.

20. Dies., 92; vgl. ook 99 e.v., veral 103 e.v.

21. Dies., 94 e.v., 108 e.v.

22. Dies., 92.

23. Vgl. hoofstuk 6 hierbo.

24. Dies.

25. Vgl. sy geleentheidsrede met die besoek van Van Imhof in hoofstuk 8 hierbo.

geskiedenis gebring.²⁶ Daarmee is 'n teologiese singewing ingedra. Alhoewel Hemmy en Serrurier²⁷ hierdie aspek nie bewustelik uitbou nie, is hulle publikasies ook deur 'n historiese singewing en bewuswording gestempel. Sonder twyfel het die eksistensiële beleving van die Kaap, as 'n geïsoleerde buitepos, 'n unieke situasie geskep waarin die vraag na singewing op die nedersetters afdwinging is.

Die geleidelike historiese bewuswording en singewing vorm egter, soos die aanpak van die studie impliseer, nie die vólle basis van die 19de-eeuse kerkgeskiedskrywing nie. 'n Europese literêre tradisie en interpretasie van die Kaap en sy gemeenskappe is as die bykomende faktor, wat die saak gekompliseer het, geïdentifiseer. Hierdie tradisie het ten minste vir nóg 'n rigtinggewende inset m.b.t. die historiese ontwikkeling van die geskiedskrywing oor die NGK gesorg.

In die studie is gevolglik omvattend tred gehou met die manier waarop die Kaap en sy gemeenskappe in hierdie omvangryke en interessante literatuur ingebeeld en geïnterpreteer is. Aantekening oor die Kaap gaan tot so ver terug as die Portugese ontdekkingsstogte aan die einde van die 15de eeu. In hulle joernale en verslae is indrukke van die Kaap opgeteken.²⁸ Om en by 1600 het daar literêre historiese 'n ontwikkeling gekom. 'n Verskeidenheid reisboeke is in die toeganklike Noord-Europese tale met die oog op 'n leserskring toenemend bemark.²⁹ Die talle en talle reisbeskrywings het 'n literêre tradisie gevorm. Met ellelange en fasinierende titels is die reisboeke by die koperspubliek aanbeveel.

Alreeds in 1652 is 'n alleengeskrif oor die Kaap van Goeie Hoop gepubliseer.³⁰ Voorlopig het verdere alleengeskrifte uitgebly. In verskillende reisbeskrywings is deurgaans na die Kaap verwys.³¹ In die eerste helfte van die 18de eeu het, te midde van nóg reisbeskrywings, ook boekdele en 'n standaardwerk of monografie oor die Kaap van die pers gekom.³² In beskrywings waarin met die verbygaan na die Kaap verwys is, was dit 'n tendens om hierdie streek, sy mense en hulle onderlinge verhoudinge positief te evalueer. By beskrywings waarin uitsluitlik oor die Kaap gehandel is, het die intergroepverhoudinge opmerkings in 'n negatiewe sin uitgelok. Vir die skeefgroei in hierdie verband moes die Europeërs wat aan die Kaap 'n tuisland gevind het, vader staan.³³

Die studie het aangetoon hoedat 'n **beeld of inbeelding** van die Kaap in hierdie boeke opgebou en ingeprint is. Dit kom na vore in drie aspekte, nl. die landsgeaardheid, die inheemse bevolking en samelewings en derdens, verwysing na en bespreking van die Europese nedersetters. In hierdie beeld met sy drie aspekte is kennis oor die Kaap omlýs. Op 'n insiggewende wyse het daar met verloop van tyd verskuiwings en ontwikkeling daarin gekom. 'n Gevaarvolle en onherbergsame landstreek³⁴ is later as mineraalryk,

26. Sien hoofstuk 9 hierbo.

27. Sien hoofstuk 10 hierbo.

28. Vgl. hoofstuk 1 hierbo.

29. Dies.

30. Vgl. hoofstuk 2 hierbo.

31. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

32. Vgl. Hoofstuk 6 en 7 hierbo.

33. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

34. Vgl. bv. die Portugese indrukke in hierdie verband. Sien hoofstuk 1 hierbo.

vrugbaar, bewerkbaar en met 'n vriendelike klimaat getipeer.³⁵ Die beeld van die inheemse bevolkingsgroepe is aangepas. Aanvanklik is hierdie hordes as nagenoeg dierlik voorgestel en, om die minste te sê, aanstootlik bevind.³⁶ Later van tyd het die klem verskuif na die intrinsieke lewenskwaliteite en -waardes wat by hul samelewings opgespoor is.³⁷

Die derde sy van die beeld het eweneens verandering ondergaan. In die reisbeskrywings is die nedersetters, wat algaande hulleself na binne as 'n gemeenskap in 'n nuwe en gemeenskaplike vaderland gevind het, reeds in die 17de eeu vermeld.³⁸ In den brede is hulle arbeidsaamheid en gemeenskapslewe positief waardeer. Na die ander kant toe was daar egter besoekers wat die nedersetters en hul gemeenskaplike lewenspatrone, veral t.o.v. die verhouding met die slawe en Khoikhoi, aan kritiek onderwerp het. Hierin het die Rooms-Katolieke sendeling Tachard (1688) voorgegaan en die Europeërs sydelings aangekla.³⁹ In sy voetspoor het die protestantse sendelinge Ziegenbalg, en in mindere mate Böving, vroeg in die 18de eeu gevolg.⁴⁰ Peter Kolbe het ook sy vinger hierop gelê.⁴¹ Hierdie "kritiese" lyn is teen die helfte van die 18de eeu nog 'n keer deur die sterrekundige en vroeë teoloog De la Caille aangeroe.⁴² Hierby kan nog die aantekeninge van Sparrman en Thunberg gevoeg word.⁴³ Maar genoeg. Rofweg was daar dus diegene wat in hul reisbeskrywings positief oor die Kaapse nedersetting berig het. Dan was daar diegene wat krities teenoor gebruike en lewenspraktyke in hierdie gemeenskap was en dit sonder skroom aan die lig gebring het.

Die sáák wat hiermee aan die orde gestel word, is dat 'n wydgelese Europese literêre tradisie 'n beeld van die Kaap en sy gemeenskappe geskep het. Die beeld was nie 'n onveranderlike gegewe nie. Dit is na gelang van omstandighede en die motief van die skrywer aangepas en ingeklee. Deurgaans het dit egter die drie onderskeie komponente behou.

Dit is nie om dowe neute dat soveel aandag in die studie aan hierdie tradisie gegee is nie. Dit vorm immers deel van die geheel van die (kerk-)historiese konteks waarin die Kaapse literatuur beslag gekry het. Daarbenewens was daar in meer as een opsig 'n direkte verband tussen die twee tradisies. Hulle het van mekaar geleen. Buitelanders wat historiese ondersoek gedoen het, het dikwels van die inheemse verkenningsoernale of geskrifte (dink bv. aan De Grevenbroeck) gebruik gemaak en selfs in hulle boeke opgeneem. Waar literatuur uit Kaapse bodem bv. die geskiedenis bygehaal het, is dit duidelik dat die

35. Vgl. veral die reisbeskrywings wat ná 1635 verskyn het. (Hoofstuk 1 en 2 hierbo.) Sien ook bv. die beskrywings van Kolbe en Valentyn, hoofstuk 7 hierbo.

36. Vgl. bv. die vroeë Nederlandse reisboeke. (Hoofstuk 1 hierbo.)

37. Dit het veral ná 1650 gebeur. Die beste voorbeelde kom egter uit die 18de eeu. Vgl. in hierdie verband die beskrywing van Kolbe, hoofstuk 7 hierbo.

38. Vgl. hoofstuk 3 hierbo.

39. Dies.

40. Vgl. hoofstuk 7 hierbo.

41. Dies.

42. Vgl. hoofstuk 10 hierbo.

43. Dies.

Europese tradisie in hierdie opsig hom van materiaal voorsien het. Tog was nie een hiervan die primêre oorweging vir die belang wat aan hierdie literatuur, wat van buite oor die Kaap en sy inwoners bygehou is, toegeken is nie.

Die tradisie was méér as die beskrywing van kuriosa. Dit was méér as die bekendstelling en wetenskaplike onthulling van 'n nuutontdekte wêreld of die regstelling van oorlewering uit die klassieke beskawing en literatuur. Dit was wesenlik die teboekstelling van 'n Europese onderneming wat as epogmakend belewe is.⁴⁴ Op 'n manier was al die Europese regerings en volke daarby ingeskakel. Aan 'n dinamiese drang om alles te ondersoek en te ontdek is gevolg gegee. Die grense van die wêreld is verder, tot aan die eindes van die aarde, oopgestoot. Daarmee het die onmoontlike moontlik geword. Die reisbeskrywings was die begeesterde nuusdraers van hierdie grootse en geslaagde onderneming.

Dit is in hierdie kader waarin daar in Europa oor die Kaap en sy mense berig en 'n inbeelding geskep is. Uit hierdie hoek is bewustelik en onbewustelik na die Kaap en sy gemeenskappe gekyk. In die lig hiervan is dit duidelik waarom daar 'n kritiese ingesteldheid t.o.v. die nedersettergemeenskap by besoekers opgekom het. In 'n sekere sin het die reisigers wag gespeel oor die doen en late van hierdie gemeenskap. Uit hulle oogpunt was die Kaap 'n Europese onderneming wat begelei moes word en waarin afwykings aan die kaak gestel moes word. Daarom is die opbou van 'n beeld van die Kaap slegs te begrype vanuit die Europese konteks waarin dit geaktualiseer is. Net soos in die geval van die inheemse singewing, het 'n (Europese) situasie die vormgewing daarvan help bepaal.

Om saam te vat: in die aanvangsperiode van die geskiedskrywing oor die NGK is daar twee uiteenlopende literêre tradisies wat aanspraak gemaak het op oorweging en uitklaring. Die een is inheems en Kaaps. Dit is uitdrukking van 'n lokale bewussyn en beleving. Die onmiddellike en onvermydelike band met die land en sy mense het dit ongetwyfeld laat uitloop op 'n historiese en teologiese singewing.

Die ander tradisie is uitheems, van huis uit Europees en bedoel vir 'n Europese leeskring. Hierdie literatuur is opgeroep deur 'n Europese onderneming waarvan groot verwagtings gekoester is. Daaroor kon reisbeskrywing op reisbeskrywing nie uitgepraat raak nie. Hierin is Afrika en die Kaap bygehaal en in 'n beeld toeganklik gemaak vir die Europeër se wêreld en uitgangspunte. Omdat daar nie in 'n direkte verband en verhouding met die land en sy inwoners gestaan is nie, het die uitheemse tradisie nêrens na singewing gesoek nie. Dit het in die beskrywing in 'n beeld van die Kaap en sy inwoners opgegaan.

Met die enkadering van beide tradisies in hulle onderlinge samehang is hopelik daarin geslaag om die predikatiewe grondtendense t.o.v. die ontstaansperiode van die geskiedskrywing oor die NGK te releveer. Laastens is dit nodig om hierdie periode met sy kenmerkende literêre tradisies by wyse van 'n vooruitskouing in 'n wyer perspektief te plaas.

44. Vgl. die opmerkings van Italiaander in sy "Nachwort," "Olfert Dapper und seine Welt," in *Olfert Dapper. Umbständliche und eigentliche Beschreibung van Africa Anno 1668*, 379 e.v.

2. VOORUITSKOUING

Gedurende die 19de eeu, of die tydperk waarin die (kerk)geskiedenis ondersoek en bymekaargemaak is, het die Europese literêre tradisie in 'n nuwe kultuur-historiese situasie en konteks in 'n ander rol m.b.t. die Kaapse literatuur te staan gekom. Die *Account of Travels into the interior of Southern Africa* van John Barrow⁴⁵ teen die eeuwending het die saak, anders as sy tydgenote Le Vaillant⁴⁶ en Lichtenstein,⁴⁷ onherroeplik op die spits gedryf. Hy het met sy nasionalistiese en politieke voorbehoude die staf behoortlik oor die Kaapse boere en gemeenskappe in die voorposte gebreek. Volgens hom is hulle die doring in die vlees van die inboorlinge en verantwoordelik vir 'n situasie van uitbuiting en verontregting wat alleen maar deur die permanente tussenkoms van 'n Britse regering besleg kan word. Daarmee is die boeregemeenskap onder ernstige verdenking gebring.

Heelwat sendelinge, wat sedert 1800 stasies en sendinggenootskappe aan die Kaap aangevoer het,⁴⁸ het by sy vertolking aangesluit. Die bekendste is sekerlik dr John Philip⁴⁹ wat in 1828 sy *Researches in South Africa* in Londen⁵⁰ gaan publiseer en die Kaaps-Europese gemeenskap in Engeland in die gedrang gebring het. Dit het nie net by die Engelssprekende deel van die gemeenskap reaksie uitgelok nie,⁵¹ maar ook by hulle wat nog aan die Nederlandse kultuur en tradisie wou hou. In hierdie verband het die *Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tijdschrift* en *De Zuid Afrikaan* voorgegaan. Daarin het prominente leraars en lidmate van die Kaaps-Hollandse Kerk meegewerk.⁵² Met historiese ondersoek wou hulle die gemeenskap ten minste ook bereg. Hierdie apologetiese motief is bv. ingebou in die redevoering by die tweede eeufees. In sy *History of the Dutch Reformed Church* het John MacCarter⁵³ die strydbyl opgeneem in 'n poging om die verdenking af te breek.

Dit het die onvermydelike in die hand gebring. Aan die suidpunt van Afrika kon die (Nederlands)-Europese gemeenskap nie op 'n natuurlike manier histories bewus word en sy geskiedenis van daaruit ondersoek en bymekaarmaak nie. Die Europese literêre tradisie het hom gedwing om 'n apologetiese oorweging in sy geskiedsondersoek en teologies-historiese singewing op te neem. Onwillekeurig het die geskiedsondersoek en -beskrywing by die Kaaps-Hollandse Kerk (d.w.s. die NGK) hierin meegesleur. Tot 'n onbevange weergawe van sy geskiedenis kon hy nie kom nie. Die Europese literêre tradisie het dus 'n benadering in die historiese ondersoek gestimuleer wat wyd om hom heen gegryp het.

45. Vol. I: London, 1801. Vol. II: London, 1804. Vir Barrow, sien SABW II, 34-37.

46. Sien Le Vaillant: *Voyage de M. Le Vaillant*. 2 dele. Paris, 1790. Sien ook Le Vaillant: *Second Voyage*. 3 dele. Paris, 1796. Vir Le Vaillant, sien SABW II, 405-408.

47. Sien Lichtenstein: *Reisen in Südlichen Africa*. 2 dele. Berlin, 1811-1812. Vir hom, sien SABW III, 533-536.

48. Sien hiervoor Du Plessis: *A history of Christian Missions*, 61 e.v.; Van der Merwe: *The development of Missionary Attitudes*, 71 e.v.

49. Vir hom, sien SABW I, 641-650.

50. London, 1828.

51. Sien in hierdie verband Streak: *The Afrikaner as viewed by the English*, 98 e.v., 101, 106 e.v. Sien ook die negatiewe ontvangs daarvan in die NZAT VII, 218, 373.

52. Bv. Borchers, Faure en A.N.E. Changuion.

53. Edinburgh, 1869.

As 'n mens se oë eers eenmaal hiervoor oop is, is dit begryplik waarom die uitheemse literêre tradisie soveel ruimte in die studie opgeneem het. Reeds in die vroeë stadium tydens die 17de en 18de eeu het hierdie tradisie kleur gewys. Daarom is die reisbeskrywings veel meer as net bronne vir ons kennis van die verlede. Daarom is die mees belangrike vraag nie na die waarheid of valsheid van die inhoud daarvan nie, maar na die gerigtheid daarvan op die inheemse (kerk)geskiedskrywing.

Hopelik is hiermee aangetoon waarom die Europese literêre tradisie so 'n belangrike sleutel⁵⁴ is vir die verstaan van die pragmatiese en 19de-eeuse geskiedskrywing oor die NGK. Dit is selfs nie vergesog nie om te aanvaar dat die verskillende en teenoorstaande historiese skole van die 20ste eeu⁵⁵ aansluiting vind òf by die kritiese en analitiese interpretasie van die uitheemse literêre tradisie, òf by die Kaapse en inheemse literatuur. Vanselfsprekend het die kerkgeskiedskrywing oor die NGK in lg. sy oorsprong. Om hierdie ontwikkeling gedurende die 19de en 20ste eeue in sy historiese verloop na te gaan, is uiteraard 'n opgaaf vir verdere navorsing. En, dit lê baie jare verwyderd van die afsluitingspunt wat vir hierdie studie gestel is. Die voorbedagde rade waarmee in hierdie verband vooruitgehoop is, was daarop bereken om die kerkhistoriografiese betekenis van die literatuur wat ondersoek is, nog skerper te omlin.

3. TEN BESLUIE

Wie horn dus na behore wil vergewis van die geskiedskrywing oor die NGK, sal uiteraard daarmee moet rekening hou dat dit breedweg in vier fases sy verloop geneem het. Die fases waarin dit formeel bymekaargemaak en verwerk is, histories-krities gesistematiseer en uiteindelik teologies-krities verantwoord is, is voorafgegaan deur 'n aanvangstydperk. Te midde van 'n inheemse oriëntering en singewing is die patroon vir die (kerk-)historiese verloop daarvan vasgelê. As 'n bykomende faktor het 'n uitheemse en Europese literêre tradisie eweneens hierop ingespeel. Vir die bestudering van die kerkhistoriografie oor die NGK het die analise van beide literêre tradisies in hulle samehang en vanuit die (kerk)historiese konteks interessante perspektiewe geopen. Wat nou oorbly, is om die drie opvolgende fases deeglik te bestudeer. Dan, maar eers dan, kan die noodsaaklike teologies-kritiese en konfessioneel-verantwoorde hervertolking van die kerkgeskiedenis van die NGK begin. Daarmee sal die Kerk van ons Here Jesus in Suid-Afrika ongetwyfeld gehelp word om aan sy roeping getrou te bly.

54. Aan die ander kant moet dit nie verhef word tot die enigste sleutel waarmee die geskiedskrywing van die 19de en 20ste eeu ontsluit moet word nie.

55. Vir 'n behandeling van hierdie skole, sien Van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*; Saunders: *The making of the South African past*; Smith: *The changing past* en die RGN: *Die Suid-Afrikaanse samelewing*, 77 e.v.

BRONNE

1. BIBLIOGRAFIEë

Coke, R.M.: *South Africa as seen by the French. A bibliography.* School of Librarianship, UCT. 1957.

Engels, L.J.: *Personal Accounts of the Cape of Good Hope written between 1652 and 1715.* A bibliography approved by the University of London for the final part of the examination for the Diploma in Librarianship, n.d.

Schmidt, K.L.M.: *Bibliography of personal accounts of the Cape of Good Hope in printed books 1715-1850.* UCT School of Librarianship, 1955.

2. LITERATUUR UIT KAAPSE BODEM, KRONOLOGIES GERANGSKIK. DIE INHEEMSE TRADISIE

1695: De Grevenbroeck, J.G.: *NN Graevenbroeckii elegans & accurata Gentis Africanæ circa promontorium Capitis Bonæ Spei Vulgo Hottentotten nuncupatæ Descriptio Epistolaris Anno MDCLXXXV.* Ongepubliseer.

c.1700: Roux, P.: *Belijdenis des Geloofs.* Ongepubliseer.

1707: Simond, P.: *La vraye Adoration, Et les vrais Adorateurs ou Sermon jur ces paroles du Cap. 4 le l'Evangile jeton St. Jean v. 23 & 24. Prononcé au Cap. de bonne Esperance le 25 Janvier 1699 et duplis á Amsterdam le 17 Octobre 1706.* Haarlem, 1707.

c. 1708: Van der Stel, W.A.: *Korte deductie van Willem Adriaen van der Stel, gewesene extraordinaris Raat van India en Gouverneur aen Cabo de bon Esperanca; tot destructie ende wederlegginge van alle de klagten, die enige vrylieden vande voorsz. Cabo, aen de Edele Achtbare Heren Bewinthebberen van de Oost Indische Compagnie over hem hadden gedaen.* Amsterdam, c. 1708.

1712: Tas, A. en Van der Heiden, J.: *Contra-Deductie, ofte Grondige Demonstratie van de Valsheid der uitgegevene Deductie, By den Heer Willem Adriaan van der Stel.* Amsterdam, 1712.

1713: Kalden, P.: *Afgeperste verweering en nodige verantwoording tegens twee nu onlangs uytgekome ne laster-schriften.* Utrecht, 1713.

c.1720: Hofman C.F.: *Korte Beschrijving van Cabo de Goede Hoop door Conrad Frederik Hofman.* Ongepubliseer.

1738: Van Gendt, W.: *Onderzoek der Paapsche Misse, met der zelve Complete vereischens.* Amsterdam, 1738².

1740: Van Gendt, W.: *Middel der vergelyking tusschen de Euangelische, die zich onderscheiden door den Naam van Gereformeerde en Luthersche.* Amsterdam, 1740.

1743: Van Gendt, W.: *Predikatie over Jesaia XLV:1-8. Gedaan ter gelegenheid dat Zyn Hoog-Welgebore Gestrenge de Heer Baron Gustaaf Wilhelm van Imhof is aangestelt tot Hoof Edele Gouverneur Generaal van Neêrlands Indien en de onderhorige landen.* Amsterdam, approbasie 1743.

1746: Le Seuer, F.: *Korte schets der Goddelyke Waarheden.* Amsterdam, 1746.

1753: Van der Spuy, P.: *Dank-altaar, Gode ter eere opgericht; of eene plechtige redevoe ring ter gelegenheid van 's Ed. Comps. Hondert Jaarige Possessie des Gouvernements van Cabo de Goede Hoop.* Utrecht, 1753.

1761: Bode, J.F.: *De heerlykheid en kragt van 't euangelium van Jesus Christus, voorgesteld en aangedrongen uit Paulus Woorden Rom. 1:16.* Amsterdam, 1761.

1767: Hemmy, G.: *Oratio latina de Promontorio Bonae Spei in Schola Hamburgensi D. X Aprilis MDCLXVII Publice recitata A Giesberto Hemmy, Afro.* Hamburg, 1767.

1772: Serrurier, J.P.: *Lykreden over den Wel Edelen Groot Achtbaren Heer Ryk Tulbach, Raad Ordinair van Nederlands India, en Gouverneur van Cabo de Goede Hoop.* Amsterdam, MDCCLXXII.

c.1773: Serrurier, J.P.: *Lykreden over den Hoogwelgeboren, Weledelen Gestr. Heer Pieter Baron van Reede van Oudshoorn.* Amsterdam, c. 1773.

3. LITERATUUR UIT DIE EUROPA, KRONOLOGIES GERANGSKIK. 'N SELEKSIE VAN DIE UITHEEMSE TRADISIE.

1564: Perestrello, M. de M.: *Relacao do naufragio da nao S. Bento, escrita por Manuel de Mesquita Perestrello.* Lisboa, 1564.

1596: Van Linschoten, J.H.: *Itinerario, voyage ofte schipvaert ... naar Oost ofte Portugals Indien.* Amsterdam, 1596.

1611: Pyrard de Laval, F.: *Discours du Voyage des Francois aux Indes-Orientales.* Paris, 1611.

1612: Coverté, R.: *A true and almost incredible report of an Englishman.* London, 1612.

1616: Mocquet, J.: *Voyages en Afrique, Asie, Indes Orientales et Occidentales.* Paris, 1612.

1628: Drake, F.: *The world encompassed by Sir Francis Drake.* London, 1628.

1638: Herbert, T.: *Some yeares Travels into Africa and Asia the Great.* London, 1738².

1645: Commelin, J.: *Begin ende Voortganch/ van de Vereenighde Nederlantsche Geotroyeerde Oost-Indische Compagnie.* S.p. Deel 1: 1645. Deel 2: 1646.

1651: Van Pumerendt, C.C.: *Journael ofte een Oost-Indische-Reys-beschrijvinghe.* Amsterdam, 1651.

1652: Hondius, J.: *Klare Beschryving van Cabo de Bona Esperanca.* Amsterdam, 1652.

1655: Terry, E.: *A Voyage to East India.* London, 1655.

1668: Dapper, O.: *Naukeurige Beschrijvinge der Afrikaensche Gewesten.* Amsterdam, MDCLXVIII.

1669: Olearium, A. (Herausg.): *Orientalische Reise-beschreibunge Jürgen Andersen aus Schleszwig der An. Christi 1644. ausgezogen und 1650. wieder kommen. Und Volquard Ivertsen aus Holstein so An. 1655. ausgezogen und 1668. wieder angelanget.* Schleszwig, 1669.

1669: Heylyn, P.: *Cosmographie in foure Books.* London, 1669.

1672: Saar, J.J.: *Johann Jacob Saars/ Ost-Indianische funszehen-Jährige Kriegs-Dienste/ und Wahrhaftige Beschreibung.* Nürnberg, 1672.

1676: Struys, J.J.: *Drie aanmerkelijke en seer rampspoedige Reysen.* Amsterdam, 1676.

1676: Schouten, W.: *Wouter Schouten's Oost-Indische Voyagie.* Amsterdam, 1676.

1676: Tavernier, J.B.: *Les six Voyages de Jean Baptiste Tavernier.* 2 Vols. Paris, 1676.

1677: Van Overbecke, A.: *Geestige en vermaeckelicke reys-beschryvinge.* Amsterdam, 1677.

1681: Schreyer, J.: *Johann Schreyres chirurgi. Neue Ost-Indianische Reiszbeschreibung.* Leipzig, 1681.

- 1682: Nieuhof, J.: *Joan Nieuhofs Zee en Lant-Reize*. Amsterdam, 1682.
- 1686: Ten Rhyne, W.: *Schediasma de Promontorio Bonae Spei*. Schaffhausen, 1668.
- 1686: Tachard, Le Père Guy: *Voyage de Siam, des Pères Jesuites, envoyez par le Roy aux Indes et a la Chine*. Paris, 1686.
- 1688: Tachard, Le Père Guy: *A relation of the voyage to Siam*. London, 1688.
- 1692: Fryke, C.: *Christoff Frikens Ost Indienische Räysen und Kriegs-dienste*. Ulm, 1692.
- 1696: Ovington, J.: *A voyage to Suratt, In the Year 1689*. London, 1696.
- 1699: Dampier, W.: *A new Voyage round the World*. London, MDCXCIX.
- 1701: De Graaff, N.: *Reizen van Nicolaus de Graaff na de vier gedeeltens des Werelds*. Utrecht, 1701.
- 1704: Churchill, A en Churchill, J.: *A collection of Voyages and Travels*. 4 Vols. London, 1704.
- 1704: Vogel, J.W.: *Johann Wilhelm Vogels zehen-jährige Ost Indianische Reise-beschreibung*. Altenburg, 1704.
- 1705: Harris, J.: *Navigantium atque Itinerantium Bibliotheca: or, a Compleat Collection of Voyages and Travels*. London, MDCCV.
- 1707: Funnell, W.: *A voyage round the world*. London, 1707.
- 1708: Leguat, F.: *Voyage et Avantures de Francois Leguat et de ses compagnons*. 2 Vols. London, 1708.
- 1711: Bôgaert, A.: *Historische Reizen door d'Oostersche Deelen van Asia*. Amsterdam, 1711.
- 1711: Lockyear, C.: *An account of the trade in India - with descriptions of the Cape of Good Hope and St. Helena*. London, 1711.
- c. 1712: *De regte en waare oorsprong en gevolg der laatste onlusten, aan Caab van Goede Hoop voorgevallen*. Amsterdam, c. 1712.
- 1712: Herrn. Joh. Georg Bövinghs/ Königlich Dänischen Missionarii zu Tranquebar in Ost-Indien/ Curieuse Beschreibung und Nachricht von den Hottentotten. S.p., 1712.
- 1712: Rogers, W.: *A cruising voyage round the world*. London, MDCCXII.
- 1714: Bövingh, J.G.: *Kurze Nachricht vonden Hottentotten oder denen Heyden/ welche das äusserste Africanische Vorgebirge Cabo de bona Esperanca genannt/ bewohnen*. Hamburg, 1714.
- 1718: *Propagation of the Gospel in the East: Being an account of the success of two Danish Missionaries*. London, 1718³.
- 1718: Beeckamn, D.: *A voyage to and from Borneo in the East-Indies*. London, 1718.
- 1719: Kolbe, P.: *Caput Bonae Spei Hodierum*. Nürnberg, 1719.
- 1726: Valentyn, F.: *Beschryving van Oud en Nieuw Oost-Indien*. 5 Dele. Amsterdam, 1726.
- 1727: Kolbe, P.: *Naukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop*. Amsterdam, 1727.
- 1728: Stöcklein, J.: *Der neue Welt-Bott mit allerhand nachrichten deren Missionarien soc. Jesu*. 4 Vols. Erben, 1728-1748.
- 1728: Van Braam, J.: *Tweejaarige Reyze Rondom de Wereld*. Dordrecht, 1728.

- 1730: Barchewitz, E.C.: *De Edlen Ost-Indianischen Compagnien der vereinigten Niederlanden*. Chemnitz, 1730.
- 1744: Heydt, J.W.: *Allerneuste Geographische und Topographische Schau-platz von Africa und Ost-Indien*. Willhelmsdorff, 1744.
- 1763: De La Caille, N.L.: *Journal Historique du Voyage au Cap de Bonne-Esperance*. Paris, 1763.
- 1772: De Bougainville, L.: *A voyage round the world*. London, MDCCLXXII. (Uit Frans vertaal.)
- 1773: Hawkesworth, J.: *An Account of the voyages undertaken by the order of his present Majesty for making Discoveries in the Southern Hemisphere*. London, MDCCLXXIII.
- 1775: De Saint-Pierre, J.H.B.: *A Voyage to the Island of Mauritius*. London, 1775. (Uit Frans vertaal.)
- 1776: Masson, F.: "An Account of Three Journeys from the Cape Town into the Southern Parts of Africa" in *The Philosophical Transactions of the Royal Society of London* 66, 1776.
- 1777: Forster, G.: *A voyage round the world*. 2 Vols. London, MDCCLXXVII.
- 1777: Cook, J.: *A voyage towards the South Pole, and round the world*. London, MDCCLXXVII.
- 1777: *Nieuwe algemeene Beschryving van de Kaap de Goede Hoop*. 2 Dele. Amsterdam, MDCCLXXVII.
- 1778: *Nieuwste en beknopte Beschryving van de Kaap der Goede-Hoep*. Amsterdam, MDCCLXXVIII.
- 1784: *Generale Nederlandse Geootroyeerde Oost Indische Compagnie: Kaapsche Geschillen*. S.p., 1784.
- 1784: Mentzel, O.F.: *Lebens-Geschichte Herrn Rudolph Siegfried Allemans, gewesene Kapitans der Miliz ... auf dem Vorgebürge der guten Hofnung*. Glogau, 1784.
- 1785: Mentzel, O.F.: *Vollständige und zuverlässige geographische und topographische Beschreibung des berühmten und in aller Betrachtung merkwürdigen afrikanischen Vorgebürges der guten Hofnung*. 2 Vols. Glogau, 1785-1787.
- 1785: Cook, J.: *A voyage to the Pacific Ocean*. London, MDCCLXXXV.
- 1787: Sparrman, A.: *Reize naar de Kaap de Goede Hoop*. Leyden, 1787.
- 1790: Le Vaillant, F.: *Voyage de M. Le Vaillant dans l'Interieur de l'Afrique*. 2 Dele. Paris, 1790.
- 1793: Thunberg, K.P.: *Travels in Europe, Africa, and Asia made between the years 1770 and 1779*. 4 Vols. London, 1793.
- 1796: Le Vaillant, F.: *Second Voyage dans l'Interieur de l'Afrique*. 3 Dele. Paris, 1796.
- 1796: Le Vaillant, F.: *Travels into the interior parts of Africa*. Dublin, 1796.
- 1796: Le Vaillant, F.: *New Travels into the interior of Africa*. 3 Vols. London, 1796.
- 1801: Barrow, J.: *An Account of Travels into the interior of Southern Africa*. London, 1801.
- 1804: Barrow, J.: *An Account of Travels into the interior of Southern Africa. Volume the second*. London, 1804.
- 1812: Lichtenstein, H.: *Reisen in Südlichen Africa*. 2 Dele. Berlin, 1811-1812.

1828: Philip, J.: *Researches in South Africa: illustrating the civil, moral and religious condition of the native tribes: including journals of the author's travels in the interior; together with detailed accounts of the progress of Christian Missions, exhibiting the influence of Christianity in promoting civilization.* London, 1828.

4. LITERATUUR

- Aalders, W.: *Theocratie of Ideologie. Het dilemma van de huidige Christenheid.* Den Haag, 1977.
- Abbott, W.C.: *The expansion of Europe. A social and political history of the modern world 1415-1789.* London, 1925.
- Acquoy, J.G.R.: *Handleiding tot de kerkgeschiedvorsching en kerkgeschiedschrijving. Tweede herziene en vermeerderde druk bewerkt door Dr F. Pijper, Hoogleraar der Universiteit te Leiden.* 's Gravenhage, 1910.
- A Geographical and Topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel. Translated from the German by H.J. Mandelbrote.* Part I: VRS 4 (1921); Part II: VRS 6 (1925); Part III: VRS 25 (1944).
- Algra, A. en Algra, H.: *Dispireert niet. Twintig eeuwen historie van de Nederlanden.*³ Vierde Deel. Franeker, s.d.
- Ankersmit, F.R.: *Narrative logic. A Semantic Analysis of the historians Language.* The Hague, Boston, London, 1983.
- Antonissen, R.: *Schets van de ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde.* Deist, voorw. Julie 1946.
- Armstrong, B.: "The nature of French Protestantism during the 16th and 17th Centuries." Ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing.* Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Axelson, E.: *Portuguese in South East Africa, 1600-1700.* Johannesburg, 1960.
- Axelson, E.: *South African Explorers. Selected and introduced by Eric Axelson.* London, New York, Cape Town, 1954.
- Axelson, E.: *South East Africa 1488-1530.* London, 1940.
- Bakhuizen van den Brink, J.N.: *De Nederlandse Belijdenisschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen.* Amsterdam, 1976².
- Bakhuizen van den Brink, J.N.: *Handboek der Kerkgeschiedenis. Deel 4.* Den Haag, 1968.
- Balie, I.H.T.: *Die geskiedenis van Genadendal 1738-1988.* Kaapstad, 1988.
- Balke, W.: "Preaching in the Reformed Church of France in the early 17th century." Ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing.* Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Bell, C.: *Portugal and the Quest for the Indies.* London, 1974.
- Berkhof, H.: *Christ the meaning of history.* Grand Rapids, 1979.
- Berkhof, H.: *Geschiedenis der Kerk.* Nijkerk, 1941.
- Besselaar, G.: *Zuid-Afrika in de Letterkunde.* Amsterdam, Pretoria, Kaapstad, 1914.
- Beyers, C.: *Die Kaapse Patriotte 1779-1791.* Kaapstad, Johannesburg, Voorw. 1929.
- Blommaert, W.: "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap," in *AJB 1*, 1938, 1-29.

- Boëseken, A.J.: **Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap.** (Ongepub. D.Phil.-verhandeling, US, 1943.)
- Boëseken, A.J.: **Jan van Riebeeck en sy gesin.** Kaapstad, 1974.
- Boëseken, A.J.: **Simon van der Stel en sy kinders.** Kaapstad, 1964.
- Boëseken, A.J.: **Slaves and Free Blacks at the Cape.** Cape Town, 1974.
- Bosman, F.C.L. en Dreyer, A.: **Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu deur F.C.L. Bosman en Lewenssketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland, met portrette, deur A. Dreyer.** Kaapstad, s.d. (Oordrukke uit *Ons Land* 8 April 1930.)
- Bosman, F.C.L.: **Drama en toneel in Suid-Afrika. Deel I: 1652-1855.** Kaapstad, Pretoria, 1928.
- Botha C.G.: **The French Refugees at the Cape.** Cape Town, 1970³.
- Botha, C.G.: **Social life and customs during the eighteenth century with "Social customs in South Africa in the 18th century."** Cape Town, 1970².
- Botha, D.C.: **Die kerk op Tulbach, 1743-1835.** (Ongepub. M.A.-verhandeling, US, 1982.)
- Bots, H., Posthumus Meyjes, G.H.M. en Wierenga, F.: **Vlucht naar de Vrijheid. De Hugenoten in de Nederlanden.** Amsterdam, Dieren, 1985.
- Boucher, M.: **French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East Company rule: the European background.** Pretoria, 1981.
- Boucher, M.: **The Cape of Good Hope and foreign contacts 1735-1755.** Pretoria, 1985.
- Bowle, J.: **A history of Europe. A cultural and political survey.** Bath, 1979.
- Bredekamp, H.C. en Hatting J.L. (reds.): **Dagboek en briewe van George Schmidt. Eerste sendeling in Suid-Afrika (1737-1744).** Getranskribeer deur dr B. Krüger en pastoor H. Plüddemann. Vertaal deur mev J. du P. Back. Publikasie reeks B1. Die Wes-Kaapse Instituut vir Historiese Navorsing, Bellville, 1981.
- Breisach, E.: **Historiography Ancient Medieval and Modern.** Chicago, London, 1983.
- Brienen, T.: **De prediking van de Nadere Reformatie. Een onderzoek naar het gebruik van de klassificatiemethode binnen de prediking van de Nadere Reformatie.** Amsterdam, 1974.
- Brienen, T. (red.): **De Nadere Reformatie, beschrijving van haar voornaamste vertegenwoordigers.** 's Gravenhage, 1986.
- Bronsveld, A.W.: **Schetsen uit het godsdienstig en kerkelijke leven in de vorige eeuw.** Amsterdam, voorw. 1873.
- Brown, E.: "Die behoefte aan verantwoording van die kerk en sy gereformeerde geskiedenis in ons land" in *NGTT* 15(1), 1974, 10-17.
- Brown, E.: 'n **Bespreking van die teologiese metode van kerkgeskiedenis met verwysing na die Vaderlandse kerkgeskiedenis. Intreerede gelewer deur E. Brown, Hoogleraar in Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap.** Universiteitskollege van Zoeloeland, 1969.
- Brown, E.: "The French Refugees in South Africa and the historiography of the 19th century." Ongepub. referaat by die **Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing.** Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Brown, E.: **Gemeentegeskietskrywing van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis - 'n kompilasie en kerkhistoriese oorsig.** Durban, 1973.

- Brown, E.: "Geskietskrywing by die Nederduitse Gereformeerde kerk (NGK), 'n historiese tipering," in *SHE IX*, 1983, 62-105.
- Brown, E.: "Kantaantekeninge by die formele en materiële beginsels van die Suid-Afrikaanse kerkgeskietskrywing," in *IdS 11(40)*, 1976, 32-41.
- Brown, E.: "The necessity of a "Black" South African church history," in Becken, H-J. (ed.): *Relevant Theology for Africa*. Durban, 1973, 79-125.
- Brown, W.: "Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid van kerkgeskiedenis-as-wetenskap," in *NGTT XXX(2)*, 1989, 203-209.
- Brox, N.: "Fragen zur "Denkformen" der Kirchengeschichtswissenschaft," in *ZfK 90-91*, 1979-1980, 1-21.
- Cameron, T. (red.): *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad, Pretoria, 1986.
- Carstens, W.P.: *The present state of the Cape of Good Hope by Peter Kolb*. 2 Vols. New York, London, 1968.
- Catalogue of the Dessinian Collection in the Public Library of Cape Town. Compiled by The Rev. Messrs. Von Manger and Kaufmann.** Cape of Good Hope, 1821.
- Claassen, J.P.: "The character of the Church in France during the 16th and 17th century." Ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing*. Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Claassen, J.P.: *Die sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866*. (Ongepub. D.Th.-verhandeling, US, 1973.)
- Coertzen, P.: *Die Franse Hugenote in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese studie*. (Ongepub. D.Th.-verhandeling, US, 1976.)
- Coertzen, P.: *Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688-1988*. Kaapstad, 1988.
- Coertzen, P.: *Post Tenebras Lux. Die Hugenote in Suid-Afrika: hulle koms, vestiging en invloed (1688-1988)*. Studiestuk 241, IRS, PU vir CHO, Januarie 1988.
- Coertzen, P.: "The Huguenots in South Africa. Calvinists in a new Fatherland. Their Religious and Cultural contribution." Ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing*. Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Conradie, E.: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. 'n Kultuur-historiese studie. Deel I: (1652-1875)*. Pretoria, Kaapstad, 1934.
- Conradie, E.: "'n Kaapse predikant uit die tyd van die Oos Indiese Kompanjie. Ds Petrus Kalden, 'n banneling in sy vaderland." *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, Jg. 85, 1934, 56-66.
- Corteseo, A. en Teixeira da Mota, A. (reds.): *Portugaliae Monumenta Cartographica*. Vyf Dele. Lissabon, 1960.
- Cronje, G. (red.): *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie*. Pretoria, 1967.
- Cruse, H.P.: *Die opheffing van die Kleurlingbevolking. Deel I: Aanvangsjare 1652-1795*. Stellenbosch, 1947.
- Dankbaar, W.F.: *Hervormers en humanisten. Een bundel opstellen*. Amsterdam, 1978.
- Dankbaar, W.F. en De Jonge, M. (reds.): *Inleiding tot de Theologische Studie samengesteld vanwege de Faculteiten der Godgeleerdheid aan de Rijksuniversiteiten te Leiden, Groningen en Utrecht en aan de Universiteit van Amsterdam*. Groningen, 1968.

- Davenport, T.R.H.: *South Africa: A Modern History*. Johannesburg, 1987³.
- De Jong, O.: *Nederlandse kerkgeschiedenis*. Nijkerk, 1972.
- De Klerk, P.: *Geskiedenis as kultuurontwikkeling. Aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis*. Butterworth, Pretoria, Durban, 1981.
- De Kock, W.J.: *Portugese ontdekkers om die Kaap. Die Europese aanraking met suidelike Afrika 1415-1600*. Kaapstad, 1957.
- De laaste woorden van wijlen den Heer Hermanus Lambertus Bosman, stamvader van al de Bosmans in Z. Afrika geboren, beschreven door zyn Eds. dochter Elizabeth Bosman, zuster van Mejuf. Susanna Bosman, weduwe De Vries, wier brieven aan den Wel. Eerw. Theodorus van der Groe, in leven dienaar der gemeente van Jezus Christus te Kralingen, als aanhangsel bijgevoegd zijn. Uitgegeven op verzoek van den Heer Frans Petrus Bosman uit stukken door zijn Ed. bezorg, by N.H. Marais. Kaapstad, 1855.
- De Lima, J.S.: *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*. Kaapstad, 1825.
- De Villiers, D.W.: *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategeese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. (Ongepub. D.Div.-verhandeling, US, 1957.)
- De Villiers, D.W.: *Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot 1853*. Kampen, 1959.
- De Visser, J.Th.: *Kerk en Staat*. Drie dele. Leiden, 1926-1927.
- De Wet, J.: *Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop sedert de stichting der volkplanting in 1652 tot 1804, volgens nagelaten manuscript van Mr. J. de Wet, doctor in de beide regten. Voor de pers in gereedheid gebragt door Dr J.J. Kotzé. Eersten predikant van de Kaapstad*. Kaapstad, 1888.
- Diepenhorst, I.A.: *De verhouding tusschen kerk en staat in Nederland*. Utrecht, s.d.
- Die Suid-Afrikaanse Samelewing: Werklikhede en Toekomsmoontlikhede*. Hoofkomitee: RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge. Pretoria, 1985.
- Dominicus, F.C.: *Het huiselik en Maatskappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw*. 's Gravenhage, 1919.
- Dominicus, F.C.: *Het ontslag van Wilhem Adriaen van der Stel*. Rotterdam, MCMXXVIII.
- Dreyer, A.: "By die portret van Ds Petrus van der Spuy," in *De Kerkbode* XXX(7), 17 Augustus 1932, 298-300.
- Dreyer, A.: "Die eerste eeufoesviering in Suid-Afrika," in *De Kerkbode* XXX(10), 7 September 1932, 445-448.
- Dreyer, A.: *Eeuweest-Album van de Nederduits Gereformeerde-Kerk in Zuid-Afrika. 1824-1924*. Kaapstad, 1924.
- Dreyer, A.: *Historisch Album van de Nederduitsch Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika. No. 1. De Ring van Kaapstad*. Kaapstad, 1907.
- Dreyer, P.S.: *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Kaapstad, Pretoria, 1974.
- Du Plessis, J.: "De aanvangsjaren onzer NG Kerk in Zuid-Afrika," in *Het Zoeklicht* 1(6), Junie 1923, 170-179.
- Du Plessis, J.: *The Evangelization of Pagan Africa. A history of Christian Missions to the pagan tribes of central Africa*. Cape Town, Johannesburg, voorw. 1929.

- Du Plessis, J.: **A history of Christian Missions in South Africa**. London, New York, Bombay, Calcutta, 1911.
- Du Preez, J.M.: **Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke**. Alberton, voorw. 1983.
- Du Toit, A. en Gilliomce, H.: **Afrikaner political thought: analysis & documents. Vol. One: 1780-1850**. Cape Town, Johannesburg, 1983.
- Du Toit, H.D.A.: **Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 'n Histories-homilitiese studie**. (Ongepub. D.D.-verhandeling UP, 1974.)
- Du Toit, H.D.A.: "Vorige Eeufespreke," in *Die Kerkbode* LXIX(11), 12 Maart 1952, 496-499, 505.
- Du Toit, P.S.: **Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795. 'n Kultuur-historiese studie**. Kaapstad, Johannesburg, voorw. 1937.
- Duvenage, G.D.J.: "Die hervertolking van die Transvaalse kerkgeskiedenis van die 19de eeu," in *Almanak en Bybelse dagboek van die Ned. Herv. Kerk van Afrika*, Jg. 66, 1972, 25-31.
- Ebeling, G.: **Studium der Theologie: eine enzyklopädische Orientierung**. Tübingen, 1975.
- Elphic, R.: **Khoikhoi and the founding of white South Africa**. Johannesburg, 1985.
- Ender, A.: **Die Geschichte der Katholischen Kirchen**. New York, Cincinnati, Chicago, 1913³.
- Engelbrecht, S.P.: **Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**. Derde hersiene en vermeerderde uitgawe. Kaapstad, Pretoria, 1953³.
- Engelbrecht, S.P.: **Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu**. Pretoria, Kaapstad, 1952.
- Engelbrecht, S.P.: "Die vierings van die eerste en tweede eeufeste ter herinnering aan die koms van Jan van Riebeeck," in *Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika*, Jg. 46, 1952, 99-125.
- Engelbrecht, S.P.: "Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu," in *HTS* 7(1950-51), 118-129.
- Faure, A.: **Redevoering bij het Tweede Eeuw-feest, ter herinnering aan de vestiging der Christelijke Kerk in Zuid-Afrika, gehouden in de Groote Kerk, in de Kaapstad, op Dinsdag den 6 April 1852 door Abraham Faure**. Uitgegeven op eenparig verzoek en voor de gezamenlijken leden van den eerwaarden Kerkeraad der Gereformeerde Kerk, Kaapstad. Kaapstad, 1852.
- Fencham, F.C. (red.): **Drie eeue genade. Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch 1686-1986**. Kaapstad, 1986.
- Ferreira, I.L.: **Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963**. Pretoria, 1979.
- Forbes, V.S. (ed.): **Anders Sparrman. A voyage to the Cape of Good Hope. VRS II(6,7)**. 2 Vols. Cape Town, 1975.
- Forbes, V.S.: "Beutler's Expedition into the Eastern Cape, 1752," in *AYB* 16(1), 1953, 269-320.
- Forbes, V.S. (ed.): **Carl Peter Thunberg. Travels at the Cape of Good Hope 1772-1775. VRS II(17)**. Cape Town, 1986.
- Forbes, V.S.: **Pioneer Travellers of South Africa. A geographical commentary upon routes, records, observations and opinions of travellers at the Cape 1750-1800**. Cape Town, Amsterdam, 1965.
- Fouché, L.: **Dagboek van Adam Tas 1705-1706**. Uitgegee deur Leo Fouché en hersien deur A.J. Boëseken. VRS II(1). Kaapstad, 1970.

- Francois le Vaillant. *Reisiger in Suid-Afrika en sy versameling van 165 akwarelle 1781-1784*. 2 Dele. Kaapstad, 1973.
- Francois le Vaillant *se versameling van Kaapse akwarelle*. S.A. Nasionale Museum, April, 1965.
- Franken, J.L.M.: "Die Hugenote aan die Kaap," in *AJB* 41, 1978.
- Franken, J.L.M.: "'n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se briefboek en Memoriaal," in *AJB* 3(1), 1940.
- Garraghan, G.J.: *A guide to historical method*. Westport, 1973 (1946).
- Geyl, P.: *Gebruik en misbruik der geschiedenis*. Groningen. Djakarta, 1936.
- Geyl, P.: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam*. Deel I. S.p., 1930.
- Geyl, P.: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam*. Deel II. S.p., 1934.
- Geyl, P.: *Geschiedenis van de Nederlandse Stam*. Deel III. S.p., 1937.
- Gillio mee, H. en Elphick, R. (reds.): *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820*. Kaapstad, 1982.
- Godeé Molsbergen, E.C.: *De stichter van Hollands Zuid-Afrika: Jan van Riebeeck 1618-1677*. Amsterdam, 1912.
- Godeé Molsbergen, E.C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd. I: Tochten naar het Noorden, 1652-1686*. LV XI, 's Gravenhage, 1916.
- Godeé Molsbergen, E.C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd. II: Tochten naar het Noorden, 1686-1806*. LV XII, 's Gravenhage, 1916.
- Godeé Molsbergen, E.C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd. III: Tochten langs de ZO Kust en naar het Oosten*. LV XX, 's Gravenhage, 1922.
- Godeé Molsbergen, E.C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd. IV: Tochten in het Kafferland 1776-1805*. LV XXVI, 's Gravenhage, 1932.
- Gordon-Brown, A.: *Pictorial Africana. A survey of old South African drawings and prints to the end of the nineteenth century with a biographical dictionary of one thousand artists*. Cape Town, Rotterdam, 1975.
- Gottschalk, L.: *Understanding history. A primer of historical understanding*. New York, 1969².
- Graafland, C.: *De zekerheid van het geloof. Een onderzoek naar de geloofsbeschouwing van enige vertegenwoordigers van reformatie en nadere reformatie*. Wageningen, 1961.
- Gray, A. (ed.): *The voyage of Francois Pyrard of Laval to the East Indies, the Maldives, the Moluccas and Brazil*. Translated into English from the third French edition of 1619. 2 Vols. Hackluyt Society LXXVI, MDCCCLXXXVII.
- Gray, J.G.: *The French Huguenots. Anatomy of Courage*. Grand Rapids, 1981.
- Greidanus, S.: *Sola Scriptura. Problems and principles in preaching historical texts*. Toronto, 1970.
- Gunter, C.F.G.: *Die eerste nuusblaai aan die Kaap 1800-1833 en die stryd vir die vryheid van die pers (1823-1829)*. (Ongepub. M.A.-verhandeling, Unisa, 1936.)
- Haitjema, Th.L.: *De nieuwere geschiedenis van Nederlands Kerk der Hervorming. Van Gereformeerde Kerkstaat tot Christus-belijdende Volkskerk*. 's Gravenhage, 1964.

- Hamersma, T., Los, S.O. en Du Toit, J.D.: *De geskiedenis van de Christelike Kerk*. Potchefstroom, 1911.
- Handelingen der Gecombineerde Kerk Vegadering aen Cabo de Goede Hoop van het jaar 1745-1754.** Kaapse Kerkargief, ongepubliseer.
- Hanekom, T.N.: **Helperus Ritzema van Lier. Die lewensbeeld van 'n Kaapse predikant uit die 18de eeu.** Kaapstad, Pretoria, 1959.
- Hanekom, T.N.: **Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese studie.** Stellenbosch, 1951.
- Hanekom, T.N.: "Ons vaderlandse kerkgeskiedskrywing," in *NGTT XVIII(1)*, Januarie 1977, 37-52.
- Hanekom, T.N.: **Ons vaderlandse kerkgeskiedskrywing met verwysing na die gangbare opvattinge oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk.** S.p., s.d.
- Hartog, J.: **Geskiedenis van de predikkunde en de evangelieprediking in de protestantsche kerk van Nederland.** Amsterdam, 1865.
- Hattersley, A.F.: **An illustrated social history of South Africa.** Cape Town, 1969.
- Hattingh, J.L.: "Biografieë van enkele Hugenate-predikante." Ongepub. referaat by die **Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing.** Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Hellenbroek, A.: **Voorbeeld der Goddelijke waarheden, voor eenvoudigen, die zich bereiden tot de Belijdenis des Geloofs, meest tot partikulier gebruik opgesteld door A. Hellenbroek.** Nijkerk, 1912²⁵.
- Heyns, H.A.: "Die kerklike werksaamhede van Abraham Faure," in *AJB 13(1)*, 1950.
- Hofmeyr, J.W.: "Die huidige stand van die beoefening van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika," in Viljoen, A.C. (red.): **Ekumene onder die Suiderkruis.** Pretoria, 1979.
- Hoge, J.: "Die geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap," in *AJB 1(2)*, 1938.
- Hoge, J.: "Personalities of Germans at the Cape (1652-1806)," in *AYB 9*, 1946.
- Hooykaas, R.: "Humanism and the voyages of discovery in the 16th century Portuguese science and letters," in *Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen. Afdeling Letterkunde, Nieuwe Reeks*, 42(4), 1979, 99-159.
- Hopkins, H.C. en Le Grange, P.J. (medewerker): **Die moeder van ons almal. Geskiedenis van die gemeente Kaapstad 1665-1965.** Kaapstad, Pretoria, 1965.
- Hugo, A.M. en Van der Bijl, J.: **Die kerk van Stellenbosch 1686-1963. 'n Geskiedenis van die kerkgeboue van die Nederduits Gereformeerde Gemeente te Stellenbosch, en van die mense wat hulle gebou het, vanaf die dae van Simon van der Stel tot op die huidige dag, in opdrag van die Kerkraad van Stellenbosch geskryf.** Kaapstad, 1963.
- Huizenga, J.: "Natuurbeeld en historiebeeld in de achttiende eeuw," in Huizenga, J.: **Verzamelde Werken IV**, 341-359. Haarlem, 1949.
- Huizenga, J.: **Nederland's beschaving in de zeventiende eeuw; een schets; en Hugo de Groot en zijn eeuw.** Groningen, 1972⁴.
- Huizenga, J.: **De wetenschap der geschiedenis.** Haarlem, 1937.
- Hurter, P.W.: **Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap (1745-1759) - 'n inleidende verkenning van en vraagstelling i.v.m. die bestaande notules en beskikbare korrespondensie.** (Ongepub. Lisensiaatskripsie, US, 1975.)

- Italiaander R. (Herausg.): *Olfert Dapper. Umständliche und Eigentliche Beschreibung von Africa anno 1668. Eingerichtet, mit einem Nachwort versehen und herausgegeben von Rolf Italiaander.* Stuttgart, 1964.
- Janse, L.: *Gisbertius Voetius (1589-1667).* Utrecht, 1971.
- Jedin, H.: *Handbuch der Kirchengeschichte. Band IV. Reformation, Katholische Reform und Gegenreformation von Erwin Iserloh, Josef Glazik, Hubert Jedin.* Reiburg, Basel, Wien, 1975².
- Joernale van die landtogte van die Edele Vaandrig Olof Bergh (1682 en 1683) en die Vaandrig Isaq Schrijver (1689). Afskryf en vertaal in Engels en van 'n voorwoord en aantekeninge voorsien deur Dr E.E. Mossop. VRV 12.* Kaapstad, 1931.
- Jooste, J.P.: *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1959-1959.* S.u., voorw. 1959.
- Joubert, J.J.F.: *Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbach 1751-1771.* (Ongepub. M.A.-verhandeling, US, 1942.)
- Kannemeyer, J.C.: *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, I.* Kaapstad, Pretoria, 1978.
- Karsten, M.C.: *The Old Company's Garden at the Cape & its Superintendants. Involving a historical account of early Cape botany.* Cape Town, 1951.
- Kerkelijke Handboekje, Zijnde een kort uittreksel, van de voornaamste acten der Nationale en Provinciale Synoden, betreffende de zuiverheid der Leere, rust der kerke, enz. Alsmede de Post-Acta of Nahandelingen van het Nationale Synode van Dordrecht, gehouden in de Jaren 1618 en 1619 zeer dienstig en noodig voor Predikanten en Kerkraden met eene voorrede. Op nieuw uitgegeven door de Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, gehouden te Hoogeveen, Anno MDCCCLX.* Kampen, 1897.
- Klare Beschryving van Cabo de Bona Esperanca. Faksimile van die teks saamgestel deur Jodocus Hondius en deur hom in Amsterdam uitgegee, 1652.* Kaapstad, 1952.
- Kiernan, V.G.: *Church and State in Europe 1550-1650.* Oxford, 1980.
- Klemp, E.: *Africa on maps dating from the twelfth to the eighteenth century.* Leipzig, 1968.
- Knappert, L.: *Geschiedenis der Hervormde Kerk onder de Republiek en het Koninkryk der Nederlanden. I: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 16e en 17e eeuw.* Amsterdam, 1911.
- Knappert, L.: *Geschiedenis der Hervormde Kerk onder de Republiek en het Koninkryk der Nederlanden. II: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 18e en 19e eeuw.* Amsterdam, 1912.
- Knuvelde, G.P.M.: *Beknopt handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde.* Malmberg den Bosch, 1974⁶.
- Kosseleck, R., Lutz, H. en Rüsen, J. (Herausg.): *Formen der Geschichtsschreibung.* München, 1982.
- Krüger, B.: *The Pear Tree Blossoms. The History of the Moravian Church in South Africa 1737-1869.* Genadendal, 1966.
- Kuyper, A.: *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Derde Deel. Bijzonder Deel.* Kampen, 1909².
- Kuyper, H.H.: *Het gereformerd beginsel en de kerkgeschiedenis.* Leiden, 1900.
- Kwartmillenniumgedenboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Paarl. 'n Oorsig van die geskiedenis van die gemeente 1691-1941. Uitgegee op versoek van die Kerkraad. Paarl, 1941.*
- Landman, C.: "Presuppositions to the writing of Church history in South Africa," in *SHE XIV*, 1988, 68-77.
- Latourette, K.S.: *A history of the expansion of Christianity. Vol III. Three centuries of Advance 1500 AD to 1800 AD.* Grand Rapids, 1970.

- Lehman, D.A. (Herausg.): **Alte Briefe aus Indien. Unveröffentlichte Briefe von Bartholomäus Ziegenbalg 1706-1719.** Berlin, 1957.
- Lehman, D.A.: **Es begann in Tranquebar. Die Geschichte der ersten evangelischen Kirche in Indien.** Berlin, 1955.
- Leipoldt, C.L.: **Die Hugonote.** Kaapstad, Bloemfontein, Port Elizabeth, 1939.
- Leipoldt, C.L.: "n Skaars stukkie Africana," in **Die Huisgenoot XXVIII(1128)**, 5 November 1943, 6,7,35.
- Le Roux, G.A.: **Europese oorloë en die Kaap (1652-1795).** (Ongepub. M.A.-verhandeling, US, 1941.)
- Le Roy Ladurie, E.: **The territory of the historian.** Sussex, 1979.
- Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century. Being the biography of Rudolf Siegfried Alleman by O.F. Mentzel. Translated from the German by Margaret Greenlees. VRS 2.** Cape Town, 1919.
- L'Honoré Naber, S.P.: **Exploratie van Zuid-Afrika in de 17de en 18de eeuw.** (Overgedrukt uit het Tijdschrift van het Kon. Nederlandsch Aardrijkskundig Genootschap, 2de Ser. Dl. XXXIII, 1916, Afl. 5.) Leiden, s.d.
- Lindeboom, G.A.: **Descartes en de kerk.** Kampen, 1973.
- Lindeboom, J.: **Het Bijbelsch Humanisme in Nederland. Erasmus en vroege Reformatie.** Leiden, 1913.
- Loen, A.E.: **De geschiedenis, haar plaats, zijn zin en kenbaarheid.** Assen, 1973.
- Mackenzie, N.H.: "South African Travel literature in the seventeenth century. A literary study of early English travel books which include accounts of the Cape," in **AYB 18(2)**, 1955, 1-109.
- Malherbe, E.G.: **Education in South Africa 1652-1922. A critical survey of the development of Educational Administration in the Cape, Natal, Transvaal and the Orange Free State.** Cape Town, Johannesburg, 1925.
- Marsden, G. en Roberts, F. (eds.): **A Christian view of history?** Grand Rapids, 1975.
- McArter, J.: **The Dutch Reformed Church in South Africa, with notices of other denominations. A historical sketch.** Edinburgh, 1869.
- McIntire, C.T. and Wells, R.A. (eds.): **History and historical understanding.** Grand Rapids, 1984.
- Meinhold, P.: **Geschichte der kirchliche Historiographie.** 2 Bände. Freiburg, München, 1967.
- Meiring, J.G. (samest.): **Meedelings omtrent en 'n Reisbeskrywing deur Arnoldus Mauritius Meiring. Die eerste predikant van 't Land van Waveren en stamvader van die Meiring-geslag in Suid-Afrika.** S.p., voorw. 1943.
- Monumenta Ethnographica. Frühe völkerkundliche Bilddokumente und Textquellen zur Erforschung der Aussereuropäischen Erdteile. Band 1: Schwarzafrika.** Graz, 1962.
- Moorrees, A.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873.** Kaapstad, 1937.
- Moritz, E.: **Die Deutschen am Kap unter der holländischen Herrschaft 1652-1806.** Eichwald, Berlin, 1938.
- Mossop, E.E. (ed.): **The Journal of Hendrik Jacob Wikar (1779) with an English translation by A.W. van der Horst and the Journals of Jacobus Coetsé Jansz. (1760) and Willem van Reenen (1791) with an English translation by Dr. E.E. Mossop. Edited with an introduction and footnotes by Dr. E.E. Mossop. VRS 15.** Cape Town, 1935.

- Mossop, E.E.: **Old Cape Highways**. Cape Town, c.1927.
- Müller, K.: **Georg Schmidt. Die Geschichte der ersten Hottentoten-Mission 1737-44. Herrnhut**, 1923.
- Muller, C.F.J. (red.): **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis**. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg, 1980³.
- Neill, S.: **A history of Christianity in India. The beginnings to AD 1707**. Cambridge, 1984.
- Neill, S.: **A history of Christianity in India 1707-1885**. Cambridge, 1985.
- Nel, P.R.: **Geskiedenis in perspektief: die verantwoording van 'n perspektiewiese benadering t.o.v. historiografiese konflikte aan die hand van die polemieke tussen die liberale en marxistiese perspektiewe in die resente Suid-Afrikaanse geskiedskrywing**. (Ongepub. D.Phil-verhandeling, US, 1983.)
- Nienaber, G.S., Raven-Hart, R. (eds.): **Johan Daniel Büttner's account of the Cape. Brief description of Natal. Journal extracts on East Indies**. Cape Town, 1970.
- Nienaber, P.J.: **'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika**. Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, 1943.
- Nigg, W.: **Die Kirchengeschichtsschreibung. Grundzüge ihrer historischen Entwicklung**. München, 1934.
- Nowell, C.E.: **A history of Portugal**. New York, London, Toronto, 1952.
- Odendaal, B.J.: "Beginsels van geskiedskrywing by die gereformeerde kerke," in **SHE IX**, 1983, 24-33.
- Odendaal, B.J.: **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952) veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk**. Franeker, 1957.
- Oriëntatie in de Theologie. Studiegids samengesteld door de hoogleraren aan de Theologische Hogeschool van De Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen**. Deventer, s.d.
- Os Lusíads de Luiz de Camões. Translated into English verse by J.J. Aubertin**. 2 Vols. London, 1884².
- Pijper, F.: "Kist, Moll en Acquoy, de grondvesters der Nederlandse historische school," in **NAKG IV** (1907), 237-252.
- Pont, A.D.: "Enkele opmerkings oor objektiewe kerkgeskiedskrywing," in **HTS 18(1)**, 146-153.
- Popma, K.J.: **Calvinistiese Geschiedenisbeskouing**. Franeker, 1945.
- Praamsma, L.: **De Kerk van alle Tijden. Verkenningen in het landschap van de Kerkgeschiedenis. Deel 2**. Franeker, 1980.
- Prestage, E.: **The Portuguese Pioneers**. London, 1966².
- Raidt, E.H.: **Afrikaans en sy Europese verlede. Van Tacitus tot Van Wyk Louw**. Kaapstad, 1976.
- Raidt, E.H. (red.): **Francois Valentyn. Beschrywing van de Kaap der Goede Hoop met de zaken daartoe behorende. Amsterdam 1726**. VRV II(2). Kaapstad, 1971; VRV II(4). Kaapstad, 1973.
- Raven-Hart, R.: **Before van Riebeeck. Callers at South Africa from 1488-1652**. Cape Town, 1967.
- Raven-Hart, R.: **Cape of Good Hope: 1652-1702. The first 50 years of Dutch colonization as seen by callers**. 2 Vols. Cape Town, 1970.
- Raven-Hart, R. (ed.): **Travels at the Cape 1751-53; an annotated translation of "Journal historique du voyage fait au Cap de bonne-Esperance" into which has been interpolated relevant passages from "Memoirs de L'Acadè De la Caille, Nicolas Louis**. Cape Town, Rotterdam, 1976.

- Ravenstein, E.G. (ed.): *A Journal of the first voyage of Vasco da Gama 1497-1499. Translated and edited with notes, an introduction and appendices by E.G. Ravenstein.* London, MDCCCXCVIII.
- Rawlins, A.J.B.: "Eerste predikant uit eie bodem," in *Die Voorligter* 31(12), November 1968, 21.
- Reitsma, J.: *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk. Derde bijgewerkte en vermeerderde druk bezorg door Dr J. Lindeboom (Hfst. I-IX bewerkt door Dr L.A. van Langeraad) met medewerking van F. Reitsma.* Utrecht, 1913.
- Robertson, W.: "Aan de Redactie," in *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika* IV(5), 6 Maart 1852, 69-74.
- Romein, J.: *De Lage Landen bij de Zee. Geïllustreerde geschiedenis van het Nederlandsche volk van Duinkerken tot Delfzijl.* Utrecht, s.d.
- Romein, J.: *In de Hof der Historie. Kleine Encyclopedie der Theoretische Geschiedenis.* Amsterdam, 1963².
- Romein, J.M.: *Apparaat voor de studie der geschiedenis.* Groningen, Djakarta, 1952².
- Rossouw, H.W.: *Klaarheid en Interpretasie. Enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif.* Amsterdam, 1963.
- Rossouw, H.W.: "Wetenskap, Interpretasie, Wysheid" in *UPE Seminare, Simposia en Lesings B7.* Port Elizabeth, 1981.
- Roux, P.E.: *Die geskiedenis van die Burgerkommandos in die Kaapkolonie (1652-1878).* (Ongepub. D.Phil.-verhandeling, US, 1946.)
- Roux, P.E.: *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie (1652-1759) (sic!).* S.u., voorw. 1925.
- Royaards, H.J.: *Compendium Historiae ecclesiae Christianae. In Scholarum usum scripsit Herm. Joh. Royaards. Theol. Doct. et Prof. in Academia Rheno-trajectina.* MDCCCXL.
- Royaards, H.J.: "Over de voortgang van de Beoefening der Geschiedenis, ook van die der Christelĳke Kerk," in *AVKG* 1, 1829, 3-82.
- Rüegg, A.: *Luis de Camoes und Portugals Glanszeit im Spiegel seines Nationalepos.* Basel, 1925.
- Saunders, C.: *The making of the South African Past. Major historians on race and class.* Cape Town, Johannesburg, 1988.
- Schapera, I. (ed.): *The early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper (1668), Willem Ten Rhyne (1686) and Johannes Guillelmus de Grevenbroeck (1695).* VRS 14. Cape Town, 1933.
- Schieder, T.: *Handbuch der Europäische Geschichte.* Bde. 3 & 4. Stuttgart, 1971.
- Scholtz, G.D.: *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Deel I; 1842-1885.* Kaapstad, Pretoria, 1956.
- Scholtz, G.D.: *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Deel II; 1885-1910.* Kaapstad, Pretoria, s.d.
- Scholtz, G.D.: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel I; 1652-1806.* Johannesburg, 1967.
- Schutte, G.J.: *De Nederlandse Patriotten en de Koloniën. Een onderzoek naar hun denkbeelden en optreden 1770-1800.* (Gepub. D.Litt.-verhandeling, Utrecht, 1974.)

- Shafer, R.J. (ed.): *A guide to historical method*. Revised Edition. Homewood, 1977⁴.
- Sienaert-van Reenen, M.: *Die Franse bydrae tot Africana literatuur 1622-1902*. Kaapstad, Pretoria, 1989.
- Smit, A.P.: *Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartland. Tweede Eeufees 1745-1945*. Kaapstad, 1945.
- Smith, A.H.: *Claudius water-colours in the Africana Museum with notes by Anna H. Smith*. Johannesburg, 1952.
- Smith, K.: *The changing past. Trends in the South African historical writing*. Cape Town, 1988.
- Smuts, F. (red.): *Stellenbosch drie eeue*. Uitgegee deur die Stadsraad van Stellenbosch en goedgegunstiglik geborg deur die Oude Meester-Groep, Stellenbosch. 1979.
- Spoelstra, B.: *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1963.
- Spoelstra, C.: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel I: Brieven van de Kaapsche kerken aan de Classis Amsterdam 1655-1804*. Amsterdam, Kaapstad, 1906.
- Spoelstra, C.: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel II: Brieven van de Classis Amsterdam aan de Kaapsche kerken 1655-1804*. Amsterdam, Kaapstad, 1907.
- Stapel, F.W.: *Geschiedenis van Nederlandsch Indië*. 6 dele. Amsterdam, 1938.
- Steubing, H. (red.): *Bekennnistexte aus zwanzig Jahrhunderten*. Wuppertal, 1970.
- Stoop, J.A.: "Algemene norme vir sekulêre en kerkgeskiedskrywing," in *SHE IX*, 1983, 1-23.
- Strangman, E.: *Early French callers at the Cape*. Johannesburg, Cape Town, voorw. 1936.
- Streak, M.: *The Afrikaner as viewed by the English 1795-1854*. Cape Town, 1974.
- Theal, G.M.: *History of South Africa before 1795. Vol II: The Portuguese in South Africa from 1505-1795*. Reproduced Facsimile. Cape Town, 1964.
- Theal G.M.: *Records of South Eastern Africa. Collected in various libraries and archive departments in Europe*. 8 Vols. London, 1898-1902.
- The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff, on the Cape. With incidental correspondence*. VRS 1. Cape Town, 1918.
- Thom, H.B. (sameroeper): *Stellenbosch 1866-1966. Honderdjaar Hoër Onderwys*. Elsiesrivier, 1966.
- Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806 by Henry Lichtenstein. A reprint of the translation from the original German by Anne Plumtree*. 2 Vols. VRS 10. Cape Town, 1928.
- Van Belkum, J.: "De eerste in Zuid-Afrika geboren Predikanten der Kaapsche Kerk," in *Almanak voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar Onzes Heeren 1912*. Potchefstroom, 1911.
- Van de Sandt, H.W.M.: *Joan Alberti, een Nederlandse theoloog en classicus in de achttiende eeuw*. Utrecht, 1984.
- Van der Linde, S.: *Het Gereformerd Protestantisme*. Nijkerk, 1957.
- Van der Merwe, P.J.: *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)*. Kaapstad, 1938.

- Van der Merwe, W.J.: **The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa.** Cape Town, 1936.
- Van der Watt, P.B.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824.** Deel I. Pretoria, 1976.
- Van der Watt, P.B.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866.** Deel II. Pretoria, 1977.
- Van der Watt, P.B.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905.** Deel III. Pretoria, 1980.
- Van der Watt, P.B.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975.** Deel IV. Pretoria, 1987.
- Van Genderen, J.: **Geloofskennis en geloofsverwachting.** AS 17. Kampen, 1982.
- Van Itterzon, G.P.: **Het Gereformeerd Leerboek der 17de Eeuw Synopsis Purioris Theologiae.** 's Gravenhage, 1931.
- Van Itterzon, Nauta, D.(reds.): **Geschiedenis van de Kerk.** Nege dele. Kampen, 1963².
- Van Jaarsveld, F.A.: **Apologetiek en objektiwiteit in ons geskiedskrywing. Twee metodologiese opstelle.** Uitgegee deur die skrywer, s.d.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Die Afrikaner en sy geskiedenis.** Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein, 1959.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Geskiedkundige verkenninge.** Pretoria, 1974.
- Van Jaarsveld, F.A.: **'n Inleiding tot die studie van geskiedenis.** Kaapstad, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Johannesburg, Bloemfontein, s.d.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Lewende verlede.** S.p., voorw. 1961.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Moderne geskiedskrywing.** Durban, 1983.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Omsingelde Afrikanerdom.** Pretoria, Kaapstad, 1978.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk.** Johannesburg, Kaapstad, 1984.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Mededelings van Unisa, A16.** Pretoria, 1961.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966. 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.** Johannesburg, 1971.
- Van Jaarsveld, F.A.: **Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie.** Pretoria, Kaapstad, 1980.
- Van Jaarsveld, F.A., (e.a.): **Die hervertolking van ons geskiedenis. Mededelings van Unisa, B19.** Pretoria, 1963.
- Van Jaarsveld, F.A. en Rademeyer, J.I.: **Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig.** Johannesburg, 1960.
- Van Nickerk, W.: "Ds Pierre Simond, predikant van die Hugenote," in **Die Voorligter** 51(8), Julie 1988, 23.
- Van Troostenburg de Bruijn, C.A.L.: **Biographisch Woordenboek van Oost-Indische Predikanten.** Nijmegen, 1893.
- Van Troostenburg de Bruijn, C.A.L.: **De Hervormde Kerk in Nederlandsch Oost-Indië onder de Oost-Indische Compagnie (1602-1795).** Arnhem, 1884.

- Van 't Spijker, W.: "De Waalse Kerken in Nederland gedurende de zeventiende eeuw. Karakter, structuur, prediking en invloed." Ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing*. Stellenbosch, 26-29 Julie 1988.
- Van 't Spijker, W.: *Reformatie en gesiedenis*. Goes, 1977.
- Van 't Spijker, W.: "Kerkgesiedenis vanuit theologisch gezichtspunt," in *Theol. Ref. XXIII (4)*, 1980, 230-245.
- Van 't Spijker, W.: *Triptiek van de gesiedenis. De verhouding tussen wereld-, heils- en kerkgesiedenis*. Goes, 1981.
- Van Veen, S.D.: *Historische studiën en schetsen*. Groningen, 1905.
- Vaux, W.S.W.: *The world encompassed by Sir Francis Drake*. Printed for the Hackluyt Society. London, MDCCCLIV.
- Veltkamp, S.B.I.: *Meent Borchers. Predikant in overgangstijd. (Jemgum 1762-Stellenbosch 1832)*. (Ongepub. D.Litt. et Phil.-verhandeling, Unisa, 1977.)
- Verboom, W.: *De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie*. Amsterdam, voorw. 1986.
- Verhoef, G.: *Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika, 'n historiografiese studie*. (Ongepub. M.A.-verhandeling, RAU, 1982.)
- Von Loewenich, W.: *Die Geschichte der Kirche*. 2 Bände. München und Hamburg, 1964.
- Vorster, J.D.: *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1795*. Kaapstad, 1981.
- Vos, G.J.: *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk. Tweede deel. Van 1651-1842*. Dordrecht, 1882.
- Wagenaer, J.: *Vaderlandsche Historie*. 21 Dele. Amsterdam, MDCCXLIX-MDCCLXXXI.
- Wagner, F.: *Geschichtswissenschaft*. Freiburg/München, 1966².
- Warneck, G.: *Abriss einer Geschichte der protestantischen Missionen von der Reformation bis auf die Gegenwart. Ein Beitrag zur neueren Kirchengeschichte*. Berlin, 1899⁵.
- Waterink, J., Asselbergs, W., Grossheide F.N. (reds.): *Cultuurgeschiedenis van het Christendom*. Amsterdam, Brussel, 1957².
- Waterhouse, G.(ed.): *Simon van der Stel's Journal of his expedition to Namaqualand, 1685-6. Edited from the manuscript in the library of Trinity College Dublin, by Gilbert Waterhouse, Litt.D., F.R.G.S., formerly scholar of St. John's College, Cambridge; Professor of German in the University of Dublin. With forty-four plates and a scetchmap*. Dublin, 1932.
- Weiler, A.G., De Jong, O.J., Rogier, L.J. en Mönnich, C.W.: *Geschiedenis van de Kerk in Nederland*. Utrecht, Antwerpen, 1962.
- Welch, S.R.: *Portuguese and Dutch in South Africa 1641-1806*. Cape Town, Johannesburg, 1951.
- Welch, S.R.: *South Africa under King Sebastian and the Cardinal 1557-1580*. Cape Town, Johannesburg, 1949.
- Werken uitgegeven door de Linschoten-Vereeniging: LV 2 (1910); LV 3 (1911); LV 7 (1915); LV 8 (1914); LV 25 (1925); LV 32 (1929); LV 33 (1930); LV 38 (1933); LV 39 (1934); LV 43 (1939); LV 54 (1952); LV 57 (1955) en LV 60 (1957)**. 's Gravenhage.

Wetzel, K.: **Theologische Kirchengeschichtsschreibung im deutschen Protestantismus 1660-1760**. Basel, Giessen, 1983.

Williamson, J.A.: **A short history of British Expansion. The old Colonial Empire**. London, 1945³.

Woltjer, J.J.: **De Leidse Universiteit in verleden en heden**. Leiden, 1965.

Works issued by the Hackluyt Society. The Principal Navigations, Voyages, Traffiques and Discoveries of the English nation. In twelve Volumes. Glasgow, MCMIII.

Ypeij, A. en Dermout, I.J.: **Geschiedenis der Nederlandsche Hervormd Kerk**. Bd. III. Breda, 1824.

5. WOORDEBOEKE EN ENSIKLOPEDIË

De Kock, W.J., Kruger, D.W., Beyers, C.J.(Hoofreds.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek**. Vyf dele. Pretoria, 1968-1987.

Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P.(reds.): **Christelike Encyclopedie**. Ses Dele, Kampen, 1956.

Potgieter, D.J. (Editor-in-Chief): **Standard Encyclopedia of Southern Africa**. Cape Town, 1974.

Wiggers, A.J., Lissens, R.F., Devreter, A., Kooy, G.A., Lauwerrier, H.A. (reds.): **De Grote Winkler Prins Encyclopedieën**. Amsterdam, Brussel, 1975⁷.